# Die Sierduif

*Vir die Liefde en Versorging van Sierduiwe*

# The Fancy Pigeon

*For the Love and Care of Fancy Pigeons*




**Die Berlynse Kortgesig - Koper kleur - foto J Tews, Duitsland**

Die verskil tussen die Antieke en Berlynse Kortgesig is, behalwe vir kleur, veral in houding. Die Berlynse Kortgesig dra sy liggaam horisontaal met die vlerke onder die stert. Ook sy voetvere is effens langer as die van die Antieke Tuimelaar deurdat dit feitlik veerpote het. (Sien binne voorblad)


*Januarie/Februarie 2000*

**Official Organ of the South African Fancy Pigeon Association**
**Amptelike Mondstuk van die Suid-Afrikaanse Sierduifvereniging**

2000

## Voorblad

Reeds in 1730 was daar 'n klein tuimelaartjie bekend. Hierdie duif het in die lug van Berlyn, die voormalige hoofstad van Pruise baljaar. Die duif was die speelding van die gegoede deel van die bevolking, want die duif was peperduur. Die gewone mense moes te vrede wees met gewone en rollertipe duiwe. Dit het natuurlik kwade gevoelens gewek. Dit was natuurlik so dat die duur duiwe wat vandag as die Antieke Tuimelaar bekend staan, en wat vermoedelik sy oorsprong in die Ooste gehad het, ook party keer afgedwaal het en in die hokke van andere beland het. Die mense het toe begin om die duiwe met hulle eie te teel. Later toe die kruisings meer word en die uitkruisings as gevolg van te min "oorlopers" te stadig was, het van hulle onder mekaar saamgespan en duiwe uitgeruil. So het die Berlynse Korte ontstaan.
Omtrent in 1850, word berig, het die son soms verduister deur die talle swerms duiwe wat in Berlyn se lug baljaar het.

**Vervolg op bladsy 1**

# *DIE S A SIERDUIFVERENIGING*
# *THE S A FANCY PIGEON ASSOCIATION*

### Ere-Presidente / Honorary Presidents

Mnr WLT Klopper, Posbus 143, Schweizer-Reneke Tel 05396-31547
Ds RG Lee, Posbus 6, Swartruggens 2835. Tel 04262 vra 8
Mr CA Druce, 48 Lange Street, Uitenhage 6230. Tel 041- 9922684
Mr SA Patterson, P.O. Box 69184, Bryanston 2021. Tel 011-7042490

## UITVOERENDE KOMITEE EXECUTIVE COMMITTEE

**President:**
Mnr WJ (Wynand) Wessels, Posbus 346, Bothaville 9660. Tel: 056-5152769

**Vice/Vise-President:**
Mnr CJ (Corrie) van Reenen, Posbus 89, Harrismith 9880. Tel 058-6231041

**Sekretaris/Secretary:**
Mnr TL (Theuns) Steyn, Posbus 188, Worcester 6850. Tel 023-3424974

**Treasurer/Tesourier:**
Mnr PM (Pierre) le Roux, Diazstraat 31, Kaapzicht 7500. Tel 021-922-572

**Ringmeester/Ring Master:**
Me Petra van den Berg, Posbus 11 589, Universitas 9321 Tel 051-5226141

**Redakteur/Editor:**
Me Bertha Snyman, Posbus 10555, Drusana 9311 Tel 051-4331845

**Beoordelaarsbeampte/Judges' Officer:**
Mnr L (Lou) Brits, Carolweg 104, Silverfields 1739. Tel: 011-9553389

## Streekverteenwoordigers Regional representatives

**Transvaal:** Dr JH Serfontein. Posbus 2681, Honeydew 2040. Tel: 011-675-0108
**Free State:** Mnr CG van den Berg, Posbus 11 589, Universitas 9321. Tel 051-5228701
**Western Province:** Mnr NAK Smit, Patrysstraat 36, Stellenbosch 7600. Tel 021-887 2003
**Noord-Vrystaat:** Mnr Chris de Beer, Posbus 368, Hennenman 9445. Tel057-5732242
**Eastern Transvaal:** Mnr JF Labuschagne, Posbus 14001, Nelspruit 1200. Tel. 013-7411921
**Griekwaland-Wes:** Mnr. CJS Möller, Rhodeslaan 6A, Kimberley 8301. Tel 0531-861-2146
**Eastern Province:** Me. Netta Prince, P.O. Box 455, Port Elizabeth 6000. Tel 0[illegible] 365 2887
**Oos-Vrystaat:** Mnr AJ Loubser, Efratsingel 11, Bethlehem 9700. Tel 058-3033780
**South Western Districts:** Mnr PPJ Neetling, Randstraat 91, Oudtshoorn. Tel: 0443-227870
**Noordwes:** Mnr JNS du Preez, Posbus 124, Buhrmansdrif 2867. Tel. 0140-814904
**Northern Transvaal:** Mnr CR de Bruin, Privaatsak X 1, Lynn East 0039. Tel. 012-808 0463
**Boland:** Mnr D. Pelser, Huis Maree, Riebeeck-Wes 7306. Tel. 022-461 2241
**Natal:** Mnr HJN Olivier, 19 James Niven Road, Scottsville, Pietermaritzburg 3201. Tel: 0331-454874
**Namibië** Mnr GM Coetzee, Posbus 3099, Windhoek. Tel 061-235410

Die Sierduif
The Fancy Pigeon

Jan/Febr 2000

# Redaksioneel /Editorial

**Kobus Snyman skrywe hierdie maand se Redaksioneel:**

2000 het aangebreek. Dit is maar nog net 'n jaar soos al die ander jare wat kom en gaan.

Miskien is dit tog nie dieselfde nie...

As ons stil gaan sit en oor bepaalde sake herbesin, is dit nie dièselfde nie.

Die eerste saak wat waarskynlik ons aandag in beslag sal neem is om seker te maak dat ons verhouding met ons Hemelse Vader nog reg is en dat ons met reg as sy kinders beskou kan word.

Die tweede saak wat herbesinning verg is om opnuut na ons verhoudinge met ons familie te kyk. Is alles ook hier nog in orde.

Die derde saak wat waarskynlik aandag sal verg is om aandag te gee aan ons verhouding met ons medemens en veral ons vriende in die kringe waar ons ook al mag beweeg. Hier dink ons veral aan al daardie baie vriendskappe wat deur middel van ons duiwe gesluit is. Of in die werk waar ons meeste van ons tyd deurbring.

Ook 'n baie belangrike saak wat ons herbesinning verg is die genade van ons Hemelse Vader omdat ons goeie gesondheid geniet, voorspoedig is by die werk, by die huis, met alles wat ons omring. Wanneer hierdie genade gawes vir baie mense nie meer daar is nie, dan besef mens wat jy gehad het.

Groot behoort ons dankbaarheid te wees vir elke seëning; vir elke vriendskap; vir elke dag en vir elke oomblik want daar is so baie wat gebrek lei aan kos, kleding en huisvesting.

Vanjaar is daar weer 'n mooi klompie skoue wat ons kan bywoon om te bou aan vriendskappe en om nuwes te sluit. Mooontlik het die twis wat soms heers, in die 2de millennium agtergebly.

Kobus Snyman

## Vervolg vanaf binne voorblad

Berlyn het in 1871 die hoofstad van die verenigde Duitsland geword en die Berlynse Korte het meer aanhangers as die oorspronklike duif gehad.
Die spesialiteitsklub aldaar het vandag meer as 100 lede.
Omdat talle duiwe in Duitsland na stede vernoem is, neem ook die Berlyners deel aan 'n stede wedstryd. In die skou waar die spesialiteitsklubs van duiwe wat na stede vernoem is, deelneem en wat jaarliks gehou word om die stadswenner te bepaal, word nog net kortbek duiwe vertoon.
Die Berlynse Korte kan baie mak word as hy in 'n hok gehou word en nie vry vlieg nie. Dit bly egter 'n duif wat maklik hanteerbaar is en die duif is werklik 'n lus vir die oog. Die Berlynse Korte verdien meer aanhangers in Suid-Afrika.
**Berig en foto deur Wolfgang Dombrowsky van Pretoria wat met hierdie ras teel.**

Verkrygbaar vanaf
Obtainable from
Me Bertha Snyman
Posbus / P.O. Box 10555,
Drusana
Bloemfontein 9311
Tel & Fax 051-4331845
Woning / Home
DF Malherbe Laan 11
Estoire
Bloemfontein

Die Sierduif word geset deur die Redaktrise en gedruk en gebind deur Andrew & Co (051) 4304126

Bydraes vir publikasie moet voor die 1ste van die maand vir die daaropvolgende maand aan bovermelde adres versend word. / Send your contributions to the above mentioned address before the 1st of the month for publication the next month.

**Lede - Gratis**
**Nie-Lede - R90 pj**
**Members - Free**
**Non Members - R90 pa.**

Ondersteun die Nuusbrief met Bydraes
Support the Magazine with Contributions

# BANK-OVS EN ANDER SKILDE
# BANK-OFS AND other SHIELDS

## REëLS

1. Die tydperk van die Kompetisies strek van een Kampioenskapskou tot die volgende een.
2. 'n Leersame artikel met 'n studie of proefondervindelike agtergrond wat ongeveer 500 woorde beslaan, sal 75 - 100 punte verdien, afhangende van die oorspronklikheid.
3. 'n Brief van 'n lid sal 20 punte ontvang.
4. Streeknuus sal 25 punte verdien.
5. 'n Verslag oor 'n Duiwedag sal 15 punte verdien.
6. Vir die betrokke duiwebyeenkoms sal 'n verdere 50 punte toegeken word.
7. Enige Streek-, Landbou-, Jongduif- Wyk-, Spesialiteitsklubskou, asook Kampioenskapskou sal 30 punte per 100 duiwe vertoon, ontvang.
8. 'n Besondere plan of gebeurtenis (goeie idee) tel tot 50 punte. (Bepaal deur die dagbestuur)
9. Indien die streek se ledetal teenoor die vorige jaar toeneem, sal 10 punte aan die streek toegeken word vir elke addisionele lid.

**10. Vir elke R100 advertensiegeld wat 'n streek vir Die Sierduif insamel, sal daardie streek 60 punte ontvang ten opsigte van die Bertie Wessels trofee**

**NB Vir elke R800 aan advertensies wat 'n streek vir Die Sierduif insamel kan die streek een lid nomineer vir gratis lidmaatskap t.o.v. die volgende jaar.**

## RULES

1. The duration of the competitions will be from one Championship show to the following one.
2. An informative article with a studious or experimental background and of approximately 500 words length, will earn 75 - 100 points, depending on the originality.
3. A letter from a member will receive 20 points.
4. Regional news will be awarded 25 points.
5. A report about a match meeting will earn 15 points.
6. The actual match meeting will also be awarded 50 points.
7. A Region, Young bird, Agricultural, District or Specialist Club show as well as the Championship show will awarded 30 points per 100 birds, exhibited.
8. A special plan or happening (good idea) will earn up to 50 points. (Specified by the executive)
9. A region which increases its membership will receive 10 points for every additional member.

**10. For every R100 re adverts for The Fancy Pigeon a Region will received 60 points towards the BertieWessels Trophy donated by Northern Free State**

**NB For every R800 advertisements for the Magazine a region collects, the region can nominate a member free of subscription fees for the next year.**

| BANKOVS | | MANIE FOURIE | |
|---|---|---|---|
| Noord-Vrystaat | 700 | Boland | 222 |
| Westelike Provinsie | 580 | Namibia | 113 |
| Vrystaat | 405 | Griekwas | 89 |
| Oos-Vrystaat | 312 | Oostelike Provinsie | 70 |
| Oos-Transvaal | 180 | SWD | 20 |
| Noord-Transvaal | 130 | Natal | 20 |
| Noordwes | 20 | Transvaal | 0 |

Punte tot en met Nov/Des 1999

| BERTIE WESSELS | | WILLIE DE BRUYN |
|---|---|---|
| WP | R50 | |
| N-Vs | R50 | |

**Belangrik / Important**

1. Bestel vandag nog 'n eksemplaar van die Gedenkuitgawe - Junie 1992 (88 bladsye - A4 - 50 jaar se geskiedenis van die SASV) teen R15 vanaf die Ringmeester, posgeld ingesluit.
2. From Petra vd Berg, our Ring Master: Ties, regional and regional honour scrolls.
3. From Theuns Steyn, National badges and National Honour scrolls.
4. Bestel vanaf Lou Brits die volgende:

| | |
|---|---|
| Boek van Standaarde ................ | R100 |
| 'n lys van Beoordelaars ........... | R 16 |
| Metaal ledebalkies .................. | R 40 |
| Prov. & Nas. Balkies ................. | R 40 |
| Metaal balkies vir Geregistreerde Beoordelaars ........................... | R 30 |

Bostaande pryse sluit posgeld in. Geen los standaarde meer te koop nie agv die wyse waarop die standaardboek gebind is. Engelse uitgawe nog nie beskikbaar nie - hou hierdie spasie dop vir die beskikbaarheid van die uitgawe

# LEERSAAM/INFORMATIVE

## 'n Riglyn vir Spesklubs om op te werk.

Ons President, Mnr Wynand Wessels het die volgende brief saamgestel wat gerus deur alle Spesklubs gelees kan word. En wanneer u klaar gelees het, kan u gerus gaan sit en dink en die volgende vrae aan u afvra:

Voldoen my Spesklub aan enige van die gedagtes? En as ek lid van die bestuur van 'n Spesklub is - Voldoen ek as bestuurslid aan enige van die gedagtes?

### Inleiding:

...r word altyd gevra wat doen spesialiteitsklubs om nuwe lede te werf, asook om eenvormigheid te kry in die vertolking van die standaard deur telers sowel as beoordelaars.

Ek wil geensins enige poging afbreek wat tans in enige klub aan die gang is nie. Sommige klubs het wel nuusbriewe, spesiale ringe, pryse soos geld of medaljes, ensovoorts. Die ironie is net dat niemand anders ooit daarvan kan lees of iets vra wat sal maak dat hy ook met die ras sal begin boer nie.

Ek sien dus dat 'n klub **vier pilare** nodig het om suksesvol te groei in ledetal, gehalte beoordelaars, gehalte vertoners en veral gehalte duiwe wat nie net v...enwoordigend van die ras sal wees nie, maar bogemiddeld en eenvormig.

Die vier pilare is as volg:

1. Ontwikkel 'n belangstelling in die ras deur bemarking in 'n breë spektrum tydskkrif soos die SASV se nuusbrief.

2. Hou belangstelling van huidige telers deur kommunikasie.

3. Skep 'n platvorm vir voornemende beoordelaars sowel as bestaande beoordelaars.

4. Dra sorg dat die bestuurspan wat u kies **hardwerkend** is, voeg alle lede se **sterkpunte** saam en behaal 'n **gesamentlike sukses**, nie individuele suksesse nie.

### Die Meesterplan van Aksie

#### 1. Skou- en Naaswenners

Stel 'n program op van skouwenners en naaswenners van die afgelope jaar wat alle streekskoue behels sowel as die Nasionale Kampioenskapskou. Daar moet onder elke foto 'n kleurbeskrywing van die betrokke duif wees, met sy ringnomer en jaartal, asook die naam van die teler/vertoner. Indien die teler 'n ander persoon is as die vertoner, albei name.

Meld die beoordelaar van die betrokke skou, getal duiwe asook getal vertoners.

Fotos moet duidelik wees met 'n kontrasterende agtergrond.

#### 2. Interras Presteerders

Vermeld ook alle duiwe wat in die interras kampioenskappe plekke verwerf bet (top sewe) op streekskoue sowel as die nasionale kampioenskapskou.

Vermeld die hoofbeoordelaar se naam, totale duiwe en rasse plus die vertoner getal.

#### 3. Jaarprogram

3.1. Datum en plek van Nasionale Kampioenskapskou

3.2. Datum en plek van streekskoue.

3.3. Datum en plek van prestige skou

3.4. Duiwedae wat beplan word met datum en plek.

3.5. Vir punte 3.3. en 3.4. se byeenkomste is die volgende belangrik:

Wie sal die kontak persoon wees?

Watter vorm sal die dag aanneem (bring en braai)

Watter van die volgende aspekte gaan aangespreek word:

* Beoordeling - vermeld naam van spreker;

* Beoordelingsfasiliteite (spreker)

* Opleiding van beoordelaars en telers

* Kleurteling (spreker)

* Ledebespreking, skou voorbereiding en teling, asook probleme en bekommernisse van lede, beoordelaars asook die bestuur.

Hierdie is in eie reg almal ewe belangrike sake want dit bepaal jou bywoningsyfer. Mense verwag myle vir hulle finansiële insette om by duiwedae en die prestige skou uit te kom.

vervolg bls 5

## 4. Wat bied die klub aan sy lede

Vir die jaarlikse ledegeld wat aan die klub betaal word, kry die lid:

1. Stemreg op alle vergaderings van die klub.

2. Het hy inspraak in die aanwys van beoordelaars

3. Kry elke lid 'n hoeveelheid spesiale ringe om sy aanteel mee te ring.

Die spesiale-ring duiwe ding mee om spesiale pryse soos ...'d, medaljes, ensovoorts.

4. Sommige klubs reik ook spesiale ringe uit wat die eiendom van die klub bly. Tydens die nasionale kampioenskapskou word die klubring duiwe deur 'n persoon of paneel gekeur en dan aan voornemende kopers beskikbaar gestel. Alle fondse wat so ge-in word is die eiendom van die klub.

5. Die klub beskik oor sy eie nuusbrief of gebruik die nuusbrief van die SASV.

## 5. Waar staan die klub vandag

1. Ledetal totale asook syfers in streekverband.

2. Waar staan u ras of rasse op die gewildheidsleer van die SASV, wat getalle vertoon betref asook posisie die afgelope drie jaar.

3. Hoeveel beoordelaars het u klub wat aktief beskou kan word op nasionale vlak, provinsiaal, asook geregistreerd.

4. Is daar enige ander belangrike nuus soos byvoorbeeld invoere, ensovoort.

5. Kry van u lede oorsese tydskrifte of het van hulle internetkontakte.

**Noord-Vrystaat 100 punte**

---

## Bodemtuimelaars moet kan vlieg

Gerhard van der Bank het deesdae, sedert hy afgetree het, 'n bietjie meer tyd. So begin hy deur 'n versameling blaai en kom op die ineteressante artikel af wat in die Landbouweekblad van Januarie 1987 verskyn het.

'n Bekommerde leser van Marydale het die volgende probleem deurgestuur na Die Landbouweekblad:

"Ek het probleme met my Bodemtuimelaarduiwe. As hulle wil opvlieg, begin hulle agteroor te rol. Het dit te doen met teling, of is die duif se balans versteur? Kan ek iets daaraan doen?"

Die raad en antwoord, ewe wys, was die volgende:

"'n Bietjie navrae het aan die lig gebring dat die probleme met jou duiwe deur inteling veroorsaak word. Vermy dus inteling - PW Havenga."

Moet 'n man nou lag? Of moet 'n man huil?

Persoonlik, so stel Wynand Wessels dit, wat die berig vir publikasie deurgestuur het, moet 'n mens eerder die skrywe ontleed en in die toekoms iets doen aan sulke berigte.

Hy doen dan ook 'n beroep op alle lede van die SASV wat in tydskrifte of nuusblaaie enige berig oor sierduiwe opmerk om asseblief dadelik met u streekbestuur of die U.K. in verbinding te kom. Ons as lede van die vereniging moet op alle berigte reageer, hoe gering ons dit ook al mag ag. Daardeur kan ons dalk 'n lid wen wat belangstel om aan te sluit.

Dankie aan Gerhard, al is die berig al twaalf jaar oud. Dit bly steeds 'n "eye opener" en beslis geen grap nie.

Dalk het daardie leser van Marydale intussen lid geword.

Wat egter die meeste kwel is 'n vingerwysing na ons metode om reklame te doen oor ons duiwe en ons vereniging.

Wynand Wessels

**Noord-Vrystaat verdien 20 punte**

---

## Dit kom laat ... Maar dit is hier
## deur At Nigrini

**At Nigrini het enkele dankies te lig oor die SA Kampioenskou te Welkom en na sy ASR toer.**

Om mee te begin 'n paar bedankings. Dirk, Nak, Donald, Pierre en Antoinette, oom Ben de Lange, Wynand en Martie, Basie en Familie, Cyril Jasper, Koot Serfontein, Kobus Snyman, Die Steyns, Piet van Wyk, Chris en Petra, Christo en Cora, oom Cas de Waal, Tinus Cocklin en Victor Smit, Hennie Visagie, Ken Garrod, Ruben Kitching, oom Toekie van Biljon, Nico en Salomie en Noord-Vrystaat.

Aan my vriende Dirk Taljaard, Nak Smit en Donald Bland. Dankie vir die saamry en pak van my duiwe, al 105 van hulle die Sondag asook die help om hulle te hok.

Pierre en Antoinette le Roux. Dankie vir die saamry en jy het 135/98 op die WP Skou die beste ASR gemaak asook die beste duif. Dit was die begin van vyf beoordelaars se wen beslissing. Om jou op die SA's te klop was vir my 'n groot eer, want jy leer nie van duiwe teel nie, jy ken van.

Oom Ben de Lange wat op die SWD skou die ASR's beoordeel het en nr 135/98 die beste ASR gemaak het en Wynand Wessels wat hom die Reserwe Kampioen Jongduif gemaak het. Geluk oom Ben dat jy my met die Giant Homers geklop het, dit sal nie weer gebeur nie. Tannie Marie, die liefde loop dik.

Basie de Lange en sy familie wat hulle huis vir my oopgemaak het, my soos 'n koning behandel en onthaal het met liefde en vriendskap en te veel om te eet. Dankie vir die saam invoer van duiwe. Terloops ou Basjan, dit kom nou al aan van 1993 toe alles op Kimberley begin het. Baie geluk met die Presidentskap van die ASR Klub.

Cyril Jasper, my vriend, geluk met die Visiepresidentskap van die ASR Klub en dankie vir nog 'n man wat homself kan geniet en nie omgee om dit te doen nie, maar terselfdertyd die stokperdjie baie ernstig opneem.

Koot Serfontein: Baie dankie.

Kobus Snyman, dankie vir al die hulp en raad en bystand deur die jare. Maar meestal dankie dat jy die Donderdagaand saam met ons om die vure gekuier het. Ons het dit baie waardeer en geniet. Dit hoort mos so.

Tinus, Hanlie en Leandri, dankie vir die vriendskap en oor en weer kuier, asook die erkenning wat ek van julle ontvang het as teler. Oom Barnard Steyn wat nr 135/98 die beste duif gemaak het, wat net so bly was soos ek oor die wen en dankie vir die bystand. Hier is soos in engels gesê: "This is a man of substance".

Piet van Wyk, vir vriendskap en uitruil van duiwe.

Chris en Petra. Petra, geluk met jou aanstelling as Ringmeester en dankie dat ek en Koos by julle kon oornag het tydens ons lanswye ASR toer. Dit was 'n groot kuier. Teel die wit ASR's.

Christo, Cora en Harry, dankie vir die Baldhead rollers wat ek nie gekry het nie. Cora dankie vir al jou harde werk en vir die wors in die deeg.

Oom Cas de Waal, dankie vir wat ek geleer het van Dragoons tydens die SA's. Dit was 'n voorreg om 'n meester in aksie te sien.

Tinus en Victor van Namibia, dankie vir 2 jong manne wat met ASR's teel. Ons het julle nodig.

Hennie Visagie, dankie vir die duiwe se leen en die oorbly daar by julle toe ons op toer was.

Oom Toekie van Biljon, wel wat kan ek sê? Wel oom jy verloor soos 'n man.

Ruben Kitching. Soos gewoonlik was dit lekker om die onthaaltafel met jou te deel.

Heinrich Moldenhauer wat my gebel het nadat hy in Los Angeles die Pagent of Pigeons bygewoon het en my bedank het vir die gehalte Carneaux wat ek aan hom verkoop het. Hy kon niks beter daar kry nie en hy reken ons ASR's staan nie 'n duim terug vir die Janks s'n nie.

Johan Loots, wat my gebel het oor die grizzle ASR wat ek hom persent gegee het en wat op Bethlehem vir hom goed presteer het en wat my so 'n bietjie wakker gemaak het oor die rasse wat aan die uitsterf is.

Pieter Neetling en OC Barnard vir die ruil van baie skaars duiwe. Nico en Salomie, dankie vir die oorbly en dat Salomie 'n slag SA's toe kom.

Noord Vrystaat, dankie vir skou, julle mag maar.

Die President, oom Wynand en sy gade. Dankie vir die skou en al die werk daaraan verbonde. Dankie dat jy die ASR's geoordeel het en dat nr 135/98 die seksie gewen het. Dankie vir die oornag by julle op ons ASR toer.

Nr 135.98 het as jaaroud duif gekompeteer teen ± 5000 ander duiwe en ± 200 ras en seksie-wenners.

Aan Ken Garrod, dankie vir die petalje met die vonkprop en al die grappies.

Koos Marais, my vriend, vennoot en mentor in ASR's, asook die uitruil van kennis en hulp met die standaard vertolking.

Aan my Skepper wat my ve 2200 km laat ry het, wat my die gawe gegee het om duiwe te teel en te versorg en af te rig. Wat my die insig gegee het om my tekortkominge raak te sien en te aanvaar. Wat my die gawe gegee het om te deel en wat my geleer het om my seëninge een vir een te tel en wat my en Koos die vermoë gegee het om ons persoonlike eie ek terug te stoot en die duif te laat wen; vir ons

verhouding en vennootskap. Dankie.

Aan elke vertoner op WP, Boland, SWD en die SA's, dankie dat julle geskou het.

Groetnis in die sport. Black Eagles Loft (At Nigrini)

**Red: WP verdien 20 punte**

## Noord-Transvaal se beoordelaars

Die volgende beoordelaars is genooi vir die skou van 20 Mei 2000. Die indeling is gedoen aan die hand van die statistiek van die vorige jaar.

Soos vermeld aan die persone, sal daar, indien nodig, aanpassings gemaak word sodra die inskrywings ontvang is. Ons sal die beoordelaars wat geraak mag word so spoedig moontlik daarna 'at weet.

**Ds Renier Lee:** Norwich Kroppers, Fantails en Hoof beoordelaar.
**Stewart Patterson:** King, Jacobin, Berlynse Kortgesig, Ou Duitse Meeu, Ysduif, Memelse Hoogvlieërs en seksie 34.
**Lou Brits:** Brunner, Hollandse Kropper, Pigmy Pouter, Gros Mondain, Dragoon, Eng CL LF Tuimelaar, Strasser en Polish Lynx
**Dr Koot Serfontein:** Shield Kroppers, Runt, SA Skou Posduif, Couchois en Carneaux
**Wikus van Niekerk:** Mookees
**James Roodt**: Nonne, Birmingham Rollers en Lahores
**Peet Botha**: SA Toys, Engelse Trompetters, Kartelrug, Indiese Waaierstert, Archangel en Gimpel
**Gerhard van der Bank**: Gazzi en Schietti Modena
**Wolfgang Dombrowsky**: Eng SF Tuimelaar, African Owl en Bodemtuimelaar
**Wim van Rensburg**: SA Botternek en American Show Racers
**Johan de Bruyn:** English Turbit, Duitse Skoonheidposduif, Eng Skou Homer en Posduif.
**Awie Esterhuizen:** Sjinese Uile
**Chris de Bruin**: Kapusyner
**Simon Jordaan**: Arabiese Lagduif

Groetnis,
Wilie van Zyl.

**Noord-Transvaal verdien 25 punte**

# Witwatersrand Landbou Jeugskou deur Pieter Cilliers

Vir my is dit maar 'n gesukkel met die skryf van 'n brief. Ek is half geforseer om verslag te doen oor die doen en late gedurende die Landbou Jeugskou.

In 1998 is daar begin met 'n jeugskou in September en ek is deur die komitee genader om te hoor of daar van ons jongmense sal wil deelneem.

Ek het hulle meegedeel dat ons nie daarvan hou om so laat in die jaar te skou nie aangesien dit in die middel van die broeiseisoen is. Ek het toe die aangeleentheid daar gelaat.

Met ons vergadering na die skou het ek verneem dat die Jeugskou 'n groot sukses was en dat die skou 'n instelling sal word gedurende September maand van elke jaar.

In 1999 is ek weer genader of van ons jongmense sal kom skou. Ek het half sleg gevoel oor die saak want ek moes weer nee sê. Ek moes al laasjaar oor die aangeleentheid geskrywe het maar het nie. Om die waarheid te sê, ek het geen verskoning nie.

Ek het agterna gedink ek moes ons jongmense in kennis gestel het sodat hulle self kon besluit of hulle wou skou of nie. Nouja, nou moet ek my plig nakom.

blaai om aub



Die Jeugskou is 'n groot organisasie en reeds 5 provinsies het mense aangestel om die Jeugskou aan te bied. Daar is ook 'n president aangestel vir die Jeugskou met sy kantoor in die Kaap gesetel. OP 20 September 1999 het my voorsitter van die landbouskou my meegedeel dat 5 kinders van Standerton sierduiwe ingeskrywe het ek moet kom hand gee.

Op 23 September om 09:00 was ek daar en mnr Stewart Patterson was reeds besig om die duiwe te beoordeel. Die 5 kinders, 3 onder 13 jaar en 2 bo 13 jaar, was soos bye om hom om te luister wat hy te sê het. Daar was ongeveer 16 duiwe wat 7 rasse verteenwoordig het. Mnr Patterson het die beste duif aangewys maar hy kon egter nie lank bly nie en ek is in die diepkant ingegooi.

Daar moes vasgestel word wat die kinders van duiwe af weet, die aanhou daarvan en die voorbereiding vir 'n skou. Die kinders het my deurmekaar gepraat en ek was verbaas wat hulle alles weet van duiwe sowel as siektes. Ek gaan nie alles noem nie want dan gaan ek nie ophou skryf nie.

Die kinders het my van duiwe dinge vertel wat ek nie eens van geweet het nie. Ek moes maar ophou vrae vra en self leer. Daar was wel 'n probleem want niemand het 'n standaard van die duiwe gehad nie. Die duiwe was ook nie gering nie en die gehalte was ook nie baie goed nie. Ek het aan die kinders verduidelik dat gehalte baie belangrik is en hulle moet seker maak dan hulle goeie duiwe bekom as hulle duiwe aanskaf.

Op Vrydag 25 September 1999 om 17:00 was die prysuitdeling en die wenner was Seef Kleyn, onder 13 jaar, wat al drie kategorieë gewen het en ook die beste duif op skou gehad het naamlik 'n American Show Racer.

Dit was 'n uiters suksesvolle skou, van kettie skiet tot ploeg, van 'n boerbok tot die beste vleisras, alles net deur kinders tentoon gestel. Daar was ongeveer 350 kinders wat deelgeneem het. Die skou is afgehandel op Saterdag 25 September met die oorhandiging van 'n balkie vir al die wenners van die verskillende items wat aangebied was. 'n Kenmerk van die skou is dat dit oor die jeug gaan, van wat hulle weet en die blootstelling daarvan, en nie oor die prestasie van die dier wat hulle vertoon het nie.

Ek het verneem dat die Nasionale Kampioenskap Jeugskou hierdie jaar gedurende die Paaskou te NASREC gehou gaan word. Dit vind plaas op 26 tot 28 April 2000. Die jeug van die land vanaf 7 - 13 jaar en 14 - 18 jaar sal hul slag kom wys met die tentoonstel van hul geliefde stokperdjie. Indien enige persoon meer inligting verlang kan mnr Hannes Venter, ons voorsitter van die Jeugskou, gekontak word by tel. 011-494 9176 (kantoor-ure).

Pieter Cilliers.

Red.: **Dankie vir jou eerste brief aan Die Sierduif. Nou dat jy aan die skryf gekom het, sien ons uit na die tweede brief. Tvl - 20 punte**

## *Leendert Groenewald verhuis*

Hier by ons in die Boland het die somer nou in alle erns aangebreek. Ons het 'n baie laat winter gehad.Die duiwe begin nou eers broei (Brief geskrywe op 11/11/99) By ons gaan dit uiters sleg met die broeiery, so het ek ook van Danie Gedenhuys verneem.

Ek en my gesin het op 15 Desember na Worcester verhuis. Ek en my vrou het besluit om na 'n tydperk van 36 jaar diens saam in die Poskantoor, die Poskantoor vaarwel toe te roep en op Worcester iets anders te begin. My dogter skryf nou matriek en sy is toegelaat tot die Worcester Kollege waar sy vanjaar in die regte gaan studeer.

Ek sien baie daarna uit om na Worcester toe te gaan want die duiwe manne soos die Steyns, Chris Blaauw en nog 'n paar ander is mos daar.

Ons nuwe adres sal wees: Hans de Lange Singel 18, Meiringspark, Worcester 6850 en ons telefoonnor 023-342 7133.

Nuus uit ons streek is maar hierdie tyd van die jaar skaars. Almal is besig met die broeiery. Oor 'n paar maande is dit weer SA's en hierdie keer hoef ons nie so ver te ry nie.

'n Voorspoedige jaar vir almal

Leendert.

**Boland verdien 20 punte.**

# Manne en vroue wat in die Vrystaat-bestuur gedien het sedert 1992 deur Kobus Snyman

Tyd staan nie stil nie; dit loop soos water in die see in. Elkeen van ons maak op een of ander manier ons bydrae in die lewe of in ons stokperdjie. Dit is ongelukkig so dat baie van ons aanvaar dat dit so moet wees sonder om te besef dat dit dikwels gepaard gaan met baie opofferinge, hetsy finansieël of persoonlik. Dan, wanneer die verlede nie meer onthou word nie, word die manne en vroue wat hulle alles vir ons stokperdjie gegee het, ook nie meer onthou nie. Die doel van hierdie publikasie is dus om bepaalde name blywend op te teken as vaandeldraers van die Vrystaat.

Ek is in 1992 as President van die Vrystaat verkies. Saam met het, deur die jare, talle mense op die bestuur gedien en ek wil vandag hulde bring aan hulle want daar is baie vir die nageslag nagelaat. Saam is letterlik berge versit.

In my eerste jaar as President (**1992**) het die volgende mense saam met my gedien:

Kobus (Dup, soos almal hom genoem het) du Plessis. Vandag is Dup uit die stokperdjie en hou glad nie meer duiwe aan nie. Koos en Belinda Conradie. Haar man, Koos, was vir 'n klompie jare uit die stokperdjie, maar is weer volstoom terug. Belinda self, speel deesdae huisvrou. Jannie du Toit was Skoubestuurder, soos hy op daardie stadium toe al die afgelope 30 jaar was. 'n Man ' sy kant in alle opsigte ...eglik gebring het en sy naam in die anale van die Vrystaat verewig het. Vandag is Jannie met pensioen en teel nie meer duiwe nie. Dan Dr JC Nel wat as Sekretaris/Tesourier vanuit die vorige bestuur aangebly het. Op die horison het 'n nuwe man sy verskyning gemaak, naamlik Chris van den Berg, wat destyds as addisionele lid verkies is, pas nadat hy in 1990 met duiwe begin het.

Hierdie bestuur was in alle opsigte 'n model eenheid. Daar is saam beplan en saam hard gewerk aan ons doelwitte wat ons vir onsself gestel het, die grootste, die bou van ons eie saal waar baie van ons sweet getap het.

Gedurende **1993** se AJV van die Vrystaat is Dup herkies as Vise-President, Dr JC Nel in die pos van Tesourier, want die Vrystaat se werksaamhede het so uitgebrei asgevolg van ons doen en late dat die pos van tesourier en sekretaris geskei is. Chris van den Berg, wat deur die vorige jaar gewys het hy is uitgeknip vir groter dinge, is as sekretaris verkies. Jannie du Toit het weer sy onontbeerlike plekkie as Skoubestuurder ontvang. Soos die vorige jaar, het twee nuwe manne hulle merkies begin maak, naamlik Chris van der Walt en Mias van der Westhuizen. Mias was op daardie stadium reeds 'n gevestigde teler en Chris het in 1991 tot die stokperdjie toegetree.

Hierdie bestuur het met dieselfde geesdrif en entoesiasme onderling saamgewerk soos die vorige een en saam het ons ons saal voltooi en in 1994 die eerste kampioenskapskou in die saal aangebied. Wie sal ooit vergeet hoeveel dae ons by die saal deurgebring het; hoe tafels op onverklaarbare wyse die volgende oggend teen die balke gevind is?

Dit was voorwaar lekker en genotvolle dae, alles so tussen die gewoel en gewerskaf. Ons het die stokperdjie voorwaar geniet en die ledetal in die Vrystaat het van 26 na 52 die hoogte ingeskiet. Sarah Nel is deur die jaar as Gasvrou verkies, 'n pos wat sy met groot sukses beklee het totdat sy later nie meer daarvoor kans gesien het nie. Ook in hierdie jaar is die Troeteldierkomitee by die Sentrale Landbou-genootskap gevestig met my-self as Voorsitter en Chris van den Berg op die komitee.

In **1994** het die volgende nuwe gesigte hul verskyning op die bestuur gemaak: Riaan en Christo Britz, Kobus Kruger en Julie Britz as gasvrou. Dup het ons verlaat en sy plek is deur Chris van den Berg as Visepresident ingeneem. Riaan (as sekretaris) en Christo (as assistent Sekretaris) wat as jong kinders destyds met duiwe onder die voogdy van Pa Piet geboer het, het groot geword en met baie entoesiasme hul take verrig. Kobus Kruger, hoewel erg in die een been gestrem, was altyd daar as op sy nommer gedruk is. Hierdie man het nie vir fisiese arbeid gestuit nie.

Met die AJV van **1995**, wat vir die eerste keer in ons eie saal en saam met 'n spitbraai gegaan het, is die bestuur onbestrede deur die lede verkies, naamlik, ekself as President; Chris van den Berg as Visepresident, Riaan en

Christo Britz onderskeidelik as Sekretaris en Assistent Sekretaris, Dr JC Nel as Tesourier, Jannie du Toit as Skoubestuurder, Kobus Kruger as Assistent Skoubestuurder, Mias van der Westhuizen as Beoordelaarsbeampte, Chris van der Walt as Addisionele lid en Sarah Nel as Gasvrou totdat Julie Britz by haar oorgeneem het. Dit was ook die jaar dat JC Nel 'n hartvatomleidings-operasie ondergaan het en tenspyte van hierdie terugslag steeds met sy pos as Tesourier aangegaan het. Riaan is gedurende hierdie jaar ook tot die Troeteldierkomitee verkies.

Saam met verskeie van ons lede en die voëlmanne het ons al die voël-, hoender- en ander uitstalhokke gemaak om ons eie saal tydens landbouskoue te versier. Ons het R30 000 se draad en staal, wat deur SLG voorsien is, verwerk in uitstalhokke, sommige waarvan bykans 3 meter hoog is vir die wilde voëls. Die Afdeling Troeteldiere van SLG het agv al die betrokkenes se heelhartige ondersteuning, samewerking en harde, fisiese arbeid, uitgebrei tot een van dié afdelings van SLG. Die sierduifmanne op die komitee was nie skaam om hul kant te bring nie.

**1996** se AJV het geen nuwe gesigte opgelewer nie want die bestuur van 1995 is net so herkies. Hierdie gesoute komitee sou dan ook vir die 1997 kampioenskapskou verantwoordelik wees. 1997 was die jaar van hokke bou, hierdie keer skouhokke en loopringe. Agt rolle draad is opgesny en verwerk. Die manne was nie skaars om te help nie en in my agterplaas is menige male vleis gebraai terwyl daar met draad gewerk is deur bykans die volle bestuur. Ek onthou dat wyle Gert Boshof (wat later op die komitee gekoöpteer is) en sy twee seuns ook van die gereeldes was om met tange op te daag.

Chris van der Walt is gedurende hierdie jaar ook tot die Troeteldierkomitee van die Sentrale Landbougenootskap verkies sodat ons nou vier lede in die strukture van SLG gehad het. Later in dieselfde jaar sou ek ook as een van die Trustees van SLG aangestel word, terwyl al hoe meer van die Troeteldierkomitee se werksaamhede in die bekwame hande van Chris van den Berg, Riaan Britz en Chris van der Walt gelaat is.

Gedurende **1997/98** het daar weer nuwe gesigte in die bestuur verskyn. JC het bedank as Tesourier en by hom het Christo Britz oorgeneem totdat hy na Durban verplaas is. Hannes Hugo, gesoute man wat hy was, is met min moeite omgehaal om die pos van Tesourier te vul, wat hy dan ook gedoen het tot en met die AJV van 1998 toe Petra van den Berg in die pos verkies is.

Diederick Reinecke het as Sekretaris by Riaan Britz oorgeneem wat tydelik duiwe opgegee het en moes hy en Marietjie Britz al die administrasie rondom die SA's van 1998 hanteer; take wat hulle, soos alle vorige sekretarisse van die Vrystaat, met meesterlikheid gedoen het. Veral Diederick wat in die diepkant in gegooi was, het getoon dat hy baie goed kan swem.

Dit was die jaar van afskeid van Jannie du Toit, een van die




grootste geeste wat die Vrystaat nog opgelewer het. Vir meer as 30 jaar het hy man-alleen skousale voorberei, sonder om te kla en ooit te mor omdat hy nie hulp ontvang het nie. In sy plek is Chris van der Walt as Skou-bestuurder aangestel.

Ook manne soos Rodney Stevens, wat vanaf Natal aangeland het, en Charles Maree van Thaba'Nchu is tot die bestuur verkies. Weens sy posisie in die Munisipaliteit, kon Charles heelwat borge vir die VS en SASV lewer, terwyl Rodney binne die eerste jaar sy merk as reklamebeampte gemaak met die aanbied van ons uitstalling te Glen Makitie en praatjies op Radio Hoogland. Hoewel Kobus Kruger toe nie meer op die komitee was nie, het hy Rodney met woord en daad bygestaan met die uitstalling te Glen

Koos Conradie het ook weer as addisionele lid tot die bestuur toegetree en Chris Lamont uit

Transvaal is ook op die bestuur verkies.

1997/98 was ook die jaar van die **Dames in die Vrystaat**. Elsabe van der Walt is verkies as Beoordelaarsbeampte, Marietjie Britz as administratiewe assistent en Petra van den Berg, eers as addisionele lid en toe as tesourier vanaf September 1998.

**1999** het die begin van 'n nuwe era ingeluit. Nie alleen het die Vrystaat 'n nuwe president gekry nie, maar het Chris ook oorgeneem as Voorsitter van Troeteldierkomitee op SLG waar 'n baie vername rol gespeel word met die aanbied van die jaarlikse Bloemskou. Die bestuur van die Vrystaat vir 1999 en die jaar of twee, drie wat kom, is: Cris van den berg, Christo Britz, Petra van den Berg, Chris van der Walt, Dr JC Nel, Rodney Stevens, Chris Lamont en Diane Weatherall

Mag daar vir julle vrugbare jare voorlê waarin die belange van eerstens die Vrystaat en tweedens die SASV gedien sal word. Ons weet julle is bekwaam en jonk en ons sien daarna uit om as "afgetredes" gebruik te maak van die kanse en geleenthede wat deur julle geskep sal word.

Kobus Snyman

**Vrystaat - 20 punte**

# Uit Noord-wes Streek

## *Wes-Transvaal verander van naam deur Koos Roetz*

Dit was ons voorreg om mnr W Wessels by ons AJV welkom te heet. Ons het hom verseker van ons algehele steun vir hom as president van die SASV. Baie dankie vir die insette en riglyne wat u vir ons gegee het.

Ook het ons totsiens gesê vir twee van ons ou lede, naamlik Koos Louw en Theo Marx wat weens langafstandprobleme ons totsiens sê vir hulle duiwe. Hulle was albei twee staatmakers op wie se hulp ons altyd kon reken. Goeie nuus is dat Tienie Rossouw weer aangesluit het by die SASV. Baie welkom terug, Tienie.
Die manne in beheer van sake sien soos volg daaruit:
Ere-President: Karel Reyneke
President:
Koos Roetz
Visepresident:
Dries van der Walt
Sekretaris:
Awie Esterhuizen
Tesourier:
Julian Fincham
Streekverteenwoordiger:
Nico du Preez
Beoordelaarsbeampte:
Nico du Preez
Skoubestuurder:
Kobus Swanepoel
Reklamebampte:
Tienie Rossouw (W Kruger het bedank)
Die pos van skousekretaris sal op 'n latere stadium gevul word.
Mnr Kobus Snyman is genomineer vir die redakteurspos en Theuns Steyn vir die pos van sekretaris.

Op die vergadering is daar ook besluit om in pas te kom met die ander sportliggame in die Wes-Transvaal. Dit sal dus waardeer word as almal sal kennis neem dat Wes-Transvaal voortaan bekend sal staan as Noord-wes Sierduifstreek.
Koos Roetz.

**Red: Noordwes verdien 65 punte.**

## Uit die Oog, uit die hart - Koos Roetz se bydrae oor oom Koos van Zyl

Nog nooit was hierdie spreekwoord so van toepassing as in die geval van Koos van Zyl nie.
Met 'n onlangse besoek aan hom het hy aan my gesê dit lyk of die duiweboere heeltemal van hom vergeet het. Ongelukkig is dit so dat as jy die dag die duiwestokperdjie moet groet weens omstandighede buite jou beheer, almal van jou vergeet. Niemand sou dit die aand met die prysuitdeling op Worcester in 1996 kon droom dat Koos van Zyl se lewe binne drie weke soos 'n handomkeer sou verander nie. Koos was alombekend en bemind en het die sierduifstokperdjie met volle oorgawe gedien as beoordelaar en vertoner.
Die aand toe Warren Klopper 'n donasie gegee het vir die kankerfonds, was Koos een van die eerstes om sy hand in sy sak te steek om ook 'n bydrae aan die fonds te maak.

Die afgelope vier jaar was hy van die een hospitaal na die ander, maar geen behandeling het gehelp nie. Hy het in 'n toestand van depresie verval en kan net nie daaruit kom nie.
Stel julle voor wat dit vir hom sal beteken om so af en toe 'n kaartjie van ou vriende te ontvang. Net om hom te laat voel dat daar nog mense is wat hom nie vergeet het nie. Onthou, vandag is dit hy, môre kan dit een van ons wees.
Lenie, ek bid jou sterkte en krag toe vir die tye wat nog voorlê en baie dankie vir jou versorging en bystand aan Koos. Ek glo nie iemand besef wat jy die afgelope drie tot vier jaar deurgemaak het nie.
Indien iemand vir hom 'n poskaart of briefie wil stuur, sy adres is Posbus 626, Schweizer Reneke 2780
Koos Roetz.

**Red.: Ek dink daar is weinig van ons lede wat van oom Koos se toestand geweet het. Dit wys maar net dat wanneer dit sleg gaan, jou eie streek se mense, wat wel van jou toestand weet, dit nooit deurstuur vir inligting van andere nie.**
**Ons weet dit nou en ons bede gaan uit na hom en tant Lenie vir spoedige beterskap en gesondheid. Noordwes - 20 punte**

## SWD Landbouskou *deur Gerda van Greunen*

Op die jaarlikse Landbouskou, gehou te Oudtshoorn die 8ste en 9de Oktober, is + 140 duiwe vertoon deur die SWD en OP vertoners. Hierdie vertoning was deel van die pluimvee afdeling.

Vrydagaand was daar 'n bring en braai geleentheid wat heerlik gesellig afgeloop het.
Mnr Danie Geldenhuys het die beoordeling waargeneem en ons bedank hom vir sy moeite.
Die uitslae is soos volg:
Beste Ope
Engelse Kortgesig - A Muller
Beste T/O van Ope Kropper
J Viviers
Beste Jaaroud
Kartelrug - J Viviers
Reserwe Jaaroud
Mookee - D Bence
Kampioen
Kartelrug - J Viviers
Reserwe Kampioen
Mookee - D Bence
Beste Junior
DPS - E Viviers
Reserwe Junior
Modena - J Swanepoel
Ons wil vir Netta en Robin Prince en Clive Druce vanaf Port Elizabeth en Jan Venter



Die foto van SWD lede is tydens Arthur Muller se troudag op 20 Junie 1999 geneem

van die W.P. bedank vir hulle deelname en teenwoordigheid. Ook wil ons graag vir mnr Jan Venter van harte bedank vir sy skenking van 5 000 kos- en waterbakkies wat hy vir ons vanaf die Kaap aangery het. Baie dankie Jan vir jou moeite en opoffering, al was jy ongesteld. Ons hoop dit gaan tans beter met die gesondheid. Asgevolg van gesondheidsprobleme het mnr Attie van Greunen ook sy rooi Modenastoet verkoop aan Dr Labuschagne van Grootbrakrivier.

Ook is daar baie tyd gespandeer aan die hersiening van die standaard van die Engelse Kortgesig tuimelaar. 'n Spesialiteitsklub is ook gestig. Die betrokkenes is A van Greunen, Pieter Neetling, Jan Venter, A Muller, Clive Druce en Netta Prince.

Aan alle lede van die SASV - 'n Voorspoedige 2000 vir u elkeen.

**SWD verdien 67 punte**

## Oostelike Provinsie en manne kan nie pap maak nie deur Annatjie Loubser

Hierdie jaar het ek en Berty besluit om met ons verlof 'n draai in die Oos-Kaap te gaan maak. Ons het met Netta reëlings getref en na 'n draai in Beaufort-Wes by Berty se ouers, het ons na Port Elizabeth vertrek.

Op 'n snikhete Donderdagmiddag het Robin en Netta ons langs die pad gekry. Daarvandaan is ons na Despatch se stadsaal. Hulle sou 'n sierduifuitstalling die Saterdag saam met Despatch karnaval hou. Die saal was in wanorde van tafels en hokkies. Toe het die werkery begin en het ons tafels en hokkies opgestel. Die uwe het begin om hokkaarte te skryf, so plus minus 300. Die vertoner se naam, te koop of nie, reserwe prys, hoknommer, ens. Alles moes op die kaartjies kom. Laatnag is ons huistoe.

Vrydag is daar verder gewerk. So tussendeur het ons die duiweboere ontmoet. Bekendes soos Johan le Roux en Clive Druce. Daar was ook 'n hele klomp nuwe gesigte vir ons, manne soos Willie van Noordwyk, Wimpie Taljaard en sy gesin, Jan Lotz, Willie Mew en Danie Bothma. Daar is gekuier en geboer, vleis gebraai en weer gekuier tot laat.

Saterdag was die groot dag. Daar was ook hoenders en voëls en pragtige plante en fonteintjies. Die saal was 'n lushof en daar was 'n hele klompie rasse en groot aantal duiwe. Die publiek se belangstelling was nogal groot. Buite by die lapa was 'n groot gekuier. Die O.P.-manne wou pap eet maar het (glo) nie geweet hoe om dit te maak nie. Die Vrystaters in hulle midde behoort mos te weet hoe. Die pot is gebring en die hoeveelheid water en sout is presies gemeet en neergeskryf vir later. Die mieliemeel en botter is geweeg sodat hule dit




## Aanvulling tov berigte wat in die November/Desember 1999 uitgawe verskyn het.

**Tov die Vrystaatbestuur:**

Die naam van die Tesourier, naamlik Petra van den Berg is nie vermeld nie.

**Tov Noord-Vrystaat:**

Chris de Beer is die nuwe Streekverteenwoordiger; en
Basie de Lange sal Seksie 27 op die Noord-Vrystaatstreekskou beoordeel



later self kon doen. Die kooktyd is afgekryf en die hitte van die vuur gemonitor. Johan le Roux het die wors in 'n platboompot gaar gemaak en daarna in dieselfde pot 'n heerlike sous volgens die "kok" se aanwysings. Daar is omtrent geeet. Later het Pieter Els, Quinton Oosthuyzen en Tony Kilroe en sy gesin ook bygekom.

Ek het sopas met Blondinette en Satinette begin. oom Jan Lotz het vir my 'n paar Blondinette gegee sonder dat ek nog eers gevra het. Ek was in die wolke. Dankie oom Jan. Berty was verlief op 'n swart Bokhara Trompetter. Danie Bothma was die eienaar en toe daar eers gesels word, is daar sommer gou planne gemaak. Ons is met 'n vrag duiwe uit die Oos-Kaap weg - Blondinette, Satinette, Trompetters en Gros Mondains wat ons vir 'n nuwe lid in Bethlehem, naamlik Jan Myburg, gekoop het. Vroeg in die nuwejaar gaan daar weer 'n vrag duiwe Oos-Kaap toe.

Baie dankie aan Netta en Robin vir julle gasvryheid en lekker kuier. Aan al die O.P. mense, baie dankie vir jul gesellige samesyn en vriendelikheid. Ons sien julle sommer gou weer.

Baie groete uit die Oos-Vrystaat. Onthou julle is altyd almal baie welkom by ons.

Annatjie Loubser, Efratsingel 11, Bethelem

**Red. Wanneer julle weer gaan kuier, sal hulle seker al kan pap maak. Oos-Vrystaat verdien 20 punte.**

# Uit die possak van Nak Smit

**Op Woensdag 20 Oktober 1999** was ek vroegoggend op pad om duiwekos en onderdele vir my hok se watersisteem te gaan afhaal. Dít was 'n lieflike dag na die verskriklike Suid-Oos.

Ek het 'n draai by Klasie Botha gaan maak. Watter pragtige opset het hierdie man nie. Hier is van die beste modenas in die land en daar is volop broeispasie.

Ek was bevoorreg om 'n nuwe lid van SWD Dr Labuschagne te ontmoet. Hy is ook 'n ywerige duiweboer.

Ek en Klasie het oor die komende SA's gepraat en later het ons na 'n video oor 'n skou in Amerika gekyk. Baie moeite word gedoen met die versiering van die betrokke skou area. Ons in die WP is bevoorreg om die Botha gesin in ons omgewing te hê en ek hoop hulle gaan nog vir jare met modenas teel.

**Op Saterdag 23 Oktober 1999** is ek na Dirk Tajaard in Somerset Wes. Nadat ons eers duiwe besigtig het, is ons na die strand om 'n gastehuis vir die SA's te besoek.

Ons eerste stop was teen die see, maar nie juis suksesvol nie. Die persoon het ons verwys na 'n ander gastehuis en wat 'n pragtige plek is dit nie, met gawe mense en 'n Kaaps Hollandse tuise.

Na 'n heerlike gesels en betaling vir die skouprogram is ons daar weg.

By Dirk se huis het ons koffie geniet voordat ek huistoe is.

**Op Woensdag 27 Oktober 1999** het ek reeds vroegoggend na die Paarl vertrek om verblyf vir die SA's by die gastehuise te soek.

Die plekke is regtig pragtig en party het uitsigte oor die Paarlvallei. Ek is baie vriendelik ontvang en het in totaal 8 gastehuise besoek waarvan 3 my reeds betaal het vir 'n advertensie in die skouprogram. My mikpunt is 10 gastehuise in 4 areas wat sal versker dat my drukkoste van die skouprogram tenvolle betaal is.

Ek is later die dag na oom Gawie Rossouw. Hy teel slegs met wedvlugduiwe en Modenas. Die duiwe is meestal afkomstig van Klasie Botha

'n Duif wat werklik die oog gevang het, was 'n brons driekleur, w[illegible] afgesien van 'n kleurfout, [illegible] uitsonderlike duif is.

Ons het heerlik gesels en 'n koue bier geniet. Omdat ek twee weke met verlof was, kon ek 'n bietjie rondrits.

Ontdekking - Hier op Stellenbosch het ek 'n interessante ontdekking gemaak. Ek was nie net by die oudste herberg in die land nie, maar die betrokke herberg hanteer ook die advertensies vir die 2001 duiwe olimpiade. Hulle is huidiglik op soek na 'n geskikte perseel op 'n wingerdplaas waar die hokke gebou en advertensie gemaak gaan word. Dit gaan 'n toeloop van oorsese besoekers na Stellenbosch meebring.

Ek het ook Ken Garrod se seun in die Helshoogtepas, buite Stellenbosch besoek en sy advertensie sal ook in ons skouprogram verskyn. Hierdie is 'n pragtige plek omring deur heuwels en berge waar die heerlikste sop en potjiekos aande in die winter plaasvind.

Nak.

**Red: WP verdien 20 punte.**

# Vrystaat-ledenuus


Vrystaatbestuur stel belang in die doen en late van sy lede en veral ook diegene wat vir baie jare lid was maar boerdery gestaak het. As u van sulke oud-lede weet wat nie meer Die Sierduif ontvang nie, kan u my gerus laat weet waar hulle hul tans bevind en wat hulle doen. Die

inligting sal in hierdie rubriek bekend gemaak word.
Intussen het een van ons Ere-presidente, Kobus Snyman, seiorburgerstatus verwerf. Baie geluk met die 60ste verjaarsdag Kobus. Ons wens jou voorspoed en goeie gesondheid toe. Ons ander Ere-president, Hannes Hugo, het toe soos voorheen berig, 'n heupvervangingsoperasie ondergaan maar ongelukkig, nadat dit aanvanklik goed gegaan het, 'n terugslag ervaar wat hom weer in die hospitaal laat beland het. Tans gaan dit goed met hom. Hannes, ons hoop werklik dat die heup nou reg is. Ons weet almal deur watter moeilike tyd jy en Miets gegaan het. Sterkte en moed hou.
Ons wil bekend maak dat Andre van Tonder van Orania, vroeër van Bloemfontein, sy duiweboerdery gestaak het en dat Jens Friis, Skoolhoof van Phillippolis afgetree het en van voorneme is om voortaan meer tyd aan sy duiwe te bestee. Prof. Brussow het 'n jaar of twee gelede baie ywerig met Dragoons begin maar agv baie gesondheidsprobleme asook 'n heupvervanging en agv sy intense belangstelling in resiesduiwe sy Dragoons van die hand gesit.
Vrystaatbestuur het 'n begeerte om 'n groter samehorigheidsgevoel onder sy lede te bewerkstellig en daarom wil ons vra dat enige lid wat voorstelle het om dit te verwesenlik, met my in verbinding sal tree. Dit is my beskeie mening dat die basis waarop dit berus goeie kommunikasie is. Kom ons werk saam om die sierduifsport in die Vrystaat tot groot hoogtes uit te bou. Stuur enige idees of inligting aan my by telefoon (051) 5224440 of Posbus 10434, Drusana 9311.
JC Nel

**Vrystaat verdien 25 punte**

## Sjinese Uilklub

### deur Willie van Zyl, Pretoria



Die Engelse weergawe van die standaard is by die Beoordelaarsbeampte ingedien. Dank aan Attie van Aswegen en Pierre le Roux vir hul bydraes.
Saam met Pierre is daar ook 'n paar, nie groot, veranderings aan die afrikaanse weergawe aangebring. Kopieë is aan die klublede gestuur vir kennisname. Tydens die volgende vergadering DV in Julie 2000 sal dit bespreek word.
Tydens die afgelope skouseisoen is die volgende negatiewe deur Nico Conradie onder ons aandag gebring: Daar word in so 'n mate "trimming" gedoen om die krulvere op die vlerke te verwyder dat wanneer die vlerk oopgemaak word, daar 'n spasie op die vlerke na aan die lyf is.
Volgens die standaard is krulvere op die lyf 'n fout en oormatige kunsteling 'n diskwalifikasie.
Daar was ook duiwe op skoue wat nie werklik geskik was vir die skouhok nie, bv.
1. Duiwe wat nie gesond is nie. U moet onthou ons het versoek dat daar nie skaafsels in die sjinese uil hokke op skoue gegooi moet word nie. Wanneer 'n duif se maag nie gesond is nie en die mis is nie reg nie, is dit nie aangenaam om so 'n duif te hanteer nie. Bring vir uself 'n sakkie met sand en gooi in die hokke om die probleem te ondervang.
2. Duiwe wat nie in skoukondisie is nie.
3. Duiwe met so 'n visstert dat die vere getrek moet word. Moet asseblief nie daardie duif skou nie. Die beoordelaars/helpers tel die vere en die duif gaan net gediskwalifiseer word. Op die SA's was daar duiwe geskou met 8 en 9 stertvere.
Deur die klub probeer ons om die gehalte van die duiwe te verbeter. Waar die blou kleurklasse vroeër die meeste duiwe gehad het is dit nou opvallend dat hulle baie minder is en ook nie meer so goed vaar as die ander kleurklasse nie. Hier moet ek vir Anton Kruger dankie sê wat met groot moeite en koste duiwe ingevoer het.
Daar is klublede wat oor en weer duiwe leen en saam broeipare maak om sekere kleurklasse te verbeter. Baie dankie. Ek glo deur mekaar te help kan al die kleurklasse se gehalte verhoog word. Dit sal egter tyd neem want die regte broeipare moet gevind word.
Die duif waarna gestreef word moet 'n breë prominente bors hê. Die omgekeerde borsvere moet by die bors verby staan. Dit moet dus van agter sigbaar wees. Die nek moet soos 'n piramiede opspits na die kop. Dit vorm 'n driehoek. Die kop moet 'n mooi ronding hê, van voor breed en vol. Hier moet ons weer versigtig wees want die duif met die breë bors en sterk nek se kop vertoon langer as die van die skraler duif. Die vraag is moet hy daarvoor gepenaliseer word.
Die nekstrik moet so hoog as moontlik gaan. As dit tot by die oog strek is dit pragtig en verkieslik styf teen die nek. Die bakkie tipe gaan nooit so hoog op nie maar vertoon tog ook mooi.
Die broekvere moet so groot moontlik en ewe groot wees.
Ons vergeet menigmaal die stert. Daardie smal stert met sy twaalf vere is pragtig en die duif se skouers vertoon breer van agter as die stert so smal is.

Al die telers wat ernstig is oor die sjinese uil, kan gerus by die klub aansluit. Saam kan ons groot suksesse behaal.
Onthou die klubveilings is nie net vir lede nie. Die doel is om duiwe van gehalte beskikbaar te stel vir alle belangstellendes.
Willie.

**Noord-Transvaal verdien 20 punte.**

## Duiwe op die Ficksburg Kersiefees deur Johann Loots

**Die tentoonstelling is gereël deur Johan du Plessis en Johann Loots. Verder het Berty Loubser, Jan du Plessis, Jan Lombard en Blackie Swart baie moeite gedoen om die skouhokkies en staanders in Ficksburg te kry.**

Ons wil ook die dames Marina du Plessis, Lucille Loots en Rienkie du Plessis hartlik bedank vir die eetgoed met die vleisbraaie tydens die tentoonstelling.
Daar is 64 duiwe geskou wat 60 rasse verteenwoordig het. Die duiwe is deur Johan du Plessis en Johann Loots beskikbaar gestel.
Jan en Rienkie du Plessis het ons die Saterdagmôre bygestaan met al die vrae wat gevra is en antwoorde wat gegee moes word.
Dit kwel 'n mens om te verneem dat die publiek eintlik niks van sierduiwe af weet nie. Sommiges wou weet wat ons die swaarrasse inspuit om hulle so groot te kry.
Jan du Plessis sal duiwe beskikbaar stel aan 'n seun in Bethlehem en Johann Loots aan twee persone in Ficksburg. Ons glo dat as mense eers duiwe het, daar 'n potensiaal is vir nuwe SASV-lede in die toekoms.
Ons wil ook die Kersiefeeskomitee bedank vir die staanplek onder 'n lekker denneboom wat hulle gratis aan ons beskikbaar gestel het. Die tent is ook gratis aan ons gegee deur Charles Esterhuizen van Stan's Engineering te Ficksburg.
Die voorsitter van die Kersiefeeskomitee het gereeld afgekondig van die duiwe tentoonstelling en dan het ons telkens 'n stormloop van mense beleef.
Dit is my eerste skrywe aan Die Sieirduif maar ek hoop daar ' nou meer van dieselfde in d toekoms wees. Ek het gewoonlik baie moeilikheid met opstel en brief tydens my skoolloopbaan gehad.
Johann Loots.

**Oos-Vrystaat verdien 20 punte.**

## Blaasduifdag deur Chris van der Walt

Die Blaasduifklub het besluit om 'n duiwedag te Welkom skougronde te hou. Die gedagte het tussen my en Lotie Geyer ontstaan.
'n Week of wat voor die tyd het Johann Loots laat weet dat hy die vorige aand by my in Bloemfontein kom slaap. Dit was die volgende oggend vroeg roer want Welkom is 'n hele entjie van Bloem af. Oom Jens Frijs wat al lank met duiwe boer en lank stil was, het besluit om saam te ry.
Daar aangekom was die ou staatmakers van Noord, naamlik Lotie en Anita Geyer reeds op hulle pos en alles was in plek. Die ander manne het een na die ander opgedaag. Ons het later vir Danie Badenhorst gaan soek want ons het geweet dat hy verdwaal het. Hy het nou die twyfelagtige rekord van die man wat die langste vanaf Senekal na Welkom gery het.
Wat goed was om te sien was die groot aantal sierduifmanne wat daar was wat nie met blaasduiwe teel nie. Opsoek na 'n bietjie duiwekultuur, was die opmerkings. Dit het geharde blaasduifhaters soos Christo Munnik en Basie de Lange ingesluit.
Nadat die dag op gepaste wyse geopen is, het besprekings in alle erns begin. Ek gaan julle nie met al die detail verveel nie. 'n Baie interessante punt wat uitgelig is, is dat ons kropper standaard nie internasionaal is nie aangesien ons wit duiwe onregverdig bevoordeel word deurdat die duiwe nie punte verloor vir kleur nie en al die ander standaarde dit wel doen. Dit alleen het die dag al leersaam gemaak om nie eens te praat van al die ander punte wat na vore gekom het nie.
Almal wat die dag daar was het hulle eie vleis gebring om te braai. Die klub sou net die bykosse voorsien. Groot was my verbasing toe ek by die eetsaal kom en sien hoe Cora en Anita uitgehang het. Dit het my weer eens trots gemaak om sulke meisies te ken en hulle dan nog in die Kropper- en Blaasduifklub betrokke te hê. Die saal was voorberei soos met 'n Kampioenskapskou se funksi
Baie dankie aan julle twee en o julle helpers.
Die dag kan dalk 'n jaarlikse instelling word as lede dit so wil hê.
Baie dankie aan Dries van der Walt en Lotie Geyer vir al die reëlings wat getref is om die dag so suksesvol te maak.
Chris van der Walt.

**Vrystaat verdien 20 punte en Noord-Vrystaat 50 punte**

# Hoogtepunte uit 'n duiweboer se dagboek

In 1993 woon ek my eerste kampioenskapskou by te Kimberley. Wat 'n belewenis! En dan het ons nog in die trein verblyf gehad. Die trein en sy mense was onvergeetlik. Ek het vir Magrietta Prinsloo ontmoet en ... die prof wat amper in Bloemfontein gaan slaap het. Die aand voor die beoordeling kruis ek ook paaie met 'n man met 'n baie mooi seun, ligte hare en donker oë. Die man het vele talente en demonstreer toe vir ons hoe 'n kort mannetjie se aand verloop het met 'n baie lang meisie wat hy ontmoet het. In Kimberley het ek ook die voorreg gehad om oom Kaggelspinnekop (blykbaar so gedoop deur sy werknemers) te ontmoet. Vir al die duiweboere was hy en sy vrou 'n voorslagspan. Ons sal hulle altyd onthou.

1994. 'n Jaar van enkele hoogtepunte. Tydens die SA skou verower ek my eerste medalje. Man, ek was byna dood op my voete toe Benna vir my sê: "Baie geluk ou neef. Jy het die beste Grossie." Dieselfde jaar voer ons duiwe in. Nogal van fotos af. My enigste spaargeld ... maar die vennote oortuig my. Dit is die regte pad! So gesê so gedaan. Wedersydse geskrewe ooreenkomste word opgestel met die erfgename en voogde aangewys. Want jy weet, my kind is klein en niemand gaan om verneuk nie! Die foon lui toe ook op die dag en tyd dat die vliegtuig land in Kaapstad. En dit nogal by my neef se huis. Toe begin die mense na my soek soos in myself.

Die dame is vriendelik, dog saaklik. "Meneer, het u duiwe vanaf 'n sekere Jack Fix ingevoer?" Ja, was die antwoord. Man, ek mag mos trots voel daaroor. Toe die doodskoot. "Meneer, daar leef nog net vier van hulle, onder andere so 'n bontetjie en so 'n valetjie, maar die veearts sê hulle het ook paratifus en moet onmiddellik teruggestuur word. Ek wil net weet hoe u vir die terugvlug gaan betaal?" Liewe vriende, dood op jou voete is geen, maar geen beskrywing vir my gevoel gewees nie. Jou kop begin raas soos 'n blik vol klippe en jy kry nie jou woorde georden nie. In jou hart verwens jy die man wat verdomde siek duiwe uitvoer en dan nog boonop bontes en vales, wat nie bestel was nie.

Ek probeer tyd wen en verduidelik dat ek net 'n deel van die vennootskap is en nie alleen kan besluit nie. Die dame skok my nog 'n keer. "Meneer, ek het reeds met al jou vennote geskakel. Die man in die Kaap sal eers oor 'n week tuis wees en die ongeskikte ouman in Bothaville het die foon in my oor neergesit."

Na alles oortuig ek haar om my tog so na tien minute weer te skakel Ek het eers probeer water drink en het 'n bietjie gesit voordat ek Bothaville toe skakel. Daar sê hulle wragtig vir my die man is skielik nie meer beskikbaar nie. Kan jy glo en ek het nog net so vier minute oor voor die kwarantyn weer bel. Gelukkig breek die ys en Bothaville se dame begin lag ... ou Nefie, daar is nie fout nie. Ons trek jou been.

Dit is waar al my blou hare vandaan kom.

In 1995 het ek asgevolg van my werksomstandighede nie veel geskou nie. Tydens die SA skou wen ek Beste Jaaroud Wyfie met 'n blou Show Racer uit die einste paar paratifus-duiwe. Die aand na die beoordeling, toe die manne nog voorraad neem oor die beoordeling, toe is ek daar om self deel te wees van die groot saak. Dit was vyfhonderd kilometer vir die aand.

in 1996, gedurende Februarie, bel die kampkommandant en sê: "Luister neef, ons plek is bespreek op Klein Plasie in Worcester vir Julie se SA skou. So het die Noordspan die aande afgetel, geskou asook beplan wanneer en waar wat gebeur.

So breek die laaste naweek aan. Saterdag aand was alles in plek om Sondagnag twaalfuur Worcester toe te sleep. Die sewe spanne was reg en die kommunikasiestelsel gelaai. Sondagoggend word die Vrystaat se goudveld en verder noord met 'n 100 mm sneeukombers wakker. Dit is waar dinge toe 'n wending neem. Die fone lui om die uur. Christo bel Wynand, Wynand bel Ben en Ben bel Basie. Die vraag op almal se lippe is of ons nou moet ry of eers vannag. Einde laaste sleep ons op die beplande tyd en kom in Bultfontein saam na 'n gespartel deur die sneeu. Dit was diep koud en my motor se verwarmer het nie gewerk nie. So na halfsewe Maandag-oggend kom die roepstem oor die radio. Nefie ons moet nie stilhou vir middagete nie. Dadelik stem ek in en so twintig kilometer anderkant Hanover trek almal af en baie kos word uitgepak. Die jakkalsdraad was van bo tot onder toegeweef met yskristalle en so ver as die oog

kon sien.
Hier sien Christo Munnik toe sy kans en stop my 'n skaap ribbebeen in die hand, wetend ek gaan sukkel. Soos die duiwel dit wou hê, probeer ek, half verkuim soos ek is, die vleis af te eet. My tande klap egter so opmekaar dat dit klink soos 'n vleissaag wat enkele tande kort. Om alles te kroon, haal Corrie Ooshuizen nog sy video kamera uit om ons beeld vir die nageslag vas te lê. Hierdie koue was erg, en ek kon skielik begryp waarom die geskiedenisboeke die verhaal van Racheltjie de Beer bewaar het. So kry ek dan van Cora Munnik en vennote die versekering dat wanneer die nuwe geskiedenisboeke vir die jaar 2000 geskrywe gaan word, die verhaal van Jannie de Lange ook opgeneem sal word in die bundel.
Die 1996 skou was die skou van skoue vir my. Waarom, omdat die sout van die aarde, die Steyns, betrokke was.
1997 en 1998, Bloemfontein. Albei lekker jare, veral die jaar wat ek die Show Racer prys na my kant toe laat kom het. Soos u weet, was dit ook die jaar wat ek my streek so 'n bietjie mislei het deur vir niemand te sê van die modifikasie waarvoor ek hospitaal toe was nie. Vir die wat noord se bestuur nie ken nie, hulle het ongelukkig baie kontakte, ook daar waar nie mense is nie. So moet nie vir hulle lieĝ nie want jy sal uitgevang word.
Tydens die prysuitdeling neem Christo Munnik op verskeie tafels 'n blom uit elke ruiker. Die volgende oomblik word ek vorentoe geroep, ja vorentoe in die saal waar tweehonderd mense my aangaap. Daar ontvang ek toe 'n toekenning van my streek se president en sy sekretaresse vir oneerlikheid. Hel man, dit was 'n seer klap, nie 'n skop op my modifikasie nie.
Gedurende 1999 was die druk op ons. 'n Mens kon in werksure tydens die SA skou nie veel beweeg nie want die sersant-majoor moes weet waar jy was en wat jy doen, asook waarom dinge dan nou nie klaar is nie. Maar, na-ure was my tyd, so het ek gedink, maar die pêlle wat by my gebly het, het ek onderskat. My tyd word toe hulle tyd. So braai ons vis, twee-uur in die oggend op die skougronde. Die een maat staan en slaap langs die vuur maar hy is kwansuis nie haastig nie. Die jonge, wat ek gemeen het my beste pêl is, omdat hy nie rook of drink nie, haal toe sy pa se manier uit om nie nee te vat vir 'n antwoord nie. Wanneer ek sê: "Manne dit is halfdrie, ons moet nou loop." dan sê die jongman, nee daar is nog baie tyd. Ja, die man se tyd raak net nie op nie. As ek nou weer daaroor dink wil ek net-net kwaad word. Die "het tydstorie" het my byna dooi gehad teen Saterdag.
So staan ons aan die vooraand van die einde van 1999 en wanneer u hierdie dagboekuittreksel lees, sal dit alreeds die jaar 2000 wees. Mag daar nog vele jare in elkeen se dagboek aangeteken word. Ek hoop dat u ook 'n vriend sal toelaat om naby genoeg aan u te leef en we om die mooi dinge in skrif bewaar.
Opgedra aan Basie de Lange, 'n vriend deur dik en dun, wat nooit jou rug onbewaak sal laat nie, al kos dit ook wat.
Wynand Wessels
**Noord-Vrystaat - 20 punte**

# *Kunsmatige Bevrugting*

## *deur oom Toekie van Biljon*

**Oom Toekie behaal die afgelope twintig jaar en meer groot sukses met kunsmatige insiminasie van sy waaiersterte. Ons het hom versoek om ons te laat weet hoe en wat hy doen. Hy het dadelik reageer en hier is sy storie.**

"Verlede maand het twee verskillende modenatelers gemeld dat onvrugbaarheid in hulle hokke voorkom.
Nadat ontwikkeling (verfyning) in my stoet van wit waaiersterte plaasgevind het, het al meer onvrugbaarheid ook ingetree. In 1979 het ek vir die eerste keer kunsmatige inseminasie suksesvol uitgevoer.
Die artikel gepubliseer in Die Sierduif van Dave Meades oor KI - goedgunstiglik herhaal deur Kobus Snyman op ons versoek in 1989 - het wondere verrig in my stoet. Nadat ek sy professionele metode nagevolg het, ek ek nooit weer duiwe gehad wat nie 'n nageslag kon lewer nie.
Aangesien sy metode moeiliker is en die aandag van twee persone vereis, het ek weer my

oorspronklike metode begin toepas. Hierdie manier van doen is baie eenvoudiger en tog suksesvol.

**Ek gaan as volg te werk:**

Dikwels wanneer duiwe klaar geëet het, begin pare mekaar voer en dan begin die paarproses. As die mannetjie (of wyfie) sukkel, laat ek hulle begaan totdat die mannetjie moeg is en moed opgee.

Met al die gestoei en opgewondenheid het die mannetjie gewoonlik genoeg semen vrygestel. Indien ek twyfel pas ek gou die Meades-metode toe om seker te maak dat die semen bekom kan word. Vryf sy rug afwaarts en ook weerskante van die anus en langs die lieste.

Ek verwys u na die Meades metode. Die semen is soms sigbaar met effense skuim. Met 'n oogspuit met 'n lang glaspunt roer ek nou binne die anus van die mannetjie. Sommige mannetjies se opening is kleiner as ander en moet met die duim, voor en middelvinger uitgestulp word om ingang te vergemaklik. Roer die spuit stadig binne rond totdat dit goed vogtig is. Plaas die spuit nou in die wyfie en roer ook goed. Indien daar twyfel bestaan, herhaal die prosedure dadelik. Ek hou nie van die opsuigproses, deur die rubber te druk nie aangesien die mannetjie dikwels deur vassuiging beseer kan word.

Om vooraf met minder belangrike duiwe te eksperimenteer, kan groter vaardigheid verkry word.

As KI twee keer per dag gedoen word, ses dae voor die wyfie haar eerste eier lê totdat sy die eerste eier lê, is bevrugting verseker.

Na die takie afgehandel is, ontsmet ek die spuit met kook water.

Dit kos harde werk en motivering maar sukses bring groot vreugde. Om van 15 pare waaiers 120-130 kleintjies jaarliks te teel is louter genot.

Ek hoop ander telers sal dieselfde mate van sukses behaal.

Toekie

Red. W.P. verdien 100 punte.

# K.I. op duiwe deur Dave Meades

**Aangesien oom Toekie in sy artikel na die Meades metode verwys, word dit ter inligting herhaal soos wat wyle Dave dit geskrywe het.**

Maak 'n hok van so 1 x ,5 x ,5 meter. Deur die middel word 'n skuifraam gemaak met regaf draadjies wat vinning oop en toe geskuif kan word. Maak plek vir kos en water. Plaas nou die mannetjie wat u wil gebruik in die een afskorting en hou hom daar vir sewe dae lank. Sy verlange moet groot word. Na sewe dae plaas ons die wyfie wat ons wil gebruik in die afskorting langs hom.

Die mannetjie sal sy kant dadelik bring deur te pronk en stert te sleep en selfs in die rigting van die wyfie te spring van blydskap. As die wyfie dieselfde gedrag toon is ons kanse goed om te kan slaag. Na sowat drie ure sal die mannetjie die wyfie deur die draad voer. Die wyfie behoort te gaan regsit vir die mannetjie. Alles in aggenome behoort die wyfie oor 10 dae so tussen 5 en 6 nm haar eerste eier te lê.

Stilte is nou van groot belang. Gee net kos en water en laat die twee verder alleen. Die derde dag sit u stokkies by die wyfie in vir nesmaak. Sy moet dit self in die pan plaas, terwyl sy liefderyk na die mannetjie loer. Teen die 4de, 5de of 6de dag sal sy seker al vir haar 'n nessie gebou het. Sy mag al selfs op die nes sit en dit maak die teler nuuskierig om te sien of sy nie dalk al gelê het nie.

Elke dag, vanaf die eerste dag, word die middelste skyfie uitgetrek sodat die mannetjie en wyfie vir enkele sekondes lank bymekaar is, maar die middelskyf word weer toe gestoot voordat hy haar kan dek.

Op die sewende dag word die mannetjie getap. (Oom Toekie meld dat hy dit vir veiligheidshalwe al vanaf die sesde dag doen.) Dit moet in die namiddag wees en die wyfie word vir die eerste keer geinsimineer. Die takie word afgehandel so om en by 5nm. Op die agste dag so tussen 8 en 9vm en om 5-6 nm word KI herhaal en die laaste keer op die 9de dag so om en by 12 vm. (Oom Toekie beveel aan dat daar met hierdie proses volgehou word totdat die eerste eier gelê word) As die wyfie op die 10de dag haar eerste eier lê is die kanse goed dat hulle bevrug gaan wees; selfs op die 11de en 12de dag is die kanse nog goed. As sy op die 13de dag lê is die kanse skraal dat die eiers bevrug gaan wees (daarom dat oom Toekie volhou totdat die eerste eier gelê word).

'n Drie kompartement hokkie

kan ook gebruik word met die mannetjie in die middelste hokkie en die twee wyfies aan weerskante van hom. Hy word dus gebruik om twee wyfies te dek. Die mannetjie word om die beurt na die twee wyfies deurgelaat en weer verwyder net voordat hy hulle kan dek.

## Hoe word KI gedoen?

Om die mannetjie te tap om die wyfie(s) te insimineer, is die volgende toerusting nodig.

**1. Apparaat**

'n Tweede persoon om bystand te verleen om te help met of inseminasie of die tap van die mannetjie.

**2. Spuitjie.**

'n Klein glas of plastiese spuitjie wat nie 'n staalpunt het nie aangesien spermselle dood indien hulle met staal in aanraking kom.

**3. Donker hoekie**

'n Donker hoekie wat geoeg lig toelaat om die insemineerder in staat te stel om te sien wat hy doen.

**4. Gasstoof**

'n Gasstoofie om water mee te kook vir ontsmetting van die spuitjie.

**5. Steriele water**

Een botteltjie steriele water.

**6. 'n Tweede persoon**

Die persoon moet of die mannetjie tap of die wyfie insemineer. (in hierdie geval doen oom Toekie alles alleen aangesien hy die wyfie insemineer sodra die mannetjie sy ding probeer doen het, maw hy maak daarop staat dat beide die duiwe saad vrygestel het. Let ook op dat hy die duiwe nie afsonderlik in hokkies hou nie maar dat hulle bymekaar is.)

Nou is alles reg en die teler se moeilikheid begin.

'n Glasspuitjie van 3 cc is my assistent se wapen. Dit hanteer maklik met 'n bietjie oefening. Die punt waaraan die naald gewoonlik gevoeg word, moet ook van glas wees. Plastiek is ook goed genoeg. Die suier van die spuit het vooraan 'n rubber deel en dit moet verhoed word dat die rubber in aanraking kom met die semen. Die spuitjie word dus teruggetrek, sê so 'n kwart sentimeter wat 'n spasie laat wat met lug gevul word. Wanneer die semen opgetrek word, word die suier net verder opgetrek met die punt van die spuit in die semen wat so groot soos 'n middelmatige druppel is. Die semen sal nou die punt van die spuit, die deel waar die naald gewoonlik geheg is, so halfpad vul terwyl die rubberdeel van die suier op so ongeveer 1½ cm staan. Die semen was dus glad nie in aanraking met die rubber nie. Dit kan gebeur dat die spuit te vinnig of die semen te min was en dat die spierkrag agter die spuit te sterk was, dan suig die spuit lug in en die semen skiet op in die spuitbuis, teen die glaswand en selfs teen die rubberdeel van die suier.

Ek insemineer in so 'n geval wel en hoop vir die beste.

Gasstofie - ek gebruik 'n Handy Gas gasbotteltjie om die spuit in te kook vir ongeveer 10 minute. Ek aanvaar dat alle kieme en ongewenste bakterieë deur die kook van die spuit dood sal wees.

Steriele water - Die spuit is nou baie warm en omdat ek dadelik wil begin met inseminasie, haal ek die spuit uit die kookwater met 'n skoon lap. Ek steek die punt van die spuit in die steriele water en trek die spuit vol. Deur die suier vinnig op en af te werk, blaas ek so te sê al die steriele water uit. 'n Paar vinnige bewegings soos wat 'n man 'n koorspen skud, volg en dan is die spuit droog en gereed vir gebruik. 'n Minuut of twee word nog benodig voordat die assistent die spuit sal benodig en dit is genoeg tyd om die fyn druppeltjies water wat nog in die spuit is, te laat verdamp. Ek het al sukses met vog in die spuit behaal, maar dit moet verkieslik kurkdroog wees.

Die mannetjie wat ons wil tap word nou gevang terwyl d wyfie of wyfies in die broeikas gelaat word.

Nou begin die moeilikheid van vooraf.

Neem die mannetjie in jou linkerhand, net soos 'n mens 'n duif vang en vashou, terwyl sy twee pote tussen die voor- en middelvingers met die duim oor die verke, net laer af na die stert se kant sodat die stuitjie nie onder gruk geplaas word nie. Met my regterhand se duim aan die duif se regterkant (die duif lê in my linkerhand met sy kop na my maag) en my regter voor- en wysvinger aan die duif se linkerkant, vryf ek nou met 'n afwaartse aksie, terwyl ek drukking toepas op die duif se rug, van ongeveer die helfte van die rug tot by die stuitjie. Die hand word so 'n ietsie ge en teruggebring om dan weer met 'n nie te ligte vryfaksie na die stuitjie gestoot te word. Oplig en druk en stoot en van stadig tot vinnig tot redelik vinnig. Daar moet geen drukking plaasvind wanneer die hand in die rigting van die duif se kop beweeg word nie, alleenlik in die rigting van die duif se vere. Na so 'n 5 tot 10 sekondes word die duif nog half

teen die maag vasgedruk, terwyl die regterhand die vryfaksie staak en die duif vashou dat hy nie kan loskom nie. In dieselfde beweging hou ek die stert na bo met die regterhand, terwyl ek met die wysvinger en duim , gehelp met die middelvinger, aan die onderkant van die anus drukking plaas. Hierdie drukking van drie kante af veroorsaak die uitstulping van die anus en die ontbloting van die tepel (geslagsorgaan). As al die vryfwerk tot hiertoe goed gedoen was, en die drukking die regte uitwerking gehad het, sal daar met die uittulping van die anus 'n druppel melkagtige vloeistof op die wand van die anus verskyn. Die mannetjie het nou geëjakuleer. Hierdie melkagtige vloeistof, wit in voorkoms na roomkleurig, is die semen.

Die assistent het tot nou net toegekyk. Met die spuitjie reg, tree hy nou vinnig nader en hou die spuit se punt 90 grade na die wit semen, druk die punt in die druppel en trek die suier 'n verdere ¼ cc op. Die semen sal nou die punt van die spuit halfpad vul. Die mannetjie word dadelik teruggeplaas in sy hokkie terwyl die aspirant moeder gevang word. Sy word teen die teler se bors vasgedruk met die regterhand net soos met die mannetjie. Haar stert word ook in die proses na bo gehou.

Die linkerhand druk nou weer presies soos met die mannetjie, en die anus stulp dadelik uit en nou kan daar gesien word waar die tepel, met 'n ietwat rooier kleur as die binnewand van die anus, te voorskyn kom. Sonder verdere seremonie word die spuitjie se punt teen die tepel, wat meer rooi vertoon, en maklik herkenbaar is, gedruk. Die assistent deponeer dan die inhoud op die tepel waarna die wyfie weer in haar hokkie losgelaat word.

Gewooonlik hou ek so 'n klein bietjie van die semen agter wat ek dan op 'n glasskyfie plaas om 'n hangmonster te maak en dit dadelik onder die mikroskoop te plaas. So stel ek vas wat die digtheid van die semen is.

As die mannetjie aan die ou kant is en nog goed genoeg is vir voortplanting, sal 'n mikroskoop van ontskatbare waarde wees. As die semen nie die gewenste digtheid het nie, sal spesiale behandeling vir die mannetjie nodig wees asook spierinspuitings. Die mannetjie word dan getap en die semen onder die mikroskoop bestudeer. Eers wanneer die digtheid dit regverdig, word die wyfie vir KI gebruik. Soos vooraf beskryf word die tap en inseminasie dan uitgevoer.

**Neem goeie raad**

Telers wat belangstel om KI uit te voer, behoort die metode eers op minder belangrike duiwe uit te voer totdat hulle die kuns bemeester het. Telers moet ook hulle duiwe goed ken deur te weet op die hoeveelste dag elke wyfie haar eerste eiers lê. Dit is ook goed as 'n paar 2 of 4 kuikens groot maak want die afskeiding van kropmelk stimuleer die organe, verhoog die funksionering daarvan en dit verhoog ook die drang om te broei.

**Bewaar van eiers**

Dit gebeur dikwels dat de pleegouers nie in dieselfde tyd lê as die skenkers nie. Nou doen ons die volgende: Hou die skenker dop. As sy die eerste eier gelê het, verwyder die eier dadelik voordat dit donker is. Plaas in sy plek 'n ander eier wat met 'n kruisie gemerk is. Skryf die datum van die skenker se eier op en plaas dit met die punt na onder in 'n bakkie met semels. Wanneer die skenker die tweede eier lê, word dit ook verwyder. Die datum word ook op hierdie eier aangebring en dit word ook in die bakkie met semels geplaas. Gooi die bakkie nou vol semels en plaas 'n deksel op die bakkie sonder om drukking op die eiers toe te pas. Elke oggend word die bakkie omgedraai, dan is die eiers op hulle koppe en dan weer op hulle punte. So kan die eiers gestoor word vir tien dae. Die deksel van die bakkie moet met elke omdraaislag gelig word sodat vars suurstof ingelaat word.

Telers sal vind dat inkubasie dadelik sal begin sodra die eiers onder die pleegouers geplaas word. Elke dag sal die eiers 'n gram of wat ligter word en net voordat die kuiken die dop breek is die eiers op hulle ligste.

**Pleegouers**

Gebruik net die beste ras egte pleegouers van hoogstaande kwaliteit. Dit moet duiwe wees wat nie baie baklei nie, wat goed voer en goed broei en wat ook op skoue kan presteer.

**Red: Artikel oorspronklik deur wyle Dave Meades geskrywe. Ons vertrou dat telers wat probleme met mannetjies ondervind, oom Toekie of Dave se raad sal volg. Dave s'n lyk moeilikher as die van oom Toekie. Kobus het die afgelope tyd die raad van oom Toekie gevolg en tot datum sukses met twee mannetjies behaal. Dit is egter 'n proses wat baie aandag en tyd verg.**

# E.P Notes by Clive Druce

**We held our AGM at Despatch on 20 November 1999 , a very good attendance and a pleasant meeting ending in a braai.**

The Committee for 2000 is as follows:
President:
Netta Prince
Secretary:
Ronetta Prince
Treasurer and Show Secr.
Robin Prince
Show Manager
Johan le Roux
Asst Show Manager
Willie van Noordwyk
Judges Officer
JAR Botha
Publicity and Raising Manager
Wimpy Taljaard
Notes Writer
Clive Druce
Additional Members
Brian Mattison & Don Brill

As mentioned in my previous notes the Despatch festival has come and gone. I am pleased to report from our side our effort was a great success,. We gained substantially financially and stand to also gain 4 members in the new year.

Talking of new members, just a reminder to those concerned, membership renewals is due before the end of January, otherwise it will cost you the extra R30 entrance fee after that date.

The combined EP - SWD young bird show is to be held in Despatch on 25 March 2000. We can assure you of a real first class lekker show. A real good time to be enjoyed by all is for sure, so please come and join us. The senior judge for the show is our National President, Wynand Wessels.

On Saturday 13th November Netta and Robin Prince, Wimpy Taljaard, his son Ruan and Anton Taljaard and I motored up to East London to visit the members there. Of course as per usual somebody had to get lost, which of course was the Taljaard and Druce's car. We took the wrong exit from King Williamstown on the way to East London and landed up in the wrong end of EL. Unbeknown to us we at one stage within 300 metres of Keith Vice's home, which incidentally was to be the start of the days loft tour. Anyway, we survived thanks to the use of cellphones, we were told to stay put where we where, eventually Des Hartwig and the Francis and Prince clan rocked up in a Kombi, and after greetings all round we set off for Keith Vice's home.

Keith is a new member, has Helmets and English SF tumblers, his first chicks are in the nest, it is the aim of the newly established SF club to help members. Keith this will be done by mid year. Next year you will be established. Nice loft setup Keith has but needs breeding stock.

Next we sett off to Brain Rusch. He is a Birmingham man. What a excellent setup, so need and tidy with good management. Welcome aboard Brain! Birds in tiptop condition.

Next all off again to Des Hartwig's home. There we were really most surprised with the lay out. He is also a Birmingham Roller man, the flying kit loft rocked us, neat and tidy, and as clean as a whistle, painted shiny white enamel, but that was not all, the breeding loft, a white painted brick structure, tiled inside, with TV and computer, divided into two large section rooms, tiled floors. I was quite jealous of the excellent living conditions for the birds, all of this in a very well kept garden. What a pleasant setup. There were a few pair of canaries here too, as Des is a national canary judge.

Unfortunately we could not visit Manie Botha due to his private family commitments that day, but I can assure him we are all looking forward to visiting him next time around.

We then all proceeded to Gary Francises home, he and Stompie, his father, are Norwich Cropper and English SF breeders. Well I can tell you there are some very good birds bred in these lofts this season. ± 20 Norwich Croppers and ± 20 SF tumblers, counting the young chicks still in the nests. I like their setup. These breeds are safe in good hands. A bright future exists for these breeds. There are some young De Rooy & Agate SF that will be talked about during the show season. Just you wait and see.

A slap up braai was laid on for all concerned by the East London members. Speaking on behalf of the Uitenhage & PE visitors, thanks again for all you people did for us, that is the spirit a good association thrives on.

One new member joined while we were at the braai, actually not a new member, the return of an old Vrystater, a Jacobin man of the 1980's period, who now livers in EL. Welcome to Neels Claasen and his wife. The Uitenhage car left just after 3pm and we were back

home just before 7pm. What a pleasant day we spent.
We have signed another new member. Welcome to Hannes le Roux of Mossel Bay, keeping rollers, we have not met personally yet, but am looking forward doing so.
Greetings from the EP
Clive Druce
**EP 25 points for the letter and 65 for the members braai in EL.**


## Akker Boontjies

**Rouxtjie Roux van Ventersburg het akker boontjies teen R1,50 per kg of R75 per 50 kg beskikbaar. U kan hom besoek op Rondebossie naby Ventersburg of u bestellings plaas vir aflewering te Welkom Skougronde tydens Noord Vrystaat se streekskou.**

**Telefoon 05777-4797**


## SA Skouposduif Opleidingsdag deur Lotie Geyer

**Die SA Skouposduiftelers het op 11 Desember 1999 'n suksesvolle opleidingsdag in Kroonstad gehou aan huis van Wikus en Susan Prins. Wikus het sy motorhuis omskep in 'n mini skousaal met skouhokkies, loophokke en alles wat nodig is. Alles was in plek toe die manne begin opdaag.**

Wikus het van die telers by die Kroonstad Skougronde ontmoet want almal het nie geweet waar hy bly nie. Lede van Oos-Vrystaat, Wes-Transvaal, Transvaal en Noord-Vrystaat was teenwoordig. Koffie, tee, toebroodjies en beskuit is bedien deur die dames. Oom Johan de Bruin het almal welkom geheet en Wynand Wessels het met gebed geopen.
Wynand en Johan het die besprekings gelei en ons het die geleentheid gekry om vrae te vra by elke punt wat bespreek is. Die SA Skouposduif is letterlik van kop tot pote bespreek. Ekself het geweldig baie van die ras geleer en so ook ander telers wat daar was. Dit is tog so waar wat Dr Johann Loots kwyt geraak het. Hy het die stelling gemaak dat dit by opleidingsdae is waar die ras se standaard eers werklik verstaan word en dit is ook waar tekortkominge uitgewys word.
Dit is by sulke opleidingsdae dat die telers die geleentheid kry om raad en advies met hulle mede telers te deel want tydens skoue is daar nie daarvoor tyd nie. Ek kan aan die telers wat die dag misgeloop het verseker dat hulle 'n baie leersame en genotvolle dag gemis het.
Die dag is afgesluit met 'n braai en ons wil graag al die dames bedank vir die heerlike slaaie. Vir Wikus en Susan wil ek namens al die telers bedank vir hulle gasvryheid van die dag en die beskikbaarstel van hulle huis. Ja dit was seker die laaste duiwebykeenkoms van die eeu.
Lottie Geyer.
**Noord-Vrystaat verdien 65 punte**

## Reg Gething - die verlore seun is gevind deur Annatjie Loubser

**Bethlehem**. 'n Paar maande gelede kuier oom Ralph Anderson by ons. Hy was mos altyd in Harrysmith maar het nou na die Suidkus verhuis. Wanneer hy by sy seun in Bethlehem kom kuier, maak hy altyd 'n draai by ons. Onlangs het hy ook vir my 'n paar Blondinette gebring.
Oom Ralph het ons op die spoor geplaas van Reg Gething toe hy ons eendag van die ou dae van die SASV vertel.
Oom Reg het onder meer met Modenas en Kroppers geteel en hy was ook een van die stigterlede van die Modenaklub. Oom Ralph het vermeld dat hy ongelukkig kontak met Reg verloor het en het so terloops gewonder wat van hom geword het.
Omtrent ses weke later verskyn daar 'n berig in ons plaaslike koerant van 'n egpaar wat

**vervolg bls 27**

# Noord Vrystaat stel bekend

## Een van sy lojale lede - Willem Wessels

Willem Wessels is gebore te Steynsrus op 3 September 1935 waar hy steeds, saam met sy moeder, Susanna, woon. Sy moeder is 88 jaar oud en sy sien steeds toe dat die kos gekook en die orde gehandhaaf word.
Soos ons almal weet, kan seuns ook maar stout wees, ek bedoel nou Willem en sy jonger broer Koos, daarom is Ma se oog en roede steeds daar om die twee oujongkêrels in toom te hou.

Willem het in 1984 met sierduiwe begin en die duiwe bekom van wyle Louis Fivaz van Steynsrus. Hy het vanaf die beginjare eers saam met wyle Peet van Zyl na skoue gereis en daarna saam met Theuns Botha, Phlip Nortje, Wikus Prins en ook Koo Crous.

Willem is 'n ernstige Dragoon teler en lid van die Sponsduifkllub. Hy teel ook SA Skouposduiwe en SA Troetelduiwe. Hy het ook in 1998 en 1999 die Noord-Vrystaat rolbalspan vir gestremdes na die jaarlikse SA Spele gehaal. In 1998 was die Spele te Welkom en die afgelope jaar in Goodwood. Die streek is baie trots op Willem se prestasies.

Wat duiweprestasie betref, is Willem altyd baie beskeie.

Soos hy dit stel: "Ek het al heelwat gewen en ook verloor, maar dit is bysaak. Wat regtig in die lewe saak maak is die groot getal vriende wat ek kon maak. Die sierduifmense mag van mekaar verskil, maar wanneer 'n medelid hulle nodig het in tye van nood en swaarkry, dan staan hulle saam. Daarom sal ek staan en val by Noord-Vrystaat, die streek wat nie 'n verskil maak tussen ryk of arm, kreupel of gesond nie."

Willem is 'n voorbeeld vir baie van ons lede in die SASV. Jy hoor nooit van 'n swak beoordelaar, 'n swak skou of lelike mense nie uit sy mond nie.

Mag daar nog vele jare vir hom wees in die SASV en dat hy ook DV volgende jaar saam sal kan gaan Kaap toe met die SA's te Paarl.

**Red. Dankie vir hierdie bydrae oor 'n besondere mooi en edel mens. Willem Wessels is vir my 'n lewende getuie van 'n mens wat sy christenskap in alles wat hy doen en sê, uit lewe. Vrystaat verdien 20 punte.**



**Willem Wessels van Steynsrus, teler van Dragoons, SA Skouposduiwe en SA Troetelduiwe**



**Oom Jan Lategan van Hennenman, teler van Damascenes, Duitse Skoonheidsposduiwe en AS Racers**

Mastertreads

WE PUT YOUR SAFETY FIRST
ONS STEL U VEILIGHEID EERSTE

RETREADING, NEW TYRES
COMPLETE TYRE SERVICE
VERSOLING, NUWE BANDE,
VOLLEDIGE BANDEDIENS

Mastertreads®

BRANCHES - TAKKE

Cape Province
Kaapprovinsie

Kwazulu Natal

Vrystaat
Free State

Transvaal

Hansie Botes, (Hankebot Boerdery) Nov/Des 98 - Sept/Okt 1999)

## Nog 'n lid van Noord-Vrystaat word voorgestel

## Die oudste, maar nie koud, Oom Jan Lategan van Hennenman

Oom Jan is gebore op 20 Maart 1925 in die Kroonstad distrik. In 1949 het oom Jan met Ria in die huwelik getree en het twee kinders, nl Klein Jan en Wilma, beide kinders is woonagtig te Hennenman.

Op sewejarige ouderdom het hy die trotse eienaar van sy eerste duiwe geword en tot vandag toe is duiwe een van oom Jan se groot liefdes.

In 1988 het oom Jan die plaaslewe vaarwel toegeroep en vestig hom op Hennenman waar hy tans nog woonagtig is.

In 1989 sluit hy aan by die SASV en bekom sy eerste Damascenes vanaf Mnr Armstrong van Christiana. Vandag is hy een van die top Damascene telers in die land. Hy teel ook Duitse Skoonheidsposduiwe en American Show Racers.

Wat oom Jan se skouprestasies betref, is hy maar beskeie. Vir hom beteken 'n eerste plek in 'n afdeling net soveel as 'n seksie-wenner. Ons kan by oom Jan leer. Hy is altyd tevrede met wat die uitslag van die beoordelaar ook al mag wees en is altyd trots met wat hy bereik op 'n skou.

"Waarop ek veral baie trots is, is dat ek op drie SA's na mekaar, nl 1997, 1998 en 1999 die Skaarsrasseksie gewen het en dit met dieselfde duif. 'n Damascene Mannetjie met 'n ring 1834/96. Ek dink dit is 'n rekord vir die skaarsrasseksie. My raad aan beginners is om nie met te veel rasse en duiwe te begin nie. Boer net met die rasse wat die naaste aan jou hart lê."

Dit was nie altyd net maanskyn en rose vir oom Jan nie. In 1997 word hy gediagnoseer met kanker waarvan hy ten volle genees is en in 1999 ondergaan hy 'n hartomleidingsoperasie.

As jy oom Jan so sien loop en sien wat hy alles nog kan doen, kan jy nie glo waardeur hy die laaste twee jaar is nie.

"Ek wil my Hemelse Vader loof en dank dat Hy my so lank gespaar het, om nog so aktief aan die stokperdjie te kan deelneem."

Oom Jan is een van Noord-Vrystaat se aktiewe lede; hy mis nie 'n vergadering of werksdag nie en as hy nie self by 'n werksdag kan wees nie, stuur hy van sy werksmense om te kom help by die saal.

Dit is vir Noord-Vrystaat 'n eer om een van die Juwele van die SASV in ons streek te kan hê. Mag daar nog vele jare vir hom wees in die SASV.

**Red: Oom Jan is 'n besondere begaafde mens wat in die genadespore van ons Hemelse Vader loop. Hy is 'n sierraad op 74 jarige ouderdom. N-VS - 20 punte**

## TRANSVAAL AREA NEWS

The Millennium Rand Easter Show will be held this year from 20 April to I May.

These are the latest dates the show has been held in recent years. To mark the millennium, exhibitors will receive either a commemorative medal or mug, it has not been finally decided which as yet. Although the show is over 12 days instead of the usual 16 or 17, there are only 4 working days falling within the period of the show. It is expected that this will be a bumper show with the economy now showing a distinct upturn.

The pigeons will be on show from Thursday 20 April to Monday 24 April. The relevant dates are:

Benching: Wednesday 19 April 16:00 to 21:00 (latest Friday 2l st 08:00)

Judging: Friday 21 April from 08:00

Release: Monday 24 April 18:00

Apart from gold, silver and bronze medals for the top 3 birds, prize money will be paid for the first 3 positions in each class and R500 will be available for the top 3 birds (R250, RI50, RI00). Section winners in the 10 sections with the largest number of entries will also receive RI0 each.

The Transvaal Area has decided to drop the young bird show and use the Rand Show as its young bird show. The accent will be on young birds and we will be offering trophies for best yearling and runner-up to best yearling. We also intend to apply for this to be recognised by the SAFPA as a young bird show counting points towards the SAFPA annual awards.

Entry fees remain the same at R3.00 per bird. It is estimated that some 200 000 people visit the Feather and Fur Hall during the show and it is therefore a great opportunity for us to show off our birds and enrol new members.

An information desk will be manned throughout the show to handle questions and enquiries from the public.

Kobus Snyman is being invited as the senior judge and other judges invited are Koot Serfontein, Cas de Waal, Johan de Bruyn, Michael Hughes-Hall, Jimmy Roodt, Charles Marais, Lou Brits, Neels le Roux and myself

This show deserves your support and we look forward to a large number of entries. This is also the first show of the 2000 show season. See you there!

Stewart Patterson

**Transvaal - 25 points**

## Treating Impacted and Sour Crops by Stewart Patterson

If you hand-feed your youngsters you will find as I frequently do, problems with impacted and sour crops.

Crop impactions are obstructions of the normal passing of food between the crop and the stomach. This is generally caused by canker and some of the commercial powdered baby bird formulas. Also a cause is Pronutro if not mixed 4 to 1 with water to make it as liquid as possible. Swelling and regurgitation is common and are usually sometimes accompanied by a bacterial infection.

Sour crops are severe inflammation of the crop normally caused by obstructions, sour, stale or mouldy food and dirty drinking water. Here again, regurgitation and bacterial infections are common.

### First aid for impacted crops

1 Place about 5 drops (for a 1 lb pigeon) of bath oil with 5-10 mls

## Reg Gething - vervolg

sestig jaar getroud is - mnr en mev Reg Gething! Hulle woon by hulle dogter Ingrid Mousely

Ons het dadelik gewonder of dit dieselfde persoon is. Berty het die nommer nageslaan en gebel. Groot was ons vreugde toe ons hoor dit is dieselfde persoon.


Ons het hulle dadelik uitgenooi om die Jaaroudskou by te woon en ook om die pryse vir ons uit te deel.Ingrid het belowe om ons te laat weet wat oom Reg sê en het ons later teruggeskakel en gesê haar pa sal kom, maar net vir 'n klein rukkie omdat sy gesondheid nie meer so goed is nie. Hy is reeds 86 jaar oud.

Dit was vir ons 'n groot voorreg om oom Reg en Ingrid by ons skou te kon hê. Hy was verbaas oor die baie duiwe en groot aantal rasse. Die Modenas het hy baie geniet maar het gesê dat hulle te groot is. Daar was ook 'n paar vertoners wat hy nog kon onthou soos Corrie van Reenen, Les Ewan en Karel Reyneke.

Oom Reg het 30 jaar gelede sy duiwe weggemaak. Hy het by tye tot 700 duiwe gehad. Ingrid vertel dat sy nog goed kan onthou hoe hulle by skoue op hom in die motor gewag het.

Oos-Vrystaat bring hulde aan oom Reg en is trots dat hy in ons streek bly. Ons hoop om hom weer by ons skou op 29 April 2000 te sien.

Vir diegende wat hom graag wil kontak, sy telefoon nommer is 058-2561098. Hy woon op die plaas Madrid naby Clarens. Sy posadres is Reg Gething, c/o Ingrid Mousley, P.O. Box 26, Clarens 9707.



**Reg Gething op die ouderdom van 80 - hy is nou 86.**

Hy sal dit waardeer as julle hom kontak en bietjie oor die ou dae gesels.

Annatjie Loubser.

**Oos-Vrystaat - 20 punte. Baie dankie vir die moeite om oom Reg op te spoor en vir die artikel. Dit is goed as die jonger lede soveel aandag gee aan vergete lede van die verlede. Onthou die jonges is een van die dae die oues van dae.**

## Impacted crops

of water into the crop with a 10-20 ml oral syringe that's equipped with small, soft tubing. Wait a few minutes and gently massage the crop while attempting to break up the obstruction. This procedure may be repeated every hour if necessary.

2 After the blockage has passed through the crop you may like to administer a small amount of Maalox to soothe the inflamed tissue and neutralise the acid.

3 To treat the possible bacterial infection administer antibiotics for 5-7 days after the blockage has passed. I use Dovabiotic at the rate of ½ a tablet, twice a day. You may dissolve this in water and administer through an oral syringe.

4 Birds in this condition should be fed a bland diet for a few days and given plenty of clean, fresh water.

### First aid for sour crops

1 Take your 10-20 oral syringe with the tubing and insert it into the bird's crop. Very carefully withdraw the sour liquid. Repeat until you have removed as much of the liquid as you can.

2 Administer Maalox, again to neutralise the acid and soothe the inflamed crop lining.

3 If these measures do NOT work, mix together the following and administer with the syringe

a Approximately 10 mls water

b I pinch baking soda

c 3 drops bath oil

It may be necessary to repeat

this step a few times in order to clear the crop. After doing so, and the crop is clear, follow step 3 under First aid for impacted crops. As with any sick bird, keep the bird in isolation.

Stewart Patterson

**Transvaal - 100 points**

## Spesiale Modena Medaljes **deur Jan Lombard**

Die bestuur van die Modenaklub het op 'n onlangse bestuursvergading besluit om 'n spesiale Modena Medalje te laat maak. Die ontwerp verskil van ons amptelike medalje daarin dat die woorde "Nasionale modenaklub" nie daarop verskyn nie. Ons wil graag die prestigewaarde van ons amptelike medalje behou deur dit net op die prestige skou en/of kampioenskapskou toe te ken.

Ons het egter gevoel dat daar 'n alternatiewe medalje moet wees wat op streekskoue toegeken behoort te word. Die spesklub se naam verskyn dus om drie redes nie op die mealje nie:

1. Die prys word nie deur die klub toegeken nie.
2. Die klub het nie altyd insae in die aanwysing van die beoordelaars nie en wil hom daarom nie noodwendig vereenselwig met die plasing en toekennings wat gemaak word nie.
3. die gehalte van modenas op streekskoue regverdig nie altyd die toekenning van 'n amptelike medalje nie.

U sou kon vra waarom ons 'n alternatiewe medalje laat maak het. Daar is heelwat redes. Ons grondwet het o.a. die bevordering van Modenas as ras ten doelstelling. Deur die medalje daar te stel vir toekenning op streekskoue hoop ons om inskrywingsgetalle en die gewildheid van die modena te bevorder.

Die medalje is so ontwerp dat die agtergrond in twee gedeel is. Elke streek kan dus sy eie kleure in die agtergrond gebruik om die medalje te laat aanpas by sy eie medaljes. Die kleure van die duif kan ook afgewissel word en dit kan vir beide Gazzi en Schietti gebruik word. Indien enige individu sulke medaljes wil borg vir 'n streekskou kan hy my skakel. Hy kan die nodige fondse by sy streek inbetaal wat dan die bestelling via my plaas. Daar is met die vervaardiger van die gietstuk ooreengekom dat hy geen bestelling sal aanvaar indien dit nie via die bestuur van die Modenaklub kom nie. Hierdie beheer is noodsaaklik om te verseker dat niemand na willekeur vir homself medaljes kan laat slaan nie. Dit is so besluit na oorlegpleging met die SASV president.

Die Modena Prestigeskou val vanjaar saam met die SA

## IN MEMORIAM

## ABE BER

**Abe Ber passed away in early October at the age of 76 after a short illness.**

**Abe Ber joined the SAFPA in the early 1970's. He was always interested in Nuns and obtained the balance of the late Sam Greenman's stud of Nuns after he passed away. He was a manufacturing jeweller by trade and manufactured some of the medals for our top awards at the annual Championship Show. He was a real craftsman as was his son. Abe was devastated when his son passed away suddenly at the age of 22 and never really got over this loss.**

**He was responsible for importing Capuchines, Komorners and Red and Yellow Nuns into the country. His stud of yellow and red nuns is probably the best in the country. Although Abe was a keen pigeon man and had too many birds like many of us he seldom showed his birds, particularly in the latter years due to ill health.**

**He was a generous man always willing to help new fanciers with birds, and if he didn't have them he tried to find them for them. We will miss Abe. I personally will miss my visits to Abe and our chats over the phone.**

**Our condolences go to his wife Froma and his two daughters.**

**Stewart Patterson**

**Transvaal - 20 points**

Kampioenskappe in die Paarl. Vir die modenaboere wat goeie kompetisie verlang, maar nie kans sien, of dit kan bekostig om die lang rit Kaap toe aan te pak nie, wil Oos-Vrystaat graag 'n alternatief bied. Ons het 'n borg gekry vir 20 modena medaljes (nie Modenaklub medaljes nie, maar soos die streek medaljes hierbo beskryf) wat aan die beste Modena, beste Gazzi en beste Schietti en aan die wenners van die gewildste kleurklasse toegeken gaan word op ons streekskou van 29 April. Ons inskrywingsvorms vergesel hierdie nuusbrief. Maak gerus gebruik van hierdie geleentheid en kom kyk hoe vergelyk u Modenas met van die bestes in die land. Dalk word u met 'n pragtige medalje of twee vergoed vir u moeite.

Ek hoop ander spesklubs en streke volg ons voorbeeld. Kom ons maak dit vir ons lede die moeite werd om duiwe te vertoon op ons streekskoue.

Jan Lombard, notaskrywer van die Modenaklub. Tel 058-3034061 (nu)

**Kobus lewer kommentaar:**
**Die voorgestelde medaljes vir streekskoue is 'n wonderlike idee. Daar is 13 streke en as medaljes aan beste Modena, beste Gazzi, Beste Schietti toegeken word, beteken dit dat 39 medaljes per jaar vervaardig moet word. Ons praat van ± R400 pj. Ek was een van die vernaamste instrumente wat gesorg het dat die modenaklub vandag finansieël baie sterk staan. Ek kan dus nie sien waarom die klub nie uit eie fondse hierdie medaljes aan streke kan skenk vir toekenning nie. Waarom borge vind? Hierdie borgskap deur die Modenaklub vir toekenning aan streekskou-wenners in die Modena seksie, is goeie reklame vir die klub en geld goed gespandeer. Die ontvanger moet egter 'n modenaklublid wees, as hy nie is nie, word die medalje verbeur en aan die klub terugbesorg. Die kleur van die medaljes kan jaarlriks wissel. M.i. kan die bestuur hieroor besluit want die grondwet van die klub maak vir uitvoerende magte voorsiening. Waarom alles vir die AJV hou?**

**Oos-Vrystaat - 20 punte**

## Noord-Vrystaat se Landbou skou trek 284 duiwe

**Vanjaar** het ons nie baie inskrywings gehad nie, maar ek dink dit kan toegeskryf word aan die feit dat hierdie skou redelik gou na die SA's plaasgevind het en die manne nog nie rêrig herstel het na die skou nie. Daar was 264 duiwe ingeskryf wat 48 rasse verteenwoordig het. Daar is net van die streek se beoordelaars gebruik gemaak en die hoofbeoordeling is deur 'n groep beoordelaars gedoen. Die hooftoekennings is ook so gedoen dat een duif nie meer as een toekenning kry nie, d.w.s. die top agt duiwe was agt verskillende duiwe.

Die wenners van die skou is soos volg:


| Seksie | Oop | Jaaroud |
|---|---|---|
| 1. | Lo-Ann Boerdery* | Lo-Ann Boerdery |
| 2. | Geen | HP Botha* |
| 3. | Geen | Geen |
| 4, | HS Pelser* | HS Pelser |
| 5. | Geen | BJ de Lange* |
| 6. | Geen | Geen |
| 7. | Hankebot Boerdery | Hankebot Boerdery* |
| 8. | Wesmar Boerdery | Wesmar Boerdery* |
| 9. | HP Botha* | HP Botha |
| 10. | F Cronje* | F Cronje |
| 11. | Chris-Net Boerdery | Chris-Net Boerdery* |
| 12. | F Cronje* (Bokhara) | Chris-Net Brdry (Eng Trom) |
| 13 & 14 | Geen | Geen |
| 15. | Geen | LM de Wet* |
| 16. | HP Botha | Geen |
| 17. | Wesmar Boerdery* | Wesmar Boerdery |
| 18. | Lo-Ann Boerdery | Lo-Ann Boerdery |
| 19. | Chris-Net Brdry (Eng S/F) | F Cronje (Vienna S/F) |
| | (Seksie-wenner nie aangedui) | |
| 20. | Lo-Ann Brdry* (Blondinette) | Lo-Ann Boerdery (Satinette) |
| 21. | Wesmar Boerdery* | Geen |
| 22. | JNS Conradie | JNS Conradie |

| | | |
|---|---|---|
| 23. | LM de Wet* | Geen |
| 24. | C&C Munnik | H Munnik* |
| 25. | HJ van Aardt | HJ van Aardt* |
| 26. | Lo-Ann Boerdery | Lo-Ann Boerdery* |
| 27. | Hankebot Boerdery | BJ de Lange* |
| 28. | BJ de Lange (Am Giant) | JNS Conradie * (Posduif) |
| 29 | LM de Wet | Hankebot Boerdery* |
| 30 | Lo-Ann Boerdery (Fairy) | JH Lategan (Damascene) |
| 31. | Hankebot Brdry* (Duitse Barb) | F Cronje (Starling) |
| 32.H | H Munnik | H Munnik* |
| 33. | F Cronje* | LM de Wet |
| 34. | Lo-Ann Boerdery (Fairy) | Lo-Ann Brdry* (SA Skouposduif) |

**Die hooftoekennings is as volg:**

Kampioen Duif Ben de Lange - Gros Mondain
Reserwe Kampioen Hankebot Boerdery - Carrier

Beste Oop Duif:
Hennie Pelser - King
Reserwe Oop:
Nico Conradie - Posduif
Beste Jaaroud:
Nico Conradie - Sjinese uil
Reserwe Jaaroud: Chris-Net Boerdery -SA Troetelduif
Beste T/O: Lo-Ann Boerdery - SA Skouposduif
Kampioen Junior Duif:Lo-Ann Brdry (Wikus) - SA Skouposduif
Reserwe Junior Duif: Lo-Ann Brdry (Benita) - Silician Swallow)
**Noord-Vrystaat verdien 102 punte**



Wenners op die Landbouskou te Welkom - kyk uitslae hierbo

# Die Gedaante

## verwissel so saam met die

# Millennium

**Chris van den Berg berig:**

**Noord-Weskroon verander van naam en van gedaante.**

Tydens die afgelope paar jaar is daar op rotasie basis 'n duiwedag aangebied deur drie streke naamlik Noord-Vrystaat, Wes-Transvaal en Kroonstad, nou Oos-Vrystaat. Hierdie duiwedag is deur 'n komitee georganiseer wat uit lede van al drie streke bestaan het. Gedurende 1999 het die Vrystaat te kenne gegee dat hulle graag deel van hierdie duiwedag wil word. Intussen het Kroonstadstreek Oos-Vrystaat geword en hulle het te kenne gegee dat hulle graag deel sal wil bly van die aangeleentheid.

Tydens die Blaasduifdag einde 1999 was daar 'n spesiale vergadering deur verteenwoordigers van bogenoemde vier streke gehou. Gedurende hierdie vergadering is 'n paar gedagtes en idees gewissel aangaande die voortbestaan van so 'n duiwedag. Aangesien so 'n duiwedag in die verlede vir baie lede lekker en leersaam was, is daar besluit dat daar met die gedagte voortgegaan moet word.

Ten einde te verseker dat almal daarby kan baarvind is 'n vereiste dat dit 'n duiwedag van nuwe formaat moet wees en nie 'n miniskou nie. Verder wil ek klem lê dat alhoewel hierdie nuwe duiwedag deur slegs vier streke van die SASV gehanteer en aangebied word, dit beslis vir alle lede van alle streke gedoen word. Ek sê so omdat die vier streke wat vanaf 2000 hierdie nuwe tipe duiwedag gaan aanbied, naamlik Vrystaat, Wes-Transvaal, Noord-Vrystaat en Oos-Vrystaat redelik sentraal geleë is en die gevoel was dat ons deur middel van hierdie dag duiwe opleiding by soveel as moontlik lede kan uitbring.

Die huidige konsep/gedagte oor hoe hierdie

na bls 33




## Show Dates 2000 Skoudatums

**4 Maart**
**SASV Opleidingsdag- Bethlehem**
**25 Maart:**
**O.P. Jongduif**
**20-24 April**
**Randse Skou**
**29 April**
**Oos-Vrystaat Strreekskou**
**6 Mei**
**Noord-Vrystaat Streekskou**
**13 Mei**
**Boland Streekskou**
**Oos-Transvaal Streekskou**
**Vrystaat Streekskou**
**20 Mei**
**Noord-Transvaal Streekskou**
**Griekwaland Wes Streekskou**
**Oostelike Provinsie Streekskou**
**27 Mei**
**Westelike Provinsie Streekskou**
**Transvaal Streekskou**
**3 Junie**
**Noord-Wes (Wes-Transvaal) Streekskou**
**SWD Streekskou**
**10 Junie**
**Natal Streekskou**
**5-8 Julie**
**Nasionale Kampioenskapskou Paarl**

# Eerste Streekskou van die 21e eeu
# 29 April 2000
# Bethlehem Skougronde

**Voltooi die ingeslote inskrywingsvorm en kom vertoon by die wenstreek wat die grootste Streekskou in 1999 aangebied het.**

OOS
VRYSTAAT


**Medaljes en Sertifikate vir alle Raswenners**
**(Seksie-wenners sal vanjaar steeds aangewys word)**

**UNIEKE GESKENK VIR ELKE VERTONER**

**Kom geniet die Oos-Vrystaat se gasvryheid en natuurskoon**

## Skakel met Annatjie Loubser 058-3033780 om verdere besonderhede

**OOS-VRYSTAAT - WAAR DINGE GEBEUR!**



dag moet lyk is as volg:

Die naam van die dag sal wees **Sierduif Opleidingsdag.**

Hierdie dag sal bestuur word deur 'n dagbestuur bestaande uit die vier streek presidente.

Daar word twee sulke dae per jaar beplan wat beteken dat op 'n rotasie basis kry al vier streke in 'n siklus van twee jaar 'n beurt.

Die streek se bestuur wat die dag aanbied, hanteer die organisasie van die hele dag.

Die dag sal tydens die eerste naweek in Maart en die eerste *naweek in Oktober aangebied* word.

Die verloop van so 'n dag sal in drie gedeeltes/fasette opgedeel wees, naamlik 'n **eerste gedeelte** wat sal bestaan uit 'n praatjie/aanbieding oor enige leersame duiwe-onderwerp waarby almal vanaf die begin kan baat vind. Gedagtes is alreeds gewissel oor onderwerpe soos byvoorbeeld (1) die samestelling van duiwe-mengsels vir verskillende seisoene, (2) die verskillende metodes van behuising van duiwe met die voor- en nadele van elk, (3) tipes neskaste per tipe duif, (4) duiwesiektes en die behandeling daarvan (hierdie onderwerp kan gereeld aandag geniet omrede daar daagliks nuwe medisynes en entstowwe ontwikkel word), (5) hoe nuwe lede ingelyf en gehanteer moet word. Dit is maar net 'n paar gedagtes.

Ekself is van mening dat daar baie onderwerpe is wat in hierdie verband gehanteer kan word en dat slegs dit alreeds so 'n dag die moeite werd maak.

Die **tweede gedeelte** van die dag kan dan 'n bespreking van duiwe wees gebaseer op die nege groepe soos hulle voorkom in die Soeklig publikasie wat deur die SASV uitgegee word. Die volgorde kan ad hoc wees en daar kan selfs 'n herhaling van besprekings by opvolgende opleidingsdae wees. So 'n bespreking word gelei deur lede van die spesklub wat se duiwe die dag onder bespreking is. Groot baat kan gevind word deur lede net om na so 'n bespreking te *luister, al boer* sodanige lid nie met daardie ras nie. Dit sal aan almal van ons 'n breër agtergrondkennis oor mekaar se duiwe verskaf en wie weet dalk boer so 'n lid in die toekoms met sodanige ras.

Die **derde gedeelte** van so 'n opleidingsdag kan 'n opleidingsessie vir sowel voornemende as bestaande beoordelaars asook senior beoordelaars wees ten opsigte van die duiwe groepe wat die spesifieke dag hanteer word. So 'n sessie sal vir spesklubs die geleentheid bied om te verseker dat beoordelaars op hoogte kan bly van moontlike verwikkelinge van elke spesifieke ras. 'n Moontlikheid is dat die SBK by hierdie derde gedeelte 'n rol kan speel aangesien dit hulle twee ekstra geleenthede per jaar bied ten einde beoordelaars skerp te hou.

Dit is in kort hoe die opeidingsdag daar moet uitsien. Omdat ons hierdie dag tot voordeel van alle lede van die SASV wil aanbied en met groot sukses, sal ek dit hoog op prys stel as lede dalk addisionele idees het. Kontak gerus enige van die vier streekpresidente, want, onthou, ons het hierdie taak ophande geneem vir alle lede en nie net vir ons eie streke se lede nie.

**Die voorlopige siklus lyk soos volg:**

| | |
|---|---|
| Maart 2000: | Bethelhem |
| Oktober 2000: | Bloemfontein |
| Maart 2001 | Klerksdorp |
| Oktober 2001 | Welkom |

Laastens doen ek weer eens 'n beroep op almal om hierdie dae te ondersteun en by te woon want almal van ons kla ons kry nie tydens 'n SA's genoeg tyd om duiwe te gesels of duiwe te kuier nie. Hier is nou ons kans om drie keer 'n jaar (SA's ingesluit) te doen wat ons graag wil doen tot voordeel van ons duiwe en ons eie ontwikkeling. Chris van den Berg. **Vrystaat - 20 punte**




Diederick Reinecke het van Bloemfontein na Kroonstad verhuis. Sy nuwe adres is Privaatsak X09, Kroonstad 9500

# Vrystaatnuus

**Net toe ek gedink het die Vrystaatbestuur het in 'n somerslaap ingegaan toe belê ons president Chris van den Berg 'n bestuursvergadering vir Saterdagmiddag 27 November 1999 by hulle aan huis.**

Net om ons 'n bietjie meer positief teenoor die vergadering in te stel het Chris en Petra gereël vir 'n bring-en-braai daarna. Ongelukkig moes van die manne asgevolg van hul gades se ongesteldheid na afloop van die vergadering huistoe gaan en kon nie die aand gesellig met die ander verkeer nie. Alhoewel dit 'n taamlike lang vergadering was het dit hoofsaaklik in breë trekke gegaan oor beginselbesluite rondom die beplanning van die jaar 2000 se aktiwiteite en sal besonderhede later uitgewerk en betyds bekend gemaak word.

Die aktiwiteite waarna ek verwys is onder andere die formaat van die streekskou, die Bloemskou, inskakeling by die Sierduif Opleidingsdag (Red: lees berig in hierdie uitgawe) en ook die beoogde Jeugskou wat landswyd aangebied gaan word maar wat in hierdie stadium tov die afdeling Sierduiwe werklik nog in die lug hang en waaroor ek nie nou veel wil sê nie. Sodra daar meer duidelikheid oor hierdie baie omvattende aangeleentheid beskikbaar kom, sal die inligting deur die regter kanale bekend gemaak word. (Red: Lees ook Pieter CIlliers se skrywe in hierdie uitgawe)

Vrystaatbestuur het ook besluit om Noord-Vrystaat se hulp aan die Blindeskool te ondersteun aangesien gestremde kinders en die jeug na aan almal se harte lê.

Dit het my laat dink dat daar sekerlik ook heelwat van ons junior lede is wat in 2000 die grootmens wêreld gaan betree en dan dink ons veral aan hulle wat in hierdie moeilike ekonomiese omstandighede 'n betrekking moet vind en 'n loopbaan moet begin. Vir hulle wil ek sê stel hulle bakens wyer as die oomblik van die dag. Plant julle bakens in die toekoms. Bakens van geloof, geloof in jul Skepper en geloof in julself. Julle leef in 'n vinnig veranderde omgewing en wêreld. 'n Wêreld wat deur moderne en soms skrikwekkende tegnologie oorheers word en waarin die aanslae teen tradisionele lewensbeskouinge en samelewingsgebruike en die bedreiding van vreemde strominge en ideologieë al feller en dringender word. Bestaande samelewingstrukture dreig om te verkrummel, volksbande dreig om te vervaag en oorge-erfde waardes word in twyfel getrek. Nuwe en groter uitdagings gaan aan julle gestel word wat aanpassings sal verg, maar moet nooit toelaat dat hierdie aanpassings ten opsigte van sedelike en godsdienstige waardes sal wees nie. Ontwikkel 'n gevoel van innerlike krag en waardes en tree altyd beheerst op. Julle ouers sal ook altyd by julle staan en moenie huiwer om uit hulle ryke bron van ervaring te put nie.

Ek gee graag vir julle die volgende gedagtes van Dr J Waterink aangepas uit sy ***"Brieven aan jonge mensen"*** en daarmee wens ons julle alle voorspoed en sukses toe vir die toekoms.

*"Op jou pad sal jy ook by heuweltoppe kom. Ek weet nie wat jy daar sal vind en hoe die uitsig daarvandaan sal wees nie. Miskien staan jy daar as 'n gelukkige mens, miskien vind jy dit heeltemal anders maar wandel slegs in vertroue want na elke hoogte kom die diepte. Ek weet dit is moeilik om onvoorwaardelik te vertrou, maar ons het mos afgespreek dat jy aan die hand van Jesus sal wandel, want Jesus het nooit gedaf nie my kind. Hy het gewandel. Deur die strate van Jerusalem, aan die oewer van die meer en op die golwe van die stormsee het Hy gewandel. Nou moet jy ook biddend probeer om rustig saam met Hom te wandel.*

*Die heuweltop wat in die verte verskyn bring 'n nuwe vergesig. Jy sal wel later verstaan waarom die dal diep was en die vallei breed maar ook in die dal bloei daar blomme. As jy op pad is na die top, moet jy klim en om te klim is vermoeiend maar onthou Jesus wandel saam met jou. Ek weet nie wat daar op die top vir jou wag nie, maar ek weet dat Jesus saam met jou daar sal aankom."*

Dr JC Nel.


**Vrystaat verdien 25 punte.**

**Gedagte vir die maand**

"Dit gaan goed met elkeen wat die Here dien... al die dae van jou lewe" **Ps 128:1 & 5**

# *Sierduifopleidingsdag*

## *op 4 Maart 2000*





*Oos-Vrystaat*

*bied die eerste*

## *Sierduifopleidingsdag*

*te Bethelhem op 4 Maart 2000 vanaf 8:00 aan.*

*Etes: R20 per persoon*

*Geen inskrywingsgelde per duif*
*Sluitingsdatum: 26 Februarie 2000*
*Geen vorms.*

*Skakel Annatjie Loubser by 058-3033780 of faks aan Danie Badenhorst by 058653-1387. Gebruik die huidige skouskedule vir klasnommers.*

*Duiwe ter bespreking:*

## *Kuif- en Strikduiwe*

*wat die volgende rasse verteenwoordig:*

*Mookees, Nonne, Helmets, Toys, Sjinese Uile, Afrikaanse Uile, Blondinette, Satinette, Turbits, 'rchangels, Trompetters, Gimpels, Fairy Swallows, Kapusyners, Domestic Show Flights, Komorner Tuimelaars, Raadshere.*

*Besprekingspunte*

a. *Praatjie oor siektes*
b. *Voorbereiding van bogenoemde rasse*
c. *In diepte bespreking oor die rasse deur bekwame beoordelaars*

*Kom geniet 'n gasvrye en leersame dag in die Oos-Vrystaat*

*Van: Danie Badenhorst - President Oos-Vrystaat*

## Seksie-Beoordelaars vir Oos-Vrystaat se streekskou

**Hier uit die Oos-Vrystaat wil ek, Daan Badenhorst, graag aan al ons Sierduiflede 'n baie voorspoedige nuwejaar toewens**

**Hier volg 'n lys van beoordelaars vir ons Streekskou te Bethlehem op 29 April 2000**

| Seksie | Beoordelaar |
|---|---|
| 1 & 2. | C Munnik |
| 3. | L Brits |
| 4 & 5. | K Reyneke |
| 6. | A Roux |
| 5. | J du Bruyn |
| 8. | Ko Crous |
| 9 | Soos deur Spes Klub aangewys |
| 10,11,12 | P Botha |
| 13 | Dr Serfontein |
| 14 | N Conradie |
| 15 | B Wessels |
| 16 | O Botha |
| 17,18,19 | N le Roux |
| 20 & 21 | Dr K Serfontein |
| 22. | A van Aswegen |
| 23. | P Botha |
| 24 | S Gelatis |
| 25 | W Prins |
| 26 & 27 | J de Bruyn |
| 28 | W Prins |
| 29 | H Botes |
| 30 | R Stevens |
| 31 | K Reyneke |
| 32 | L Brits |
| 33. | R Stevens |
| 34. | L Brits |

Hoofbeoordelaar:
C van Reenen

Kom ondersteun ons skou in die Oos-Vrystaat

Ek vertrou almal het 'n veilige rit en ons sien uit om julle hier te ontvang.

D Badenhorst

**Oos-Vrystaat verdien 25 punte**

*Johan Loots van Ficksburg*

# *My ervaringe van die afgelope Jaar*

**Weens omstandighede was ek passief met sierduiwe vir ongeveer vyf jaar. Ek het steeds met modenas geboer maar halfhartig met hulle geteel. Ek het vliegduiwe gehad en aan wedvlugte deelgeneem. Gedurende 1997 het ek besluit om op te hou vlieg weens omstandighede en gesindhede van lede wat baie onaangenaam was.**

Wat ek egter wil sê is dat gesindhede in die SASV baie beter is. Soms is daar wel struwelinge en soos ek dit sien, loop dit baie keer op iets goeds uit.

Hierdie skrywe gaan om vir alle sierduiftelers baie dankie te sê vir duiwe waarmee hulle my gehelp het. Ek het tans 66 rasse en my doelwit is om al die rasse in die land, veral die skaarsrasse, bymekaar te maak. Nuwe lede moet nooit vir my sê hulle kry nie duiwe nie. Ek het baie kilometers die afgelope jaar per motor afgelê om duiwe te bekom en ook baie gespandeer aan die duiwe self. Ek wil liewer nie bereken hoeveel nie. Baie duiwe is aan my geskenk. Beginners moet besef dat dit baie duur is om 'n geskikte duif te teel en in die jongduifhok te kry.

Ek dink die Nuusbrief is te klein om al die sierduiftelers se name te noem wat my met duiwe gehelp het. Ek is ook bang ek laat iemand se naam uit.

Aanvanklik het ek besluit om nie gedurende 1999 te skou nie. Gelukkig is ek omgepraat en het skoue in Welkom, Bethlehem, Klerksdorp, Bloemfontein en die SA's bygewoon. Duiwedae van die Blaasduifklub, SA Skouposduifklub en die Modenaklub het ek met groot vrug bygewoon.

Al die skoue en duiwedae was baie goed gereël en wil ek almal wat dit gereël het bedank vir die reuse taak en ook die ewe reuse sukses.

Gewoonlik vra ek by die aankoop van duiwe toestemming van die teler om die spesifieke duiwe te skou. Gedurende die jaar het ek baie goed gevaar op die skoue met duiwe van At Nigrini, Chris Blaauw, Gerhard van Beeck, Bert Loubser en Fourie Cronje. Baie dankie aan hierdie telers vir puik duiwe.

Rasse wat ek graag nog sal wil bekom is: Stargard Shaker, Swiss Mondain, Satinette, Blondinette, Hamburg Schimmels, Ancient

Tuimelaars, Langgesig Tuimelaars, Antwerps, Afrikaanse Uile, Skild Uiltjies en Kaalbeen Ysduiwe.
Ek sal bly wees as lede my sal skakel as hulle van bogenoemde rasse beskikbaar het. My telefoonnr bedags is 051-9333420 en saans 051-9333813. Die selfoon is gewoonlik by Lucille (my kamermaat) en is 083 456 0765.

Lede moet nie oor my bekommerd raak nie want my bestuurder van die plaas en hokke is Piet Libata wat al omtrent 18 jaar lank my duiwe versorg.
My doelwit is om elke ras in sy eie hok aan te hou. Piet ken die duiwe medisyne redelik goed en kan nogal 'n goeie diagnose maak en die duiwe behandel. Aanvanklik was dit chaos in die hokke agv siektes wat ek vir myself aangedra het van die verskillende hokke. Ek gee die duiwe self kos en behandel siek duiwe onmiddellik as ek hulle waarneem. Die kosgee-storie neem my omtrent een uur indien alles goed gaan. Ou Piet het ook 'n assistent om die duiwebakke skoon te maak en elke dag skoon water te gee.
Ten slotte wil ek graag vir beginners sê (waaroor telkemale geskrywe word) bestudeer eers die standaard van 'n ras en besoek telers wat lank met die ras teel alvorens u duiwe aankoop. Gebruik 'n erkende program om u duiwe gesond te hou. Daar is baie sulke programme beskikbaar of skakel my en ek sal u raad gee.
Baie dankie nogmaals aan al die duiweboere waarmee ek die afgelope jaar groot vriende kon raak. Ook aan Wynand Wessels, Theuns Steyn, At Nigrini vir julle hulp en bystand om duiwe te bekom. Dankie aan Wynand, Chris Blaauw en Jan Lombard vir waardevolle boeke en afskrifte van inligting oor die baie rasse en kleurteling.
Johann Loots.

**Red: Vir die inligting van die Modenaklub wat maandeliks lede wat verjaar geluk wens kan ons meld dat Johan laat weet het dat hy 24 Desemeber verjaar en nie 21 November nie. Teken tog so aan. Oos-Vrystaat verdien 20 punte**

*Trophies to buy*

## *Eastern Province Decided to sell them*

The Eastern Province Region have decided to sell some of the trophies that we will not use again.
There is onewith the name "D Reinecke" on it for two years. Therefore he has the first say. If he does not want it, he must please be so kind and inform us at his earliest convenience.
Transport/postage will however be the responsibility of the purchaser.
The list is as follows:

| Name | For | Height mm | Amount |
|---|---|---|---|
| SASV Trophy | Best Y Nun | 200 | R30 |
| SASV Trophy | Best Nun | 370 | R80 |
| M v/d Merwe | Best Jacobin (Handle broken) | 250 | R20 |
| PCS Profession | Birmingham Roller | 305 | R60 |
| Gouws Bros | Best L/F Tumbler | 270 | R50 |
| PE Agricultural | Floating (Handle Broken) | 300 | R30 |
| S Gerson | Floating Wattle | 175 | R20 |
| Lama | Best Y Magpie Hen | 270 | R50 |
| EPFPA | Best Frillback | 210 | R30 |
| GJ Joubert | Best Magpie YC | 240 | R35 |
| Micheals Pharmacy | Beste Sponsduif (Broken) | 270 | R20 |
| Tom Fowls | Best O/S Junior | D Reineke | R45 |
| J Markus | Parlor Roller | 210 | R20 |
| SASV Trophy | Best Blower ACC | 250 | R35 |
| GJ Joubert | Best Blue Fantail | 280 | R35 |
| JW v Vuuren | Best Y Rare Breed | 200 | R30 |
| G Dolly | Best Muffed Tumbler | 250 | R50 |
| Suncool | Best Y Gazzi Modena | 310 | R100 |
| Vesta Precast | B Gazzi Modena | 340 | R100 |
| Williams Hunt | Best Gazzi Modena | 470 | R200 |
| Bulsara Outfitters | Best Modena | 260 | R250 |
| Oliyier Treads | Best Schietti Modena | 480 | R200 |
| | 3 Blank Trophy's | | R15 each |

## *Nog nuus uit die Westelike Provinsie*

# *Jaarvergadering lewer niks nuuts nie deur NAK Smit*

Op Saterdag 20 November 1999 het ons die Algemene Jaarvergadering van die WP gehad. Die onderstaande lede is tot die bestuur verkies:

| | |
|---|---|
| Pesident: | NAK Smit |
| Visepresident | DC Taljaard |
| Streekverteenwoordiger | DC Jaljaard |
| Sekr/Tes. | JH de Jager |
| Skou-sekretaris | At Nigrini |
| Trofeemeester | DST Bland |
| Beoordelaarsbeampte | CG Wrensch |
| Reklamebeampte | NAK Smit |

Ons nominasies vir die U.K. is soos volg:

| | |
|---|---|
| Sekretaris: | Theus Steyn |
| Redakteur: | Kobus Snyman |

Daar is besluit om ons klubhuis meer op 'n gereelde grondslag te gebruik deur op vaste datums duiwebesprekings te hou en dit af te sluit met bring-en-braai. Verdere verbeterings word ook by die klubhuis beoog.

Voortaan gaan daar ook van 'n nuwe tipe hokkaart gebruik gemaak word waarop die vertoner se naam gaan verskyn.

Daar is ook aandag gegee aan die skouprogram en inskrywingsvorm van die kampioenskapskou .

Aandag gaan ook gegee word aan gevalle wat uit die WP kwalifiseer vir die Hall of Fame en nasionale kleure en nominasies en ook die registrasie van juniors.

Daar is ook besluit dat ons voortaan ons kampioenskapskou vergaderings op 'n Saterdagaand om 18:00 gaan hou en afsluit met 'n bring-en-braai om ook die dames te betrek.

## Jaareindfunksie

Om almal te betrek hou ons elke jaar ons jaareindfunksie op 'n ander plek sodat dit darem almal op 'n stadium bevoordeel wat die afstand betref.

Verlede jaar was Bertie du Toit ons Jaareind-organiseerder en is die funksie op 4 Desember te Cattle Baron Restaurant in die Paarl aangebied.

Ek en Karen en die kinders is reeds vroeg na die Paarl en soos gewoonlik weer byna eerste. Net oom James en tannie Orchard het ons voorgespring

Die getal het vinnig aagegroei en die eindtotaal was 36. Dit was lekker om Eleonore de Jager en tannie Bester in ons midde te kon hê.

Van die Boland was die Steyns sterk verteenwoordig maar Ken kon weens besoekers nie die geleentheid bywoon nie.

Van Franchhoek was Edu, Susan, Dawid, sy suster en nog vriende teenwoordig.

Van die Skiereiland en omgewing was dit Pierre en Antoinette, Colin, Bill en Jean, At en Diane, Hannes en Eleonore en tannie Bester, asook oom James en sy eggenote.

Van die Paarl was dit Bertie en Salome en die kinders, asook oom Gawie, sy eggenote en dogter.

Van Somerset-Wes was dit Dirk Taljaard en Heather en hierdie keer kon hy nie weer wegbreek soos op Porterville nie.

Die Klub het sjampanje en wyn geskenk en ek en Dirk het ook wyn geskenk.

Daar is lekker gesels en gekuier en die kos was van die beste.

Ek het slegs 'n kort toespraak geskryf en dit gesirkuleer want die restaurant was volgepak en ek sou nie myself hoorbaar kon maak nie, ook was ek nog besig om van griep te herstel.

So om en by 23:00 het ons na Bertie en Salome se huis vertrek en 'n heerlike koppie koffie geniet. Na nog 'n gekuier en gesels, het almal gegroet en is ons uitmekaar. So het 'n mooi jaar vir ons ten einde geloop.

Hierdie jaar is dit At Nigrini se beurt om die jaareindfunksie te organiseer.

Nak Smit.

**WP verdien met hierdie ge-eet en gesels 'n hele 65 punte**

Every contribution in cash or kind helps to ensure the recognition of our history and the future of our hoppy. Please play your part in the development of the home of the SAFPA

## BOUFONDS / BUILDING FUND

### BYDRAES REEDS ONTVANG
### CONTRIBUTIONS ALREADY RECEIVED:

***Reeds erken / Already acknowledged:***

| | |
|---|---|
| S.A.S.V. | R 10 000 |
| **Streke:** | |
| Noord-Vrystaatstreek (Ere-rolbord) | R 5 000 |
| WP Streek (Ere-rol) | R 1 000 |
| Oostelike Provinsie (Ere-rol Bord) | R 1 000 |
| Transvaal (Ere-rol Bord) | R 1 000 |
| 'es-Transvaal (Ere-rolbord) | R 1 000 |
| Griekwaland-Wes (Ere-Rolbord) | R 1 000 |
| Bolandstreek (Ere-Rolbord) | R 1 000 |
| Oos-Transvaal (Ere-rolbord) | R 1 000 |
| Namibia (Ere-rol Bord) | R 1 000 |
| Natal (Ere-rolbord) | R 1 000 |
| Oos-Vrystaat Streek (ere-rol) | R 1 000 |
| SWD (Ere-rol) | R 1 000 |
| Noord-Tvl (ere rol 1ste paaiement) | R 500 |
| **Deur Streke, uitgesluit Vrystaat** | **R11 500** |
| **Spesialiteitsklubs** | |
| Swaarrasklub (Ere-rolbord) | R 1 000 |
| Modenaklub van SA (Ere-Rolbord) | R 1 000 |
| Skaarsrasklub (Ere-roll) | R 1000 |
| Waaierstertklub | R 61 |
| Birmingham Roller klub (Ere-rol) | R 1 000 |
| **Bodemtuimelaarsklub (1ste paaiement)** | **R 500** |
| **Deur Spesklubs** | **R 4 561** |
| **Deur Vrystaat en sy lede:** | |
| Sentrale Landbou Genootskap | R12 500 |
| Vrystaatstreek (Ere-rolbord) | R 7 000 |
| C & P v/d Berg (Vrystaat) | R 3 360 |
| Optic-veiling | R 2 600 |
| Charles & Lida Maree (Vrystaat) | R 2 494 |
| Kobus & Bertha Snyman (Vrystaat) | R 2 236 |
| Dr JC & Sarah Nel (Vrystaat) | R 1 100 |
| Bloemfontein Posduiffederasie | R 1 000 |
| aan en Julie Britz (VS) (Matte) | R 883 |
| Chris & Elsa v/d Walt, Vrystaat | R 220 |
| Petrus & Monica Spider Jeje (Vrystaat) | R 200 |
| Oom Swannie van Vrystaat | R 200 |
| Hannes en Miets Hugo, Vrystaat | R 180 |
| Bernard Egersdörfer, Vrystaat | R 117 |
| Staffordshire Hondeklub Bfn | R 100 |
| Christo & Marietjie Britz, Vrystaat | R 100 |
| Gert Boshof & Familie, Vrystaat | R 94 |
| Andre van Tonder, Vrystaat | R 90 |
| Mias v/d Westhuizen, Vrystaat | R 90 |
| Japie Johnston (Messelaar) | R 70 |
| **Deur Vrystaat en sy lede** | **R 34 634** |
| **Lede uit ander streke:** | |
| Guilaume van Schalkwyk (Namibia) | R 1 200 |
| Johnny Rosin (Wes-Transvaal) | R 1 100 |
| Gert Bierman (Hall of Fame" Member) | R 1 110 |
| Rouxtjie Roux, Noord-Vrystaat | R 1 009 |
| Ben Ricketts (Hall of Fame Member) | R 1 000 |
| Karel Reyneke (Wes-Transvaal) | R 1 000 |
| Martie & wyle Willie Theunissen (Tvl) | R 750 |
| Warren Klopper (Hall of Fame Member) | R 600 |
| Jan Lategan, Noord-Vrystaat | R 500 |
| Pikket Coetzee (Namibia) | R 500 |
| Stewart Patterson, Transvaal | R 330 |
| Hennie & Sonja Coetzee (Noord-Vrystaat) | R 250 |
| Cyril Jasper (Transvaal) | R 250 |
| Dries & Bettie Heydenrych (O-Tvl) | R 240 |
| Oom Dawid Sadie (N.Tvl) | R 205 |
| JW Stander (Griekwaland-wes) | R 200 |
| Spiro Galatis (Kroonstad) | R 200 |
| Charles Marais (Transvaal) | R 200 |
| Willie van Zyl (Noord Tvl) | R 200 |
| Corrie van Reenen (Natal) | R 196 |
| Diddi Esterhuizen (Griekwas) | R 150 |
| Princes Pride (O.P.) | R 150 |
| Attie van Greunen (SWD) | R 150 |
| Donald Bland (Westelike Provinsie) | R 140 |
| JAS van Niekerk (W.P.) | R 135 |
| Chris Blaauw (Boland) | R 118 |
| At & Diane Nigrini (W.P.) | R 102 |
| Pieter & Jubly Els, Port Elizabeth (OP) | R 100 |
| DJC van Niekerk | R 100 |
| Colin Wrench (W.P) | R 100 |
| James Roodt (Transvaal) | R 100 |
| Willie Robertse, Westelike Provinsie | R 100 |
| Julian Fincham.(Wes-Transvaal) | R 100 |
| Willie Mew (W.P.) | R 100 |
| Lou Brits en Gesin (N-Transvaal) | R 100 |
| Gert & Thelma Watkins ( N-Vrystaat) | R 100 |
| D Hatting (Oostelike Provinsie) | R 100 |
| Johan Coetzee (Noord-Transvaal) | R 100 |
| Barnard Steyn (Boland) | R 100 |
| T du Plessis (Griekwalandwes) | R 82 |
| Louis Kruth (SWD) | R 77 |
| Gasebo Lofts (Pieter Neetling (SWD) | R 53 |
| Gustav Roux (N-Vrystaat) | R 53 |
| E le Roux (W.P.) | R 50 |
| J Serfontein (Transvaal) | R 50 |
| Jan Lombard (Kroonstad) | R 50 |
| Hendrik Loots (Transvaal) | R 50 |
| Neels le Roux (Noord-Vrystaat) | R 50 |
| SAI Dry (Kroonstad) | R 50 |
| Sarie Sowden, (Namibia) | R 50 |
| P Benadie (Griekwalandwes) | R 40 |
| Chrisberkus Boerdery (N-Vrystaat) | R 30 |
| Blackie Swarts & familie (Namibia) | R 20 |
| NAK Smit (Westelike Provinsie) | R 16 |
| EC le Roux (Boland) | R 10 |
| Simon Jordaan (Oos-Transvaal) | R 20 |
| JN v/d Westhuizen (Noord-Vrystaat) | R 15 |
| Bertie & Annatjie Loubser (Kroonstad) | R 32 |
| Dawie Fouche (Wes-Transvaal) | R 27 |
| GN Esterhuizen (Griekwas) | R 29 |
| Hennie Pelser (Noord-Vrystaat) | R 17 |
| Atttie van Aswegen (Kroonstad) | R 20 |
| CJ Louwrens (Oos-Transvaal) | R 35 |
| Hein Hoffman (Wes-Transvaal) | R 25 |
| A & J Vivier (SDW) | R 34 |
| Kotie Visser (Griekwalandwes | R 38 |
| CR du Bruin (Noord-Tvl) | R 25 |

| | | |
|---|---|---|
| H Pelser (Noord-Vrystaat) .................. | R | 7 |
| P Jooste .............................................. | R | 2 |
| Hankebot Boerdery (N-Vrystaat) ........... | R | 3 |
| D Visser (Griekwalandwes).................. | R | 33 |
| J Barnard ............................................ | R | 9 |
| S Badenhorst ........................................ | R | 25 |
| S Oosthuizen ........................................ | R | 7 |
| S van Aswegen ...................................... | R | 10 |
| H de Jager ............................................. | R | 4 |
| Dups Boerdery ....................................... | R | 20 |
| J Botha ................................................. | R | 6 |
| S Williams (W-Tvl)................................. | R | 22 |
| P Botha ................................................. | R | 7 |
| C Moller (Griekwalandwes)...................... | R | 8 |
| P van Wyk .............................................. | R | 12 |
| T Kilroe (Oostelike Provinsie).................. | R | 15 |
| H Bosman (Noord-Transvaal).................... | R | 5 |
| C & J Botts Transvaal)............................ | R | 9 |
| G van Beek (Oos-Vrystaat)....................... | R | 28 |
| **Deur Lede buite die Vrystaat** ...................... | **R14 465** | |

| | | |
|---|---|---|
| **TOTAAL** | **R 75 160** | |
| Oostelike provinsie | R | 100 |

Bydraes kan aangestuur word aan Petra van den Berg, Tesourier van die Vrystaat of inbetaal word by rekening SASV, Vrystaatstreek (Boufonds) Nr. 470-601-175, Volkskas, Maitlandtak, Bloemfontein.
Stuur asseblief net 'n afskrif van die strokie of faks aan 051-5228701, sodat ons darem kan weet vanwaar die inbetaling kom en om dankie te sê.

## Belangrike kennisgewing van ons Ringmeester:

Telefoon/Faks
051-522 6141
Posadres
Posbus 11589, Universitas 9321

Bankbesonderhede vir direkte inbetaling van gelde

SASV
Standardbank, Belville
Takkode 03121040
ITB 0410
Rekeningno 272 692 794

Ringbestellings moet die korrekte hoeveelheid posgeld en ringgelde insluit anders **sal u bestelling nie uitgevoer word nie.**


# GP SPORT

Kontakpersoon:
**Gert van Rensburg Tel 058-3032794**

Vervaardigers van gehalte medaljes, trofees en ander aandenkings volgens bestelling en ontwerp. Ons doen ook drukwerk op linte, pette, ens.




Tevrede kliënte:
Oos-Vrystaatstreek,
Natalstreek,
Oostelike Provinsiestreek
en die
Nasionale Modenaklub.




Gewerf deur Jan Lombard, Oos-Vrystaat Jan/Febr - Maart/April 2000

# Spesialiteitsklubs
# Specialist Clubs

**S.A. Botternek Tuimelaarsklub (30-06-2000)**

**President**: Willie van Zyl, Kwintstraat 400, Pretoria Tuine 0082. Tel 012-379-3300.

**Sekretaris**: Jenny Botts, 35 Blouberg Road, Finbury, Randfontein. Tel 082-854-4675

**S.A. Sponsduifklub (30-6-2000)**

**President**: Johan de Bruyn, Posbus 15119, Riverfield 1564. Tel 011-8115545

**Sekretaris**: Hansie Botes, Posbus 181, Bothaville 9660. Tel. 056-5151135 of 083 630 7950

**S.A. Sjinese Uilklub (30-06-2000)**

**President**: Willie van Zyl, Kwintstraat 400, Pretoria Tuine 0082; Tel 012-379-3300

**Sekretaresse**: Mev Hendriena Swanepoel, Conradstr 18, Kimberley 8301. Tel 053-833-5024

**S.A. Mookeeklub (30-6-2000)**

**President**: Danie Badenhorst, Posbus 290, Kestell 9860. Tel. 058652-11722

**Sekretaris**: Ruben Kitching, Cambellweg 28, Valhalla 0185 Tel: 012-6544816

**Tumbler Club of S A (30-06-2000)**

**President**: GG Wrensch, 57 Fairfield Road Parow 7500. Tel 021-927-630

**Secretary**: Stewart Patterson, P.O. Box 69184, Bryanston 2021. Phone 011-704-2490

**S.A. Birmingham Rollervertonersklub (30-6-2000)**

**President**: Christo van den Berg, Ryno Kriellaan 85, Universitas 9322. Tel. 0515228701

**Sekretaris**: Mnr C Botts, Posbus 2205, Kocksvlei 1764. Tel 082 854 4675

**Nonklub (30-6-2000)**

**President**: Chris van den Berg, Posbus 11589, Universitas 9321. Tel. 0 051-5228701

**Sekretaris**: Me. Petra van den Berg, Posbus 11589, Universitas 9321. Tel. 051-5228701.

**S.A. Bodemtuimelaarsklub (30-06-2000)**

**President**: Hansie Botes, Posbus 181, Bothaville. Tel 056-515 1135 of 083 630 7950

**Sekretaris**: Cora Munniik, Posbus 1775, Virginia 9430. Tel. 057-2126221

**S.A. Fantail Club (30-6-2000)**

**President**: Otto Holm, Posbus 1871, Sasolburg 9570. Tel 016-9767001

**Secretary**: Peet Botha, Posbus 6519, Secunda 2302. Tel 017-6311423

**S.A. Homerklub (30-06-2000)**

**President**: Johan de Bruyn, Posbus 15119, Riverfield 1564. Tel 011-8115545

**Sekretaris**: Lotie Geyer, Orchidstraat 17, Riebeeckstad. Tel.: 057-3883206.

**S.A. Kartelrugklub (30-06-2000)**

**President**: Julian Fincham, P.K. Kameel 8603. Tel. 053982-2022

**Sekretaris**: JN van der Walt, Posbus 125, Migdol. 2775 Tel. 053982- vra 2022

**Die Norwich Kropperklub (30-06-2000)**

**President**: Dr Koot Serfontein, Posbus 2681 Honeydew. Tel. 011-6750108

**Sekretaris**: Me Elsabe van der Walt, Stantonstraat 1, Fichardtpark, Bfn. 9301. Tel. 051-5223074

**Amerikaanse Show Racer Klub (30-6-2000)**

**President**: Basie de Lange, Posbus 960, Posbus 66257, Riebeeckstad 9469. Tel 057-3882990

**Sekretaris**: At Nigrini, Posbus 960, Durbanville, 7550. Tel 021-975-4523

**Jacobynklub (30-06-2000)**

**President**: Okker Botha, Posbus 117, Bothaville 9660. Tel 056-5151274

**Sekretaris**: Julian Fincham, P.K. Kameel 8603. Tel 053982, vra 2022

**The SA Blower Club (30-06-2000)**

**President**: Dr Koot Serfontein, Posbus 2681, Honeydew 2040. Tel 011-675-0108

**Sekretaris**: Chris van der Walt, Stantonstraat 1, Fichardtpark, Bloemfontein 9301. Tel: 051-5223074

**SA Nasionale Modena Klub (30-06-2000)**

**President**: Dr Koot Serfontein, Posbus 2681, Honeydwe 2040. Tel 011-6750108

**Sekretaris**: Christo Britz, Colignyweg 8, Parkwes, Bloemfontein 9301. Tel 083 6266003

**Die volgende klubs het nog nievir die komende jaar betaal nie. Betaal aub anders word dit verwyder**

**SA Skaarsrasklub (30-6-99)**

[redacted]

**Die S.A. Swaarrasklub (30-6-99)**

[redacted]

## Telersregister / Breeders' Register

**Botha, At,** 39 Prospero Straat, Bedelia, Welkom 9459. Tel 057-352-7404 of 082 9265659. Teler van hoë gehalte Kings. (2000-N Vs)

**Botha, Peet en Conrad**, Posbus 6519, Secunda 2302. Tel 017-6311-423 Teel met Waaiersterte, Lahores, Polish Lynx's en Strassers. (2000-Oos-Tvl)

**Britz, Christo & Marietjie**, Colignyweg 8, Parkwes, Bloemfontein 9301. Tel 0836266003. Teler van blou en brons driekleur Modenas, Hollandse Hoodvlieërs en Engelse Baldheads. (99-VS)

**Cone, CC.,** 18 Ulster Ave, Bluff 4052. Tel 031-4664122.Breeding with Archangels, Birmingham Roller, Fantails and Indian Fantails. Will have available year round. (Ntl -2000)

**Dombrowsky, PWD.,** Posbus 11293, Queenswood, Pretoria 0121. Tel 012-3333885. Teler van Memelse Hoogvlieërs, Ou Duitse Meeuws, Berlynse Kortgesig Tuimelaars en Weens Hoogvlieërs. (2000-NTvl)

**Hankebot Boerdery (Hansie &O Kittie Botes),** Posbus 181, Bothaville 9660. Tel. 056-5151135 of 083 6307950. Teel met Carriers in alle kleure, Duitse Barbs in Wit, Bodemtuimelaars in selfkleur en Bont en Amerikaanse Skouposduiwe in blou grizzle en Indigo. (99-N-VS)

**Gasebo Lofts,** Randstraat 91, Oudtshoorn 6620. Tel 044-2727870. Engelse Kortgesigte, Hollandse Kroppers,AmerikaanseReuse Homers, Engelse Skow Homers en Birmingham Rollers. (SWD - 99)

**Jankowitz, J.D.C.**, Posbus 31886, Windhoek, Namibia. Tel.: 0926461-243221(H) Faks 0926461 253360 of E-mail: jankowitz@namibnet.com Teler van Kings en wit Gros Mondains. (Namibia - 99)

**Jordaan, Simon,** Posbus 2070, Witrivier 1240 Tel: 013-751-2403. Teel met Archangels, Arabiese Lagduiwe en Birmingham Rollers. (99-O-Tvl)

**Koekemoer, Plip.**, Bornmanstraat 31, Kroonstad 9500. Tel 056-2152924. Teel met Birmingham Rollers in verskillende kleure. (2000-N-VS)

**Lombard, Jan**, Posbus 1557, Bethlehem 9700. Tel 058-3034061. Teler van Modenas in Indigo, Reduced en Lavender, asook Komorner Tuimelaars. e-pos: janmodena@bhm.dorea.co.za Verwelkom korrespondensie oor kleurgenetika. (Oos-VS - 2000)

**Maree, Charles,** Posbus 147, Thaba Nchu 9780. Tel. 051-8752717. Teler van Voorburg Skild Kroppers, Engelse Kortgesigte en Sjinese Uile in rooi en geel. (2000 - Vrystaat)

**Oosthuizen, Quentin & Bronwem,** 181 Prospect Roadm Walmer, Port Elizabeth 6070. Tel 041-379 4685. Breeders of Quality Blowers, White Brunner Pouters; White & Blue Grizzle Holle Croppers, also Birmingham Rollers (Baldheads). All imported Bloodlines (E.P. - 99)

**Orchard, L.,** 57 Marmanet, Posbus 1549, Kempton Park 1620. Tel 011-9769157. Teler van Blondinette en Satinette. (2000 - Tvl)

**Prince's Pride,** P.O. Box 455, Port Elizabeth 6000.Tel 041-3652887. Teler van Skaarsrasse, Birmingham Rollers en Bodentuimelaars (99-E.P.)

**Patterson, S.A.,** P.O. Box 69184, Bryanston 2021. Tel 011-704-2490. Breeder of Longfaced Cleanlegged and muffed Tumblers, English Turbits, African Owls, English Trumpetters and Helmets (2000-Tvl)

**Pelser, D.J.R.,** Posbus 52, Riebeeck Wes 7306, Tel 022-4612241. Ek teel met Carriers en German Beauty Homers. Skakel gerus voor 14:00. (99 - Boland)

**Plakkerskamp Boerdery** (Chris en Elsabe van der Walt), Stantonstraat 1, Fichardtpark, Bloemfontein 9301. Tel 051-5223074. Teler van top Blaasduiwe en Skaarsrasse. Ons teel ook Bodemtuimelaars en Kartelrugge. Besoekers en navrae altyd welkom. (2000-VS)

**Serfontein, Dr JH.**, Posbus 2681, Honeydew 2040. Tel 011-675-0108. Teel met Modenas, Norwich Kroppers, Pigmy Pouters en Brunners. (2000 - Tvl)

**Smit, NAK**, Patrysstraat 36, Stellenbosch, 7600. Tel 021-8872003. Teler van Carneaux, Giants, Gros Mondains en American Show Racers. (2000-W.P.)

**Stevens, Rodney**, P.O. Box 34159, Faunasig, Bloemfontein 9325. Tel 051-4210338. (082 376 3126) Breeder of Black Brunners, Berlyn Short faced tumblers, All colours in Racing Pigeons, Magnums, Modenas (USA blood Lines) Gazzi & Schietti Black, Dun, Red, Yellow, Red/Chq, Lavender and other colours. (FS - 2000)

**Van Beek, Gerard**, Posbus 300, Reitz 9810. Tel 058-863-3360. Modenas in Rooi en Geel Self en Magnani (Slegs suiwer VSA bloedlyne) (2000-Oos-Vrystaat)

**Van Schalkwyk, GB.**, Posbus 963, Gobabis. Tel 062-563985. Teel Engelse Kortgesig Tuimelaars, Birmingham Rollers, Sjinese Uile, Norwich Kroppers, Kapusyners, Pigmy Pouters, Modenas, Strassers, Nonne en Arabiese Lagduiwe. Soek Voorburgse Skild Kroppers, Engelse Langgesig Kaalbeen Tuimelaars en Kings (2000 - Nam)

**Weatherall, Dianne,** P.O. Box 34159, Faunasig, Bloemfontein 9325. Tel 051-4210338. (082 376 3126) Breeder of English Short Faced Tumblers, Gros Mondains in Black, Yellow, Red, Dun, (Self) Blue, Silver, Mealy, Cream Barred, Blue Chq, Splash, Blue/Mealy Grizzle, plus other colours; Modenas (USA Blood Lines) in Gazzi and Schietti in Plain Bronze, Blue, Bronze Tri and other colours. FS - 2000)

# Die Sierduif

*Vir die Liefde en Versorging van Sierduiwe*

# The Fancy Pigeon

*For the Love and Care of Fancy Pigeons*




**Chris en Antoinette de Beer - Streekpresident: Noord-Vrystaat**

Chris is gedurende Augustus 1999 tot streekpresident van Noord-Vrysaat verkies Hy volg in die spore van wyle oom Joep Engelbrecht, Peet van Zyl en Manie Fourie en tans nog in lewe Rouxtjie Roux en Wynand Wessels. Lees op die binne voorblad meer oor Chris.


*Maart/April 2000*

**Official Organ of the South African Fancy Pigeon Association**
**Amptelike Mondstuk van die Suid-Afrikaanse Sierduifvereniging**

2000

## Voorblad

Chris het gedurende 1990 met sierduiwe begin teel. Sy eerste duiwe was Waaiersterte en SA Troetelduiwe. Vandag beskik hy oor Engelse Trompetters, Bokharas en Birmingham Rollers.

Sy duiwe is meestel afkomstig van Luther Els, Pierre le Roux en Christo en Cora Munnik. Van die Engelse Trompetters is deur wyle Steve Coetzer aan hom bemaak.

Chris meld dat dit in die begin jare maar moeilik gegaan het, maar sedert hy in 1998 met Antoinette getroud is, is sy die een wat hom voortdurend aangemoedig om met duiwe aan te gaan. Sy boer net so hard met duiwe soos hy.

Chris is reeds vir 20 jaar Veemakelaar en werk die afgelope 13 jaar vir homself. Sy werk vat hom wyd deur die Vrystaat waar hy koper en verkoper van beeste, skape en bokke bymekaar bring en dan die transaksie sluit.

Chris en Antoinette het 7 kinders waarvan 2 nog op skool is. Hulle woon in Hennenman en met 'n onlangse besoek aan hulle, het ons ware gasvryheid en vriendelikheid ondervind. Hulle is beide diep gelowige mense.

# *DIE S A SIERDUIFVERENIGING*
# *THE S A FANCY PIGEON ASSOCIATION*

### Ere-Presidente / Honorary Presidents

Mnr WLT Klopper, Posbus 143, Schweizer-Reneke Tel 05396-31547
Ds RG Lee, Posbus 6, Swartruggens 2835. Tel 04262 vra 8
Mr CA Druce, 48 Lange Street, Uitenhage 6230. Tel 041- 9922684
Mr SA Patterson, P.O. Box 69184, Bryanston 2021. Tel 011-7042490

## UITVOERENDE KOMITEE EXECUTIVE COMMITTEE

**President:**
Mnr WJ (Wynand) Wessels, Posbus 346, Bothaville 9660. Tel: 056-5152769
**Vice/Vise-President:**
Mnr CJ (Corrie) van Reenen, Posbus 89, Harrismith 9880. Tel 058-6231041
**Sekretaris/Secretary:**
Mnr TL (Theuns) Steyn, Posbus 188, Worcester 6850. Tel 023-3424974
**Treasurer/Tesourier:**
Mnr PM (Pierre) le Roux, Diazstraat 31, Kaapzicht 7500. Tel 021-922-572
**Ringmeester/Ring Master:**
Me Petra van den Berg, Posbus 11 589, Universitas 9321 Tel 051-5226141
**Redakteur/Editor:**
Me Bertha Snyman, Posbus 10555, Drusana 9311 Tel 051-4331845
**Beoordelaarsbeampte/Judges' Officer:**
Mnr L (Lou) Brits, Carolweg 104, Silverfields 1739. Tel: 011-9553389

## Streekverteenwoordigers Regional representatives

**Transvaal:** Dr JH Serfontein. Posbus 2681, Honeydew 2040. Tel: 011-675-0108
**Free State:** Mnr CG van den Berg, Posbus 11 589, Universitas 9321. Tel 051-5228701
**Western Province:** Mnr NAK Smit, Patrysstraat 36, Stellenbosch 7600. Tel 021-887 2003
**Noord-Vrystaat:** Mnr Chris de Beer, Posbus 368, Hennenman 9445. Tel057-5732242
**Eastern Transvaal:** Mnr JF Labuschagne, Posbus 14001, Nelspruit 1200. Tel. 013-7411921
**Griekwaland-Wes:** Mnr. CJS Möller, Rhodeslaan 6A, Kimberley 8301. Tel 0531-861-2146
**Eastern Province:** Me. Netta Prince, P.O. Box 455, Port Elizabeth 6000. Tel 041-365 2887
**Oos-Vrystaat:** Mnr AJ Loubser, Efratsingel 11, Bethlehem 9700. Tel 058-3033780
**South Western Districts:** Mnr PPJ Neetling, Randstraat 91, Oudtshoorn. Tel: 0443-227870
**Noordwes:** Mnr JNS du Preez, Posbus 124, Buhrmansdrif 2867. Tel. 0140-814904
**Northern Transvaal:** Mnr CR de Bruin, Privaatsak X 1, Lynn East 0039. Tel. 012-808 0463
**Boland:** Mnr D. Pelser, Huis Maree, Riebeeck-Wes 7306. Tel. 022-461 2241
**Natal:** Mnr HJN Olivier, 19 James Niven Road, Scottsville, Pietermaritzburg 3201. Tel: 0331-454874
**Namibië** Mnr GM Coetzee, Posbus 3099, Windhoek. Tel 061-235410

*Die Sierduif*
*The Fancy Pigeon*

March/April 2000

# Redaksioneel /Editorial

Besonderhede van die kampioenskapskou gaan saam met hierdie uitgawe.

Ja, dit is alweer sulke tyd. Hoe vlieg tyd nie?

Die Westelike Provinsie is min in getal maar hul harte is groot. Min moeite is ontsien om die 2000-kampioenskapskou 'n reuse sukses te maak. Die komitee wat die kampioenskapskou aanbied, verdien elke lid se ondersteuning wat dit enigsins kan bywoon. Buitendien, waar is daar nou 'n lekkerder plek om te skou as juis in die Paarl, met Kaapstad en die see net om die draai.

Die program verskyn op bladsy 21. U sal sien dat die skou die Woensdag begin met 'n sessie vir beoordelaars. Almal is natuurlik welkom want dit is waar u baie kan leer. Op blads30 kan lees watter onderwerpe die oggend gehanteer sal word.

Die inskrywingsvorm van die kampioenskapskou word los in die uitgawe verpak. Voltooi dit betyds voor die sluitingsdatum.

Vanaf hierdie maand is skoue weer volstoom aan die gang en baie van ons gaan baie kilometers reis om die verskillende streekskoue te ondersteun. In die proses sal ons weer ou kennisse sien en vele nuwes maak. Mag hierdie vriendskappe blywend wees.

In die teelhokke het dit die afgelope jaar hier by ons redelik tot swak gegaan. Vele jongduiwe het mooi groot geword tot op die ouderdom van vyf weke, dan word hulle siek en jy kan doen wat jy wil, hulle vrek net eenvoudig. Ons verneem dat baie telers dieselfde probleme ervaar het.

Daar is van ons telers wat beweer dat ons saam met die duiwe uit die VSA ook vreemde siektes ingebring het. Vra die Snymans, hulle het net VSA duiwe in hulle hokke. Nogal eienaardig dat ons die eerste twee-drie jaar na die invoer van duiwe, nie die probleme gehad het nie maar dat hulle nou kop uitsteek is gewis. En dat dit ernstig is, is gewis.

'n Raad wat baie mense gee is dat die duiwe gereeld, 'n eetlepel JIK op 5 lt water toegedien moet word. Ons het dit al voorheen gegee en as ek reg onthou, is daarmee nogal sukses behaal. My vliegduiwe het ek tot 2 eetlepels Jik op 5 lt water gegee.

Gedurende die naweek van 5 Februarie het ons die voorreg gehad om die Vrydag en Saterdag by Chris en Antoinette de Beer van Hennenman te kuier saam met 'n hele klompie ander duiwevriende. Ek ken Chris al baie jare slegs van sien op skoue. In die twee dae het ons mekaar beter leer ken en ek reken hier is 'n man, wat as hy eers jou vriend geword het, 'n vriend duisend is. Met Antoinette aan sy sy het jy 'n kombinasie wat uiters moeilik geklop word. Dankie julle twee vir 'n heerlike kuier. Ek wil graag byvoeg dat ek nie geweet het dat Hennenman oor 'n mooi woonuitbreiding beskik nie. Ons het nog altyd net deur Hennenman gery en nog nooit werklik die moeite gedoen om vanaf die hoofpad af te draai nie. Ek verstaan nou beter waarom so baie mense besluit om hul pensioendae in Hennenman te sluit.

Mag elkeen van ons telers 'n baie aangename skouseisoen belewe. En die van ons wat nie kan wen nie, ons probeer later weer. Laat ons nie ons mislukkings op die skouers van beoordelaars plaas nie

Verkrygbaar vanaf
Obtainable from
Me Bertha Snyman
Posbus / P.O. Box 10555,
Drusana
Bloemfontein 9311
Tel & Fax 051-4331845
Woning / Home
DF Malherbe Laan 11
Estoire
Bloemfontein

Die Sierduif word geset deur die Redaktrise en gedruk en gebind deur Andrew & Co (051) 4304126

Bydraes vir publikasie moet voor die 1ste van die maand vir die daaropvolgende maand aan bovermelde adres versend word. / Send your contributions to the above mentioned address before the 1st of the month for publication the next month.

**Lede - Gratis**
**Nie-Lede - R90 pj**
**Members - Free**
**Non Members - R90 pa.**

Ondersteun die Nuusbrief met Bydraes
Support the Magazine with Contributions

# BANK-OVS EN ANDER SKILDE
# BANK-OFS AND other SHIELDS

## REëLS

1. Die tydperk van die Kompetisies strek van een Kampioenskapskou tot die volgende een.
2. 'n Leersame artikel met 'n studie of proefondervindelike agtergrond wat ongeveer 500 woorde beslaan, sal 75-100 punte verdien, afhangende van die oorspronklikheid.
3. 'n Brief van 'n lid sal 20 punte ontvang.
4. Streeknuus sal 25 punte verdien.
5. 'n Verslag oor 'n Duiwedag sal 15 punte verdien.
6. Vir die betrokke duiwebyeenkoms sal 'n verdere 50 punte toegeken word.
7. Enige Streek-, Landbou-, Jongduif- Wyk-, Spesialiteitsklubskou, asook Kampioenskapskou sal 30 punte per 100 duiwe vertoon, ontvang.
8. 'n Besondere plan of gebeurtenis (goeie idee) tel tot 50 punte. (Bepaal deur die dagbestuur)
9. Indien die streek se ledetal teenoor die vorige jaar toeneem, sal 10 punte aan die streek toegeken word vir elke addisionele lid.

**10. Vir elke R100 advertensiegeld wat 'n streek vir Die Sierduif insamel, sal daardie streek 60 punte ontvang ten opsigte van die Bertie Wessels trofee**

**NB Vir elke R800 aan advertensies wat 'n streek vir Die Sierduif insamel kan die streek een lid nomineer vir gratis lidmaatskap t.o.v. die volgende jaar.**

## RULES

1. The duration of the competitions will be from one Championship show to the following one.
2. An informative article with a studious or experimental background and of approximately 500 words length, will earn 75 - 100 points, depending on the originality.
3. A letter from a member will receive 20 points.
4. Regional news will be awarded 25 points.
5. A report about a match meeting will earn 15 points.
6. The actual match meeting will also be awarded 50 points.
7. A Region, Young bird, Agricultural, District or Speciali: Club show as well as the Championship show will be awarded 30 points per 100 birds, exhibited.
8. A special plan or happening (good idea) will earn up to 50 points. (Specified by the executive)
9. A region which increases its membership will receive 10 points for every additional member.

**10. For every R100 re adverts for The Fancy Pigeon a Region will received 60 points towards the BertieWessels Trophy donated by Northern Free State**

**NB For every R800 advertisements for the Magazine a region collects, the region can nominate a member free of subscription fees for the next year.**

| BANKOVS | | MANIE FOURIE | |
|---|---|---|---|
| Noord-Vrystaat | 700 | Boland | 222 |
| Westelike Provinsie | 580 | Namibia | 113 |
| Vrystaat | 405 | Griekwas | 89 |
| Oos-Vrystaat | 312 | Oostelike Provinsie | 70 |
| Oos-Transvaal | 180 | SWD | 20 |
| Noord-Transvaal | 130 | Natal | 20 |
| Noordwes | 20 | Transvaal | 0 |

Punte tot en met Nov/Des 1999

| BERTIE WESSELS | | WILLIE DE BRUYN |
|---|---|---|
| WP | R50 | |
| N-Vs | R50 | |

**Belangrik / Important**

1. Bestel vandag nog 'n eksemplaar van die Gedenkuitgawe - Junie 1992 (88 bladsye - A4 - 50 jaar se geskiedenis van die SASV) teen R15 vanaf die Ringmeester, posgeld ingesluit.
2. From Petra vd Berg, our Ring Master: Ties, regional and regional honour scrolls.
3. From Theuns Steyn, National badges and National Honour scrolls.
4. Bestel vanaf Lou Brits die volgende:

| | |
|---|---|
| Boek van Standaarde ............... | R100 |
| 'n lys van Beoordelaars ........... | R 16 |
| Metaal ledebalkies .................. | R 40 |
| Prov. & Nas. Balkies ................. | R 40 |
| Metaal balkies vir Geregistreerde Beoordelaars ........................... | R 30 |

Bostaande pryse sluit posgeld in. Geen los standaarde meer te koop nie agv die wyse waarop die standaardboek gebind is. Engelse uitgawe nog nie beskikbaar nie - hou hierdie spasie dop vir die beskikbaarheid van die uitgawe

# Notule van die AJV van die SASV gehou te Welkom op Donderdag 8 Julie 1999

## 1. Opening

Die president, Mnr W Wessels heet almal teenwoordig welkom en vra mnr H Botes om die vergadering met gebed te open.

## 2. Verskonings

Verskonings word vir die volgende lede aangebied.

B Snyman, W Klopper, N Nortje, P Neetling, D Geldenhuys, E le Roux, D le Roux, L Ewan, D Heydenrych, J Loots, B Loubser, A Loubser, I Lombard, D Wheaterall, G erber, S Jordaan en A Botha.

## 3. In Memoriam

Die president vra 'n oomblik stilte ter nagedagtenis van die volgende persone: Christine Badenhorst en Johan Ackerman.

## 4. Notule van die vorige Algemene Jaarvergadering.

Die notule van die vorige AJV soos gepubliseer in "Die Sierduif" word as gelees aanvaar en op voorstel van Wim van Rensburg en gesekondeer deur At Nigrini algemeen aanvaar deur die vergadering.

## 5. Sake voortspruitend uit Notule

11.3 Die kriteria vir oorskakeling na rasstelsel word verskuif na punt 9(1) van die agenda.

## 6. Mosies

**a. Stemreg van junior lede** - N-VS lê 'n mosie ter tafel wat behels dat alle junior lede onder die ouderdom van 14 jaar geen stemreg het nie. Die voorstel word gesekondeer deur Mnr Roux wat verder beswaar maak teen die feit dat ouers hul kinders misbruik.

Mnr W van Zyl dien 'n teen voorstel in waarin hy vra dat juniors wel hul stemreg behou, aangesien hulle ook ledegelde betaal. Die voorstel word deur mnr J du Bruyn gesekondeer.

Na stemming word mnr W van Zyl se voorstel aanvaar en die status quo word dus gehandhaaf.

**b) UK lede op streekbesture** - Hierdie punt is geskrap van die agenda.

**c) Verandering van stemprosedure** - N-Vs dien 'n voorstel in vir die verandering van die stemprosedure vir UK lede. Dit behels dat lede tydens hul streek se AJV vir betrokke persone stem en hierdie stemme word deurgegee na die

---

Die **Helmet se kop (7 punte)** is middelmatig in grootte en rond met 'n breë voorkop. 'n Goed omskrewe kurwe vanaf die neusvrat tot by die basis van die kappie, sonder 'n skerp of skielike onderbreking om dus die aaneenlopenheid te beskryf met meer voorkop as agterkop, maar die bokop ontbreek nie. Van agter gesien begin die ontwikkeling van die gesig direk agter die neusvrat, met 'n volheid tussen die oë dat dit 'n geboë voorkoms gee eerder as plat en hoekig. Enige ander aanduiding van 'n smal gesig of geknypte voorkoms moet vermy word. Die kappie is die enigste wat die gladde lyn van die kop na die nek onderbreek.



**Die Kap (12 punte)** Is waaiervormig en prominent. Dit is bo-op die kop geplaas en lê nie agter op die nek nie. Dit is so dig en vol as moontlik maar sonder om die kop te oorrompel. Dit strek van oor tot oor sonder onderbreking van die bokant of kante en eindig in goed gevormde rosette. Die rosette is simmetries en is gebalanseer aan weerskante van die kop en ewe groot, van dieselfde vorm en met dieselfde posisie. Die kappie vloei saam met die maan op so 'n manier dat die deurlopenheid van die kappie verhoog word.

Pigeon K&K Mixtures

# Advance Grain (Pty) Ltd

**(Previously trading as Kahn & Kahn)**


K & K Breeding Mixture (Reg. No V8601) ...... R70.00 per 50 kg
K & K Racing Mixture (Reg. No V8603) ......... R70.00 per 50 kg
K & K High Protein Mixture (Reg. No. V8598) ........ R75.00 per 50 kg
K & K Tumbler Mixture (Reg. No. V8599) ...... R65.00 per 50 kg
K & K Fancy Mixture (Reg. No. 5897) ........... R65.00 per 50 kg
Less 2½% discount to SAFPA-members

We are also stockists of all types of grain for self-mixing
(All prices are ex our stores and excl. VAT)


**N.B.**

**We stock all types of grain e.g. Beans, Popcorn, Peanuts, Rice, Wheat, Barley, Bird Seeds, etc., etc.**

Also Pigeon Medicines



**We have Branches in**
**Brackenfell (Cape)**
**and**
**Howick (Natal)**



8 Jacob Street, Chamdor Krugersdorp
Telephone 011-762-5261
P.O. Box 414, Krugersdorp 1740.
Fax 011-762-4111

sekretaris wat dan slegs die streke se stemme bymekaar tel om die wenner aan te wys, gesekondeer deur Mnr H Botes. Mnr R Roux dien 'n teenvoorstel in wat die bogenoemde stelsel verwerp en wat die status quo handhaaf, gesekondeer deur mnr W van Zyl.

Mnr J du Bruyn sê dat dit tog die lede is wat op die AJV teenwoordig is wat die belange van die SASV op die hart dra. Hy dien 'n voorstel in dat die nominasieprosedure onveranderd bly maar dat stemming slegs sal geskied tydens die AJV deur lede teenwoordig. Hierdie voorstel word gesekondeer deur Mnr W van Rensburg.

Na stemming wen die voorstel van mnr J de Bruyn. Die president wys die vergadering daarop dat dit 'n verandering aan die grondwet sal genoodsaak en dat hierdie stelsel dus eers vanaf 2001 in werking kan tree. Die sekretaris sal die nodige veranderinge in "Die Sierduif" publiseer vir finale goedkeuring tydens die 2000 AJV.

d) Manier van beoordeling - Hierdie punt word geskrap van die agenda

e) Verskyning van "Die Sierduif" - Hierdie punt word geskrap van die agenda.

f) Mnr A Nigrini sê dat na aanleiding van 'n berig wat gepubliseer is in die "Sierduif Koerier" wil hy net graag weet waar mnr L Brits se lojaliteite lê. Mnr Brits lewer geen kommentaar oor die beweringe nie en sê dat die saak alreeds op die UK vergadering gedien het. Mnr Nigrini is nie tevrede met die antwoord nie en stel 'n mosie van wantroue in, gesekondeer deur mnr B Steyn.

Mnr Patterson noem dat die UK alreeds besluit het om die saak te los en ons moenie ou wonde nou weer oopkrap nie. Mnr Bierman sê dit is ons Christelike plig dat ons mekaar moet verdra en moet saamwerk en niemand gaan ooit bo uitkom deur op mnr Brits te trap nie.

Mnr Roux maak heftig beswaar teen die aantygings deur mnr Nigrini en verlaat die vergadering. Op versoek van mnr P van Wyk, verduidelik mnr K Snyman wat gebeur het tydens die stembedrog van die 1998 verkiesing. Na vele bespreking en pleidooie deur verskeie lede besluit mnr A Nigrini en sy sekondant om hul mosie terug te trek indien mnr


## Die Barb se neusvratte en oogringe word in die standaard soos volg beskrywe:

By volwassenheid sal die neusvrat alle ongelykheid van die voorkopkurwe opvul en sal dit effens uitstaan maar dit moet vry wees van enige growwigheid. In die middel moet 'n duidelike skeiding wees soos 'n boontjie wat in twee gebreek is en op die bek lê. Die ondervrat van die onder-bek moet nie uitermatig groot wees nie. Dit moet lyk soos drie vratjies - een in die middel van die onder-bek waar die vere ophou en een op elke kant net anderkant die opening van die bek. Die neusvrat is wit terwyl die ondervratte dieselfde kleur as die oogring is.

**OOGRINGE:**

Hierdie is een van die hoof eienskappe van die Barb. Die oogring moet ewe breed rondom die oog wees, sirkelvormig, hoe groter in deursnee, hoe beter. Op die buitenste rand moet daar 'n konkawe vorm wees en moet die oogring ook op sy dikste wees. Dit moet wees soos 'n wawiel waarvan die oog die middelpunt is. Hoe meer prominent die oog in die kop vertoon, hoe beter. Die kleur van die oogvrat is pienk van kleur, maar by ouer duiwe word die kleur ligter. Die wyfie is gewoonlik minder ontwikkel as die mannetjie alhoewel daar wyfies is wat net so goed vertoon as mannetjies.

Van voor gesien moet die Barb se kop vierkantig vertoon. Die bokant van die oogvratte is hoër as die kop en staan weg van die kop af. As dit na binne buig, het dit nie die gewenste uitwerking nie.



Brits verskoning sal aanbied.

Mnr Birts bied sy verskoning aan en verduidelik hoekom hy in die eerste plek die skrywe gerig het **maar noem ook dat die skrywe soos gepubliseer nie is soos wat hy dit oorspronklik geskryf het nie.** Mnr Brits bevestig ook sy lojaliteit teenoor die ander UK lede en die SASV.

Op versoek van mnr G Bierman en mnr P van Wyk, verlaat mnr K Snyman die vergadering en bring mnr Roux terug.

g) Mnr SA Patterson dien 'n mosie in waarin hy vra dat die benaming van klasse moet verander. Die "ope" klas moet verander na "ou". Dit sal beteken dat geen duif met die vorige jaar of die huidige jaar se ring aan, in hierdie klas geskou mag word nie, m.a.w. geen jaaroud duif of jonger in die ou duif klasse soos tans nie. Gesekondeer deur mnr JC Barnard en eenparig aanvaar deur die vergadering.

Aangesien daar geen grondwet wysigings nodig is nie tree dit dadelik in werking.

## 7. Korrespondensie

Geen

## 8. Verslae

### 8.1. President - W Wessels

Sedert Oktober 1998 is die uitvoerende komitee se posbeskrywings hersien om in lyn te kom met die wysigings wat die afgelope jaar op UK sowel as AJV's geneem is.

So ook het die sekretaris, Mnr T Steyn die posbeskrywings vir streke aangepas om eenvormigheid deur die vereniging daar te stel. Dit is van uiterste belang dat alle streke op dieselfde basis bestuur word. Bostaande vergemaklik ook vir streke die verkiesing van bestuurslede.

Daar word probleme ondervind waar bestuurslede op gesigwaarde verkies word sonder om vas te stel of die persoon die nodige tyd en infrastruktuur het om die taak behoorlik uit te voer. Tweedens word daar ook ondervind dat van die bestuurslede nie op die hoogte is met die verskillende prosedures wat gevolg moet word volgens die grondwet, reglemente (Bylaws) en SBK handleiding nie.

Dit het ook die afgelope tyd duidelik geword dat streekverteenwoordigers nie inligting oordra aan sy/haar streekbesture nie maar wel besluite neem soos hy/sy goeddink. Die gevolg is dat die streek se lede dan op 'n AJV lynreg teen sy verteenwoordiger stem.

Die afgelope skou-seisoen het ook bewys dat daar deur die ringlede van die SASV baie aandag gegee is aan hul duiwe om hulle in 'n beter skoukondisie te kry. Een van di[e] positiewe dinge is dat veerluis[e]

---

Die **Afrikaanse Uil se grootte en voorkoms tel 14 punte en word soos volg omskrywe:** Klein van grootte, kompak en stewig. Dit besit 'n ronde breë kop, kort dik bek, uitstaande oog wat sentraal geplaas is, kort nek, vol keelvel, voldoende borsroset, breë bors, kort bene, kort vlerkpenne en stert en die vlerke hoog gedra. Die algemene houding is regop en lewendig.


**Die kop wat 20 punte tel is** rond, groot en vorm 'n stewige en reëlmatige boog van voor- en syaansig, goedgevul tussen die bek en oog. Die mondhoeke moet so breed as moontlik wees met 'n breë skedel en volheid van wange. Dit moet geen breuk agter die neusvrat toon nie.

Profiel van kop: Vorm 'n halfsirkel, beginnende by die bek en eindig by die agtekop waar die sirkel by die nek aansluit. Die boog moet geen onderbreking toon by enige punt nie.

**Voorkop:** Rond en vol en net so wyd as die mondhoeke wanneer dit by die boskedel aansluit. Hol wange (smalheid van gesig is 'n ernstige fout).

**Boskedel:** Die deel bokant die oog so hoog as moontlik sonder afplatting.

**Agterkop:** Moet ver genoeg terugstrek om die oog 'n absolute sentrale posisie in die kop te gee.



sekerlik met 80% verminder het teenoor die vorige twee jare. As gevolg van 'n swak broeiseisoen het daar dan ook heelmal minder jaaroud duiwe in die top twee geëindig, maar ons vertrou dat 1999 'n beter jaar gaan wees met die telery.

Wat die ledetal van die SASV betref wil ek 'n beroep doen op alle streekbesture om jaarliks wanneer u in Februarie 'n lys ontvang, 'n vergadering te belê, die lys na te gaan en u lede wat nog nie hernu het nie, op te volg. Daarmee saam wil ek graag dan ook die OP streek uitsonder en in besonders Clive Druce en Netta Prins vir die advertensie veldtog wat hulle geloods het met die "bumper sticker", om nie net hul eie streek te bevorder nie, maar die hele SASV. Die Modenaklub beskik ook oor 'n plakker soortgelyk aan die OP.

Graag wil ek ook aan alle nuwe lede wat vir die eerste jaar geskou het, sê: Die SASV vertrou dat u gekom het om te bly. Aan my UK-lede, baie dankie vir u samewerking die afgelope maande. Ek vertrou dat ons nog nader aan mekaar sal beweeg soos die tyd vorder.

Aan Thelma du Bruin/Watkins, wat ook aftree na ses jaar as ringmeester, baie dankie vir jou onbaatsugtige diens, asook aan Gert die nuwe eggenoot, vir diens gelewer aan die SASV.

Laastens maar nie die minste nie, al die dank en eer aan ons Hemelse Vader vir Sy leiding en krag en gesondheid deur die jaar.

## 8.2. Visepresident,

## K Snyman

Vanjaar het met 'n moeilike saak afgeskop, naamlik die herverkiesing van bepaalde ampte.

Vir my was dit 'n uiters moeilike besluit om te neem omdat beide persone betrokke by die pos van President my vriende is. Ewenwel, ek het die saak met die dagbestuur opgeneem en met hulle volle ondersteuning is deeglik ondersoek ingestel van die stembriewe wat ek die aand na die tel van die stemme gedeeltelik laat seël het.

Die ondersoek, met die hulp van 'n forensiese deskundige het aan die lig gebring dat 54 stemme vervals was, almal ten gunste van een bepaalde persoon.

Dit het meegebring dat die Uitvoerende Bestuur, in opdrag van my, in Bloemfontein vergader het. Die volle UK is nie byeengeroep nie omdat hierdie saak in absolute eksklusiwiteit gehanteer moes word. Tydens hierdie vergadering is alles ter tafel geneem en elkeen kon hom vergewis van die ware feite. Die eenparige besluit was dat die verkiesing nietig verklaar moet word en dat 'n herverkiesing gehou moes word.

Elke lid van die vereniging is per brief van die toedrag van sake meegedeel en die herverkiesing het sonder probleme verloop.

Die vordering met die voltooiing van die Hall of Fame het vanjaar stadiger geskied weens die gebrek aan fondse. Die ingangsdeur, beligting, die hang van die borde wat reeds aangekoop is, die vloerbedekking en die Hall of Fame muur wat uit spesifieke houtwerk sal bestaan, is nog nie voltooi nie. Dit sal in die omgewing van R9 000 kos om te voltooi.

Streke en spesklubs word nou reeds uitgenooi om die name van hul lede wat in die saal aangebring moet word, bymekaar te maak.

Daar is vanjaar 8 Bulletins gedurende Maart aan elke streekverteenwoordiger versend met die doel om dit aan belangstellende lede en die publiek te voorsien. Nog 12 Bulletins moet die lig sien en die nuwe Visepresident sal daaraan aandag gee.

Dit is egter frustrerend om te verneem dat baie van die Bulletins in kaste se laaie beland het. Talle lede het my oor die aangeleentheid geskakel en dit sal waardeer word indien streekverteenwoordigers hulle plig in hierdie verband sal uitvoer.

Die bestaande skouprogram is oudmodies en word tans hersien deur Rodney Stevens en Diane.

## 8.3 Tesourier,

## Mnr P le Roux.

Mnr PM le Roux behandel die finansiële state vir die jaar geeindig 31 Desember 1998.



Die belangrikse hieruit is dat -

Inkomste vir 1998 met R1 589 afgeneem het teenoor 1997 en uitgawes het toegeneem met R6 685 teenoor 1997. Dit het dan gelei tot 'n netto tekort van R686 vir die boekjaar geëindig 31 Desember 1998.

Alhoewel inkomste afgeneem het is die tekort toe te skryf aan die R10 000 wat bewillig is vir die Hall of Fame. Dan het die onkoste in verband met komiteevergaderings ook toegeneem en dit is te wyte aan die ekstra vergadering wat gehou is met die herverkiesing.

Sien aangehegte state vir 'n volledige uiteensetting van inkomste en uitgawes.

Op voorstel van mnr C van Reenen en gesekondeer deur Hansie Botes word die finansiële state as korrek deur die vergadering aanvaar.

Mnr P le Roux dien die volgende voorstel in:

i) Ledegelde bly onveranderd

ii) Ringe verhoog van R13.00 na R14.00 per tien

iii) Posgeld op ringe is op 'n glyskaal:

R15 vir tot 100 ringe; R20 van 101 tot 150 ringe, R25 vir 150 ringe en meer.

Die voorstel word gesekondeer deur Mnr W van Zyl en eenparig deur die vergadering aanvaar.

## 8.4 Redaktrise - Me B Snyman

Aangesien me Snyman 'n knie-operasie ondergaan het, lees mnr Snyman haar volledige verslag.

1. Die Sierduif word sedert 1981 vanuit die Snymans se huis uitgegee.. Vir hierdie voorreg om die hart van die Vereniging se bedryf, sê ek baie dankie, maar bowe-al moet ons ons Hemelse Vader bedank vir die wonderlike gawes wat ons hieruit ontvang.

2. Socs gewoonlik het drukwerk en posgeld weer die hoogte ingeskiet, maar met die twee-maandelikse uitgawe bespaar ons darem sowat R5000 per jaar aan posgeld. Ongeag die feit dat lede nou slegs tweemaandeliks die nuusbrief ontvang, ontvang hulle nie minder nuus nie, soos kan getuig met ons maandblad vir Mei/Junie wat 'n hele 48 bladsye beslaan het. En raai wat, nadat streke geskakel is om hul skou-uitslae vinniger deur te stuur, is dit ook nie meer ou nuus nie.

3. Drukkoste het met ± 20% gestyg en sal vanaf Julie 1999 weer eens met 20% styg terwyl die setwerkoste wat aan my betaal word al vir die afgelope twee jaar onveranderd bly.

4. Vir setwerk word ek tans R20 per bladsy betaal teenoor setpryse van tot R65 per bladsy in die drukkerswêreld.

5. Dit is ongelukkig so dat die maandblad die grootste uitgawe-item in die state van die SASV verteenwoordig. Vir 1998 het die totale uitgawe R22 084 beloop. Hiervan het posgeld R5 260 beloop, byna 'n kwart van die totale uitgawe. Drukwerk was R16 000, koeverte was R673 en die res vir telefoon, adresplakkers, foto-ontwikkeling en ander kleiner uitgawes.

6. Indien ons dus 'n maandelikse nuusbrief wil uitgee, gebaseer op 24 bladsye per maand, sou die totale uitgawe styg na R36 544. Dit sou verder meebring dat ons die ledegelde feitlik moes verdubbel.

7. Baie dankie aan een en elkeen wat Die Sierduif van bydraes voorsien. Dit gaan maar party maande broekskeur om genoeg bydraes te ontvang.

8. Laastens baie dankie aan Lotie Geyer van N-Vs wat vanjaar eiehandig daarvoor verantwoordelik was om meer as R1 300 aan advertensies te in. Dink net wat sou tien of twintig sulke lede aan ons kostestruktuur kon doen.

9. Die wenners van die BANKOVS en MANIE FOURIE trofees is onderskeidelik Noord-Vrystaat en Noord-Transvaal. Baie geluk.

10. Ek dien ook hiermee my bedanking is as Redaktrise met effek die volgende kampioenskapskou in Julie 2000 te Paarl.

## 8.5. Ringmeester - Me Watkins.

Vir 1998 is daar 28 500 ringe bestel waarvan 22 580 verkoop is. Daar het 5 920 ringe oorgebly (2 500 meer as in 1997).

Die ringe het soos volg verkoop.

| NO | BESTEL | VERKOOP | BALANS |
|---|---|---|---|
| A | 4000 | 3030 | 970 |
| B | 8500 | 7690 | 810 |
| C | 7000 | 4980 | 2020 |
| D | 5000 | 3900 | 1100 |
| E | 3000 | 2330 | 670 |
| F | 1500 | 650 | 350 |
| | **28500** | **22550** | **5920** |

Spesialiteitsklubs se ringe word apart bestel en is nie by bogenoemde syfers ingesluit nie. Daar is 2430 ringe bestel vir die klubs en soos volg

| NO | 1997 | 1998 |
|---|---|---|
| A | 10 | 40 |
| B | 520 | 440 |

| | | |
|---|---|---|
| C | 340 | 540 |
| D | 390 | 910 |
| E | 280 | 290 |
| F | 100 | 100 |
| | **1640** | **2430** |

Me Watkins weergee ook die ringverkope vir 1999 tot datum.

Volgens die statistiek is daar 'n toename in ringverkope vir die eerste ses maande van 1999 van 250 ringe. Die ledetal dra baie hiertoe by dat minder of meer ringe verkoop word.

In die volgende statistiek kan gesien word hoe die ledetal gewissel het.

| **Streek** | **1997** | **1998** | **1999** |
|---|---|---|---|
| Transvaal | 52 | 47 | 45 |
| Oos-Transvaal | 38 | 31 | 24 |
| Wes-Transvaal | 32 | 31 | 25 |
| Noord-Transvaal | 33 | 34 | 30 |
| Vrystaat | 42 | 36 | 37 |
| Noord-Vrystaat | 54 | 57 | 40 |
| Oos-Vrystaat | 24 | 24 | 23 |
| Natal | 21 | 18 | 17 |
| Griekwas | 24 | 24 | 19 |
| Oostelike Prov | 24 | 25 | 36 |
| Bopland | 24 | 24 | 15 |
| SWD | 13 | 13 | 16 |
| Namibia | 18 | 17 | 13 |
| WP | 34 | 31 | 29 |
| Zimbabwe | 4 | 2 | 0 |
| | 437 | 370 | 369 |

Volgens bostaande syfers het die ledetal van 1997 tot 1998 met 23 verminder. Daar het 98 lede nog nie hernu nie en is nie ingesluit by bostaande syfers nie.

Graag wil ek aan die streke wat so pligsgetrou hul ledelyste nasien en aan my stuur baie dankie sê. Baie dankie in die besonder aan Clive Druce van die OP vir sy reuse aandeel in die kry van nuwe lede en die stuur van vorms. As ons meer sulke ywerige streke en lede gehad het sal die SASV ontplof in ledetal.

Daar word voortdurend navrae gekry van persone wat belangstel om as lid aan te sluit en het die advertensie in die Landbouweekblad gesien en dan skriftelik of telefonies navraag gedoen om meer inligting. Heelwat persone het op hierdie manier aangesluit. Daar is nogsteeds 'n groot leemte vir nuwe lede om informasie deur middel van 'n saamgestelde telerslys te bekom.

Die verkope van sakwapens, streekbalkies en dasse is nogsteeds nie baie hoog nie en streke moet hul lede aanmoedig om van hierdie artikels te koop. Die dasse verkoop baie swak die afgelope jare.

Die jaar het goed verloop en ek het goeie samewerking van die lede gekry. 'n Vriendelike beroep word weer eens op lede en spesialiteitsklubs gedoen om te let op die volgende:

* Bestel vroegtydig ringe en onthou om die korrekte bedrag, posgeld ingeslote, te stuur.

* onthou asseblief om die regte ring- en ledegelde op die vorm aan te bring.

Spesialiteitsklubs moet asseblief onmiddellik hul bestellings in dien vir 2000. Daar is sommige klubs wat herhaaldelik gekontak moet word.

Die kleur van die 2000 ringe gaan rooi wees.

Ek het die afgelope jaar geen ernstige probleme met die posdiens ondervind nie en alle versekerde posstukke het hul bestemmings bereik. Sover het net 2 versekerde briewe nie hul bestemming bereik nie en is die ringe dadelik aan die lid gestuur. Eise is ingedien, een is dadelik uitbetaal en die ander een is nog uitstaande.

My hartlike dank ook aan my eggenoot, Gert, vir sy hulp en bystand met die uitstuur van die ringe en ander administratiewe pligte. Hy is 'n goeie spanmaat en assistent.

Baie dankie aan die Uitvoerende Komitee en al die lede vir die 6 jaar wat ek Ringmeester was. Dit het vir my baie beteken en was dit aangenaam om met die duiwemanne en vroue die jaar te kon kommunikeer.

## 8.6. Beoordelaarsbeampte, mnr L Brits.

Soos almal weet het die jaar moeilik en deurmekaar begin, maar gelukkig is al die probleme uitgesorteer en elkeen van ons het ons take om te verrig. Dit is dan vir my 'n voorreg om die volgende verslag van my werksaamhede aan die vergadering voor te lê.

Sedert ek oorgeneem het as beoordelaarsbeampte is daar 18 afrikaanse standaarboeke

verkoop, daar is slegs 3 in voorraad en ons sal weer moet laat druk. Daar is ook 2 provinsiale balkies, nasionale balkie en 3 beoordelaarspelde verkoop.

In die tydperk is daar 10 beoordelaars in 30 rasse getoets en 287 sertifikate is uitgereik.

Duiwe op skoue vertoon was 21 096 teenoor 15 456 van verlede jaar. Die Schietti Modena was weer eens die ras wat die meeste vertoon is. Die wenners van die Willie de Bruyn trofee is Noord-Vrystaat met Noord-Transvaal in die tweede plek. Boland is derde.

## 9. Sake uit Uitvoerende Komitee vergadering

a) Kriteria vir 2001 beoordelingstelsel - Mnr L Brits rapporteer dat daar heelwat onduidelikheid is en probleme word ondervind om die stelsel te finaliseer.Die komitee uit hyself, P le Roux en K Serfontein gee hieraan aandag en die stelsel sal dan so gou moontlik gefinaliseer word.

b) Skouskedule 2001 - Mnr Brits is besig met die skedule en versoek Spesklubs om so gou as moontlik hul spesifikasies aan hom te stuur ivm hul vereistes vir kleurklasse.

c) Toekenning van pryse per klas - Mnr Brits deel die vergadering mee dat dit tans die praktyk is om waar daar sle[illegible] een duif in 'n klas is, onmiddellik 'n eerste prys aan die duif toe te ken. Dit ly tot verwarring, veral onder beginners, aangesien die duif moontlik nie van baie goeie gehalte is nie. Daar is op die UK vergadering besluit dat wanneer daar slegs een duif in 'n klas is, die beoordelaar sy eie diskresie kan gebruik en indien die duif nie goed genoeg is nie, dan hoef hy nie 'n prys toe te ken nie. Dit beteken dat die duif slegs 'n eerste kan kry, of glad nie 'n prys nie, maar nie 'n tweede of derde nie.

## 10. Kampioenskapskou 2000

Die 2000 kampioenskapskou sal in die Paarl deur WP aangebied word. Die 2001 sk[illegible] word deur die Griekwalan[illegible] Wes streek en die 2002 skou deur Oos-Vrystaat aangebied.

## 11. Verkiesing van UK lede.

a) Mnr Corrie van Reenen is deur stemming van alle lede aangewys as die nuwe visepresident van die SASV.

b) Na stemming het die Uitvoerende Komitee Mev Petra van den Berg as die nuwe


---

Die standaard van die **Amerikaanse Reuse Homer** is 'n riglyn vir die evaluering van die spesifieke eienskappe asook die totale saamgestelde kenmerke.

'n Gegewe teler mag wel konsentreer op een enkele eienskap soos nek plooie, goed bedekte rug- of kopkwaliteite wanneer 'n spesifieke duif beoordeel word t.o.v sy/haar waarde in sy teelprogram.

'n Beoordelaar daarenteen moet die duif in sy volle totaliteit evalueer. Die totale samestelling van elke afsonderlike duif is belangrik. Om hieraan uitvoering te gee moet die beoordelaar die duiwe ingeskryf in 'n sekere klas noukeurig rangskik, vergelyk en opweeg ten opsigte van hulle onderskeie, saamgestelde eienskappe. Hierdie standaard ken punte toe aan spesifieke eienskappe as hulpmiddel vir die beoordelaar ten einde sterk- en swakpunte beter te kan bepaal in sy rangorde bepaling van 'n skou-klas. Die doeltreffende toepassing van hierdie punte-waardes onderskep die noodsaak van 'n regstreekse lys van diskwalifikasies.

Dit word aanbeveel dat elke beoordelaar 'n kopie van die standaard asook 'n kopie van die Drie-aansig standaard tekening as hulpmiddel en raadpleging tydens beoordeling byderhand sal hê.



Hierdeur laat hy geen twyfel by elke vertoner dat hy sy bes doen om nie alleen die standaard te verstaan nie maar ook na die beste van sy oordeel te gebruik ten einde tot sy gevolgtrekking te kom nie.

ringmeester van die SASV aangewys.

Die president, mnr Wessels wens beide geluk en spreek die hoop en vertroue uit dat hulle lekker sal saamwerk en in die span pas.

### 12. Algemeen.


a) Nasionale kleure is toegeken aan die volgende lede:

James Roodt - Beoordeling; Chris van den Berg - Administrasie en beoordeling; Coen Butler (postuum) oordeling; Nico du Preez - Beoordeling; Johan Viviers - Teler.

b) Vakante UK poste in 2000. Die sekretaris deel die vergaderiing mee dat die poste van sekretaris en redakteur verstryk in die jaar 2000 en dat streke/lede hiervan moet kennis neem en nominasies uitbring op hulle AJV's.

Die president versoek streke om alle nominasies na Mnr PM le Roux te stuur aangesien die huidige sekretaris betrokke is by die verkiesing.

Aangesien daar geen verdere sake meer is nie, verdaag die vergadering om 20:09



Archangel

## Finansiële State van die SASV vir jaar geëindig 31 Desember 1998

| | |
|---|---|
| **Inkomste** | **61 079** |
| Ringinkomste | 11 275 |
| Ringverkope | 29 914 |
| Min Koste van ringe | (18 639) |
| Ledegelde | 34 090 |
| Advertensie inkomste | 2 363 |
| Gedenkuitgawe | 70 |
| Beoordelaarstoetsfooie | 450 |
| Intreefooie | 2 105 |
| Donasies | 424 |
| Ledelyste | 52 |
| Posgeld | 5 506 |
| Rente ontvang | 4 111 |
| Verkope van standaarde en ander | 384 |
| Surplus verkope van beoordelaarswapens | 171 |
| Surplus verkope van sakwapens en balkies | 33 |
| Surplus met verkoop van dasse | 45 |
| **Uitgawes** | **61 765** |
| Advertensies en promosies | 982 |
| Afskrywings | 156 |
| Bankkoste | 906 |
| Drukwerk en skryfbehoeftes | 3 532 |
| Eretoekennings (R10 000 Hall of Fame) | 10 972 |
| Geskenke | 1 352 |
| Komiteevergadering uitgawes | 6 708 |
| Kampioenskapskouheffing | 1 423 |
| Kampioenskapskoupryse | 3 400 |
| Medalje-uitreikings | 625 |
| Ouditgelde | 1 465 |
| - Huidige jaar | 1 750 |
| - Oorvoorsiening vorige jaar | (285) |
| Posgeld en telefoon | 6 358 |
| Tydskrif drukkoste | 22 084 |
| Trustfonds | 1000 |
| Waardevermindering | 802 |
| **(TEKORT) VIR DIE JAAR** | **(686)** |

# Noord-Vrystaat stel bekend:
# Hennie Pelser, die man met die Kings

Dit is vir Noord-Vrystaat 'n voorreg om oom Hennie Pelser aan lede voor te stel.

Oom Hennie is gebore op 23 Julie 1939 op die plaas Palestina in die Theunissen distrik. Na sy skoolopleiding het hy in Bloemfontein gewerk, maar na agtien maande was die stadslewe vir hom te veel en in 1958 verhuis hy na Welkom waar hy by een van die Goud Aanlegte begin werk.

Vir 35 jaar werk hy by dieselfde Goud Aanleg totdat hy in 1993 besluit om die leisels neer te lê.

Op 10 Desember 1960 trou hy met tannie Elize, wie se ouers in 1950 verhuis het vanaf Brakpan na Welkom. Uit die huwelik is daar vier seuns gebore waarvan almal vandag getroud is. Hennie en Elize is vandag die trotse oupa en ouma van ses kleinkinders, vyf seuns en een dogter.

"Ek en Elize is vandag beide pensioenarisse en vul mekaar se lewens aan deur saam in (

## *Duiweboere wat omgee deur Charles Maree*

*Die dag toe ons besluit het om met Engelse Kortgesig Tuimelaars te begin, het ek gedink ons soek nou wors in 'n hondehok.*

*Maar hoe groot was die verbasing nie.*

*Danksy Johann Loots van Ficksburg arriveer die eerste Shorties vanaf Collin Wrench uit die Kaap.*

*Oom Clive Druce het ook uit sy pad gegaan om te help. Nie net akkommodeer hy Shorties vanaf Oudtshoorn vir my in sy hokke nie, maar reël ook vervoer vanaf die Baai na Bloemfontein en dit met 'n helse groot trok nogal.*

*Die gereelde oproepe vanaf die shortie telers om te help laat 'n mens werklik tuis voel by die telers.*

*Met sulke duiweboere wat omgee aan die bestuur van die nuwe Shortie klub, kan dinge net gebeur.*

*Nogmaals dankie aan die shortie telers wat duiwe aan ons kon afstaan.*

*Vrystaat verdien 20 punte*

## Balansstaat van die SASU 31 Desember 1998

| | |
|---|---|
| **FONDSE AANGEWEND** | |
| OPGELOPE FONDSE | 42 669 |
| Saldo 1 Januarie | 43 355 |
| Tekort vir die jaar | (686) |
| | 42 669 |
| **AANWENDING VAN FONDSE** | |
| VASTE BATES | 3 212 |
| BELEGGINGS | 40 528 |
| NETTO BEDRYFSBATES | (1071) |
| BEDRYFBATES | 43 434 |
| Voorraad | 25 095 |
| Debiteure | 560 |
| Bank | 15 279 |
| Kontant voorhande | 2 500 |
| BEDRYFSLASTE | 44 505 |
| Krediteure en voorsienings | 7 653 |
| Inkomste vooruit ontvang | 36 852 |
| | 42 669 |



Hennie en Elize Pelser van Welkom

tuin te werk, saam vis te vang en saam met sierduiwe te boer", was Hennie se reaksie toe ons met hom gesels het.

Oom Hennie se belangstelling 'n sierduiwe het so sewe jaar gelede begin toe een van sy kleinkinders by die huis aankom met twee duiwe. Oom Hennie was op daardie stadium 'n aktiewe voëlboer, maar hy moes noodgedwone plek maak in een van sy voëlhokke vir die twee duiwe totdat die kleinkind sy eie hok gehou het. Die twee duiwe was deur oorlede Boet Swanepoel van Kimberley aan die kleinkind geskenk. Dit was 'n King en 'n Holle Kropper.

Die einde was dat Hennie skoon verlief op die duiwe geraak het. Vandag teel hy met Kings en Suid-Afrikaanse skouposduiwe. Tannie Elize teel met Couchois. Hulle het al baie goeie prestasies met hul duiwe behaal, maar soos ons hom ken is hy te beskeie om daaroor te praat. Hy het byvoorbeeld vir die laaste twee jaar die beste Jaaroud SA Skouposduif vertoon tydens die SA's en met sy Kings het hy ook goed gevaar op die skoue.

Oom Hennie is een van Noord-Vrystaat se aktiewe lede en hy was vir die laaste ses jaar Noord se skoubestuurder. Intussen het hy besluit om die jonger manne ook kans te gee. As dit by werk kom is oom Hennie altyd daar en by die werksdae is hy gewoonlik een van die eerste by die saal en een van die laastes wat huis toe gaan.

"Ons geniet ons duiwe en aan al ons duiwevriende wil ons net sê geniet dit want dit is 'n groot voorreg wat ons Hemelse Vader aan ons geskenk het." Mag daar nog vele mooi jare vir oom Hennie in die SASV wees en mag jou duiwe nog vir baie jare vir jou en tannie Elize vreugde verskaf.

**Red: As ek iets mag byvoeg: Hennie is een van die nederigste mense wat ek nog ontmoet het en sy uitstaande kwaliteit is sy warmte en kalme vriendelikheid. Noord-Vrystaat verdien 20 punte.**

# Kennisgewing Veranderinge van die Grondwet van die SASV

Tydens die afgelope AJV is 'n voorstel ingedien deur mnr Johan de Bruyn wat die stemprosedure verander. Hierdie voorstel is met 'n oorweldigende meerderheid aanvaar en daar moet nou volgends die prosedures uiteengesit in die Grondwet gehandel word.

Hiermee word dus kennis gegee, volgens Artikel 8.3.2., van die beoogde veranderings aan die Grondwet, soos hieronder

uiteengesit, rakende die stemprosedure.

### Artikel 7.5.

Die sin lees "Elke bona fide lid is geregtig om per aangebode posstem vir een persoon in elke komitee amp te stem"

Dit verval heeltemal en word verander deur:

**"Elke bona fide lid teenwoordig op die Algemene Jaarvergadering van die Vereniging is geregtig om per geslote stembrief vir slegs een van die genomineerde persone in elke komitee-amp te stem."**

The sentence reading: **"Each bona fide member has the right to vote by post for one candicate nominated for a particular office in the form of the presented ballot paper."**

wil be replaced by

**"Each bona fide member present at the Annual General Meeting of the society has the right to vote by a closed ballot paper for one of the candidates nominated for a particular office."**

### Artikel 7.7.

Hierdie artikel word heeltemal geskrap en vervang deur:

**"Elke bona fide lid sal die presensielys teken by aanvang van die Algemene Jaarvergadering en die sekretaris sal die geldigheid van sy lidmaatskap bevestig alvorens hy 'n stembrief sal ontvang. Hierdie stembrief moet onmiddellik voltooi en in die aangewese houer geplaas word.**

This article will be scrapped in total and replaced with:

**Each bona fide member will sign the attendance register at the start of the Annual General Meeting and the secretary will confirm the validity of his membership before receiving a ballot paper. This ballot paper must be completed immediately and placed in the holder provided."**

### Artikel 7.8.

Hierdie artikel word heeltemal geskrap en vervang deur:

**"'n Komitee van stemopnemers sal, nadat die Algemene Jaarvergadering in aanvang geneem het, die stemme tel en die uitslag onmiddellik aan die voorsitter van die vergadering, per geslote verslag, bekend maak. Indien twee of meer lede genomineer tot dieselfde amp, dieselfde aantal stemme verkry, sal die lede op die vergadering teenwoordig, geregtig wees om 'n tweede keer te stem. Indien daar by hierdie stemming weer eens 'n staking van stemme is, sal die amps-draers vir die betrokke amp deur die lot bepaal word."**

This article will be scrapped in total and replaced with:

**"A committee of scrutineers will, after the Annual General Meeting has started, count the votes and report back to the chairman of the meeting per closed report. If the vote for two or more candidates nomineted for a particular office are equal the members present may revote. If the result is equal again, the office-bearer for the particular office will be determined by the lot."**

Nota vanaf die sekretaris: Alle lede word versoek om kennis te neem van die wysigings aan die Grondwet. Dit sal in werking tree vanaf die eersvolgende Jaarvergadering van lede in Julie 2000

# Reën demper nie Sponsduifdag

## Wynand Wessels berig

Soos dit altyd is, gaan daar maande se beplanning in 'n duiwedag veral as 'n mens dit werklik leersaam en suksesvol wil maak en almal se aandag wil behou.

Daar is dus besluit om ook die streek waar die dag aangebied word se President en bestuur te nooi, plus alle belangstellendes wat reageer op die advertensie in die nuusbrief.

Gedurende Vrydagoggend het ek besef dat ons nie rekening gehou het met die natuur nie. Na 'n telefoniese gesprek met die weerkantoor te Bloemfontein het ek 'n goeie vriend geskakel vir 'n groot tent. Baie dankie aan Dick en Robert Cawood wat sonder baie woorde die tent in ligte reën op my grasperk staan gemaak het.

Vrydagmiddag net na vier het Barnard en Theuns Steyn,

Danie Geldenhuys en At Nigrini, blou van die honger op Bothaville aangekom.

Volgens At het hulle die vorige aand slegs 'n stuk droë beskuit en swart koffie vir aandete gehad. Daardie nag gaan die sluise van die hemel oop en teen 05:00 Saterdagoggend was daar reeds 36 mm reën gemeet.

Die reën het egter nie die gees gedemp nie en teen 08:30 was die mense van Bloemfontein, Springs, Welkom, Wesselsbron, De La Reyville, Kameel, Ficksburg en Steynsrus almal daar asook die groot reën.

Die lesings is begin deur At Botha wat die Carriers bespreek het. Dit was 'n belewenis om die mees belese Carrier teler in Suid-Afrika te sien en hoor praat met 'n enkel duif voor hom sonder 'n woord kritiek. Hy het die duif van die punt van sy bek tot die punt van sy stert bespreek. Deur die bespreking het die luisteraars self die goeie punte en foute raakgesien sonder dat At dit uitgewys het. Daarna het hy duiwe bygevoeg om sekere positiewe en negatiewe aspekte uit te wys of te beklemtoon. Die vrae het letterlik gereën nie net van die lede nie maar veral van die belangstellendes.

Die wyse waarop At optree is 'n gawe wat hy ontvang het en hy het dit dan ook vervolmaak.


Die tweede ras, naamlik die Dragoons is deur die klub president Johan de Bruyn bespreek. Daar is veral klem gelê op die kop en lyf asook stertlengte. Johan is 'n meester in Dragoons en die vrae het gereën. Daar is ook heelwat van my duiwe uit die hokke gehaal om sekere foute en goeie eienskappe uit te wys. Sulke voorbeelde is in alle hokke, daar is net nie altyd soveel duiwe beskikbaar as jy nie by 'n hok is nie. Na afloop van die Dragoon bespreking is daar 'n draai by die reënmeter gemaak wat toe reeds 80 mm gemeet het **(Red: Kan ons asseblief 'n standaard van die reënmeter kry)**

Johan de Bruyn het 'n vinnige les gegee hoe jy 'n Dragoon se vrat reg knip. Dit is belangrik dat die ontwikkeling van so 'n aard is dat jy kan afsny aangesien niemand kan aansny wat daar kortkom nie. Vir van die omstanders het hierdie sessie na 'n moeilike saak gelyk en het hulle dus begin om verversings te neem uit hul persoonlike koelkaste wat saamgebring was.

Na afloop van die vratsny-sessie het Barnard Steyn 'n donasie aan die klub gemaak in die vorm van 'n drie-jaaroud Karel Wye Voete wat opgeveil is en die mooi bedrag van R210 ingebring het.

Die klub wil ook sy sekretaris, mnr Hansie Botes bedank vir al sy reëlings asook tafels en stoele. Ook dankie aan Bertie Wessels en Okker Botha wat so tussen die reën deur die drie roosters se kole gereed vir braai gehad het toe die tyd daarvoor reg was.

So tussen die reën en vleisbraai is daar ook verversings geneem en grappe vertel. So het Ben de Lange dan ook die blou lint grap van die dag vertel van 'n eier omelet en 'n muishond tot groot vermaak van die skare. Ongelukkig kan ek nie die grap woordeliks in die nuusbrief herhaal nie, maar wanneer u vir Johan en Annatjie de Bruyn raak loop, glo ek hulle sal dit



kan oordra.

As gasheer wil ek ook die geleentheid gebruik om die dames by name te bedank, hulle het beslis die dag gemaak ongeag of dit hulle klub was. Baie dankie aan Annatjie de Bruyn, Anita Geyer, Marie de Lange, Kitty Botes, Elize Botha, Martie Wessels en Annette Cawood vir slaaie en ander eetgoed wat van vroeg af beskikbaar was. Veral Anita, Marie, Elize en Annette wat eintlik net gaste was, maar met bordevol te ete opgedaag het. Ook aan Petra van den Berg en Elsabe van der Walt wat met die skottelgoed gehelp het.

In totaal was daar 34 persone wat lekker saamgeëet en gekuier het. Dankie aan elkeen wat teruggeskakel het om dankie te sê vir die dag en dadelik bygevoeg het dat hulle nou meer weet van Carriers en Dragoons, al boer hulle nie met die rasse nie.

Soos iemand tereg opgemerk het as meer klubs dieselfde wil doen om nie-lede te nooi sal hulle makliker die mure wat hulle om hulle self gebou het, kan afbreek. Daarmee kweek jy belangstelling in jou ras en kennis gee altyd ook meer respek in 'n ras.

**Noord-Vrystaat verdien 65 punte**

# PYLE UIT DIE BOOG NA ALLE WINDRIGTINGS deur Chris Blaauw (Deel 1)

Ons ken seker almal die uitdrukking van moenie jou eie nes bevuil nie. Ek is seker dit is afgelei van die voorbeeld wat die duif ons stel. Kyk maar na die broeipaar, hoe hulle ontlasting ophou en dan uiteindelik buite die neskas daarvan ontslae raak.

Dieselfde geld vir klein duifies. Op die ouderdom van slegs 'n paar dae sal 'n klein duifie sy liggaam teen die nespan opbeur en bo teen die nespan mis en vanaf ongeveer agt dae mis hy bo-oor die nespan se kant. As dit nie die geval in nie kan u seker wees daar is 'n fout. As die nespan na sowat agt dae nat is en dan praat ek nie van moontlike waterstorting as die ouers voer nie, maar van mis, losserig en selfs groenerig, kan u maar dink aan die toedien van Dovabiotic aan die ouers sowel as die kleintjies vir drie dae. Ek beveel dit aan want dit kan fataal wees om sterker antibiotika aan klein duifies te gee. U sal ook in so 'n geval oplet dat die kleintjies nie na behore ontwikkel nie en selfs vrek. Daarom, let op en behandel vroegtydig.

Indien die kleintjies dan wel oor die nespan mis ontstaan daar baie gou 'n mislaag rondom die nespan. Verwyder dit tog maar gereeld anders lok dit vlieë, wurms en dies meer. Ons help dan ook ons duiwe om hulle ingebore higieniese neigings te handhaaf.

Rekords

Ek het reeds beklemtoom hoe belangrik dit is om rekords by te hou van broeipare en dit wat hulle voortbring. 'n Belangrike aspek egter is om ook rekord te hou van elke broeipaar se prestasies d.w.s. wanneer is die eiers gelê, wanneer behoort dit uit te kom (18/19 dae), wanneer het hulle werklik uitgekom, wanneer moet hulle gering word (8/9 dae) en gespeen word ± 30 dae). Nou kan u vra: Waarom?

Die redes hiervoor is:

a) na 5 dae kan u bepaal of die eiers bevrug is;

B) as daar op die 19de dag nog nie eierdoppe sigbaar is nie, kan u begin ondersoek instel en dalk hulp verleen, waar nodig;

c) as die kleintjies na agt dae nog nie gereed is om gering te word nie weet u minstens om sake te ondersoek, d.w.s swak ontwikkeling, los mis, ens.;

d) indien die ouers weer sou lê terwyl daar nog kleintjies in die nes is, kan u bepaal of die huidige en toekomstige kleintjies se teenwoordigheid in die nes nie gaan bots nie. Daar moet minstens 'n twee dae tussenpose wees.

Ons kan belangrike aspekte soos ringdatums nie vergeet nie. Ringnommers kan aangeteken word vir latere oordrag na die permanente rekords; en

f) minstens weet ons wie 'n duifie se ouers is en presies hoe oud hy is; vir oordrag na die permanente rekord.

Invoer van duiwe

Daar is 'n ou spreekwoord wat lui: "Elke man soen sy vrou op sy eie manier" Dit is seker waar dat elkeen sy eie siening oor 'n saak het en daarvolgens handel. Dit is egter ook so dat ons in die proses wel baie foute maak.

Wanneer ons duiwe invoer moet ons darem ook besin oor watter aanpassings daardie gevleuelde diertjie moet doen vanaf byv. Duitsland, per vliegtuig vir ure, kwarentynstasie vir 30 dae en dan na 'n nuwe hok en baie belangrik 'n ander klimaat.

Baie van ons maak egter d[illegible] fout om daardie duiwe binne 'n kwessie van weke, selfs dae, op te paar en nou moet daar ten alle koste gebroei word. Ten alle koste, ja, maar uiteindelik ten koste van die duif. Dit kan lei tot menigvuldige nadele vir die stomme duiwe soos bv spanning wat lei tot aftakeling van die liggaam en selfs onvrugbaarheid. Hiervan kan ek getuig oor resiesduiwe wat eers na twee jaar werklik herstel het deur kleintjies voort te bring. Enkeles het nooit herstel nie, soveel so dat die wyfies swak of onbevrugte eiers gelê het of selfs geen eiers nie.

Voer in, dit is sekerlik reg, maar stel die duif se belange eerste. Behandel hulle eerstens teen spanning (daar is verskeie middels op die mark) [illegible] minstens vyf dae en dien daarna vir agt dae vitamines toe waarna u kan begin met voorkomende behandeling teen koksidiose, bakteriese besmetting, wurms en kropkanker. Moet egter nie nalaat om vitamines tussen die behandelings te gee nie.

Ek het my ingevoerde duiwe sorgsaam behandel, nie eens geskou nie (ook bykomende spanning) en na vyf maande

laat broei en die resultaat spreek vanself. Van die drie jaaroud duiwe het ek reeds vyf kleintjies van goeie kwaliteit - pleegouers is in so 'n geval uiters belangrik.

Gee ingevoerde duiwe 'n regverdige kans en positiewe resultate is die waarborg. Trek hulle deur en moet nie agterna huil en die teler verkwalik nie.

Dit nie om te kritiseer nie, maar alles in belang van die duif wie se belange altyd eerste gestel moet word. Hulle kan mos nie murmureer nie.

Broeipanne

Ons is almal gewoond aan die ou gebruiklike pulppanne, maar dit het vir my 'n mate van 'n probleem geskep. Eerstens met die groter tipe duiwe en tweedens omdat sekere duiwe die eiers daaruit krap met hulle bekke of uitskop as hulle dalk te vinnig daaruit beweeg. Wat die uitkrap betref is daar 'n goeie afrikaanse uitdrukking daarvoor, maar ek sal dit liewer nie gebruik nie.

Ek het by verskeie geleenthede opgemerk dat, veral wyfies, vir lang tye poog om 'n eier met haar bek uit die nespan uit te krap. Sy slaag of die eier rol terug teen die ander eier en in die meeste gevalle kraak een of beide.

Met hierdie probleem in gedagte het ek die groter swart plastiekpanne aangeskaf, die gaatjies onder met prestik vanaf die buitekant toegemaak en met sand en fyn strooi 'n lagie binne die pan gevul. Hierdie panne is geriffeld aan die binnekant en dus is die probleem van uirol van eiers in 'n groot mate voorkom. Die panne maak ook maklik skoon en het 'n langer lewensduur as die pulppanne.

Omdat die plastiekpanne breër en ook meer plat is, skep dit weer die probleem dat die kleintjies vir die eerste drie dae te ver van mekaar is, nie mekaar kan stut nie en die een dalk nie behoorlik bedek word nie en vrek van die koue.

Met die Strassers het ek sukses gehad met die plastiekpanne, maar nie met die Polish Lynx nie. Laasgenoemde ras is te klein om die volle pan te bedek.

Die gevolgtrekking na die proefneming is dat die plastiekpanne goed werk vir die groter rasse en jy bespaar wel op nespanne, maar dit is nie doeltreffend vir die kleiner rasse nie. **(Red: Stem saam, kleiner rasse se kuikens kry nie vastrapplek in die pan nie en hulle bene spalk sywaarts oop sodat hulle na twee of drie dae glad nie hulle bene kan gebruik nie.)**

"Hoe kan 'n swart Strasser 'n bloue by die ouer duiwe wen?"

Hierdie opmerking het ek by 'n skou gedurende 1999 moes aanhoor, nogal van 'n bekende en daarby bekwame persoon in die sierduifsport. Ek het nie gereageer nie maar die opmerking in gedagte gehou, daaraan gedink en weer gedink.

Uiteindelik het ek tot die gevolgtrekking gekom dat dit in der waarheid geen doel dien om op sulke ongegronde opmerkings met 'n persoon te redeneer nie. Die rede vir so 'n opmerking is voor die handligend en ek laat dit aan u oor om te beslis.

Indien enige duif aan die standaard voldoen maak dit mos geen sin om teen hom te diskrimineer op grond van kleur nie. As u nie 'n duif van daardie besondere kleur het nie, aanvaar dit positief en laat toe dat die son op andere ook skyn en erken dat hy dalk beter is as die wat jy skou. Terloops, 'n rooi Strasser wyfie van my was by die 1999 kampioenskapskou as die beste ou Strasser geklassifiseer; nog 'n bewys dat regverdigheid tog geskied.

Moenie jou voorkeure eerste stel en dan afbrekende aanmerkings maak nie, ongeag die ras en dan nog meer - as 'n beoordelaar moet u te alle tye objektief en nie subjektief wees nie.

**Red: Vervolg volgende maand. Boland 100 punte**

## NOORD-TRANSVAAL STREEKNUUS

## ENKELE AKTIWITEITE VIR DIE JAAR DEUR CHRIS DE BRUIN

Tydens die pas afgelope Bestuursvergadering gedurende Januarie 2000 aan huis van Willie van Zyl is verskillende aktwiteite vir hierdie jaar bespreek. Ondergenoemde datums kan maar solank deur die betrokke lede op hul almanak aangebring word.

**19 Februarie**

Bestuurdevergadering en daarna 'n duiwedag aan huis van Johan en Marlene Coetzee. Die dag sal afgesluit word met 'n gesellige saamkuier.

**21 Maart**

Herstel van skou- en loophokke en weer eens sal daar ook gesellig

Blaai na 24

# Skouprogram - Show Programme

*van die/ of the*

## 2000 Nasionale Kampioenskapskou
## 2000 National Championship Show
## Paarl

*Aangebied deur / Presented by*

*WP Sierduifstreek / WP Fancy Pigeon Region*

*(Gestig - 1943 - Founded)*

### Westelike Provinsie Streekkomitee - WP Regional Committee

*Ere-Presidente / Honorary Presidents*

CJ Koen, CG Wrensch, PM le Roux

*President*

NAK Smit - 021-887 2003

*Visepresident / Vice President*

DC Taljaard 021-851 6478

*Sekretaris/Tesourier / Secretary/Treasurer*

JH de Jager 021-591 8993

*Skousekretaris / Show Secretary*

A Nigrini 021-975 4523

*Skoubestuurder / Show Manager*

CG Wrench 021-939 7630

*Trofeemeester / Throphy Master*

DST Bland 021-785 1829

*Streekverteenwoordiger / Regional Representative*

DC Taljaard 021-851 6478

*Reklamebeampte / Publicity officer*

NAK Smit 021-887 2003

*Beoordelaarsbeampte / Judges Officer*

CG Wrench 021-939 7630

# Verwelkomingswoord

## deur die President van die WP Sierduifvereniging - NAK Smit

**It** was in the shade of Table Mountain that Norman Verwey and his committee came together to form the South African Fancy Pigeon Club in 1943. We salute these gentlemen, because without their enthusiasm there would not have been a Fancy Pigeon Association.

In die WP en Boland was drie van die bekendse Gros Mondain telers, naamlik Chrisjaan Rossouw, Stewart Torrance en Henry van der Merwe en daar was geweldige kompetisie in die sewentiger en tagtiger jare. Uit hierdie stoete het ek my Kampioenduif in 1987 geteel.

Ses lede van die WP het reeds die Kampioenduif vertoon, naamlik Ben Ricketts in 1974, NAK Smit in 1987, Bertie du Toit in 1990, Jas van Niekerk in 1995, Pierre le Roux in 1998 en At Nigrini in 1999. Onvergeetlike oomblikke. Die vraag op almal se lippe is wie gaan die Millennium Kampioen vertoon? 'n Span word moeilik op sy tuisveld geklop.

Vir die derde keer sal die 54ste kampioenskapskou in die Paarl plaasvind. Die Paarl beskik oor 'n interessante geskiedenis, want dit is waar Afrikaans in 1875 ontstaan het met die publisering van die koerant "Die Patriot" Dit is hoofsaaklik 'n wingerdstreek en die KWV is ook hier gesetel. Dit beskik oor die langste hoofstraat in Suid-Afrika, wat toegeskryf kan word aan die ontwikkelings langs die Bergrivier. Die reeds bekende Bergrivier kanovaart begin jaarliks in die Paarl. Die granietrif op Paarlberg, genaamd Paarl Rock, is na Ayer's Rock in Australië die tweede grootste granietrif in die wêreld.

I would like to thank each and every member and his family for their support and hard work. Without your support this show would not be possible. May our love for fancy pigeons never fade, but go on forever.

Vergeet van die millenniumgogga en kom geniet 'n onvergeetlike skou in die hart van die Wynland. Die snoek is gevang, die tafels is gedek en die vate is gevul. Kom geniet 'n skou soos net die WP kan aanbied. Mag u veilig reis en mag ons Hemelse Vader u beskerm. Mag ons trots wees op die wenners en mag almal voortaan net PROVINCE skree!

Ons sien u in die Paarl.

### Spesklubs vergaderings Vrydag 7 Julie 2000

| 0800 - 0900 | 09:15 - 10:15 | 10:30 - 11:30 | 11:45 - 12-45 |
|---|---|---|---|
| Bodemtuimelaars | Homers | Blaasduiwe | Mookees |
| Botternekke | Sjinese Uile | Kartelrue | Raadshere |
| Nonne | Waaiersterte | Strikduiwe | Norwich Kroppers |
| Troetelduiwe & Trompetters | Skaarsrasse | Tuimelaars | Sponsduiwe |
| Modenas | | Indiese Waaiersterte | |
| Swaarrasse | - | AS Racers | Birmingham Rollers |

## Lemoenkloof Guest House

A National Monument just around the corner
396A Main Straat, Paarl 7646
Tel 021-8723782 / 8727520 / 8727532
Fax: 021-8723782 (ask for Fax)
Single room with Bath R295 pn
Double Room with Bath R235 pppn sharing
Including breakfast

## Berghof

A haven of peace and beauty
Monte Christo Avenue, Paarl 7646
Tel 021-8711099 Fax 021-872126
Single room with Bath R295 pn
Double Room with Bath R225 pppn sharing
Including breakfast

## Le Pommier Country Lodge & Restaurant

Cape hospitality at its best
Banhoek Valley, Helshoogte Pass, Stellenbosch
P.O. Box 6116, Uniedal 7612
Tel 021-885 1561
Single room with Bath R310 pn
Double Room with Bath R275 pppn sharing
Including breakfast

## Pontac Estate Hotel - Garni

Below Paarl Rock dating back to 1723
16 Zion Street, Paarl 7646
Tel 021-887240445 Fax 021-8720460
Single room with Bath R345 pn
Double Room with Bath R245 pppn sharing
Including breakfast

## d'Ouwe Werf Country Inn (1802) & Restaurant

The oldest excisting inn in South Africa
30 Church Street, Stellenbosch 7600
Tel 021-8874608: Fax 021-8874626
E-mail: ouwewerf@iafrica.com
Single room with Bath R480 pn
Double Room with Bath R355 pppn sharing
Including breakfast

## Oak Tree Lodge

At the foot of Paarl Rock
32 Main Street, Paarl 7646
P.O. Box 2726, Paarl 7620
Tel 021-8632631 Fax 021-8632607
E-mail: baudewig@iafrica.com
Single room with Bath R240 pn
Double Room with Bath R160 pppn sharing
Including breakfast

## Villa Tusca

Ideally situated to explore the winelands
8 Stirling Street, Paarl 7646
Tel 021-8728222 Fax 021-8728222
Cell 082 495 4276
Single room with Bath R195 pn
Double Room with Bath R160 pppn sharing
Including breakfast

## Zomerlust Gastehuis

In the historical centre of Paarl.
193 Main Street, Paarl 7646
Tel 021-8722117 Fax 021-8728312
Single room with Bath R195 pn
Double Room with Bath R165 pppn sharing
Including breakfast

## Die Ou Gewelhuis Guest House

Enjoy Cape Dutch Architecture at the sea
11 Van Ryneveld Street, Strand 7140
P.O. Box 1070, Strand 7139
Tel 021- 8544054: Fax 021-8544055
E-mail: gewels@global.co.za
Single room with Bath R185 pn
Double Room with Bath R165 pppn sharing
Including breakfast

## De Wingerd Wijnland Lodge

Panaramic Views over Paarl Valley
7 Waltham Cross Street, Paarl 7646
Tel 021-8631994 Fax 021-8631995
E-mail: wingerd@icon.co.za
Single room with Bath R315 pn
Double Room with Bath R420 pppn sharing
Including breakfast

# Skouprogram - Show Programme

| WOENSDAG | 5 / 7 / 2000 | WEDNESDAY |
|---|---|---|
| Inhok van duiwe | 06:00 - 21:00 | Penning of Pigeons |
| Beoordelaarsessie | 08:00 - 11:45 | Adjudication Session |
| Video vir Kinders | 09:00 | Video for children |
| Middagete | 12:00 - 13:00 | Lunch |
| Video vir kinders | 13:00 | Video for children |
| SBK Vergadering | 13:00 - 14:20 | CJC Meeting |
| UK Vergadering | 14:30 - 17:30 | EC Meeting |
| Amptelike opening van skou | 18:00 | Official opening of show |
| Aandete | 18:30 | Dinner |
| Sale sluit | 21:00 | Halls close |

| DONDERDAG | 6 / 7/ 2000 | THURSDAY |
|---|---|---|
| Inhok van duiwe | 06:00 - 08:30 | Penning of Pigeons |
| Beoordeling begin | 09:00 | Judging commences |
| Video vir kinders | 09:00 | Video for children |
| Middagete | 13:00 - 14:00 | Lunch |
| Beoordeling hervat | 14:00 | Judging continues |
| Video vir kinders | 14:00 | Video for children |
| Demonstrasie | 14:30 | Demonstrations |
| Beoordeling van beste duiwe | 16:30 | Judging for best pigeons |
| Sale sluit | 18:00 | Halls close |
| Aandete | 18:00 | Dinner |
| Algemene Jaarvergadering | 19:00 | General Annual Meeting |

| VRYDAG | 7 / 7 / 2000 | FRIDAY |
|---|---|---|
| Sale open | 06:00 | Halls open |
| Toetsing van nuwe beoordelaars | 08:00 - 10:00 | Testing of new judges |
| Spesklubvergaderings | 08:00 | Specialist Club meetings |
| Video vir kinders | 09:00 | Video for children |
| Middagete | 13:00 - 14:00 | Lunch |
| SBK Vergadering | | CJC Meeting |
| UK Vergadering | 15:00 - 17:00 | EC Meeting |
| Sale sluit | 17:00 | Halls close |
| Prysuitdelingsfunksie | 19:00 vir 19:30 | Prize giving function |

| SATERDAG | 8 / 7 / 2000 | SATURDAY |
|---|---|---|
| Sale open | 06:30 | Halls open |
| Verwydering van duiwe | 07:30 | Removal of pigeons |

# Beoordelaars / Judges

## Kampioenskapskou - SA - Championship Show

| Seksie/Section | Ras/Breed | Beoordelaar/Judge |
|---|---|---|
| 1. | Norwich Kroppers | Ds Renier Lee |
| 2. | Brunners | Cyril Jasper |
| 3. | Ander Blaasduiwe | Quinten Oosthuyzen/Dr Koot Serfontein |
| 4. | Kings | Karel Reyneke |
| 5. | Gros Mondains | Karel Reyneke |
| 6. | Runts | Karel Reyneke |
| 7. | Carriers | Johan de Bruin |
| 8. | Dragoons | Cas de Waal |
| 9. | Mookees | Corrie van Reenen/Dick Hattingh |
| 10. | Nonne | Lou Brits |
| 11. | Afrikaanse Troetelduiwe | Dr Koot Serfontein |
| 12. | Trompetters | Dr Koot Serfontein |
| 13. | Gazzi Modenas | Lourens Muller |
| 14. | Schietti Modenas | Lourens Muller |
| 15. | Waaiersterte | Bob Phillips (Canada) |
| 16. | Raadshere | Pierre le Roux |
| 17. | Eng C/L L/F Tumblers | Charles Marais |
| 18. | Eng Muffed Tumblers | Bertie Wessels |
| 19. | All other Tumblers | Corrie van Reenen |
| 20. | Satinette/Blondinette | Stewart Patterson |
| 21. | Afr Owls, Turbits, etc | Cas de Waal |
| 22. | Sjinese Uile | Stewart Patterson |
| 23. | Kartelrue | Wynand Wessels |
| 24. | Birmingham Rollers | Christo Munnik |
| 25. | German Beauty Homers | Johan de Bruin |
| 26. | SA Skouposduiwe | Wikus Prins |
| 27. | American Show Racers | Pierre le Roux |
| 28. | Alle ander Homers | Johan de Bruin |
| 29. | Bodemtuimelaars | Bertie Wessels, Hansie Botes, Barnard Steyn |
| 30. | Skaarsrasse | Chris van der Walt |
| 31. | Skaarsrasse | Danie Geldenhuys |
| 32. | Indiese Waaiersterte | Neels le Roux |
| 33. | Kleurduiwe | Kobus Snyman |
| 34. | Junior Seksie | Ken Garrod |

**Hoofbeoordelaar: Ken Garrod** **Alternatief: Dr Koot Serfontein**

# Belangrike Inligting ivm die Kampioenskap Skou
# Important information re the Championship Show

**Sluitingsdatum vir inskrywings is 26 Mei 2000. Geen laat inskrywings sal aanvaar word nie.** Gebruik asseblief die ingeslote inskrywingsvorm vir inskrywings, etes en verblyf in die koshuis. Geen telefoniese besprekings is nodig vir verblyf in die koshuis nie. Dit word verkies dat alle gelde inbetaal sal word. Die depositostrokie moet die inskrywingsvorm vergesel.

Dit is **belangrik dat u u Streek op die inskrywingsvorm aandui.**

Gebruik die **1998-2000 skouskedule.**

**Rigtingaanwysers** sal die pad na die skouterrein aandui. Vanaf Kaapstad en Worcester neem die Main Road afrit op die N1.

Duiwe kan eers vanaf **Maandag 3 Julie 2000 ingehok word.**

'n **Kontant Snoepie** sal reeds vanaf Maandag 3 Julie 2000 beskikbaar wees vir u rekening.

Woensdagaand word die **skou geoepen** deur die Primier van die Wes-Kaap, Minister Gerald Morkel en u sal op 'n tradisionele snoekbraai getrakteer word. Indien u nie snoek verkies nie, sal wors beskikbaar wees. **Dui u keuse op u inskrywingsvorm aan. Wyn word verskaf.**

'n **Wynveiling** sal op Woensdagaand 5 Julie 2000 plaasvind waarvan die opbrengs aan liefdadigheidsorganisasies geskenk sal word. Bring dus sakke vol geld en ondersteun 'n goeie doel.

Op Vrydagaand vind die **prysuitdelingsfunksie te Parc Du Cap, Durbanweg, Bellville** plaas om 19:00 vir 19:30.

Geen persoon mag duiwe **voor 07:30 op Saterdag 8 Julie 2000 verwyder nie.**

## Verblyf/Akkommodasie

1. **Verblyf in die koshuis by Paarl Gimnasium** is beskikbaar @ R40,00 per persoon per nag (ontbyt ingesluit) vanaf Maandag 3 Julie 2000. Bring aub eie beddegoed. U hoef geen telefoniese bespreking te doen nie. Dui aan op u inskrywingsvorm watter tipe kamer u verkies (1, 2 of 4 beddens) en sluit die bedrag in. Dui aan met wie u wil deel.

2. Daar is **geen karavaanstaanplekke** beskikbaar by Paarl Gimnasium nie.

3. **Alternatiewe verblyf** is by hotelle en gastehuise beskikbaar soos in die advertensies gesien kan word. U moet asseblief self die nodige reëlings tref en onthou om vroegtydig te bespreek

**Closing date for entries is 26 May 2000. No late entries will be accepted.** Please use the entry from for entries, meals and accommodation in the hostel. No telephonic reservations for accommodation in the hostel are necessary. It is preferred that all money be deposited. The deposit slip must accompany the entry form.

It is **important that you indicate your Region on the entry form.**

Use only the **1998-2000 show schedule.**

**Direction indicators** will indicate the road to the show hall. From Cape Town and Worcester take the Main Road turn off on the N1

**Penning of pigeons** will only be allowed from **Monday 3 July 2000.**

A **Cash cafeteria** will be available from Monday 3 July 2000 for your account.

On Wednesday evening at 18:00 the **show will be opened** by the Premier of the Western Cape Minister Gerald Morkel. There is a choice between snook and sausage. **Please indicate your choice on you entry form. Wine will be served.**

A **wine auction** will take place on Wednesday evening 5 July 2000. The income will be donated to charity organizations. Bring lots of money and support a good cause.

On Friday evening the **prize giving function will take place at Parc Du Cap, Durban Road, Bellville** at 19:00 for 19:30

No Persons will be allowed to remove pigeons **before 07:30 on Saturday 8 July 2000.**

## Accommodation

1. **Accommodation is available in the hostel at Paarl Gymnasium** @ R40,00 per person per night (breakfast included) from Monday 3 July 2000. Please bring your own bedding. No telephonic reservations are necessary. Indicate on your entry form what kind of room you prefer (1,2 or 4 beds) and include the amount. Indicate with whom you want to share.

2. **No caravan sites** will be available at Paarl Gymnasium.

3. **Alternative accommodations** is available at the hotel and guest houses as advertised. Please make your own arrangements and remember to make your reservations well in advance.

**Noord-Tvl vanaf bls 17**

saam gekuier word by Johan en Marlene Coetzee.

'n Beroep word op alle Noord-Transvaallede gedoen om die twee byeenkomste te ondersteun en te kom saam kuier. Natuurlik is die hele gesin betrokke.

Bestuur het ook kennis geneem dat telers in die Noordelike Provinsie, onder leiding van Ds L du Toit besig is om die stokperdjie daar te bevorder en dat hulle beoog om 'n wyk daar te vestig wat sal deel uitmaak van Noord-Transvaal. Hierdie pogings en inisiatief word natuurlik ten volle ondersteun.

Die Noord-Transvaal Streek-skou word hierdie jaar op 20 Mei 2000 by die Pretoria Internasionale Skougronde aangebied en die komitee is reeds besig om dit 'n groot geleentheid te maak waarby die hele familie betrek kan word. Daar is ook alreeds skenkings belowe en ek wil Johan Coetzee bedank vir die skaap wat hy geskenk het om uitgeloot te word.

Onderhandelings is tans ook aan die gang met ander vere-vriende in 'n poging om 'n gekombineerde skou aan te bied van alle voël en duifsoorte. Hierdie ideaal kan binne die volgende jaar of twee 'n werklikheid word en hier wil ek in besonder vir Roelf Buitendag en Willie van Zyl bedank vir hulle waardevolle insette.

Met so 'n bestuurspan en lede waaroor Noord-Transvaal tans beskik, kan dit nie ander as om goed te gaan nie en word daar net goeie vooruitsigte vir die toekoms voorspel.

Chris de Bruin

**Red: Probeer om belangrike datums langer vooruit te verskaf. So byvoorbeeld het die Jan/Febr 2000 uitgawe reeds 31 Desember 1999 gesluit.**

*Westelike Provinsie Nuus*

## Namibiërs kuier in Stellenbosch deur NAK Smit

Sondagoggend 5 Desember 1999 was ek en Karen douvoordag aan die gang want die Namibiërs naamlik Tinus Cocklin en Andre Botha van SWA Boerdery het kom Giants en Carneaux koop en dan het hulle nog 'n man saamgebring wie se liefde eintlik hoenders is.

Daar is lekker gesels, duiwe is uitgepak, kommentaar is gelewer en so meer.

SWA Boerdery het nou een van my broeipare Carneaux gekoop en vir die eerste keer sal daar nou Carneaux in Namibia wees. Hulle behoort goed te broei want beide duiwe is tussen een en twee jaar oud. Vir my lyk dit egter of die Carneaux die beste broei so op die ouderdom van om en by vier jaar.

Hulle het ook 5 Giants gekoop want ek is besig om my duiwe

Vervolg bls 25

## SWD kies bestuur vir 2000

Gerda van Greunen skrywe soos volg:

Die laaste vergadering van die SWD Sierduifstreek is gehou te Fosters Folley, gastehuis en tuiste van Pieter en Natalie Neetling en die nuwe bestuur wat verkies is sien soos volg daaruit:

Ere-President: AJ van Greunen
President: Pieter Neetling
Visepresident: JC Barnard
Sekr/Tesourier: Natalie Neetling
Beoordelaarsbeampte:
Arthur Muller
Skakelbeampte:
Gerda van Greunen
Skoubestuurder: JC Barnard
Hulp Skoubestuurder
Ina Barnard
Skousekretaris: JC Barnard
Jeug Organiseerder: A Viviers
Streekverteenwoordiger:
Johan Viviers
Add Lede:
Peet en Phil de Klerk

Verder hoop ons dat die jaar 2000 'n beter broeijaar sal wees. Ons het in 1999 baie probleme ondervind, meestal agv weersomstandighede, geil eiers, ens. As gevolg daarvan sal die SWD nie veel jongduiwe beskikbaar hê nie vir die jongduifseisoen. Ons hoop nogtans om ons kant te bring veral met die streekskou en die kampioenskapskou.

Beste wense vir 'n voorspoedige 2000 aan al die sierduiftelers landswyd.

Gerda van Greunen

**SWD verdien 65 punte**

**Namibiërs kuier vanaf bladsy 24**

drasties te verminder. Ek is nie meer lus om met horde duiwe te teel nie.

Ons het lekker koffie gedrink en Karen het by ons aangesluit. Ek het vir hulle ook die nuutste standaard en 'n foto van die ideale Carneaux, asook 'n skrywe van die sekretaris van die VSA Carneauxklub saamgegee.

Toe hulle die kratte gaan haal, het hulle teruggekeer met 'n pak wildsbiltong. Baie dankie. Hierna is die duiwe gepak en is hulle vort na Pierre en At.

Dankie vir die heerlike besoek en ek hoop julle teel hope kuikens met die duiwe.

Nou so iets oor my streek. Ek twyfel of daar nog so 'n aktiewe streek in die land is. As daar na my Presidentsverslag gekyk word, sal WP beslis met die louere wegstap. Plaas dit asseblief in die nuusbrief want ek is trots om die president van die WP te wees.

Nak.

**W.P. verdien 25 punte.**

## *Verslag van NAK Smit as President van die Westelike Provinsie*

Ons het 1998 afgesluit met ons gebruiklike jaareindfunksie en die opkoms was oorweldigend

Ons het in 1999 afgeskop met 'n baie geslaagde duiwedag aan huis van die uwe. Ek dink dit was die vierde agter opeenvolgende jaar. Dit was baie warm die dag en teen die aand het die wind ons byna weggewaai. Tog het ons 'n heerlike potjie geniet.

Ons het seker een van die lekkerste streekskoue aangebied met 'n heerlike prysuitdelingsete waar die dames en mans lekker saamgewerk het om 'n sukses van die geleentheid te maak. Ek wil graag my dank oordra aan At, Dirk, Donald, Diane, Heather en Karen.

Ek het 'n lekker Boland Jongduifskou te Worcester bygewoon waar die Steyns en Geldenhuyse ons behoorlik onthaal het.

Tussen my, Dirk en At het ons oor etlike maande die beplanning van die kampioenskapskou behoorlik deurgetrap voordat ons al die lede betrek het. Ek dink deur die groot aantal vergaderings wat ons belê het het ons 'n baie beter beplande agenda daargestel vir ons eerste gesamentlike vergadering op 14 Augustus 1999.

Vir die derde agtereenvolgende jaar het ons 'n heerlike kaas en wyn aand by my huis aangebied.

Asgevolg van die beplanning rondom die kampioenskapskou het daar nie veel besoeke aan lede plaasgevind nie.

Ek en Dirk het ook die Porterville Landbouskou bygewoon. My dank aan die Groenewalds waar ons oornag het.

Die Kampioenskapskou te Welkom het weer eens bewys dat van ons beste duiwe in die WP aangetref word, daarvan getuig die uitslae.

## Uitslae van Streekskoue.

Streke se aandag word daarop gevestig dat streekskou-uitslae onmiddellik na afloop van die skoue, deur gefaks kan word aan 051-4331845. Daar is geen rede waarom alle skoue, uitgesluit die wat in Junie gehou word, nie betyds vir die Mei/Junie uitgawe ontvang kan word nie.
Streke is verlede jaar geskakel, maar vanjaar gaan dit nie gedoen word nie. Die onus rus dus op die betrokke streekkomitee. Uitslae wat nie die Mei/Junie uitgawe haal nie, sal nie punte vir die streek verwerf nie, uitgesluit skoue wat in Junie gehou word. Junie-skoue se uitslae sal saam met die SA's se uitslae gepubliseer word.
Streke word ook uitgenooi om fotos van die wen duiwe of sosiale gebeure vir publikasie in te stuur.
Let daarop dat die fotos met kontrasterende agtergrond geneem moet word vir beter reproduksie.
Laasgnoemde versoek is 'n staande uitnodiging want ons kort fotos.

'n Lekker Show Racer/Giant dag is aan huis van At en Diane gehou waar daar tot laataand gekuier is.

Ek het 'n groot aantal gastehuise te Paarl, Stellenbosch, Strand en Helshoogte besoek om verblyf en advertensies vir die kampioenskapskou te werf. Dit was opwindend en die reaksie positief.

Dankie aan die persone wat tydens ons skoue en duiwedae as beoordelaars opgetree het en aan die dames wat ons so getrou bystaan en ook aan Carina wat as my sekretaresse optree.

Daar is 'n heerlike aand aan huis van Pierre en Antoinette gespandeer waar die dames oor die komende kampioenskapskou vergader het en die manne lekker gebraai het.


Daar lê 'n reuse taak vir ons in 2000 voor en ek wil vir elkeen vra om saam te werk om 'n sukses van die kampioenskapskou te maak. Ek weet ek kan op u staatmaak.

Soos u kan aflei, kom ons te staan by die einde van 'n baie bedrywige jaar en wil elkeen net die beste toewens vir die jaar 2000.

Nak Smit

President: WP Streek.

**WP verdien 25 punte**



Mookeeklub

# Mookeeklub staan sterk met 32 lede

Ruben Kitching het lank laas geskrywe.

In die Mookeeklub met sy 32 telers gaan dit sommer baie goed. Almal betaal nie noodwendig ledegeld op datum nie maar beskik darem oor min of meer een van die volgende:

* 'n Mookeepet
* 'n Mookee-special (Teel-, skou- en stewarthandleiding)

en 'n besigheids/bestuursplan van die klub.

Nuusbriewe word gereeld uitgestuur. Manne wat nie hul ledegeld betaal het nie sal ongelukkig nie verder in al ons nuus en besluite kan deel nie.
Ledegelde beloop R20.
Lede kan nou reeds hulle R30, wat 5 spesiale ringe insluit, aan my pos. Die ringe sal by die SA's in die Paarl uitgedeel word of aan u gepos word as u nie in die Paarl was nie. Stuur vir my asseblief u bestelling en sluit u naam, telefoonnommer en adres in by die bestelling.
Wat betref die aanbeveling deur die klub aan streke vir beoordelaars van mookees, sal die klub dit waardeer indien besture die volgende beoordelaars sal aanwys vir 2000.

| | |
|---|---|
| NTVL | Danie Badenhorst |
| N-Wes | Attie van Aswegen |
| N-VS | Wikus Prins |
| TVL | Wikus van Niekerk |
| O-VS | Wikus Prins |
| O-TVL | Danie Badenhorst |
| WP | L Groenewald |
| Boland | L Groenewald |
| SWD | L Groenewald |
| Natal | Danie Badenhorst |
| VS | Wikus Prins |
| Griekwas | Lourens Muller |

Baie geluk aan Corrie van Reenen en Wikus Prins wat deur die klub aangewys is om ons mookees op die SA's in die Paarl te beoordeel. Die aanwys van stewarts en ander aangeleenthede sal mettertyd tussen die here en die dagbestuur van die klub uitgesorteer word. Dit word gedoen om absolute eerlikhe in die toekoms te bewerkstellig.
Betaalde lede kan intussen ook die name van twee beoordelaars vir die SA's van 2001 en vir streekskoue vir 2001 deurstuur vir voorlegging op ons Ledevergadering in die Paarl. Skriftelik asseblief.
Ander mookee nuus is dat die belangstelling in ons kompetisie aan die toeneem is.
Ek wag op 'n antwoord van Deon Bence van Oudtshoorn wat tydens die kampioen-

skapskou belowe het dat hy my sal kontak. Leendert het intussen na Worcester verhuis en ek hoop hy kry sy kampioene betyds reg. Dan wonder ek ook wat van Dick Hattingh geword het. Wanneer sien ons julle weer op 'n skou? In my hokke het dit vanjaar seker die beste nog gegaan in die sewe jaar dat ek mookees teel. Ek het 270 kleintjies gering waarvan ek tans so 80 uitgehou het vir skoudoeleindes. Ek het heelwat 2 x 2 duifies geteel wat mooi kort is, die dekvere die rug mooi toemaak en die borse pragtig prominent is en die skouers van die vlerke mooi toemaak. Die aksie is ook mooi en die duiwe staan nie onnodig hoog op hulle bene nie en wat ek veral bly oor is en wat by my duiwe reggekom het is

* Die breuke is uit die mane
* die onderbekke van my bruin gebalkte en duns is nou ook standaard, dws horingkleurig en donker.

Die klub vra:

Doen jou eie beoordeling onafhanklik van ander se menings.

Laat die wen mookee jou keuse wees en nie iemand anders s'n nie.

Wees net eerlik en kyk dat jou stewarts nie inmeng nie en ons duiwe reg hanteer.

Gee jou kommentaar en opmerkings na die tyd vir ons en nie tydens beoordeling nie.

Ten slotte wil ek al ons lede van die SASV 'n geseënde 2000 toewens. Geniet die voorreg om duiwe te mag hê en te kan skou en dank die Here onophoudelik hiervoor. Bid liewers vir mekaar en vir dit waarmee u besig is dat u en ek genade mag vind om vir mekaar tot seën te wees. Van my mookees sal weer vanjaar tydens die SA's te koop wees. As u belangstel, laat my asseblief weet.

Ruben.

**Noord-Transvaal verdien 20 punte.**

## Nak Smit ontvang besoeke van talle duiweboere

NAK skrywe dat die eerste besoek afgelê is deur Koos Marais. Hulle het verskeie duiwe besigtig maar wat veral getref het is twee jong grizzle show racers. Die pa van die duiwe is 'n broer van die een waaruit At sy kampioen van verlede jaar geteel het. Nak skrywe dat die duiwe kort, wigvormig en uitstekende frontals het met sterk bekke en pragtige houding. Hy is van mening dat die twee jonges in 'n klas van hulle eie is.

Nak sê hy is van mening dat hulle in die Kaap bevoorreg is om 'n man soos Koos in hulle midde te kan hê

Dr Koot Serfontein het ook by hom kom inloer en was ook beindruk met 'n paar van sy jonge duiwe.

Quinten en Bronwen Oosthuyzen van die Baai het ook 'n draai by hom kom gooi. Daar is na die duiwe gekyk en koffie gedrink.

Al hierdie besoekers was ook besonders beindruk met die nuwe tekening van die Carneaux standaard wat uit die VSA ontvang is. Nak skrywe dat dit altyd heerlik is om besoekers van elders by hom aan huis te ontvang.

## Dit is 'n uitdaging om jong duiwe te klas en op te paar.

Peet Botha het die volgende artikel saamgestel

### 1. Inleiding

Hierdie inligting is saamgestel om waaiersterte te klas en te paar maar kan ook op ander duiwe van toepassing gemaak word. Dit is 'n proses en nie 'n enkel geleentheid nie.

### 2. Klas of uitsoek

Dit kan eers plaasvind na ververing. Jong duiwe kan tot twee jaar neem om ten volle te ontwikkel.Hou ook altyd addisionele duiwe om die aan te vul wat nie bevrug nie.

Almal weet dat daar slegs enkele ideale duiwe elke jaar geteel word, maar verder moet duiwe met spesifieke kwaliteite behou word om die stoet aan te vul. Ons teel mos vir spesifieke kwaliteit.

### 3. Kwaliteite wat waarde tot die stoet kan toevoeg

Hier volg 'n lys van spesifieke onontbeerlike kwaliteite:

Kopplasing

Grootte van duif

Balans: Uitstaande, vorentoe bors

Beenplasing wat deel vorm van die vorentoe bors.

### 4. Afwykings wat tot uitskot lei

Indien afwykings voorkom, lei dit tot sumiere uitskot:

Skewe kop of stert

Dik vlerkinset

Klein stert

Balans probleem

Been plasing te ver na agter

Sagte stert veergehalte

**5. Kleure**

As te veel van 'n sekere kleur geteel word kan die duiwe gebruik word om ander kleure waarvan die tipe swakker is aan te vul.

**6. Addisionele duiwe**

Vir 15 teelpare kan tot 10 addisionele duiwe met spesifieke kwaliteite uitgehou word.

Duiwe kan later in die broeiprogram gebruik word of om nie-bevrugting of nie lê aan te vul.

Moet nie oorhaastig wees om duiwe uit te skot nie - dit is 'n tydsame proses.

Dit kos wel geld om addisionele duiwe aan te hou, maar duiwe moet kans gegee word om ten volle te ontwikkel

**7. Kondisie**

Hou duiwe die hele jaar in 'n goeie kondisie.

Behandel voorkomend volgens program en skedule

Gee genoeg en deurlopend vitamine om die ontwikkeling van jong duiwe te bevorder

**8. Paring**

Begin parings reeds 6 maande voor die broei-seisoen en kies ook alternatiewes.

Volg wetenskaplike benadering om gene poel te benut.

Paar duiwe wat mekaar se kwaliteite aanvul.

Peet Botha.

**Tvl verdien 100 punte.**

# Motions
# Mosies

Kennis geskied hiermee dat die volgende Grondwetwysigings vir goedkeuring aan die AJV van Julie 2000 voorgelê gaan word.

**Art 6.3 lees soos volg:**

"Die dagbestuur van die uitvoerende komitee bestaan uit die president, visepresident, sekretaris, tesourier en beoordelaarsbeampte."

**Wysiging:**

"Die dagbestuur van die uitvoerende komitee bestaan uit die president, visepresident, sekretaris, tesourier, beoordelaarsbeampte, ringmeester en redakteur."

**Art 6.7.3. lees soos volg:**

"Drie lede van die uitvoerende komitee vorm 'n korum."

**Wysiging**

"Vyf lede van die uitvoerende komitee vorm 'n korum."

**Art 10.2.2. lees soos volg:**

"Lede van spesialiteitsklubs moet lede van die vereniging wees en die reëls van hierdie ...."

**Wysiging**

"Lede van spesialiteitsklubs moet lede van die vereniging wees, uitgesonder oorsese lede van ander duiwe assosiasies. Die reëls en regulasies van hierdie ....."

**Artikels 10.3.2., 10.3.3. en 10.3.4. word in die geheel geskrap.**

Notice is hereby given of the following changes of the Constitution at the next AGM in July 2000

**Art 6.3. reads as follows**

"The management committee of the assocation consists of the president, vice-president, secretary, treasurer and Judge Representative."

**Amendment:**

"The management committee of the Excecutive Committee consists of the president, vice-president, secretary, treasurer, judges representative, ring master and editor."

**Art 6.7.3. reads as follows:**

Three members of the excecutive committee will form a quorum"

**Amendment:**

"Five members of the excecutive committee will form a quorum."

**Art 10.2.2. reads as follows**

"Members of the speciali clubs must also be members the association and the rules and regulations of the clubs ...)

**Amendment**

"Members of specialist clubs must also be members of the assocation, excluding overseas members of other pigeon associations. The rules and regulations of the ...."

**Articles 10.3.2., 10.3.3. and 10.3.4. will be deleted in the total.**

**Artikel 10.3.5. word artikel 10.3.2. en soos volg gewysig**

"Die streekverteenwoordiger van elke streek is verantwoordelik vir reklame in sy streek en moet jaarliks aan die uitvoerende komitee daaroor rapporteer. Die streekverteenwoordiger moet jaarliks voor 31 Mei skriftelik verslag doen oor die aktiwiteite van sy streek aan die sekretaris wat 'n verslag vir die algemene jaarvergadering sal saamstel."

**Artikel 10.3.6. word hernommer na 10.3.3.**

**Article 10.3.5. changed to article 10.3.2. and will be amended as follows:**

"The regional representative is responsible for promoting the association within his region and must report annually to the executive committee in this regard. Before 31 May the regional representative must report about the activities in his region in writing to the secretary who will compile a report for the annual general meeting."

**Article 10.3.6. changed to 10.3.3.**


## Akker Boontjies

**Rouxtjie Roux van Ventersburg het akker boontjies teen R1,50 per kg of R75 per 50 kg beskikbaar. U kan hom besoek op Rondebossie naby Ventersburg of u bestellings plaas vir aflewering te Welkom Skougronde tydens Noord-Vrystaat se streekskou.**

**Telefoon 057-6514797**


# Uitslae van die Landbouskou te Bethlehem 27-29 Januarie 2000

Annatjie Loubser

Ons het 'n groot werkersdag op 8 Januarie 2000 gehad. Die hokke moes uit die groot saal verskuif word na die klein saaltjie vir die Landbouskou. Baie dankie aan almal wat kom help het. Spesiale dankie aan Johann Loots en sy seun Arno. Johann was siek en sou glad nie kom nie, maar het tog opgedaag. Ons waardeer jou moeite.

Die duiwe het vanjaar baie vroeg begin verveer. Die nat weer het ook nie gehelp om duiwe vir die skou voor te berei nie. Die vliegduifboere het gekla hulle duiwe bly broes en dus sou hulle nie kom skou nie.

Ons het vir Corrie van Reenen gevra om die beoordeling te doen. Daar was 271 duiwe in 45 rasse. Baie dankie aan almal wat gehelp het gedurende die skou, veral dankie aan Rientjie wat die meeste van die sitwerk in die saal gedoen het. Sy het ook al die sertifikate vir my geskryf omdat ek betrokke was by die skole-uitstalling en baie min by die duiwe gekom het.

## Die uitslae is soos volg:

Brunner - B Loubser; Skild Kropper - Dups Boerdery; Holle Kropper - Dups Boerdery; Hollandse Kropper - Dups Boerdery; Reversewing Kropper - B Loubser; King - Dups Boerdery; Gros Mondain - Dups Boerdery; Runt - J Loots; Carrier - J Loots; Mookee - SD Badenhorst; Non - A Loubser; SA Troetelduif - J Loots; Eng Trompetter - B Loubser; Schietti Modena - G van Beek; Waaierstert - Dups Boerdery; Eng K/G - J Loots; Weense K/G - J Loots; Weense L/G - Dups Boerdery; Botternek - B Loubser; Satinette - A Loubser; Blondinette - A Loubser; Sjinese Uil - SD Badenhorst; Kartelrug - J Loots; Duitse Skoonheids Posduif - SD Badenhorst; SA Skou Posduif - SD Badenhorst; AS Racer - SD Badenhorst; Eng Skou Homer - SD Badenhorst; Vliegduif - J Vosloo; Am Reuse Homer - J Loots; Eng Barb - J Loots; Couchois - J Loots; Veerpoot Ysduif - SD Badenhorst; Fairy Swallow - A Loubser; Starling - A Loubser; Deense Saubian - J Loots; Show Flight - J Loots; Silician Swallow - A Loubser; Am Reuse Runt - A Loubser; Indiese Waaierstert - J Loots; Lahore - J Loots; Magpie - J Loots; Strasser - J Loots; Polish Lynx - J Loots; Archangel - J Loots; Gimpel - J Loots.

**Kampioen Duif:**

Satinette van A Loubser

**Reserwe Kampioen duif:**

Schietti Modena van G van Beek.

Baie dankie aan OTK vir die duiwekos tydens die skou.

**Oos-Vrystaat verdien 106 punte**



**Koebaai 1999**. Op 13 November 1999 het die Noord-Transvaalstreek 'n lekker kuierdag by die huis van Chris de Bruin gehou.

Hy, Theresa, sy komitee en hul gades, Roelf en Elbie Buitendag, Willie en Gerda van Zyl, Johan en Marlene Coetzee, Manie en Hymie Backenberg en Walter Molderhauer het besluit om 1999 op 'n lekker hoë noot af te sluit. Hoë noot was dit gewis. Die opkoms was verbasend en die dag lekker gesellig. Daar is gekuier en gesels - van duiwe (natuurlik) tot wat alles beplan gaan word vir die jaar 2000. Daar is vleis gebraai, geëet en weer gekuier tot laat aand.

Daar was 'n paar nuwe gesigte, Jan en Joan Hepburn asook Hennie en Yvonne Beyers wat kom kennis maak het en saam kom deel het in die beplanning vir die nuwe jaar.

Nou is daar geen keer aan hierdie streek nie, daar gaan beslis ook altyd lekker familie-saamtrekke gehou word om 'n braaivleisvuur en hard gekuier word. So, die wat dink ons boer agteruit ... dink weer.

Almal op die foto wil aan die res van die SASV-familie 'n baie voorspoedige 2000 toewens.

(foto en brief ontvang op 28 Januarie 2000)

## Belangrike Kennisgewing vanaf die Beoordelaarsbeampte

### Beoordelaarsessie op 5 Julie 2000 vanaf 08:00 -11.45, dws die eerste dag van die Kampioenskapskou

| | | |
|---|---|---|
| 08.00 - 8:10 | Opening en verwelkoming | Lou Brits |
| 08:10 - 09:00 | Senior Beoordelaars | Pierre le Roux |
| 09:00 - 09:30 | Kleurpatrone en kleure | Dr Koot Serfontein |
| 09:30 - 10:00 | Finale beoordeling | Wynand Wessels |
| 10:00 - 11:00 | Algemene vrae oor beoordeling | Paneel |
| 11:00 - 11:45 | Samevatting en Afsluiting | Lou Brits |

# Nak Smit se possak is weer gevul

Nak is een van die aktiefste Streekpresidente as dit by die skryf van briewe kom. Hier volg van hulle

### Heengaan van Mev Van Noordwyk.

Namens die WP lede wil ek graag simpatiseer met oom Van Noorwyk en sy familie met die afsterwe van sy eggenote. Ons dink aan hom in hierdie donker dae.

### Klubhuis en kampioenskapskousake

Op Saterdag 22 Januarie is ek en Karen reeds vroeg na ons klubhuis om die skouhokkies op te stel en die plek in gereedheid te bring.

Om 18:00 het ons vergadering oor die kampioenskapskou begin waar verskillende sake bespreek is soos byv die aankoop en verkryging van draad, huur van sale, datums vir vervaardiging van skoutoerusting ensovoorts.

Dit was goed om weer 'n nuwe lid naamlik John de Jongh welkom te heet. John teel met gros mondains en ek gaan van my jong duiwe aan hom beskikbaar stel Ek vertrou hy gaan lank lid van die vereniging bly.

Na die vergadering het ons 'n duiwebespreking gehou. Daar was onder andere mookees, 'n carneaux, show racers en 'n satinette. Elke teler het die kans gehad om sy ras te bespreek terwyl kommentaar deur die ander lede gelewer is.

Intussen het die vuur lekker gebrand en Karen en Heather, die enigste twee van die skone geslag teenwoordig, het lekker gesels. Na die bespreking het almal om die vuur saamgetrek en daar is 'n verskeidenheid vleise gebraai.

Toe het die stilte oor die klubhuis neergedaal soos daar aan die braaivleis gesmul is. Daarna is daar opgeruim en Dirk en Heather het 'n koffie op Stellenbosch kom geniet.

Ons wil poog om weer soos vroeër jare minstens 1 keer per maand by mekaar te kom om 'n duiwebespreking te hou.

'n Goeie aand het ten einde geloop.

### Crocidile Dundee, Emu's en Show Racers

Ek het At reeds vroeg Donderdag 1 Januarie 2000 gekontak om 'n afspraak te maak om sy duiwe te besigtig.

Na 'n rondjaery Saterdag-oggend as gevolg van 'n diefstal Vrydagoggend is ek eers die namiddag na At.

Met my stilhou, sien ek hier sluip Crocidile Dundee in die tuin rond met 'n leerhoed op en Emu's loop in 'n kamp. Ek dog vir 'n wyle ek is in Australië, maar met die groetslag kom ek agter dit is At.

Ek het 'n aantal show racers geneem vir bespreking en aan die einde het slegs twee oorgebly, maar soos At sê met twee sulke kuikens kan jy net vorentoe gaan.

Toe is ons deur sy hokke en hy het duiwe in die skouhokke geplaas en daar is baie gepraat.

Later, droog van keel, is ons eers die huis in vir 'n lekker beker koffie.

Toe is ons met beker in die hand terug hokke toe om sy teelduiwe te besigtig.

Hier sit van die beste teelduiwe wat ek nog gesien het en soos At sê hy het nie meer nodig om in te voer nie en ek stem saam.

Na ons die aanbouery besigtig het het die tyd aangebreek om te groet.

Een spesifieke duif het werklik my oog gevang wat perfek by my teelprogram sal inpas en ek sal maar moet onderhandel om die duif by my beste wyfie vir 'n teelseisoen te plaas.

### Hoe word dit verklaar?

Seker een van my beste giant wyfies geteel uit my ingevoerde grizzle mannetjie het ek by verskeie mannetjies gehad sonder enige sukses. Die duif is reeds in 1996 geteel en al wat ek van haar kry is onbevrugde eiers.

'n Ruk gelede besluit ek om gros eiers onder haar te plaas sodat sy kuikens kan voer en dan sal ek haar nek trek aan die einde van die broeiseisoen.

Een gros broei uit en hulle voer die kuiken pragtig. Die kuiken klim later uit die nes en die wyfie lê weer. Na 'n paar dae besluit ek om weer eiers onder haar te sit. Groot was my verbasing toe beide eiers aangebroei is. Ek wag nou in spanning om te sien hoe gaan die kuikens lyk.

Nou glo ek werklik in die teorie om 'n duif te laat kuikens voer as die mannetjie wel vrugbaar is.

**W.P. verdien 65 + 20 = 85 punte.**

# Noord-Vrystaat pak weer Boekie deur Basie de Lange

Saterdag 2000/02/05 was die groot bymekaar kom te Hennenman aan huis van Noord-Vrystaat se President, Chris en Antionette alias "Turbo" de Beer.

Kobus en Bertha het alreeds die Vrydagaand gearriveer en kennis gemaak met die De Beers se gasvryheid. Vroeg die Saterdag oggend het die manne en vroue begin aankom vir die groot pak. Oos-Vrystaat se lede het ook opgedaag om te kom help asook "groot" Chris [illegible] Petra van den Berg met die tweeling wat in Chris se visdam van die dag se hitte ontslae geraak het.

Die manne en dames het net klaar gegroet en koffie gedrink toe Kobus vir Ben de Lange vra om asseblief die boekies en koeverte in sy motor te gaan haal. Getrou aan Ben se geaardheid is hy toe sommer dadelik daar weg motor toe, om minute later terug te keer met "Kobus die boekies is nie in die motor nie. Kobus: "Vra tog vir Bertha waar sy die boekies gesit het want sy het dit gelaai." Ben keer op sy hakke om na Bertha: "Bertha, Kobus vra wat jy met die boekies gemaak het?"

Bertha: "Maar Ben, ek het nie die boekies gelaai nie. Kobus [illegible]et waar die boekies is want [illegible]het dit gelaai."

Nou is Ben sommer lekker opgecharge op pad na Kobus toe. So in sy enigheid wonder hy of die Snymans nie dalk die boekies in Bloemfontein vergeet het nie. By Kobus aangekom, vra Ben: "Kobus hier is nou 'n helse fout want die boekies lê wragtig nog in Bloemfontein. Jy sal hulle moet gaan haal."

Toe kon almal dit nie meer hou nie en die sak patats word op die tafel geplaas. "Ben die boekies is in Chris se motorhuis. Ons trek net jou been. Ben was baie verleë tot groot vermaak van die ander lede.

Baie van die lede het eers later kom kuier aangesien hulle nog gewerk het Natuurlik het Kobus weer 'n sappige skaap op die spit gebraai en soos altyd in die verlede, was dit weer 'n groot sukses. Dankie, ou Kobus, jy mag maar. Met al die ander bykosse was dit 'n feesmaal en ek glo nie daar is een persoon wat honger daar weg is nie. Baie dankie, Antoinette en al julle dames, julle bly maar staatmakers.

Die middag is met 'n lekker gesels langs die huis in die koelte afgesluit. Daar is oor alles en nog wat gesels, selfs oor spoke en van 'n ou tannie wat loshande vir 'n foxterier weggehardloop het as die spook op haar hakke is.

Noord-Vrystaat wil al hul lede, asook die van ander streke, hartlik bedank vir 'n aangename dag se kuier en gesels. Ons glo dit het gekom om te bly.

Dankie weer eens aan Chris en Antoinette vir die gebruik van julle huis en julle gasvryheid. Ek glo almal wat die dag daar was het dit geniet. En die wat nie daar was nie, julle het op iets lekkers uitgeloose.

Basie de Lange.

**Red. Noord-Vrystaat verdien 65 punte.**



Ben de Lange van Wesselsbron het die hele ent pad na Hennenman gery om boekies te gaan pak. Daar aangekom moes hy verneem die boekies is weg. Hier probeer hy verduidelik dat daar geen teken van die boekies is nie en dat daar nou dadelik Bloemfontein toe gery moet word om die goed te gaan haal.

Corrie van Reenen, ons Visepresident is aan die woord oor die

## Wanversorging van duiwe.

In opdrag van die UK rig ek hierdie skrywe oor die wanversorging van duiwe.

Dit het onder die aandag van die UK gekom dat van ons lede nie altyd die nodige tyd en aandag aan hulle duiwe gee nie, met die gevolg dat die duiwe later verwaarloos en in swak toestande aangehou word, soms selfs vir dae sonder kos en water.

Die ongeskrewe reël bestaan tog dat as jy diere, duiwe, voëls, of wat ook al wil aanhou, dan moet mens darem ordentlik vir hulle KAN en WIL sorg.

Ongelukkig is dit so dat party mense met 'n stokperdjie begin, halsoorkop daarin dons en dan later vind dat hulle nie meer die lus, tyd of fondse het om ordentlik vir die diere of voëls te sorg nie, met die gevolg dat hoktoestande versleg en die duiwe daaronder ly.

**Ons duiwe het die reg om in gesonde higieniese toestande aangehou te word.**

Oor die versorging van duiwe wil ek nie weer uitwy nie want daaroor is al talle artikels geskryf, maar die wanversorging of mishandeling van diere en voëls bly 'n oortreding van die wet en daarom strafbaar met die wet.

Ek wil derhalwe 'n beroep op al ons lede doen om eerstens toe te sien dat jou eie duiwe en dan tweedens enige ander duiweboer met wie jy in aanraking kom, se duiwe ordentlik versorg word.

### Hoe kan ons dit doen?

1. Deur die lees van artikels oor die versorging van duiwe.
2. Deur lede te raadpleeg wat al lank met duiwe boer.
3. As jy by 'n lid se hok kom en die duiwe is verwaarloos, wys hom dan op 'n beskaafde manier daarop. Bied jou hulp aan en gee raad waar moontlik.

Die vereniging wil nie gr lede verloor nie, maar as daar na 'n ruk nie bevredigende verbetering by die betrokke lid se hokke intree nie, moet die toedrag van sake aan die betrokke streekpresident gerapporteer word wat die persoon dan kan besoek om



Die skaap is klaar gebraai en die groot opsaag het begin - foto geneem tydens die byeenkoms op Hennenman aan huis van Chris en Antoinette de Beer. Ben de Lange staan met sy rug na die kamera en heel regs is Jan Lombard. Chris en Kobus is by die saag besig.

hom te vergewis van die omstandighede. Hy kan dit ook aan die UK rapporteer wat moontlik verdere stappe kan neem om bv die persoon sy lidmaatskap te ontneem of selfs by die DBV te verkla.

Geen vereniging sal graag sulke drastiese stappe teen enige van sy lede wil neem nie, maar dit is die SASV, en in die besonder die sierduiftelers, wie se naam in die gedrang kom.

Ons kan nie langer ons oë vir hierdie euwel sluit nie, daarom doen ek dan ook nou 'n beroep op al ons lede om asseblief enige wanversorging van duiwe aan te meld.

Ek is jammer as ek dalk op tone trap maar vir die met 'n skuldige gewete, trek die skoen aan as dit jou pas, gaan maak reg wat verkeerd is sodat ons in liefde en vrede ons stokperdjie kan beoefen en geniet.

Corrie van Reenen
Visepresident: SASV

**Natal verdien 20 punte**

# My Mening oor die Arabiese Lagduif deur Lourens Muller

Na aanleiding van Simon Jordaan se skrywes in die afgelope nuusbriewe oor die standaard en veral oor die grootte, gooi ek hiermee 'n klip in die bos. Ek hoop iets spring uit.

**My mening.**

Daar is al baie vrae gevra rondom die grootte van lagduiwe. Dit het al tot argumente gelei. Ek onthou dit tydens 'n skou te Bethlehem. Rodney Stevens was die beoordelaar.

Die standaard sê die grootte van 'n kleinerige "Field Pigeon". Wie van ons het al 'n "Field Pigeon" deur Levi beskryf gesien?

Ek glo as ons telers die lagduif [illegible] die grote van 'n kleinerige Sjinese Uil, behoort ons nader aan die waarheid te kom. Kry die duiwe kort met 'n goeie breedte, 'n bors wat die vlerkrondings bedek.

Daar is niks so lelik soos 'n groot lang, smal Arabiese Lagduif nie. Gewoonlik loop hang en sabel vlerke daarmee saam.

Wat die gewig betref sal ek my nie baie bekommer nie.

Jy sal 'n kort breë duif kry van 300 gram en ook 'n lang smal een met dieselfde gewig.

**Die Tuft**

In Simon se skrywe oor die diskwalifikasies skryf hy oor die diskwalifikasie van 'n kappie of tuft. Wat my betref is 'n kappie en tuft twee verskillende eienskappe.

Die kappie kom op duiwe voor soos Nonne, Swallows, Afr. Toys, ens. Tuft is 'n vereklossie aan die voorkant van die kop soos by Eng. Trompetters.

Wat ons huidige standaard betref, word slegs gepraat van 'n kappie, wat 'n regstelling nodig het, lagduiwe het nie kappies nie.

In "Fancy Pigeon Standards" van Dennis Ison meld hulle dat vere op die bek 'n groot fout is.

**Nou vra ek?**

Die Arabiese Lagduif is volgens Ison die Arabian Trumpetter wat ek glo volgens sy manier van pronk so genoem word.

As my geheue my nie in die steek laat nie het Ben Ricketts die duiwe destyds ingevoer. **(Red. Korrek, Ben en Ann was die eerste telers van die duiwe in SA.)** Solank ek kan onthou was daar oor die jare baie lagduiwe met tufts

Waar kom dit vandaan?

Is dit nie eie aan die trompetterfamilie nie?

So ook die klein rosette wat sommige duiwe langs die bek het.

Ek sal graag die telers se mening wil hoor.

Ons moet in elk geval die duiwe teel volgens die standaard en daarom moet seker gemaak word dat die standaard reg is.

Die telers behoort bymekaar te kom, die standaard aan te pas en goedkeuring kry anders sal daar nog vir jare verskille wees.

Tydens die Kimberley Landbouskou het 'n voornemende teler baie vrae gehad na verskeie verskille asook omtrent my en Kobus Snyman se siening van sake.


Groete,

Kobus Snyman

**Kobus voeg by: Dit is belangrik om vas te stel wat telers in die duif se land van herkoms, se siening is. Dit sal ook goed wees as mnr Ben Ricketts ons van sy mening kan voorsien. Vrystaat 75 punte.**


# Aviculture Supplies International

## Crop Needles





Stacey's Crop Needles.
Straight Curved & Custom-made needles available.

## Teflon Feeding Tubes




Come in sizes: (Will fit to Bovivet Syringes)
3.2 mm O/D x 50mm fitted with a 14G Luer Needle.
3.2 mm O/D x 100mm fitted with a 14G Luer Needle.
5.0 mm O/D x 50mm fitted with a 8G Luer Needle.
5.0 mm O/D x 100mm fitted with a 8G Luer Needle.
6.3 mm O/D x 100mm fitted with a 8G Luer Needle.
6.3 mm O/D X 160mm fitted with a 8G Luer Needle.

## Plexi Syringes



50ml. 30ml. 20ml. 10ml. 5ml.

## Silicon Feeding Tubes




Come in sizes:
3.18mm O/D x 50mm.
3.18mm O/D x 100mm.
4.65 O/D x 50mm.
4.65 O/D x 100mm.

## Feeder Spoon

Convenient new product.
Developed to present liquids from a plexi syringe so that birds can feed rather than be force fed.


Available in 3 sizes. Fits all Bovivet Plexi Syringes.



Bovivet Plexi Syringe.
- Unbreakable. • Sterilisable to 160 c.
- Exchangeable Luer • Lock Adaptor
- Spare Washes Available.

## Leg-Ring Cutter

For opening strong bird rings.
Spare blades available.




## Bird Collars



Buster Bird Collars.
Available in various sizes & quantites

## Post Mortem Kit



Essential for the fastidious aviculturist. These surgical quality kits provide all the instruments you will require for precise surgery.
Presented in a beautiful zipper enclosed leather satchel, they make an excellent gift.

**Ralph Morgan**

RDM International Enterprises
2 Waggon Road Willowild Sandton 2196
Tel/Fax (011) 789-1508 Cell 083-659-3147
E-Mail rmorgan@vouzi-isp.co.za

## Transvaal - nuwe komitee

Peet Botha berig:
Transvaal se AJV is aan huis van Dr Koot Serfontein gehou
Dit was goed om te verneem dat oom Neels le Roux en oom Johan de Bruyn weer by die Transvaalstreek aangesluit het.

Die nuwe bestuur wat verkies is, is soos volg:
**President:**
Stewart Patterson
**Visepresident:**
Charles Marais
**Sekretaris:**
Dr Koot Serfontein
**Skoubestuurder:**
Pieter Cilliers
**Streekverteenwoodiger:**
Dr Koot Serfontein
**Beoordelaarsbeampte:**
Peet Botha
**Addisionele lede:**
Thys Cronje en Foeta Louwrens
Almal word sterkte toegewens in hulle ampte en vir die uitdagings wat voorlê.
Peet Botha.

**Red: Tvl verdien 20 punte**

## Kobus en Bertha, dankie vanaf Chris Blaauw

Net 'n paar woorde om dankie te sê vir julle groot bydrae om ons duiwesport te bevorder. Volgens my mening die "grootste" as alle projekte en prosesse in aggeneem word. Die resultate is daar en ek hoop alle lede sien dit deur dieselfde positiewe bril.
Mag die nuwe jaar en daarmee saam die nuwe eeu ook vir julle voorspoed en geluk inhou. Gelukkig is God alom teenwoordig en gebruik ook terugslae om vir sy kinders tot seën te sterk. Hy sal ook vir julle seën




## Show Dates 2000 Skoudatums

**4 Maart**
**SASV Opleidingsdag- Bethlehem**
**25 Maart:**
**O.P. Jongduif**
**20-24 April**
**Randse Skou**
**29 April**
**Oos-Vrystaat Strreekskou**
**6 Mei**
**Noord-Vrystaat Streekskou**
**13 Mei**
**Boland Streekskou**
**Oos-Transvaal Streekskou**
**Vrystaat Streekskou**
**20 Mei**
**Noord-Transvaal Streekskou**
**Griekwaland Wes Streekskou**
**Oostelike Provinsie Streekskou**
**27 Mei**
**Westelike Provinsie Streekskou**
**Transvaal Streekskou**
**3 Junie**
**Noord-Wes (Wes-Transvaal) Streekskou**
**SWD Streekskou**
**10 Junie**
**Natal Streekskou**
**5-8 Julie**
**Nasionale Kampioenskapskou Paarl**

# Nuwe lede het stryd om in te kom.

Chris en Elsabe van der Walt het voor die rekenaar gaan sit en 'n klompie gedagtes bymekaar gemaak.
Ons is seker almal al moeg om te hoor hoe bekommerd elkeen van ons is oor die dalende ledetal van die SASV. Almal hoor ons moet ons sport adverteer. Wat moet ons adverteer? Om met duiwe te teel? Dit werk nie want baie dink dit is 'n duur stokperdjie en hulle het ook nie die kennis nie.

Adverteer ons die kompetisie gedeelte van ons sport dan word ons wyse van beoordeling dadelik afgeskiet want dit bevat krake waaroor ek tog nie nou wil kerm nie.
Ons kan ook nie die SASV aan die nuweling bemark nie want hy verstaan nie die werking daarvan nie.

**Wat moet ons dan bemark?**

Moet ons nie eerder kyk of ons ons eie mense se hunkering na vriendskap kan bevredig nie? Een en almal smag om aanvaar te word in 'n groep. Kom ons konsentreer eerder daarop. Aan die hand van 'n voorbeeld wil ek graag verduidelik.
Ek bring Japie Moller na die Vrystaatstreek en hy sluit aan want hy wil deel word van 'n groep mense met dieselfde belangstelling as wat hy het. Hy kom baie gou agter dat die mense van die Vrystaat nie so vriendelik is as wat hy gedink het nie en wel om die volgende redes.
Net een man kom kuier by sy hokke, die ander lede sien of hoor hy nooit van nie. Hy word net uitgenooi na funksies waar hy saam met die ander lede moet kom werk met 'n bietjie kuier as nagedagtenis. Hier ervaar hy hoe lede van mekaar verskil en hy skrik. Hy wonder of dit altyd so gaan. Ons nooi hom nie uit na ander geleenthede waar ons lekker saam kuier en gesels nie.
Hy durf dit om na ons jaarvergadering te kom en toe hy sy oë uitvee is hy op die bestuur. Ons het hom behoorlik gestoomroller terwyl hy nog gesukkel het om deel van die groep te word. Hy besef gou dat hy nie genoeg weet hoe die bestuur en stelsels werk nie. Hy bedank en hou sommer heeltemal met duiwe op omdat hy bang is om 'n gek van homself te maak en ook nie 'n vegter van nature is nie.

**Ek dink ons moes dit anders gedoen het.**

Ons moes die man genooi het om eers 'n paar keer saam met ons te braai dat hy kan sien hoe ons groepie in mekaar steek. Ons moes hom nie in die koue gelaat het nie en meer lede moes hom meermale besoek en aangemoedig het. Ons moes hom langer gelos het voordat ons hom op die bestuur verkies het.
Ons kan mos nie net 'n klomp leiers in die SASV hê en geen gewone ringlede nie. Waarom wil ons almal kruisig wat nie so betrokke soos ons self is nie? Ek het al so baie gehoor dat daai ou 'n dooie lid is - as hy dood was sou hy nie subs betaal het nie. Hy lyk dalk net dood omdat jyself nie genoeg doen om hom aktief te kry nie. Deur sy subs te betaal, doen hy reeds genoeg.
Ons roem op die feit dan ons 'n gesinsport is. Het u al opgemerk hoe onaanvaarbaar party lede vir andere is. Net so sukkel ek om iets vir die nuusbrief te skryf want ek kan nie spel nie; gelukkig sien Kobus en Bertha dat ek soms ook briljante idees het en dan skaaf hulle my skrywe sodat dit reg klink.
Ons wil graag hê dat almal professioneel in ons sport is. Is dit hoegenaamd haalba[illegible]
Daar is te veel van ons lede wat uit die aard van hulle werk net naweke tyd vir hul duiwe het. Ons wat 365 dae tyd het vir ons duiwe moet nie neersien op die man wat net naweke tyd vir sy duiwe het nie. Altwee is ewe belangrik vir die SASV.
Wat is die hoogtepunt van die kampioenskapskou? Ek glo dit moet die kuier wees. Maar dit wil vir my lyk of dit die Vrydagaand se funksie moet wees want dit is die geleentheid waar ons kan dankie en geluk sê. Hoeveel male het ek nie al die volgende gehoor nie: Het jy gesien wat sy aangehad het of het jy gesien hoe common het die ou hom gedra.
As haar rok jou nie geval nie, los dit uit want jy het nie daarvoor betaal nie. En as d[illegible] ou hom common gedra, [illegible] gaan dit jou aan. Geniet die aand en hou die mooi herinneringe vir die toekoms.
Ek vertrou ek kan lede 'n bietjie laat dink met hierdie poging. Ek vertrou dit sal ook die styl van streekbesture laat verander.
Kom ons maak ons leuse die volgende: "Dankie dat ek wel deel van jou vriendekring kan wees en dankie dat jy my aanvaar soos ek is."

**Vrystaat verdien 20 punte**

Every contribution in cash or kind helps to ensure the recognition of our history and the future of our hoppy. Please play your part in the development of the home of the SAFPA

## BOUFONDS / BUILDING FUND
### BYDRAES REEDS ONTVANG
### CONTRIBUTIONS ALREADY RECEIVED:

***Reeds erken / Already acknowledged:***

| | |
|---|---|
| **S.A.S.V.** | **R 10 000** |
| **Streke:** | |
| Noord-Vrystaatstreek (Ere-rolbord) | R 5 000 |
| WP Streek (Ere-rol) | R 1 000 |
| ...stelike Provinsie (Ere-rol Bord) | R 1 000 |
| ...nsvaal (Ere-rol Bord) | R 1 000 |
| Wes-Transvaal (Ere-rolbord) | R 1 000 |
| Griekwaland-Wes (Ere-Rolbord) | R 1 000 |
| Bolandstreek (Ere-Rolbord) | R 1 000 |
| Oos-Transvaal (Ere-rolbord) | R 1 000 |
| Namibia (Ere-rol Bord) | R 1 000 |
| Natal (Ere-rolbord) | R 1 000 |
| Oos-Vrystaat Streek (ere-rol) | R 1 000 |
| SWD (Ere-rol) | R 1 000 |
| Noord-Tvl (ere rol 1ste paaiement) | R 500 |
| **Deur Streke, uitgesluit Vrystaat** | **R11 500** |

**Spesialiteitsklubs**

| | |
|---|---|
| Swaarrasklub (Ere-rolbord) | R 1 000 |
| Modenaklub van SA (Ere-Rolbord) | R 1 000 |
| Skaarsrasklub (Ere-roll) | R 1000 |
| Waaierstertklub | R 61 |
| Birmingham Roller klub (Ere-rol) | R 1 000 |
| **Bodemtuimelaarsklub (1ste paaiement)** | **R 500** |
| **Deur Spesklubs** | **R 4 561** |

**Deur Vrystaat en sy lede:**

| | |
|---|---|
| Sentrale Landbou Genootskap | R12 500 |
| Vrystaatstreek (Ere-rolbord) | R 7 000 |
| C & P v/d Berg (Vrystaat) | R 3 360 |
| Optic-veiling | R 2 600 |
| Charles & Lida Maree (Vrystaat) | R 2 494 |
| Kobus & Bertha Snyman (Vrystaat) | R 2 236 |
| ...C & Sarah Nel (Vrystaat) | R 1 100 |
| ...mfontein Posduiffederasie | R 1 000 |
| Riaan en Julie Britz (VS) (Matte) | R 883 |
| Chris & Elsa v/d Walt, Vrystaat | R 220 |
| Petrus & Monica Spider Jeje (Vrystaat) | R 200 |
| Oom Swannie van Vrystaat | R 200 |
| Hannes en Miets Hugo, Vrystaat | R 180 |
| Bernard Egersdörfer, Vrystaat | R 117 |
| Staffordshire Hondeklub Bfn | R 100 |
| Christo & Marietjie Britz, Vrystaat | R 100 |
| Gert Boshof & Familie, Vrystaat | R 94 |
| Andre van Tonder, Vrystaat | R 90 |
| Mias v/d Westhuizen, Vrystaat | R 90 |
| Japie Johnston (Messelaar) | R 70 |
| **Deur Vrystaat en sy lede** | **R 34 634** |

**Lede uit ander streke:**

| | |
|---|---|
| Guilaume van Schalkwyk (Namibia) | R 1 200 |
| Johnny Rosin (Wes-Transvaal) | R 1 100 |
| Gert Bierman (Hall of Fame" Member) | R 1 110 |
| Rouxtjie Roux, Noord-Vrystaat | R 1 009 |
| Ben Ricketts (Hall of Fame Member) | R 1 000 |
| Karel Reyneke (Wes-Transvaal) | R 1 000 |
| Martie & wyle Willie Theunissen (Tvl) | R 750 |
| Warren Klopper (Hall of Fame Member) | R 600 |
| Jan Lategan, Noord-Vrystaat | R 500 |
| Pikket Coetzee (Namibia) | R 500 |
| Stewart Patterson, Transvaal | R 330 |
| Hennie & Sonja Coetzee (Noord-Vrystaat) | R 250 |
| Cyril Jasper (Transvaal) | R 250 |
| Dries & Bettie Heydenrych (O-Tvl) | R 240 |
| Oom Dawid Sadie (N.Tvl) | R 205 |
| JW Stander (Griekwaland-wes) | R 200 |
| Spiro Galatis (Kroonstad) | R 200 |
| Charles Marais (Transvaal) | R 200 |
| Willie van Zyl (Noord Tvl) | R 200 |
| Corrie van Reenen (Natal) | R 196 |
| Diddi Esterhuizen (Griekwas) | R 150 |
| Princes Pride (O.P.) | R 150 |
| Attie van Greunen (SWD) | R 150 |
| Donald Bland (Westelike Provinsie) | R 140 |
| JAS van Niekerk (W.P.) | R 135 |
| Chris Blaauw (Boland) | R 118 |
| At & Diane Nigrini (W.P.) | R 102 |
| Pieter & Jubly Els, Port Elizabeth (OP) | R 100 |
| DJC van Niekerk | R 100 |
| Colin Wrench (W.P) | R 100 |
| James Roodt (Transvaal) | R 100 |
| Willie Robertse, Westelike Provinsie | R 100 |
| Julian Fincham.(Wes-Transvaal) | R 100 |
| Willie Mew (W.P.) | R 100 |
| Lou Brits en Gesin (N-Transvaal) | R 100 |
| Gert & Thelma Watkins ( N-Vrystaat) | R 100 |
| D Hatting (Oostelike Provinsie) | R 100 |
| Johan Coetzee (Noord-Transvaal) | R 100 |
| Barnard Steyn (Boland) | R 100 |
| T du Plessis (Griekwalandwes) | R 82 |
| Louis Kruth (SWD) | R 77 |
| Gasebo Lofts (Pieter Neetling (SWD) | R 53 |
| Gustav Roux (N-Vrystaat) | R 53 |
| E le Roux (W.P.) | R 50 |
| J Serfontein (Transvaal) | R 50 |
| Jan Lombard (Kroonstad) | R 50 |
| Hendrik Loots (Transvaal) | R 50 |
| Neels le Roux (Noord-Vrystaat) | R 50 |
| SAI Dry (Kroonstad) | R 50 |
| Sarie Sowden, (Namibia) | R 50 |
| P Benadie (Griekwalandwes) | R 40 |
| Chrisberkus Boerdery (N-Vrystaat) | R 30 |
| Blackie Swarts & familie (Namibia) | R 20 |
| NAK Smit (Westelike Provinsie) | R 16 |
| EC le Roux (Boland) | R 10 |
| Simon Jordaan (Oos-Transvaal) | R 20 |
| JN v/d Westhuizen (Noord-Vrystaat) | R 15 |
| Bertie & Annatjie Loubser (Kroonstad) | R 32 |
| Dawie Fouche (Wes-Transvaal) | R 27 |
| GN Esterhuizen (Griekwas) | R 29 |
| Hennie Pelser (Noord-Vrystaat) | R 17 |
| Atttie van Aswegen (Kroonstad) | R 20 |
| CJ Louwrens (Oos-Transvaal) | R 35 |
| Hein Hoffman (Wes-Transvaal) | R 25 |
| A & J Vivier (SDW) | R 34 |
| Kotie Visser (Griekwalandwes | R 38 |
| CR du Bruin (Noord-Tvl) | R 25 |

| | | |
|---|---|---|
| H Pelser (Noord-Vrystaat) | R | 7 |
| P Jooste | R | 2 |
| Hankebot Boerdery (N-Vrystaat) | R | 3 |
| D Visser (Griekwalandwes) | R | 33 |
| J Barnard | R | 9 |
| S Badenhorst | R | 25 |
| S Oosthuizen | R | 7 |
| S van Aswegen | R | 10 |
| H de Jager | R | 4 |
| Dups Boerdery | R | 20 |
| J Botha | R | 6 |
| S Williams (W-Tvl) | R | 22 |
| P Botha | R | 7 |
| C Moller (Griekwalandwes) | R | 8 |
| P van Wyk | R | 12 |
| T Kilroe (Oostelike Provinsie) | R | 15 |
| H Bosman (Noord-Transvaal) | R | 5 |
| C & J Botts Transvaal) | R | 9 |
| G van Beek (Oos-Vrystaat) | R | 28 |
| **Deur Lede buite die Vrystaat** | **R14 465** | |
| **TOTAAL** | **R 75 160** | |
| Oostelike provinsie | R | 100 |

Bydraes kan aangestuur word aan Petra van den Berg, Tesourier van die Vrystaat of inbetaal word by rekening SASV, Vrystaatstreek (Boufonds) Nr. 470-601-175, Volkskas, Maitlandtak, Bloemfontein.
Stuur asseblief net 'n afskrif van die strokie of faks aan 051-5228701, sodat ons darem kan weet vanwaar die inbetaling kom en om dankie te sê.

## Belangrike kennisgewing van ons Ringmeester:

Telefoon/Faks
051-522 6141
Posadres
Posbus 11589, Universitas 9321

Bankbesonderhede vir direkte inbetaling van gelde

SASV
Standardbank, Belville
Takkode 03121040
ITB 0410
Rekeningno 272 692 794

Ringbestellings moet die korrekte hoeveelheid posgeld en ringgelde insluit anders **sal u bestelling nie uitgevoer word nie.**


# GP SPORT

Kontakpersoon:
**Gert van Rensburg Tel 058-3032794**

Vervaardigers van gehalte medaljes, trofees en ander aandenking volgens bestelling en ontwerp. Ons doen ook drukwerk op linte, pette, ens.




Tevrede kliënte:
Oos-Vrystaatstreek,
Natalstreek,
Oostelike Provinsiestreek
en die
Nasionale Modenaklub.




Gewerf deur Jan Lombard, Oos-Vrystaat Jan/Febr - Maart/April 2000

## GEKLASSIFISEERDE ADVERTENSIES / CLASSIFIED AD SECTION

### Telersregister / Breeders' Register

**Botha, At**, 39 Prospero Straat, Bedelia, Welkom 9459. Tel 057-352-7404 of 082 9265659. Teler van hoë gehalte Kings. (2000-N Vs)

**Botha, Peet**, Posbus 6519, Secunda 2302. Tel 017-6311-423 Teel met Waaiersterte, Lahores, Polish Lynx's en Strassers. (2000-Oos-Tvl)

**Cone, CC.**, 18 Ulster Ave, Bluff 4052. Tel 031-4664122. Breeding with Archangels, Birmingham Roller, Fantails and Indian Fantails. Will have available year round. (Ntl -2000)

**Dombrowsky, PWD.**, Posbus 11293, Queenswood, Pretoria 0121. Tel 012-3333885. Teler van Memelse Hoogvlieërs, Ou Duitse Meeuws, Berlynse Kortgesig Tuimelaars en Weense Hoogvlieërs. (2000-NTvl)

**Jacobs, P.D.**, Posbus 33, Phillipolis 9970. Tel. 051-7721722Teel met German Beauty Homers en S.A. Skouposduiwe (2000-VS)

**Jordaan, Simon**, Posbus 2070, Witrivier 1240 Tel: 013-751-2403. Teel met Archangels, Arabiese Lagduiwe en Birmingham Rollers. (2000-O-Tvl)

**Koekemoer, Plip.**, Bornmanstraat 31, Kroonstad 9500. Tel 056-2152924. Teel met Birmingham Rollers in verskillende kleure. (2000-N-VS)

**Le Roux, Pierre**, Diazstraat 31, Kaapzicht 7500. Tel 021-922-572. Teler van Kings, Strassers, Veerpoot Langgesig Tuimelaars, Afrikaanse en Sjinese Uile. Uit top ingevoerde duiwe. Skou-uitslae vertel alles.(2000-WP)

**Lombard, Jan**, Posbus 1557, Bethlehem 9700. Tel 058-3034061. Teler van Modenas in Indigo, Reduced en Lavender, asook Komorner Tuimelaars. e-pos: janmodena@bhm.dorea.co.za welkom korrespondensie oor kleurgenetika. (2000-O-VS - 2000)

**Maree, Charles**, Posbus 147, Thaba Nchu 9780. Tel. 051-8752717. Teler van Voorburg Skild Kroppers, Engelse Kortgesigte en Sjinese Uile in rooi en geel. (2000 - Vrystaat)

**Orchard, L.**, 57 Marmanet, Posbus 1549, Kempton Park 1620. Tel 011-9769157. Teler van Blondinette en Satinette. (2000 - Tvl)

**Patterson, S.A.**, P.O. Box 69184, Bryanston 2021. Tel 011-704-2490. Breeder of Longfaced Cleanlegged and muffed Tumblers, English Turbits, African Owls, English Trumpetters and Helmets (2000-Tvl)

**Pelser, D.J.R.**, Posbus 52, Riebeeck Wes 7306, Tel 022-4612241. Ek teel met Carriers en German Beauty Homers. Skakel gerus voor 14:00. (2000 - Boland)

**Plakkerskamp Boerdery** (Chris en Elsabe van der Walt), Stantonstraat 1, Fichardtpark, Bloemfontein 9301. Tel 051-5223074. Teler van top Blaasduiwe en Skaarsrasse. Ons teel ook Bodemtuimelaars en Kartelrugge. Besoekers en navrae altyd welkom. (2000-VS)

**Serfontein, Dr JH.**, Posbus 2681, Honeydew 2040. Tel 011-675-0108. Teel met Modenas, Norwich Kroppers, Pigmy Pouters en Brunners. (2000 - Tvl)

**Smit, NAK**, Patrysstraat 36, Stellenbosch, 7600. Tel 021-8872003. Teler van Carneaux, Giants, Gros Mondains en American Show Homers. (2000-W.P.)

**Stevens, Rodney**, P.O. Box 34159, Faunasig, Bloemfontein 9325. Tel 051-4210338. (082 376 3126) Breeder of Black Brunners, Berlyn Short faced tumblers, All colours in Racing Pigeons, Magnums, Modenas (USA blood Lines) Gazzi & Schietti Black, Dun, Red, Yellow, Red/Chq, Lavender and other colours. (FS - 2000)

**Taljaard, W.J.** Dirkstraat 1, Uitenhage. Tel 041-9925740. Teel met Birmingham Rollers, Engelse K/G Tuimelaars. Domestic en Show Flights en Waaiersterte (2000-O.P.)

**Van Beek, Gerard**, Posbus 300, Reitz 9810. Tel 058-863-3360. Modenas in Rooi en Geel Self. (Slegs suiwer VSA bloedlyne) (2000-Oos-Vrystaat)

**Van Niekerk, JL**, Posbus 1116, Dunnottar 1590 Tel 011-734 3137 Teel met Mookees, Modenas (Blou & Brons Driekleur Gazzi), Nonne, Kartelrue (Blou), African Toys en Indian Fantails (Saddle Back). (2000-O-Tvl)

**Van Schalkwyk, GB.**, Posbus 963, Gobabis. Tel 062-563985. Teel Engelse Kortgesig Tuimelaars, Birmingham Rollers, Sjinese Uile, Norwich Kroppers, Kapusyners, Pigmy Pouters, Modenas, Strassers, Nonne en Arabiese Lagduiwe. Soek Voorburgse Skild Kroppers, Engelse Langgesig Kaalbeen Tuimelaars en Kings (2000 - Nam)

## Spesialiteitsklubs
## Specialist Clubs

**S.A. Botternek Tuimelaarsklub (30-06-2000)**

**President**: Willie van Zyl, Kwintstraat 400, Pretoria Tuine 0082. Tel 012-379-3300.

**Sekretaris**: Jenny Botts, 35 Blouberg Road, Finbury, Randfontein . Tel 082-854-4675

**S.A. Sponsduifklub (30-6-2000)**

**President**: Johan de Bruyn,Posbus 15119, Riverfield 1564. Tel 011-8115545

**Sekretaris**: Hansie Botes, Posbus 181, Bothaville 9660. Tel. 056-5151135 of 083 630 7950

**S.A. Sjinese Uilklub (30-06-2000)**

**President**: Willie van Zyl, Kwintstraat 400, Pretoria Tuine 0082;Tel 012-379-3300

**Sekretaresse**: Mev Hendriena Swanepoel, Conradstr 18, Kimberley 8301. Tel 053-833-5024

**S.A. Mookeeklub (30-6-2000)**

**President:** Danie Badenhorst, Posbus 290, Kestell 9860. Tel. 058652-11722

**Sekretaris**: Ruben Kitching, Cambellweg 28, Valhalla 0185 Tel: 012-6544816

**Tumbler Club of S A (30-06-2000)**

**President**: GG Wrensch, 57 Fairfield Road Parow 7500. Tel 021-927-630

**Secretary:** Stewart Patterson, P.O. Box 69184, Bryanston 2021. Phone 011-704-2490

**S.A. Birmingham Rollervertonersklub (30-6-2000)**

**President**: Christo van den Berg, Ryno Kriellaan 85, Universitas 9322. Tel. 0515228701

**Sekretaris**: Mnr C Botts, Posbus 2205, Kocksvlei 1764. Tel 082 854 4675

**Nonklub (30-6-2000)**

**President**: Chris van den Berg, Posbus 11589, Universitas 9321. Tel. 0 051-5228701

**Sekretaris**: Me. Petra van den Berg, Posbus 11589, Universitas 9321. Tel. 051-5228701.

**S.A. Bodemtuimelaarsklub (30-06-2000)**

**President**: Hansie Botes, Posbus 181, Bothaville. Tel 056-515 1135 of 083 630 7950

**Sekretaris** : Cora Munniik, Posbus 1775, Virginia 9430. Tel. 057-2126221

**S.A. Fantail Club (30-6-2000)**

**President:** Otto Holm, Posbus 1871, Sasolburg 9570. Tel 016-9767001

**Secretary**: Peet Botha, Posbus 6519, Secunda 2302. Tel 017-6311423

**S.A. Homerklub (30-06-2000)**

**President**: Johan de Bruyn, Posbus 151.19, Riverfield 1564. Tel 011-8115545

**Sekretaris**: Lotie Geyer, Orchidstraat 17, Riebeeckstad. Tel.: 057-3883206.

**S.A. Kartelrugklub (30-06-2000)**

**President**: Julian Fincham, P.K. Kameel 8603. Tel. 053982-2022

**Sekretaris**: JN van der Walt, Posbus 125, Migdol. 2775 Tel. 053982- vra 2022

**Die Norwich Kropperklub (30-06-2000)**

**President**: Dr Koot Serfontein, Posbus 2681 Honeydew. Tel. 011-6750108

**Sekretaris:** Me Elsabe van der Walt, Stantonstr 1, Fichardtpark, Bfn. 9301. Tel . 051-5223074

**Amerikaanse Show Racer Klub (30-6-2000)**

**President:** Basie de Lange, Posbus 960, Posbus 66257, Riebeeckstad 9469. Tel 057-3882990

**Sekretaris:** At Nigrini, Posbus 960, Durbanville, 7550. Tel 021-975-4523

**Jacobynklub (30-06-2000)**

**President:** Okker Botha, Posbus 117, Bothaville 9660. Tel 056-5151274

**Sekretaris:** Julian Fincham, P.K. Kameel 8603. Tel 053982 vra 2022

**The SA Blower Club (30-06-2000)**

**President**: Dr Koot Serfontein, Posbus 2681, Honeydew 2040. Tel 011-675-0108

**Sekretaris**: Chris van der Walt, Stantonstraat 1, Fichardtpark, Bloemfontein 9301. Tel: 051-5223074

**SA Nasionale Modena Klub (30-06-2000)**

**President:** Dr Koot Serfontein, Posbus 2681, Honeydwe 2040. Tel 011-6750108

**Sekretaris:** Christo Britz, Colignyweg 8, Parkwes, Bloemfontein 9301. Tel 083 6266003

**Die volgende klubs het nog nievir die komende jaar betaal nie.**

**Die S.A. Swaarrasklub (30-6-1999)**

[redacted]

**SA Skaarsrasklub (30-6-99)**

[redacted]


LV

# Die Sierduif

*Vir die Liefde en Versorging van Sierduiwe*

# The Fancy Pigeon

*For the Love and Care of Fancy Pigeons*



**English Short Faced Tumbler - Bred and owned by Clive Druce**

Die Kortgesig Tuimelaarsklub is gedurende 1999 in die lewe geroep toe 'n groepie manne onder die leiding van Clive Druce, Pieter Neetling, Arthur Muller en Attie van Greunen byeengekom het. Daar is ook onmiddellik werk gemaak om die Kortgesig Tuimelaar se standaard aan te pas by moderne tye.

May/June 2000

Official Organ of the South African Fancy Pigeon Association
Amptelike Mondstuk van die Suid-Afrikaanse Sierduifvereniging

2000

# *DIE S A SIERDUIFVERENIGING*
# *THE S A FANCY PIGEON ASSOCIATION*

### Ere-Presidente / Honorary Presidents

Mnr WLT Klopper, Posbus 143, Schweizer-Reneke Tel 05396-31547
Ds RG Lee, Posbus 6, Swartruggens 2835. Tel 04262 vra 8
Mr CA Druce, 48 Lange Street, Uitenhage 6230. Tel 041- 9922684
Mr SA Patterson, P.O. Box 69184, Bryanston 2021. Tel 011-7042490

## UITVOERENDE KOMITEE EXECUTIVE COMMITTEE

**President:**
Mnr WJ (Wynand) Wessels, Posbus 346, Bothaville 9660.
Tel: 056-5152769

**Vice/Vise-President:**
Mnr CJ (Corrie) van Reenen, Posbus 89, Harrismith 9880. Tel 058-62310

**Sekretaris/Secretary:**
Mnr TL (Theuns) Steyn, Posbus 188, Worcester 6850. Tel 023-3424974

**Treasurer/Tesourier:**
Mnr PM (Pierre) le Roux, Diazstraat 31, Kaapzicht 7500. Tel 021-922-572

**Ringmeester/Ring Master:**
Me Petra van den Berg, Posbus 11 589, Universitas 9321
Tel 051-5226141

**Redakteur/Editor:**
Me Bertha Snyman, Posbus 10555, Drusana 9311 Tel 051-4331845

**Beoordelaarsbeampte/Judges' Officer:**
Mnr L (Lou) Brits, Carolweg 104, Silverfields 1739. Tel: 011-9553389

## Streekverteenwoordigers Regional Representatives

**Transvaal:** Dr JH Serfontein. Posbus 2681, Honeydew 2040. Tel: 011-675-0108
**Free State:** Mnr CG van den Berg, Posbus 11 589, Universitas 9321. Tel 051-5228701
**Western Province:** Mnr NAK Smit, Patrysstraat 36, Stellenbosch 7600. Tel 021-887 20
**Noord-Vrystaat:** Mnr Chris de Beer, Posbus 368,Hennenman 9445. Tel057-573224
**E-Transvaal:** Mnr JF Labuschagne, Posbus 14001, Nelspruit 1200. Tel. 013-7411921
**Griekwaland-Wes:** Mnr. CJS Möller, Rhodeslaan 6A, Kimberley 8301. Tel 0531-861-2146
**Eastern Province :** Me. Netta Prince, P.O. Box 455, Port Elizabeth 6000. Tel 041-365 2887
**Oos-Vrystaat:** Mnr AJ Loubser, Efratsingel 11, Bethlehem 9700. Tel 058-3033780
**S.W. Districts:** Mnr PPJ Neetling, Randstraat 91, Oudtshoorn. Tel: 0443-227870
**Noordwes:** Mnr JNS du Preez, Posbus 124, Buhrmansdrif 2867. Tel. 0140-814904
**N-Transvaal:** Mnr CR de Bruin, Privaatsak X 1, Lynn East 0039. Tel. 012-808 0463
**Boland:** Mnr D. Pelser, Huis Maree, Riebeeck-Wes 7306. Tel. 022-461 2241
**Natal:**
**Namibië** Mnr GM Coetzee, Posbus 3099, Windhoek. Tel 061-235410

# *DIE S A SIERDUIFVERENIGING*
# *THE S A FANCY PIGEON ASSOCIATION*

**Ere-Presidente / Honorary Presidents**

Mnr WLT Klopper, Posbus 143, Schweizer-Reneke Tel 05396-31547
Ds RG Lee, Posbus 6, Swartruggens 2835. Tel 04262 vra 8
Mr CA Druce, 48 Lange Street, Uitenhage 6230. Tel 041- 9922684
Mr SA Patterson, P.O. Box 69184, Bryanston 2021. Tel 011-7042490

## UITVOERENDE KOMITEE EXECUTIVE COMMITTEE

**President:**

Mnr WJ (Wynand) Wessels, Posbus 346, Bothaville 9660.
Tel: 056-5152769

**Vice/Vise-President:**

Mnr CJ (Corrie) van Reenen, Posbus 89, Harrismith 9880. Tel 058-62310

**Sekretaris/Secretary:**

Mnr TL (Theuns) Steyn, Posbus 188, Worcester 6850. Tel 023-3424974

**Treasurer/Tesourier:**

Mnr PM (Pierre) le Roux, Diazstraat 31, Kaapzicht 7500. Tel 021-922-572

**Ringmeester/Ring Master:**

Me Petra van den Berg, Posbus 11 589, Universitas 9321
Tel 051-5226141

**Redakteur/Editor:**

Me Bertha Snyman, Posbus 10555, Drusana 9311 Tel 051-4331845

**Beoordelaarsbeampte/Judges' Officer:**

Mnr L (Lou) Brits, Carolweg 104, Silverfields 1739. Tel: 011-9553389

## Streekverteenwoordigers Regional Representatives

**Transvaal:** Dr JH Serfontein. Posbus 2681, Honeydew 2040. Tel: 011-675-0108
**Free State:** Mnr CG van den Berg, Posbus 11 589, Universitas 9321. Tel 051-5228701
**Western Province:** Mnr NAK Smit, Patrysstraat 36, Stellenbosch 7600. Tel 021-887 20
**Noord-Vrystaat:** Mnr Chris de Beer, Posbus 368,Hennenman 9445. Tel057-573224
**E-Transvaal:** Mnr JF Labuschagne, Posbus 14001, Nelspruit 1200. Tel. 013-7411921
**Griekwaland-Wes:** Mnr. CJS Möller, Rhodeslaan 6A, Kimberley 8301. Tel 0531-861-2146
**Eastern Province :** Me. Netta Prince, P.O. Box 455, Port Elizabeth 6000. Tel 041-365 2887
**Oos-Vrystaat:** Mnr AJ Loubser, Efratsingel 11, Bethlehem 9700. Tel 058-3033780
**S.W. Districts:** Mnr PPJ Neetling, Randstraat 91, Oudtshoorn. Tel: 0443-227870
**Noordwes:** Mnr JNS du Preez, Posbus 124, Buhrmansdrif 2867. Tel. 0140-814904
**N-Transvaal:** Mnr CR de Bruin, Privaatsak X 1, Lynn East 0039. Tel. 012-808 0463
**Boland:** Mnr D. Pelser, Huis Maree, Riebeeck-Wes 7306. Tel. 022-461 2241
**Natal:**
**Namibië** Mnr GM Coetzee, Posbus 3099, Windhoek. Tel 061-235410

**Die Sierduif**
**The Fancy Pigeon**

*May/June 2000*


# Redaksioneel /Editorial

Sommer so stil-stil is een van ons Ere-Presidente, Mnr Warren Klopper gedurende April 2000 in die Hydromed Hospitaal in Bloemfontein opgeneem waar hy 'n baie groot rugoperasie ondergaan het. Hy was vir langer as 'n week in die hospitaal en is op Maandag 10 April ontslaan. Volgens Warren is die operasie 'n reuse sukses en is hy in staat om weer regop te loop en dit sonder pyn. Warren, ons bid jou alle sterkte toe met die herstelproses. Ons glo ons Hemelse Vader sal jou op die pad van herstel bystaan. Ons bede gaan ook aan Corrie wat jou in die komende weke sal versorg.

Ons ander Ere-President, Stewart Patterson, het ons meegedeel dat sy eggenote kanker onderlede het. Stewart aan jou en Gill bid ons dat ons Hemelse Vader vir julle sal bystaan en dat die behandeling suksesvol sal wees. Mag daar spoedige, algehele herstel wees.

Aan al ons ander lede dat siekte ondervind, mag die hand van die Here op u wees vir spoedige herstel. Soos daar eenmaal al geskrywe is, 'n mens aanvaar gesondheid en voorspoed as vanselfsprekend, en die dag wanneer dit nie meer daar is nie, dan eers besef jy wat jy gehad het en hoe gelukkig jy was. Hierdie terugslae word alles dikwels gebruik om ons nader aan die Here te bring, maar ook dikwels om ons te laat halt roep op ons eie selfsugtige pad wat ons so dikwels loop.

Die kampioenskapskou van 2000 in die Paarl is op ons. Wanneer u hierdie uitgawe ontvang sal daar min dae oor wees voordat baie van ons lede die lang pad Kaap toe aandurf. Die Kapenaars kan verseker wees dat ons almal uitsien na die week in die Kaap en dat ons beslis nie sal wegbly van die skou af nie.

Daar is al baie gesê en geskryf oor die kampioenskapskou van Paarl vir 2000, maar na alles bly dit ons eie kampioenskapskou en sal daardie lede wat dit graag wil bywoon, dit bywoon en niks en niemand sal hulle weerhou om so te maak nie. Briewe wat in hierdie verband ontvang is, sal nie geplaas word nie omdat daar dinge gesê en geskrywe word wat liefs kon gebly het. Ons stokperdjie soek op alle terreine elke lid se ondersteuning om sorg te dra dat ons voortdurend vooruit beweeg en nie stagneer nie.

Hierdie uitgawe word effens teruggehou om al die streke tyd te gun om hul skou-uitslae in te stuur vir publikasie. Skoue wat na 21 Mei 2000 plaasvind se uitslae sal in die Julie/Augustus uitgawe geplaas word.

In hierdie uitgawe word baie aandag aan siektes van duiwe en die behandeling daarvoor gegee. Lees dit gerus ... maar ook met aandag. Dit is veral verblydend om lede te kan meedeel dat ons hier in Bloemfontein nou 'n duiwekliniek VANRENMED het wat duiwe teen 'n baie geringe fooie ontleed en dan die regte medisyne voorskryf. Op hierdie manier word daardie skoot in die donker afgeweer en baie Rande bespaar met onnodige medisyne. Ons het al met goeie resultate van hulle gebruik gemaak. Ek glo dat telers landswyd baat by hierdie ontledings sal vind en ons onderneem om die uitslae van toetse en behandelings gereeld aan ons lede deur te gee. Daar word nou gekonsentreer op die feit dat baie van die ingevoerde duiwe (veral mannetjies) steriel blyk te wees en ons gaan probeer vasstel wat die rede of oorsaak is, hoewel ons dink ons vermoede is reg.


Verkrygbaar vanaf
Obtainable from
Me Bertha Snyman
Posbus / P.O. Box 10555,
Drusana
Bloemfontein 9311
Tel & Fax 051-4331845
Woning / Home
DF Malherbe Laan 11
Estoire
Bloemfontein

Die Sierduif word geset deur die Redaktrise en gedruk en gebind deur Andrew & Co (051) 4304126

Bydraes vir publikasie moet voor die 1ste van die maand vir die daaropvolgende maand aan bovermelde adres versend word. / Send your contributions to the above mentioned address before the 1st of the month for publication the next month.

Lede - Gratis
Nie-Lede - R90 pj
Members - Free
Non Members - R90 pa.


*Ondersteun die Nuusbrief met Bydraes*
*Support the Magazine with Contributions*



# BANK-OVS EN ANDER SKILDE
# BANK-OFS AND other SHIELDS

## REëLS

1. Die tydperk van die Kompetisies strek van een Kampioenskapskou tot die volgende een.
2. 'n Leersame artikel met 'n studie of proefondervindelike agtergrond wat ongeveer 500 woorde beslaan, sal 75-100 punte verdien, afhangende van die oorspronklikheid.
3. 'n Brief van 'n lid sal 20 punte ontvang.
4. Streeknuus sal 25 punte verdien.
5. 'n Verslag oor 'n Duiwedag sal 15 punte verdien.
6. Vir die betrokke duiwebyeenkoms sal 'n verdere 50 punte toegeken word.
7. Enige Streek-, Landbou-, Jongduif- Wyk-, Spesialiteitsklubskou, asook Kampioenskapskou sal 30 punte per 100 duiwe vertoon, ontvang.
8. 'n Besondere plan of gebeurtenis (goeie idee) tel tot 50 punte. (Bepaal deur die dagbestuur)
9. Indien die streek se ledetal teenoor die vorige jaar toeneem, sal 10 punte aan die streek toegeken word vir elke addisionele lid.

**10. Vir elke R100 advertensiegeld wat 'n streek vir Die Sierduif insamel, sal daardie streek 60 punte ontvang ten opsigte van die Bertie Wessels trofee**

**NB Vir elke R800 aan advertensies wat 'n streek vir Die Sierduif insamel kan die streek een lid nomineer vir gratis lidmaatskap t.o.v. die volgende jaar.**

## RULES

1. The duration of the competitions will be from one Championship show to the following one.
2. An informative article with a studious or experimental background and of approximately 500 words length, will earn 75 - 100 points, depending on the originality.
3. A letter from a member will receive 20 points.
4. Regional news will be awarded 25 points.
5. A report about a match meeting will earn 15 points.
6. The actual match meeting will also be awarded 50 points.
7. A Region, Young bird, Agricultural, District or Special Club show as well as the Championship show will be awarded 30 points per 100 birds, exhibited.
8. A special plan or happening (good idea) will earn up to 50 points. (Specified by the executive)
9. A region which increases its membership will receive 10 points for every additional member.

**10. For every R100 re adverts for The Fancy Pigeon a Region will received 60 points towards the BertieWessels Trophy donated by Northern Free State**

**NB For every R800 advertisements for the Magazine a region collects, the region can nominate a member free of subscription fees for the next year.**

| BANKOVS | | MANIE FOURIE | |
|---|---|---|---|
| Noord-Vrystaat | 1267 | Boland | 342 |
| Westelike Provinsie | 920 | Transvaal | 285 |
| Vrystaat | 630 | Oostelike Provinsie | 180 |
| Oos-Vrystaat | 563 | SWD | 152 |
| Noord-Transvaal | 260 | Namibia | 113 |
| Oos-Transvaal | 180 | Griekwas | 89 |
| Noordwes | 105 | Natal | 40 |

**Punte tot en met Mrt/April 2000**

| BERTIE WESSELS | WILLIE DE BRUYN | |
|---|---|---|
| Transvaal | R600 | (Advance Grain) |
| Oos-Vrystaat | R200 | (Streek self en GP Sport) |
| Noord-Vrystaat | R150 | (Lede en Morgan) |
| Oos-Transvaal | R100 | (Joey Bierman) |
| WP | R 50 | (NAK Smit) |
| Noorwes | R 30 | (WJ Kruger) |

### Belangrik / Important

1. Bestel vandag nog 'n eksemplaar van die Gedenkuitgawe - Junie 1992 (88 bladsye - A4 - 50 jaar se geskiedenis van die SASV) teen R15 vanaf die Ringmeester, posgeld ingesluit.
2. From Petra vd Berg, our Ring Master: Ties, regional and regional honour scrolls.
3. From Theuns Steyn, National badges an^ National Honour scrolls.
4. Bestel vanaf Lou Brits die volgende:

| | |
|---|---|
| Boek van Standaarde ............... | R100 |
| 'n lys van Beoordelaars ........... | R 16 |
| Metaal ledebalkies .................. | R 40 |
| Prov. & Nas. Balkies ................. | R 40 |
| Metaal balkies vir Geregistreerde Beoordelaars ........................... | R 30 |

Bostaande pryse sluit posgeld in. Geen los standaarde meer te koop nie agv die wyse waarop die standaardboek gebind is. Engelse uitgawe nog nie beskikbaar nie - hou hierdie spasie dop vir die beskikbaarheid van die uitgawe

# Siektes in Duiwe - Algemene Beginsels van Behandeling en Voorkoming

Berigte van erge probleme in verskeie hokke en persoonlike ondervinding het my genoop om my mening op skrif te sit.

Eerstens wil ek net waarsku dat Paramixo in omloop is en in omloop sal wees tot in lengte van dae. Telers wat nog met uiwe wil boer in die toekoms, sal moet immuniseer met die inspuitbare entstof. Die entstof wat in die water gegooi word, beteken niks. Die siekte word deur 'n virus veroorsaak en daar is geen behandeling daarvoor nie. Alle volwasse duiwe moet jaarliks geënt word en alle kleintjies net voor hulle die nes verlaat en verkieslik weer na 3 maande.

Die algemene maatreël wat bespreek gaan word is onderhewig aan sekere aanvaarde beginsels van hokbestuur wat in elk geval toegepas moet word. Swak bestuur kan nie reggemaak word met medisyne nie.

**1. Voldoende spasie vir elke duif.** Oorbevolking ly tot siekte Amen. As 'n algemene riglyn .an ons sê dat 'n maksimum van 'n halwe kubieke meter per medium grootte duif nie oorskry moet word nie.

**2. Algemene higiëne in die hok.** Hou die hokke skoon en droog en vry van muise en rotte.

**3. Goeie gebalanseerde voeding.** In hierdie verband kan ek net noem dat ek al hoe meer oortuig word dat 'n goeie "pellet" noodsaaklik is, aangesien graanmengsels al hoe swakker en duurder word en ook nie al die nodige voedingstowwe bevat nie. Koop net pellets van 'n erkende goeie maatskappy. Moet onder geen omstandighede hoender of ander afrondingspille gebruik nie. Meeste van hulle bevat verskeie antibiotika wat die duif op die lang termyn sal beskadig of doodmaak.

**4. Parasiete en wurms.** Hou die duiwe skoon van parasiete en wurms omdat duiwe wat erg aangetas is, nie goeie weerstand teen siektes het nie.

### Algemene siektes

Siektes het onlangs saam met duiwe van Amerika ingekom waarvan ons nog nie almal geidentifiseer het nie. Sekerlik is een van hulle **salmonella**, wat meestal 'n dermkanaal infeksie is maar ook die geslagsorgane aantas met onvrugbaarheid. Ander simptome is 'n geswelde pynlike knie of vlerkgewrig. Salmonella moet eerder voorkom word met bg voorkomende metodes sowel as die metodes wat nog bespreek gaan word.

Die siekte wat seker die meeste kleintjies en jongduiwe doodmaak is ongetwyfeld trichomoniase (kropkanker). Dit is nie in werklikheid 'n kanker nie, maar 'n infeksie deur 'n eensellige protozoa, wat in die krop en ingewande voorkom van normale gesonde duiwe en na die kleintjies oorgedra word. Omdat die kleintjies nog nie immuun geraak het teen die parasiet nie, kan hulle siek word en doodgaan. Simptome in jong duiwe is algemene kroesheid en gewigsverlies. Later tree ander sekondêre infeksies in en dan is dit te laat.

Verskeie middels kan gebruik word oa Emtryl, Dovatric, Meditric, Spartix, Ranzol, ens. Dit word aanbeveel dat die middels afgewissel word om weerstandigheid teen te werk. Onlangs het ek weerstandigheid gekry van feitlik al hierdie middels, wat my weer opnuut laat kyk het na algemene behandeling waarby ons netnou sal kom. Indien behandeling wel met hierdie middels gegee word, moet dit verkieslik individueel gedoen word en nie deur die water nie.

### Antibiotika

Oor die gebruik en meermale die misbruik van antibiotika wil ek die volgende baie sterk stelling maak. **Daar is geen plek vir die roetiene sg voorkomende behandeling van die hele hok met antibiotika nie.** Daar is geen wetenskaplike gronde hiervoor nie. Dit foeter net die duif op en kweek weerstandigheid teen die middels. Onlangs is E.Coli, 'n patogene ingewandsbakterium in iemand se duif gekweek wat feitlik teen alle antibiotika weerstandig is. Die antwoord lê weer eens in algemene voorkomende maatreëls. Wanneer 'n duif egter wel behandeling met antibiotika benodig, moet dit dadelik uit die hok verwyder word en in isolasie behandel word. Indien moontlik moet dit

Pigeon K&K Mixtures

*Advance Grain (Pty) Ltd*

**(Previously trading as Kahn & Kahn)**

**8 Jacob Street, Chamdor Krugersdorp**
**Telephone 011-762-5261**
**P.O. Box 414, Krugersdorp 1740.**
**Fax 011-762-4111**

**K & K Breeding Mixture (Reg. No V8601) ...... R70.00 per 50 kg**
**K & K Racing Mixture (Reg. No V8603) ......... R70.00 per 50 kg**
**K & K High Protein Mixture (Reg. No. V8598) ........ R75.00 per 50 kg**
**K & K Tumbler Mixture (Reg. No. V8599) ...... R65.00 per 50 kg**
**K & K Fancy Mixture (Reg. No. 5897) ........... R65.00 per 50 kg**
**Less 2½% discount to SAFPA-members**

**We are also stockists of all types of grain for self-mixing**
**(All prices are ex our stores and excl. VAT)**





**N.B.**

**We stock all types of grain e.g. Beans, Popcorn, Peanuts, Rice, Wheat, Barley, Bird Seeds, etc., etc.**

**Also Pigeon Medicines**

**We have Branches in**
**Brackenfell (Cape)**
**and**
**Howick (Natal)**

sommer summier vankant gemaak word.

**Algemene behandeling en voorkoming**

Behalwe die reeds genoemde metodes van hokbestuur kan die volgende ook toegepas word:

**1. Probiotika**

Dit bestaan hoofsaaklik uit die toedien van normale "goeie" bakterieë wat in die dermkanaal voorkom. Verskeie middels is ier op die mark. Dit kan bv weekliks in die dirnkwater toegedien word en is veral belangrik na behandeling met ander middels. 'n Normale dermkanaal is die beste manier om dermkanaalsiektes te voorkom.

**2. Jik. (Ongeparfumeerd)**

3,5% Natrium hipochloried oplossing in die drinwater kan ontslae raak van baie wateroordraagbare siektes soos salmonella, E. Coli, kropkanker, virusse, ens. Die presiese effektiewe dosis is nog nie met sekerheid bepaal nie, maar verskeie telers het al die volgende gebruik met goeie sukses en sonder enige sigbare newe-effekte. Wanneer daar probleme in die hok ontstaan, word 1,5 ml per liter (1 eetlepel er 5 liter) toegedien vir een week lank en dan opgevolg deur die helfte van die dosis. Voorkoming moet verkieslik begin word sodra dit begin warm word teen 1,5 ml per liter (1 eetlepel per 10 liter) en die hele somer volgehou word. Die mengsel moet daagliks vars aangemaak word. Dit word slegs gestaak wanneer probiotika of vitamines in die water toegedien word.

**3. Betadine**

Dit is 'n povidone jodium oplossing 10%. Dit kan ook gebruik word ipv Jik. Weer eens is die beste dosis nog nie buite alle twyfel bepaal nie, maar 'n dosis van 1 ml per liter is wel in gebruik deur Nico du Preez. Ek sou voorstel dat dit een maal per week in die plek van jik gebruik word. Let daarop dat die oplossing 10% is. Daar is oplossings in die handel beskikbaar wat 5% bevat, in welke geval die dosis verdubbel moet word.

**4. Ontsmettingsmiddels**

Alle oppervlaktes in die hok behoort van tyd tot tyd ontsmet te word met middels soos Virkon-S of onverdunde Betadine of ander geskikte middels. Dit word aangespuit en gelaat om groog te word. Moenie direk op die duiwe spuit nie. 'n Dosis in die oog kan blindheid veroorsaak en die vere kan beskadig word vir die res van die seisoen. Ek sou dink dat bespuiting minstens een maal per maand of meer dikwels, indien moontlik, toegedien moet word.

**Opsomming**

Kyk goed na jou duiwe en hou op om antibiotika onverant-woordelik te gebruik.

Hierdie is nie 'n verhandeling oor alle siektes nie, maar raak aspekte van voorkoming aan.

Dr Koot Serfontein.

**Transvaal verdien 100 punte. Dankie ook aan Dr Koot dat hierdie artikel tydens die Sierduifopleidingsdag te Bethlehem gebruik kon word.**

## Siektetoestande by duiwe: **'n Gesprek met duiwetelers te Bethlehem op 4 Maart 2000** deur Kobus Snyman

**A. INLEIDING.**

Dit is so dat wanneer 'n mens oor siektetoestande by duiwe gesels, dan het jy in werklikheid dae, of selfs weke nodig indien die hele terrein van siektes onder loep geneem word.

Aangesien ek hoogstens 30 minute hieroor wil gesels, is dit te verstane dat ons nie die hele spektrum kan dek nie. As ek egter daarin kan slaag om u enkele basiese dinge te leer, dan het ons goed gevorder.

**B. SIEKTETOESTANDE**

Dit is eerstens nodig om siektetoestande in bepaalde kategorieë in te deel.

**1. EKSTERNE PARASIETE**

Veerluise, Duiwevlieë en rooimyte, en die manne wat ook met hoenders naby hul duiwehokke teel, die russiese hoenderluis.

**Behandeling**

Dietreen-t, Duramitex, Por-on, Ivomec, Ambush, Dead-Line en baie ander.

**2. INTERNE PARASIETE**

**Een groep bestaan** uit Spoelwurms, haarwurms, Lintwurms en Longwurms.

**Behandeling:**

Daar is baie middels op die mark. Predazine, Dovalint en -worm, Ivomec, Ripercol, Tramisol, L-Spartikon. Longwurm word byv net gedood deur Ivomec

**Boereraat:** Meng baie gereeld Blomswael oor kos wat benat is met Scotts, Melasa of Koringkiemolie.

**Die volgende groep** Interne Parasiete bestaan uit Kropkanker, Koksidiose, Duiwe- en hoender- Malaria, Slymmis.

**Behandeling:**

Kropkanker: Emtryl, Tricoxine, Gabracol, Spartix, Meditric, Dovatric en vele ander

Koksidiose: Appertex, Daimeton, Sulfa middels, EsB3, Furasolidoon

Duiwe en Hoender malaria: Embazin

Slymmis: Emtryl of tricoxine. Flagyl tablette (¼ pil 50 mg) vir 5 dae.

**3. BAKTERIEë**

Hier het ons te doen met Paratufus, E-Coli en Slym in die keel

**Paratifus:**

Duiwe vanuit die VSA is veral besmet met die pes. Paratifus het verskeie vorms, naamlik Dermvorm, Senuweevorm, gewrigsvorm en die lewerontstekingsvorm. Dit is 'n uiters gevaarlike siekte onder duiwe em vrektes kom op groot skaal voor. Siektetekens is groen, pap mis, vermaering, nek draaiings, balans-versteurings, hang vlerke, lamheid, geswolle gewrigte, groot geswolle lewers.

**Behandeling:**

Behandel met Baytril, Chloramfenicol, Advocin. Furasolidoon 98%, wat onverkrygbaar is, is van die doeltreffendste. **(Sien VANRENMED bladsy 17)**

Paratifus is ook as Salmonella bekend.

Duiwe wat ernstig siek is behoort met Oxitetracyclin in gespuit te word. Furazolidoon moet saam met die inspuiting toegedien word.

Chloramfenicol is ook redelik doeltreffend.

**E-Coli:** Behandeling net soos met paratifus

**Boereraat:** Jik in die water, daagliks.

**4 VIRUSSE**

Onder hierdie groep sorteer New Castle (paramixo), Pokke en Adenovirus

Daar is net een raad vir hierdie gevreesde drie en dit is om u duiwe tweekeer per jaar in te ent met inspuitbare entstowwe.

Vir pokke word u duiwe in Januarie ge-ent, saam met bronchitus.

Adenovirus. behandeling nie suksesvol nie. Dra sorg dat duiwe nie bakteriese infeksies opdoen nie.

**5. SWAMME EN GISTE**

Die bekendste is Aspergilose en Suurkrop. Vermy muwwe of ou kos. Hou hokke droog. Vermy ook langdurige antibiotika behandeling.

**Behandeling:**

Groot hoeveelhede Vit A.

**6. ORNITOSE**

Waterige neusuitloopsel en ooglidontsteking.

**Behandeling**

Docybotic en Dovabiotic

**7. SLYM IN DIE KEEL**

Roggel in die keel. Word veroorsaak deur swak hokbestuur en ander bakteriese infeksies.

**Behandeling:**

Longstim en mycoban oor 'n periode van 4 weke.

**C. TOEDIEN VAN MEDISYNE**

Behandel duiwe in Maart en Augustus. Vermy chloor water indien u medisyne in water toedien. Kry boorgat of geseriliseerde water. Behandel slegs as u vermoed u het probleme.

Moet ook nooit jaar na jaar dieselfde medisyne gebruik nie

Moenie met duiwe lol as hulle kuikens grootmaak of verveer nie. Behandel siek duiwe in die tye individueel.

Moenie u duiwe aanmekaar en agtermekaar met verskeie middels dooddokter nie. Gee vitamiene tussen behandelings.

**D. BOERERATE**

Ander skrywers het ook ander siektes geidentifiseer, maar

bogenoemde is die belangrikste.

**Ek kom nou by 'n baie belangrike deel van die onderwerp en dit is die toedien van gewone boererate sodat die duiwe gesond gehou kan word. Hierdeur wil ek nie voorgee dat daar glad nie medisyne toegedien moet word nie of dat die gee van ondergenoemde produkte, siektes sal voorkom nie. U duif het net beter kans om gesond te bly.**

**1. Tafelsout**

Tafelsout is belangrik vir die meeste fisiologiese funksies en die vorming van soutsuur in die maag van die duif. Voeg gejodieerde sout in klam vorm saam met skulpgruis. Eenkeer per week is voldoende. Moenie te veel gee nie want dit kan vergiftiging veroorsaak. Tafelsout kan ook oor fyngekerfde spinasie of blaarslaai gegee word, een of twee keer per week.

**2. Lucols lodine (Jodium)**

Jodium is noodsaaklik vir normale metabolisme. 'n Tekort daaraan veroorsaak o.m. swak uitbroeibaarheid van eiers en swak ontwikkeling van vere.

Een teelepel lugols per 15 lt water een keer per week is voldoende.

Moenie hierdie middel se towerkrag onderskat nie.

**3. Engelse sout en chrusen sout**

Reinig lewer en spysverteringstelsel.

Meng twee eetlepels engelse sout en 1 teelepel chrusen sout en dien toe in 5 lt water, eenkeer per maand. Wedvlug duiweboere maak dit veel sterker aan en dien dit in gekookte vorm saam met suiker toe na wedlvugte.

**4. Heuning:**

Ryk aan suiker en dien as bron van energie. Dit is egter beter om glukose toe te dien aangesien dit makliker opgeneem word as heuning. Eenkeer per week is voldoende, twee teelepels per 5 lt water.

**5. Suurlemoensap**

Maak keel skoon en reinig die bloed. 2 eetlepels op 5 lt water, eenkeer per week.

**6. Bitter alwyn.**

'n Kragtige reinigingsmiddel en weer ook muskiete en uitwendige parasiete af. Kook en smelt alwynpoeier in water, gooi in groter bottel en dien tweekeer per week toe. Indien in water gemeng, moet 'n mens dit kan proe en ruik.

Yster en minerale sowel as bloedsuiweringsmiddels word deur baie mense voorgeskryf. Daar is dan ook verskeie resepte en middels. Moeder natuur se resep is bitter-aalwyn. Suiwer poeier hiervan word een keer elke 14 dae op 'n basis van een teelepel op 15 liter drinkwater vir twee tot drie dae aan die duiwe voorgesit. Dit voorkom sowel inwendige as uitwendige parasiete.

Laat tog die duiwe minstens een keer per week bad in lou water. Toevoegings soos bv. spesiale badsout, asyn en sout (jy moet dit kan proe) en weer eens aalwynpoeier (4 teelepels op 10 liter water), is baie doeltreffend.

**7. JIK en Blousel**

Beide is kragtige werkers teen alle bakterie, goed en sleg. Dien een eetlepel toe op 5 lt water vir drie dae per week. Stimuleer daarna die duif met flora om goeie bakterie terug te plaas in liggaam. Die amerikaners gee JIK tot ses keer per week, twee eetlepels op 5 lt water. Ek het dit met my eie oë aanskou. Ekself het vir my vliegduiwe twee eetlepels op 4 lt water laat drink sonder nagevolge. Ekself het ook al 'n mondvol JIK per ongeluk ingekry, dit het gebrand, maar niks nagevolge is oorgehou nie, behalwe, miskien, 'n gebleikte maag.

**8. Brouersgis**

Tablet en poeiervorm.

**9. Knoffel**

Vars in die water of as olie op die kos en brouersgis ingevryf.

**10. Koniskristal**

1 plat teellepel op 20 lt water vir drink en bad

**11. Scotts Emulson**

Lewertraan kan in die graan gevryf word (nie daaroor gegiet) en een keer per week toegedien word. Vitamine A en D word slegs in klein hoeveelhede benodig

**12. Melk**

Aangehaal uit Chris Blaauw se boek: "Melk is van onskatbare waarde vir kleintjies, sowel as vir ons ander duiwe. Ek sit dit een keer per week voor op 'n basis van 50% melk en 50% water vir 24 uur.

U sal begryp van hoeveel onskatbare waarde melk is as in aanmerking geneem word dat dit die eerste en enigste

volledige voedsel is van babas vanaf die oomblik dat hulle die eerste lewenslig aanskou. Dit is 'n totale voedsel vir die kleingoed tot op vyf maande. Met die voorafgaande in gedagte kyk ons in breë na watter belangrike vitamines ons in melk vind:

**Vitamine B2 (Riboflavin)** - speel 'n rol by die suiker-, eiwit- en vetstofwisseling van die duif. Dit vorm 'n komplekse verband met die res van die vitamines. Dit kom onder andere hoofsaaklik in melk voor. Riboflavin verhoog die vrugbaarheid van duiwe en voorkom dat minder geil eiers voorkom. 'n Tekort aan Vitamine B2 kan die ontwikkeling van die embrio tot stilstand bring.

**Nikotiensuur** is uiters noodsaaklik vir die duif. Dit kom hoofsaaklik in melk, lewer, biergis, ens. voor. Hierdie produkte is normaalweg nie vir die duif toeganklik nie. Daarom word daar deur deskundiges soveel klem gelê op die toediening van melk en brood (so grof as moontlik en nie wit nie) aan duiwe wat kleintjies voer. Ek ken kampioen resiesduifboere wat aan hulle broeiduiwe slegs melk en bruin brood voer, die resultate is ongelooflik." Sluit aanhaling.

**13. Skulpgruis**

Skulpgruis, leemgrond en sout moet in watter vorm ookal, altyd tot die duiwe se beskikking wees;

**14. Groenvoer**

Groenvoer kan twee keer per week gevoer word;

**D SLOT**

Laastens, net iets oor vrugbaarheid. Kry Medpet se ACE inspuitings en dien toe volgens voorskrifte, mannetjies en wyfies.

Kan ook die volgende tablette toedien, drie keer weekliks totdat wyfie gelê het.

Koningin jellie, Arovit, en Ephynal. Breek in ½ en dien saam met 1 brouersgis in keel toe, mannetjie en wyfie.

**Vrystaat verdien 100 punte. Boeke geraadpleeg: Gesonde Duiwe Dr L Schrag; Siektetoestande by duiwe deur Dr O Botha; The Road to Success by Jules Dehatschutter en verskeie ander wedvlugduiwe publikasies hetsy vanuit tydskrifte of boeke.**

# Notes from Clive Druce

**Trichomonaise - using an ear bud.**

The sure cure for the above disease is the administration of 120 m/gram Tricazole, repeated 3 days later if necessary. All food and water to be removed for the day. A very important aspect is how to administer the medication. Very often there is difficulty in getting the medication into the crop. Use an ear bud, dipped in glycerine and gently push the medication down into the crop after the throat area has been gently cleaned with the use of ear buds, the area of entry into the crop is well forward to the outside of the throat and vertical.

**Dusting for Vermin**

I find Karbadust most effective in keeping the pigeon clean of all vermin. There is no danger of toxic effects to the bird.

The best method to administer the powder is to empty a good amount into a small bowl, then with a wad of cotton wool, approximately the size of a clenched fist, which is dipped into the bowl and well wiped and ruffled into the birds feathers. One uses far less powder this way and the bird is well covered.

Make sure you securely s the container on completion of the exercise.

**Expiry Dates**

Always read and check the expiry dates on all medication and insect poisons, etc. I recently purchased 4 different lots of drops for use on pigeon feather lice, not at all effective.

These remedies were purchased in small quantities, not in the original make up of the manufacturer. The sellers pleaded ignorance, my money and time went down the drain.

This is not a case of vermin becoming immune to poison but ignorance or dishonesty on the part of the sellers. I have used these remedies very effectively in the past, so have a number of local members too.

Of course the sellers discl liability even if the stock has expired, has been stored in direct sunlight, has been transferred to clear glass containers and has not been properly sealed.

As a matter of interest, certain anti biotics become toxic after expiry dates. Check with your chemist regarding tetracycline drugs.

**Spiders in lofts**

Spiders in the loft are good friends, they catch mosquitoes, moths and flies, which are all bad news. Cock roaches are also bad news.

Never kill a spider, he is on your side.

Clive Druce.

**E.P. - 100 points**

## Sjinese uile deur Lourens Muller

Ek noem dit die nuwe Sjinese uil omdat die duiwe wat Anton Kruger 'n paar jaar gelede ingevoer het, 'n nuwe siening laat ontstaan het.

Die Sjinese Uilklub behoort erkenning aan hom te gee vir die invoere en die verspreiding na ander telers.

Blykbaar was daar baie teenkanting van die ouens met die plaaslike duiwe wat huidiglik ver afsteek by die nuwe generasie Sjinese uile. Dat die beoordelaars na die invoere met oogklappe kon beoordeel, kan ek nounog nie verstaan nie. Gelukkig kom hulle nou tot hulle reg en word hulle raakgesien met hooftoekennings.

Kyk na die vordering wat telers soos Pierre le Roux, Hendriena Swanepoel, Danie Badenhorst en andere met die nageslag van die invoere gedoen het.

Wat my beindruk van die duiwe is die pragtige kwaliteit van die borsvere, volheid en lengte van die borsvere. 'n Goeie digtheid van die nek, wat saamloop met goeie houding. Geen dun nekke en smal borsies kan met hulle vergelyk word nie. Met die pragtige vol nek het die duiwe baie goeie nekstrikke.

Die invoere het ook baie goeie pentaloons teweeg gebring.

Gedraaide vere op die vlerkskild gee bietjie probleme. Volgens die standaard is dit 'n fout, maar nou vra ek myself: Dit bly 'n strikduif en so-iets sal voorkom. Is dit werklik so 'n groot fout, of fout in elk geval? Kyk ons nie te veel na die klein foutjies en daardeur benadeel ons goeie duiwe nie.

Ek glo as ons na die skoutyd by plaaslike duiwe gaan kyk, sal ons ook gedraaide vere kry.

Ek het nog nie die nuwe weergawe van die standaard gesien nie maar glo daar is 'n nuwe siening omtrent die Sjinese Uile.

Ek en Kobus Snyman het die Kimberley Landbouskou beoordeel en was baie beindruk met Hendriena se blou en grizzles. Die verskil was ooglopend tussen die plaaslike en ingevoerde nageslag. Bou so voort, Hendriena. Jy moet die vrugte pluk.

Dan verneem ek Charles Maree teel ook goeie geel uit die Krugerduiwe.

Ek hoop om binnekort ook weer Sjinese Uile te kry om 'n stoet te begin.

Groete en sterkte met die nuwe generasie Sjinese Uile.

Lourens.

**Vrystaat - 20 punte.**

## Braaikuiken afrondingskorrels, lêpille of geen pille?

Johann Loots van Ficksburg is deesdae ywerig met die pen. Hy skryf die volgende oor hierdie belangrike onderwerp.

Ons hoor baie ongegronde beweringe oor hierdie onderwerp. Ek het toe 'n studie gedoen om seker te maak aangesien ekself braaikuiken afrondingkorrels vir my duiwe gee. Lêpille van die spesifieke Maatskappy is te lank en te hard. Dit neem tyd om die korrrels kleiner te breek en met omtrent 1 500 duiwe is dit amper onmoontlik. 'n Mens kan duiwepille in die groter stede bekom.

Waarom dan braaikuiken afrondingskorrels? Ek nooi u uit om na my duiwe se kondisie te kom kyk en ook die pragtige kuikens wat gespeen is. Die duiwe eet die afrondingskorrels beter as die lêpille. Die samestelling van afrondings-korrels en lêpille is omtrent dieselfde, behalwe dat lêpille geen antibiotika bevat nie en ook meer kalsium in het as die afrondingskorrels. Die samestelling is verder ook 'n baie gebalanseerde dieet. Ek voer gemende duiwekos wat ek self meng en braaikuikenkorrels helfte helfte deur die jaar. Dus voer ek dit vir al my duiwe. Duiwe wat kuikens voer eet al die pillie op en stokduiwe laat gewoonlik van die korrels oor wat ek dan vir my hoenders voer.

Braaikuiken afrondingskorrels bevat geen groeistimulant nie maar wel 'n antibiotika, nl Flavomycin wat koksidiose by

hoenderkuikens in toom hou. Die hoeveelheid Flavomycin wat ingemeng word is baie min, nl 0,01 mg per kilogram. Wêreldwyd moet hierdie antibiotika wat gebruik word vir pluimvee, nie die mens in gevaar stel nie en Flavomycin word nie opgeneem deur die dermkanaal nie en residu's word nie gevind in die braaikuikenvleis nie. Verder is Flavomycin 'n phosphoglycophid. Selfs al word Flavomycin by baie lae dosisse toegedien, het dit nogtans 'n aktiewe werking teen die grampositiewe mikro-organismes in die dermkanaal. Die Flavomycin werk op die selwand van die grampositiewe organismes en is ook effektief op sommige gramnegatiewe organismes soos Pasteurella en Brucella. Ook is daar 'n reeks ander antibiotikas wat in voere gebruik word deur verskillende maatskappye wat ook nie die braaikuiken so beinvloed dat dit ongeskik is vir menslike gebruik nie.

Waarom nou die hele relaas? Flavomycin en ander antibiotikas in voere beinvloed nie die hoender of duif se weerstand teen siektes, of dat ander antibiotika nie effektief sal wees teen siektes soos koksidiose of paratifus nie. Flacomycin behoort tot 'n heel ander groep antibiotika as wat ons gebruik teen bogenoemde siektes. Die antibiotikas wat ons kan gebruik teen bogenoemde siektes is chloramfenicol, Tetrasiklien, Sulfa, Doksisiklien en andere. Geen kruisweerstand teen enige antibiotikas is gevind nie. Flacomycin het geen effek op gesonde populasies van onskadelike en noodsaaklike bakteries in die dermkanaal nie.

Hierdie middels soos Flavomycin is nie getoets op duiwe nie maar my gevoel is dat mens dit met veiligheid in jou duiwemengsel kan gebruik. Ek het op 'n stadium lêpille gebruik en met die baie reën en dermkanaalsiektes het ek maar weer braaikuiken afrondingskorrels begin gebruik met sukses. My rede vir die gebruik van lêpille was vir die meer kalsium wat dit bevat.

Indien iemand meer oor die onderwerp wil weet, sal ek kan help met meer tegniese inligting wat aan my verskaf is deur Minnie Boshoff, 'n tegniese beampte van Nolko en Hoechst. Baie dankie aan Minnie vir die moeite wat sy gedoen het.

Duiwegroete

Johann Loots.

**Oos-Vrystaat verdien 100 punte.**

# Chris Blaauw skryf hierdie maand verder oor verskeie sake.

**Broei op die vloer.**

Dit is nogal 'n probleem waarmee ons dikwels te doen kry. Al die fasiliteite is daar maar dan kry ons nogtans duiwe wat wil soos hulle wil. In so 'n geval is die eerste reaksie om die eiers weg te gooi, maar hou in gedagte dat kampioene al op die wyse die lig gesien het. "Sien leef en laat leef," en gee hulle tog maar 'n regverdige kans om 'n nuwe geslag voort te bring. As u sou besluit om hulle te laat begaan, hou net in gedagte dat die vloer baie koud kan word. Koue kom van onder, en dus moet dit uitgehou word. Plaas die eiers in 'n nespan en die nespan op dik koerant papier om isolasie te bewerkstellig en siedaar, goeie gesonde kleintjies kan op die vloer uitgebroei word.

**Oorerwing.**

Hieroor het ons reeds geskrywe en dit is verbasend hoe dit by duiwe voorkom d.i. wat betref sekere maniere en handelinge by die nageslag. Selfs die pronktoon van die jong mannetjie stem met die van sy pa ooreen, wyse van broei en grootmaak van kleintjies. Let maar op en u sal verstom staan, maar dit dien 'n goeie doel want sodoende kan duiwe met swak eienskappe uitgeskakel word of van pleegouers gebruik gemaak word om verliese te voorkom.

Met oorerwing in gedagte laat dit my dink aan die storie wat vertel word oor 'n landbouskou in Windhoek. Die vertoners van boerbokke moes 'n stel van 'n ram, 'n ooi en hul lam vertoon. By die wenstel het die beoordelaar dan ook aan 'n groepie boere die goeie eienskappe van die ouers verduidelik en so het hy in ekstase geraak oor die puik ram en ooi. Ten einde moes hy iets sê oor die lammetjie, 'n ooitjie. Hy maak toe die opmerking dat die ram se teelbal so uitstaande is dat die ooilammetjie se uier eendag erwingseienskappe daarvan sal toon as sy moet soog.

By die aanhoor hiervan maak een van die omstanders die opmerking "Ek sou in so 'n geval graag Dolly Parton se pa wou gesien het."

So, wees versigtig indien u dalk

'n goeie duif se uitstaande eienskappe aan toehoorders wil ophemel.

**Toedien van antibiotika** en ander medikamente gelyktydig. 'n Duiweliefhebber bel my onlangs van daar ver uit die noorde om 'n bietjie te gesels oor voorkomende toediening van antibiotika en medikamente teenoor werklike behandeling. Tydens die gesprek noem hy dat hy, sowel as ander liefhebbers, hulle duiwe met een kursus bv vir kropkanker wel as bakteriese besmetting behandel en dan nog op 'n gereelde basis (weekliks of elke 14 dae).

Ek is bewus van wedvlugduiweboere wat dit doen, maar in die stilligheid het ek gehoop dat sierduifliefhebbers dit nie ook doen nie. Die gebruik is absoluut fataal. Dink maar aan die mens; as jy griep onderlede het en medisyne daarvoor inneem, drink jy tog versekerlik nie ook medisyne vir jou maag of jig net vir ingeval nie. Die mens drink tog ook nie sulke mengsels op 'n gereelde basis nie, want dan sal die permanente kuier by die lang bome gou volg.

Die vraag ontstaan nou waarom ons so-iets met ons duiwe doen. 'n Baie kleiner liggaampie aldus ook 'n swakker gestel. Die antwoord lê vir my daarin dat in die drang om te presteer, ons alle logika oorboord gooi en die duif is die lydende party. As jy dit nie vir jouself of jou gesin aandoen nie, waarom dan vir die stomme duif. Daagliks hoor ons van liefhebbers wat kla dat hulle duiwe onbevrugte eiers lê of glad nie eiers lê nie. Dan word die rede by gifstowwe waarmee die die hokke bespuit word of in duiwe se badwater gegooi word, gesoek. Die primêre oorsaak is oormatige toediening van antibiotika en verskeie ander medisynes gelyktydig - dit is ondenkbaar en nie in belang van die duiwebevolking nie.

Ek het my duiwe na die nasionale skou in Julie 1999 voorkomend behandel vir alle belangrikste siektes en veerluise. Dit is nou Desember terwyl ek hier skryf en ek het nog nie weer behandel nie. Ek het nog nie een enkele siek duif in my hokke gehad nie; ook nie vrektes onder kleintjies nie.

'n Wenk ter nadenke: hou jou hokke, neskaste en nespanne higienies, dien natuurlike middels soos knoffelolie, bitter-alwyn, sout en groen voer toe en gee vitamines en minerale saam met 'n gebalanseerde voeding. Laat die duiwe gereeld bad waarby Pour-on gevoeg is (1 teelepel op 10 lt water) met skoon drinkwater te alle tye in die hok, ook met badtyd. Indien 'n duif kroeserig sou voorkoom en nie simptome van kropkanker of koksidiose toon nie, gee 1 dovabiotic-tablet vir 3-5 dae tesame met een tablet van Exceder se brouersgis met vitamien en mineraal aanvulling of broeiergis met yster. U kan ook hierdie tablette drie keer per week aan kleintjies (na 8 dae) gee en sal die verskil in ontwikkeling bemerk.

**Stoetmannetjies**

Ek het in die pas gepubliseerde boekie "Bydrae tot die Sierduifsport" genoem dat 'n mannetjie die eier by die wyfie slegs 42 uur voordat dit gelê word, bevrug. Dit is 'n feit en daarom kan ons 'n stoetmannetjie verskeie wyfies laat bevrug. Dit verg egter baie waarneming en geduld en neem baie tyd in beslag. Dit loon egter die moeite. Hiermee in gedagte, laat dit my dink aan die ou tannie wat hoenders gaan koop het. Sy het aangedui dat sy 12 henne en 12 hane wou hê. Die hoenderboer was verbaas en gesê: "Een haan is voldoende vir 12 henne." Die tannie het vererg geantwoord dat sy 'n haan vir elke hen wou hê, "want ek weet wat dit in die lewe beteken om afgeskeep te word." Wat 'n lewensfilosofie? Blykbaar ook nie genoeg waarneming en geduld beoefen nie.

**Bedsere.**

Ons weet dat pasiente wat lank in een posisie moet lê, wel met bedsere gepla kan word en bepaalde behandeling daarvoor moet ontvang. Ek het gevind dat die groter rasse se kleintjies dieselfde probleem ondervind en dat plastiekpanne dit vererger. Selfs met die normale pulppanne gebeur dit ook dat kleintjies se knieë aan die agterkant 'n knop vorm wat na 'n paar dae bloeding tot gevolg het. Oorsaak: die duifie is swaar en die nespan te hard. Behandeling met Betadine genees wel die seer, maar weer eens is die regte nesmateriaal die antwoord. Dennenaalde en ander harde materiaal is nie die antwoord nie, maar wel hawerstrooi wat fyn geknip en met fyn sand gemeng word. Bloekomblare of kareeblare, die van die vlaktekaree en nie die rivierkaree nie. Laasgenoemde is te klein.

**Vals eiers**

Ons is almal geneig om eiers te skud of selfs warm te maak wanneer 'n paar duiwe nie verder moet broei nie. Dan word die onmoontlike tog moontlik en daar broei kleintjies uit. 'n Verleentheid vir die baas en die

broeipaar. Dit kan met vals eiers voorkom word. Sulke eiers is van goeie troeteldierwinkels verkrygbaar en is baie goedkoop. Hierdie eiers is van plastiek vervaardig en die een deel skuif oor die ander. Voeg sand in die eier, skuif dit toe en plaas dit onder die duiwe en ek kan waarborg daar sal geen verleentheid wees nie. Dit hou vir jare soos ek dit in die resiesduifsport ondervind het.

**Werp jou brood op die water, ens. ens.**

Dit is 'n Bybelse fliosofie en dus altyd van toepassing in die lewe, behalwe as ons by die duiwesport kom dan geld dit nie in alle gevalle nie.Ek wil graag hierop uitbrei. Nie om skenkers van duiwe te ontmoedig nie, maar om hulle te laat dink sodat die verstand die hart oorheers in sekere gevalle.

Ek het pragtige duiwe van uitstaande gehalte teen 'n uiters billike prys van 'n baie eerlike duiwevernnootskap gekoop, 'n tydjie daarmee aangegaan en werklik goeie duiwe geteel voordat ek besluit het om net met Strassers en Polish Lynx voort te gaan. Daardie uitstaande gehalte duiwe, soos vermeld, het ek aan 'n voornemende duiweliefhebber geskenk om hom met die sport aan te help. Ook hy het aan die begin 'n paar goeie kleintjies uit die duiwe geteel. Dit was die einde van 'n goeie bloedlyn en absolute wanbestuur het selfs geen resultate wat enigsins noemenswaardig is, opgelewer nie. In teendeel, alles het in 'n chaos ontaard.

Ek het aan die betrokke persoon alle moontlike advies probeer gee, maar met sy duiwe was daar nooit 'n probleem wat behandeling of voorkoming betref nie. Dit was nie eens nodig om mannetjies en wyfies gedurende bepaalde tye te skei nie. Die gevolg was 'n hok vol swak duiwe en die oorspronklike duiwe was in 'n haglike toestand. Kos word daar in oorvloed gegee, basies op die vloer en water in oop bakke waarin daar gedrink en gebad kon word. Oor die inwendige parasiete kan ek nie 'n oordeel vel nie, maar uitwendig was dit 'n gemors nadat ek van die duiwe terug gekoop het om aan die oorspronklike eienaars te skenk.

Die betrokke persoon het glo ook duiwe oor baie jare aangehou maar by verdere navraag kon ek vasstel dat hy gewoond is aan daksitters wat maar aangaan soos hulle wil sonder veel aandag. Dit verskil hemelbreed van opregte sier- of vliegduiwe.

Neem kennis en wees versigtig. So help ons sekerlik nie die duiwesport aan nie. En as jy dalk 'n goeie duif van so 'n persoon koop of kry, moet dit nie dadelik tussen jou duiwe plaas nie. Onthou, en dit is 'n feit, daardie duif is vol peste en siektes en sal dit op jou duiwe oorplaas.

**Lol met broeipare en hulle eiers**

Ek het oor die jare die probleem om wanneer ek boontjies geplant het na 'n paar dae in die grond te krap om vas te stel hoe ver die ontwikkeling gevorder het. So krap, krap, af is die uitlopertjie se nek en vrek is die boontjie. Hierdie slegte gewoonte, het ek na my duiwesport oorgedra. Na vyf dae word die broeipare opgelig om te sien of die eiers bevrug is. Soms gaan dit gepaard met stukkende eiers deurdat die

## Belangrike kennisgewing aan Engelse Kortgesigtelers.

Daar is in die Maart/April 2000 uitgawe berig dat die Kortgesig Tuimelaars saam met al die ander tuimelaars, deur mnr Corrie van Reenen tydens die SA Kampioenskapskou beoordeel sal word.
Dit is nie korrek nie. Die beoordelaar vir die Kortgesigtuimelaars sal of mnr Louens Muller of mnr JAS van Niekerk wees.

wyfie met die vlerk klap.

Op die agtiende/negentiende dag word die proses herhaal om vas te stel of die kleintjies pik en dalk probleme ondervind. Nog 'n geveg met die duif en nog skade, ook as ek dalk besluit die kleintjie moet gehelp word om uit die dop te kom.

Ek het my les geleer. Jy maak die duiwe senuweeagtig met nadelige gevolge soos uitrol en breek van eiers, selfs die nes los en afkoel van eiers wat die eiervlies uitdroog en kleintjies vrek omdat hulle nie deur die vlies kan wikkel nie Moenie probeer help nie en laat moedernatuur sy gang gaan. As jy enigiets ivm die eiers wil waarneem, wag liewers totdat beide ouers op die vloer is om te vreet.

**Slappies in die sierduifsport**

Klokslag elke dan en wan word daar in die Sierduif 'n beroep gedoen op liefhebbers om hul lidmaatskap vroegtydig te

hernu en om die korrekte bedrag aan te stuur vir alles wat jy bestel. Die Redaktrise moet sukkel en so ook die Ringmeester en met Job se geduld hulle funksies vervul. Die voorgeskrewe vorm word blykbaar weggegooi en dan word notas, en dikwels nie eens 'n behoorlike brief nie, geskryf met onvoldoende betalings wat dit vergesel. Alles inaggenome kom die alles neer op die bekende uitdrukking wat in Afrikaans so dikwels gebesig word. Waarom dinge vir die twee dames moeilik maak as alles so eenvoudig vir jou gedoen word om dinge reg te doen en die uitvoering van hulle funksies te vergemaklik.

Hierdie persone doen die werk in hulle vrye tyd en ons kan hulle baie persoonlike ongerief en kostes bespaar deur dinge die eerste keer reg te doen.

Dankie aan Bertha en Petra vir uitstekende dienste deur die jare. Voorspoed vir die pad vorentoe en mag 2000 vir julle net vreugde inhou.

Groete,

Chris Blaauw

**Boland verdien 100 punte. Chris het gevra dat punte toegeken moet word vir sy boek wat onlangs gepubliseer is. Die U.K. sal hieroor besluit tydens die Kampioenskapskou in die Paarl en ek glo dat die versoek toegestaan sal word.**

## *Probiotikums deur Dr Pietie le Roux*

Dr Pietie le Roux is 'n veearts en het onlangs by die SASV aangesluit. Dit is goed as nuwe lede sommer dadelik na aansluiting die nuusbrief ondersteun met waardevolle skrywes soos hierdie een.

"At Nigrini het in 'n onlangse uitgawe 'n onderwerp aangeraak wat ek graag verder toelig (Goedheid uit die Natuur). Dit gaan hier eintlik oor die konsep van probiotika.

Ek sal darem nie soos die TV-program alles wil homeopaties maak nie want dan moet ons die meeste antibiotika ook as homeopaties klassifiseer. Baie antibiotika word vandag nog soos die oorspronklike penisilliene uit swamme geisoleer.

Die konsep van probiotika dateer reeds uit die sewentiger jare toe nagevors is waarom die Bulgare so 'n hoë gemiddelde lewensverwagting het. Die antwoord was die daaglikse eet van yoghurt. Deur die gereelde inname van natuurlike spysverteringsbakterieë (Bulgaarse youhurt o.a.) word patogene bakterieë verdryf. "Competetive Exclusion" is die wagwoord. In die boeretaal dalk soiets soos "oordondering".

Probiotika is onder verskillende handelsname kommersieël beskikbaar. In SA kweek Biosem van Jan Kempdorp die kulture op doodgewone lusernblaar. Probiotika het beslis 'n plek in moderne medisyne vir mens, dier en voëls. Ekself het dramatiese resultate gekry met die grootmaak van kalwers en volstruiskuikens. Afgesien van siektebeheer, laat die gereelde gebruik hiervan, selfs op probleemvrye plase, kalwers en volstruiskuikens eenvoudig beter groei agv 'n beter voorsiening van spysverteringsorganismes. Ek het nog nie genoeg ondervinding by duiwe nie maar is oortuig dat dit hier net so belowend lyk.

Ek glo by duiwe moet dit by die volgende strategiese situasies aangewend word.

1. Broeipare vir voer van kuikens
2. Grootmaak van kuikens na speen.
3. Verveertyd
4. Stressfaktore wat terloops ook spysverteringsorganismes affekteer en selfs vernietig - hittegolwe, koue, nat weer, uitgepunte wedvlugduiwe, uitgeputte sierduiwe wat vir drie dae in skouhokke staan, langafstandvervoer, ens.
5. Na die gebruik van antibiotika. Moderne antibiotika vernietig dikwels die spysverteringsorganismes totaal. Byvoorbeeld 3 dae antibiotika kan onmiddellik opgevolg word met 3 dae probiotika.

Mens moet egter nie so waaghalsig raak en al jou antibiotika van die rak verwyder nie. Die volgende toestande sal hulle dalk nie sommer met "competitive exclusion" laat "oordonder" nie:

chroniese paratifus
mikoplasmose
kropkanker (wat terloops nie 'n bakterium is nie)
ornitose
Paramyxo virus, ens.

Ek glo egter dat 'n jong "yoghurt duif" meer weerstand gaan bied teen ronde wurmbesmetting, koksidiose, ens.

Hier lê myns insiens 'n wye veld oop vir tuiseksperimentering.

Probiotukums is met alles

mengbaar (behalwe antibiotikums wat natuurlik die laktobasillusse sal vernietig in die probiotikum). Dit kan met drinkwater of voer gemeng word.
Pietie.
**Boland verdien 100 punte**

## Raad vir siek duiwe deur Wim van Rensburg

Na vele jare se stilte het ek weer besluit om so 'n kort briefie te skryf. Ek kan onthou in die verlede as die boekie oop gemaak is, was daar 'n brief van my en NAK Smit maar die nuus het deur die jare opgeraak.

Nadat ek die nuuste boekie gelees het, kon ek nie meer stilbly nie. Ek lees van Kobus se probleem met siek kuikens en die nespanne van sy naamgenoot. In die vorige boekie was daar 'n eerste brief van Pieter Cilliers oor die jeugskou.

Oor laasgenoemde wil ek graag noem dat ek self betrokke is met die sierduiwe vir die jeug. Dit is my manier om ons stokperdjie te bemark. Die kinders wat Pieter so deur mekaar gepraat het, is kinders wat by my kom leer het van duiwe en ek nooi julle ook uit om te kom kyk wat daardie kinders tydens hulle SA's gaan opdis. Dit is ons duiweboere van die toekoms.

Gedurende Maart was daar weer 'n Landbouskou op Ermelo en ek het ingeklim. Ons het die dag 50 duiwe van 8 rasse vertoon.

Ek wil aan elke persoon wat te doen het met ons duiwesport bedank vir die uitbouiiing van ons sport want dit is tog waaroor dit gaan. Graag wil ek ook 'n beroep doen op al ons vertoners om asseblief die beoordelaars se keuses te aanvaar en nie die duiwe, nadat hulle beoordeel is, weer te beoordeel en dan onskuldige mense daarby te betrek met leuens nie. Ek voel ek skryf dit want dit het verlede jaar gebeur op 'n skou. Ek het dit self gesien en gehoor.

**Mengsel vir siek duiwe**

Ek sluit ook die volgende goeie raad in vir almal wat met siek duiwe sukkel.
Meng die volgende:
2 eetlepels Kondiskristal
2 eetlepels bloufetterjoel
2 eetlepels engelse sout
1 eetlepel koeksoda
Meng bogenoemde met 2 lt water en stoor in 'n donker bottel in die yskas. Gebruik 1 teelepel vol op 1 lt water van die mengsel vir 7 dae so elke twee maande. Die raad is deur 'n uitstekende vliegduifboer vir my gegee nadat ek probleme met siek duiwe ondervind het en hulle op strepe begin vrek het. 3 weke na die behandeling het ek begin broei en daar is uitstekende kuikens gebroei.
Verder kan jy, presies soos jy skryf, 2 keer per week Jik in die drinkwater gooi, nl 1 eetlepel op 5 lt water.
Ek sluit af met die seënwense van ons Hemelse Vader vir elke persoon in die SASV.
Wim van Rensburg.
**Transvaal 20 punte. Dit was goed om weer van jou te verneem en dankie vir die raad.**

## Die wonderlike fisiologiese kringloop deur Dr Pietie le Roux

Nak Smit se vraag "Hoe word dit verklaar? na aanleiding van sy onvrugbare Giant wyfie wat nou bebroeide eiers lê, wil ek graag soos volg probeer verklaar.
Die voortplantingsproses is 'n tussenwerking van hormone, fenomone en sintuiglike waarnemings wat uiteindelik 'n wonderlike fisiologiese kringloop voltooi. Elke spesie in die skepping het sy eiesoortige fisiologiese patroon wat soms uithaak en dat onvrugbaarheid veroorsaak. Nak se waarneming kom ook in ander spesies voor naamlik met die kunsmatige inhaak van 'n skakel in die fisiologiese kringloop, vrugbaarheid teweeg gebring word. So het dit dikwels al gebeur dat kinderlose ouers na die aanneem en vertroeteling van 'n baba, later met hulle eie baba geseën word.
Eierselle vorm reeds lank vooraf en by skaap ooie vind dit reeds 6 maande voor ovulasie plaas. In Nak se Giant wyfie se geval het die vertroeteling van die aangenome kuiken die vorming van lewensvatbare eierselle te weeggebring en na die voltooiing van die een suksesvolle fisiologiese kringloop, was die volgende siklus reg vir die bevrugting en bebroeide eiers.
Mens moet inderdaad nie uit die oog verloor dat die fisiologiese siklus by mannetjies net so belangrik is. Duiwe het 'n meer omvattende manlike geslagsiklus as ander voëls omdat dit die

enigste spesie is wat kropmelk afskei en hier ook hormone by betrokke is (o.a. Prolaktien). Dit is vir die mannetjie (veral ou mannetjies) net so belangrik om die volle proses van "courtship", "paring", "broeisheid" en "kleintjies voer" deur te gaan.

Mens kan jou eie prentjie skets van so 'n fisiologiese kringloop by broeipare wat ook die mannetjie se vrugbaarheid beinvloed: Hofmaak, nesbou, weg baklei van ander duiwe, kropmelk produseer, ens. Paring assulks is maar net een deel hiervan. Meng ons nie soms onnodig in met hierdie natuurlike prosesse nie? Die sosiale stimulus is noodsaaklik.

Nee, Nak, dit werk so, jy het reg waargeneem. Ekself gee onvrugbare pare reeds by die tweede stel geil eiers 'n bebroeide eier of kuiken om die skakel weer in te haak en die fisiologiese kringloop te voltooi.

Wat van die inspuit of toedien van middels en boererate om die siologiese siklus se bal aan die rol te sit. Kan ons nie mekaar se geheime deel nie?

Pietie.

**Boland - 20 punte.**

---

Versamelingsgogga het gebyt

## *SASV-Ringversamling deur Jan Lombard*

Hieronder volg 'n kort geskiedenis en beskrywing van Suid-Afrikaanse sierduifringe soos ek dit op die oomblik het.

"Vanaf 1975 tot en met 1979 het die letters FPC (Fancy Pigeon Club) op die ringe verskyn Ons het op hierdie stadium geen ouer ringe in die versamling nie. Die SASV is reeds in 1943 gestig. Watter ringe tussen 1943 en 1975 gebruik is, bly 'n ope vraag. Dit moontlik geskiedenis wat nooit opgeteken is nie en as sulks verlore vir die geslagte wat kom. Ons weet dus nie hoe die ringe voor 1975 gelyk het nie en baie van ons ouer manne kan nie meer onthou nie. Vanaf 1980 was die letters SASU en ook SASV. In 1988 en 1989 was dit SAFPC en vanaf 1987 SASV of SAFPA. In sommige jare is die Afrikaanse afkorting op sekere groottes ringe en die Engelse afkorting op ander groottes gebruik. Die ringe tot 1987 was van aluminium en lyk baie soos die ringe wat tans in die VSA gebruik word. Dit het 2 randjies op die kante en die letters en syfers is van binne af uitgedruk, m.a.w. verhewe letters. Die metaal is dun en sag en buig dus maklik.

Gedurende die periode 1980 tot 1986 was daar ook B-grootte ringe wat soortgelyk is aan plaaslike posduifringe - aluminium met papier binne en deursigtige plastiek buite-om. Hierdie ringe is vanaf Haspeslagh PVBA Duivensport in Belgie ingevoer. Ek het 'n reklamering vanaf hierdie firma by oom Frik Knoetze gekry. Hierdie ring is aan die Knoetzes gestuur as voorbeeld om aan die SASV te wys voordat ringe uit Belgie ingevoer is.Daar was ook normale B-grootte aluminium ringe soos hierbo beskryf gedurende dieselfde periode - m.a.w. twee tipes van dieselfde grootte in dieselfde jaar.


Die aluminium ringe was elke jaar 'n ander kleur. Die verf was egter nie van 'n goeie gehalte nie. Gebruikte ringe lyk na aluminium sonder enige kleur. Die korrekte kleure is slegs sigbaar op ringe wat buite direkte sonlig gestoor is. Baie duiweboere hang hulle ringe erens in die duiwehok op. Die kleur van ou ringe wat so gebere is, het heeltemal verbleik.

Die ringe soos ons dit vandag ken, is vanaf 1988 plaaslik vervaardig deur Jansen Ringe. Hierdie ringe is van 'n baie beter gehalte. Letters en syfers is van buite in die metaal ingeslaan. Die ring is van dikker alluminium en buig nie so maklik soos die pre-1988 ringe nie. Kleur is ook baie meer kleurvas, alhoewel sekere jare se ringe ook baie verbleik het. Veral 1993 se donkergroen ringe is feitlik almal sonder enige kleur.

Die SASV se ringversameling het reeds 95 ringe. Hierdie versameling sluit slegs SASV ringe in. My eie versameling staan op 75 plaaslike ringe, 15 buitelandse ringe, 7 plaaslik posduifringe en een plaaslike rollerring. Ek versamel letterlik alles wat om n duif se been gesit kan word - sierduif, roller, tippler, posduif, spesklub, ens. ens. Ek verwag buitelandse ringe vanuit die VSA, Spanje, Ysland, Canada, Holland, Egipte en New Zealand en sal binnekort baie buitelandse ringe hê.

Die SASV versameling gaan uiteindelik in die Hall of Fame uitgestal word. Ek wil 'n beroep

# SPESIALE AANBIEDING
# AAN ALLE DUIWELIEFHEBBERS



## Kussings van Eendevere

R70,00 elk (450 mm x 700 mm - Massa 700 gram)


## Duvets: Eendevere en/of dons


**Prys per eenheid**

| Grootte s | mm | Dons & Vere | Dons Alleen |
|---|---|---|---|
| Driekwart Bed | 1500 x 2000 | R300,00 | R675,00 |
| Dubbel Bed | 2000 x 2000 | R345,00 | R790,00 |
| "Queen" Bed | 2000 x 2300 | R390,00 | R895,00 |
| "King" Bed | 2200 x 2300 | R435,00 | R990,00 |

1. Aflewering kan geskied deur die Poswese teen R5,00 per item (Dit is 'n gemiddelde prys en sluit verpakking in.
2. Pryse kan verander a.g.v. faktore alreeds so oorbekend aan ons.

**KONTAK:**
**MEV. JOEY BIERMAN**
**POSBUS 2,**
**STANDERTON 2430**
**TEL 017-712-2342**





op alle SASV lede doen om my te help met hierdie versameling. Die oudste ringe wat ons tans het, is 'n B-ring wat dateer uit 1975. Dan is daar 'n C-ring uit 1976 en 'n F-ring uit 1977. Ons kort baie ringe tot 1994. Vanaf 1995 het ons alle groottes - d.w.s. die gewone A tot F groottes.

Ons kort egter baie spesklubringe van alle jare.

Asgevolg van my voorliefde vir Modenas en kontak met Modenatelers het ons reeds 9 erskillende NMK ringe. Ongelukkig kan ek nie dieselfde van die ander spesklubs sê nie. Ons het slegs die volgende: SASV-JK 93B en SASV-JK 98B (jakobynklub) en SASV-KGR 98E.

Kan iemand my laat weet waarvoor staan KGR? **(Red: King, Gros en Runt)**

Ek is ook besig met 'n databasis wat alle moontlike inligting oor duifringe van oor die wêreld bevat. Hier het ek veral Spesklubs se hulp nodig. Gaan aub julle rekords na en laat weet my vir watter jare julle klubs ringe bestel het en watter letters julle gebruik het. Inligting oor die normale ringe, soos hoeveelhede bestel en verkoop sal ek uit die ringmeestersverslae oor die re kan kry.

Ek doen 'n beroep op alle SASV lede om my te help om die SASV versameling so volledig as moontlik te maak. Veral die ouer lede sal kan help. Die Hall of Fame is daar om die SASV se geskiedenis te bewaar. Ringe is deel daarvan! Enige hulp met my private internasionale versameling sal ook waardeer word. Op hierdie stadium wil ek graag vir Petra van den Berg, Neels Prinsloo, Koos Roets, Piet du Toit, Dawie Fouche, Rodney Stevens en die Knoetzes bedank vir hulle hulp in hierdie verband.

Red. Ringe is deur die SASV vanaf 1948, en gedurende die jare 1961 tot 1974 ook deur die Nasionale Sierduif Unie - die sogenaamde wegbreekgroep weg van die SASV - uitgegee. Johan de Bruyn, Pieter Vertue en Cas de Waal was ondermeer ringmeesters - kontak hulle gerus. Wat die NSU betref kan manne soos Dick Hattingh, Barnard Steyn en oom Attie van Greuen gekontak word. Soos dit met alles gaan is 'n mens, veral wanneer jy ouer word, spyt dat jy nie meer bewaringsbewus was nie. Jou ideaal om alle ringe te bekom, word heelhartig ondersteun en daar word 'n beroep op alle telers gedoen om die kaste se laaie deur te gaan om ou ringe aan Jan te besorg. **Vrystaat 20 punte**

# VANRENMED DUIWEKLINIEK
## deur Kobus Snyman

'n Tydjie gelede het Dr's Chris en Leon van Rensburg, beide hart en siel vliegduiweboere, 'n kliniek vir duiwe en 'n duiwe-medisyneverkooppunt in Bloemfontein geopen.

Ek ken die twee here al van die vroeë negentigerjare toe ons saam in die BRPFederasie duiwe gevlieg het. By geleenthede destyds het ek vir Leon genader om met siek duiwe te help.

Nou is hulle volstoom in die duiwesiekteveld doenig om ons met raad en daad by te staan.

My **eerste duif** wat ek aan hulle voorsien het om te ontleed, is 'n swart 95/755 mannetjie vanaf Ed Loomis in die VSA. Ek wou weet of daar enige verklaarbare rede is waarom die duif nie eiers bevrug nie.

Die duif is vir 'n dag na VANRENMED vir ontleding en toetse. Mismonsters en kropspoeling is geneem en Chris, 'n Pataloog, het die volgende verslag aan my voorsien:

"Kropspoeling: Slegs enkele Trichomonas word waargeneem; kweking toon slegs normale flora.

Mis Ontleding: Geen endogene parasiete of parasiet eiers word waargeneem nie. Kweking toon enkele kolonies Salmonella (gallinarum)

Die antibiogram wat daarna gedoen is, wys dat die Salmonella reeds weerstandig is teen die volgende:

Ampicillin (R)
Trimethoprim (R)
Sulfonamiede (R)
Cefuroxime (R)
Vir die volgende is daar sensiwiteit:
Augmentin (S)
Chlorampenicol (S)
Fluoro-Quinolone (S)

Chris skryf verder: Die Salmonella infestasie mag chronies wees wat vir die klaarblyklike steriliteit van die duif verantwoordelik kan wees. Medikasie word voorberei en toediening daarvan sal met die eienaar bespreek word."

Daar is verder aanbeveel dat die hele hok behandel word. Chris het aan my gesê dat die duif fisies eintlik gesond is en dat alhoewel die Salmonella-besmetting baie gering is, dit

hoogwaarskynlik is dat die duif se saadselle besmet is. Ons weet almal dat dit een van die grootste probleme is met modenas uit die VSA want baie telers kon uit bepaalde mannetjies, en dan nogal jou bestes, nie kuikens teel nie.

Die feit dat kropspoeling slegs normale flora getoon het, en soos Chris aan my gesê het dat die duif basies baie gesond is, skryf ek toe aan die voortdurende toediening van JIK.

Ek het nog nie met die behandeling wat Chris voorgeskryf het, begin nie aangesien ek eers die skouseisoen agter die rug wil kry.

Die hoofsaak is dat daar vasgestel is dat hierdie duif en waarskynlik die res van die hok, slegs bepaalde behandeling moet kry en dat 'n mens nie 'n skoot in die donker hoef te skiet met talle ander antibiotika nie. So kan 'n mens waarskynlik honderde rande spaar.

Ek sal lesers op die hoogte van sake hou. Dalk kan VANRENMED ons oplossing wees met onbevrugte mannetjies. Ek beskik oor drie van Ed Loomis se mannetjies, en as hulle vanjaar nog nie eiers bevrug nie, sal ek een aan VANRENMED voorsien om doodgemaak te word sodat 'n volledige nadoodse ondersoek kan volg om te sien wat presies met die duif aan die gang was.

**Ek het bogenoemde uitslag aan Dr Pietie le Roux, 'n staatsveearts en lid van Villiersdorp gefaks het hy het soos volg geantwoord:**

## Pietie se antwoord:

"Ek wil ten alle koste nie my-self probeer slim hou in hierdie nuwe veld nie maar glo my bykans veertig jaar in die veeartsenydienste kan dalk 'n bydrae lewer.

Die Amerikaners beskou die gallinarium stam van Salmonella as seldsaam. Is dit anders in Suid-Afrika?

Die antibiogramme is uiters insiggewend. Waarom is nie vir tetrasiklienes, veral doksisiklien getoets nie?

**Fluoru-quinolone** is goeie nuus want dit is kommersieel beskikbaar vir die pluimveebedryf **(Baytril)** **Chloramphenicol** en **Augmentin** is nie kommersieel beskikbaar nie en sal dus duur uitwerk.

Die wagwoord met Salmonella is fekale kontaminasie en soos vaneffe bespreek glo ek die amerikaanse modenas is tipiese "ground dwellers" (lewe en slaap op die grond) en meer blootgestel aan kontaminasie en dan aan vreemde stamme wat hulle nie gewoond is nie.

Ek dink die modenaklub moet 'n projek aanpak deur landswyd patalogiese resultate soos hierdie van jou, te evalueer en koordineer. Miskien moet ons ten tye van die SA's hieroor gesels.

Ons moet myns insiens meer agressief kyk na die ontsmetting van hokke Ek kan o.m. 'n stimulerende artikel hieroor vir Die Sierduif skryf.

Wat jou eie duif betref, die amerikaners glo nie aan "Flock treatment" nie. Jy sal oor 'n lang tydperk moet behandel want dis 'n kroniese toestand. Baytril inspuitings werk lekker by duiwe. Pietie."


Die **tweede duif,** n Jong swart mannetjie waarop ek so 80% trrots op is, het op 13 Mei siek geword, half lam in die bene en wou nie vreet nie. Die duif is aan VANRENMED voorsien en na 'n misondersoek en kropspoeling is vasgestel dat by kropspoeling is daar geen abnormaliteite en patogene nie. Uit die mis ondersoek word **E.coli, Enterobacter sp. en 'n Pseudomonas sp** (laasgenoemde is aanwesig in drinkwater) gekweek. Chris rapporteer verder dat genoemde organisme '- oorgroei toon en dat te m... flora teenwoordig is. Hy sê ook dat die organisme teen die meeste van die normale antibioka wat deur duiweboere gebruik word, bestand is. Hy het 'n spesiale mengsel aangemaak wat normaalweg vir mense gebruik word. Volgens hom sou die duif beslis vrek. Hy beveel aan dat duiwebakke eenkeer per week in asyn gewas word en dat JIK gereeld toegevoeg word tot die water.

Chris het medisyne voorberei en reeds teen die tweede dag het beterskap ingetree. Die duif is met die skrywe van hierdie rubriek mooi gesond.

Soos Dr Koot Serfontein eendag gesê het, moet ons onthou dat ons met die invoere, siektes ingevoer het waarva- ons nie eens bewus is nie. D... feit dat ons met bekende rate dit probeer dokter, is nie die oplossing nie, soos terreg deur Dr Chris van Rensburg van VANRENMED bevestig is.

Ek wil aanbeveel dat ons meer van VANRENMED gebruik maak, veral die duiwemanne wat naby en in Bloemfontein bly en dat ons hierdeur 'n baie volledige databank kan opbou.

**Vrystaat 100 punte.**



Kobus Snyman ( met die Satinette in die hande), Wynand Wessels en Corrie van Reenen was van die manne wat die opleidingsdag te Betlehem bygewoon het.

# STREEKNUUS / REGIONAL NEWS

## Eastern Province/SWD Young Bird Show by Netta Prince and Clive Druce

**(Forwarded by Clive Druce)** The young bird show was held at Despatch on 25 March. There were 403 entries in 42 varieties entered by 25 senior members and 2 juniors.

Our judges were Chris van der walt, Kobus Snyman and Senior judge Wynand Wessels, our national President, who all motored down from the Free State. What would we do without our Free State neighbours.

Talking of what would we do without, I make bold to say, **without the help of Despatch and the Despatch Municipality** I doubt that we could ever have such successful shows. We are given a R1000 per day fantastic hall and all facilities free of charge for our shows, plus all the assistance you could dream of. For instance we are supplied with 200 large palms and plants just for hall decoration. The main hall could easily allow for benching of a full SA's. There are three other halls in the same grounds plus a swimming pool for anyone who is crazy enough to want to swim in winter. These facilities will be available if we stage the SA's, protected parking and caravan sites around the halls.

An outstanding feature at the show was a centre piece, fabricated by Johan le Roux. This was 2 meter high, V-shaped and 12 meter long for the penning of the prize winners, decorated by plants, all round the most presentable show I have ever attended.

The show ended off with a slap up dinner that evening, very well attended and enjoyed much by all.

**Results (forwarded by Netta Prince)**

Champion Young Bird on Show: Schietti Modena by Johan le Roux (EP)

Reserve Champion Young Bird: Show Flight by WJ Taljaard (EP)

Best O/Sex of Champion: English Shortface Tumbler by Arthur Muller (SWD)

Champion Junior Bird: Damascene by Riaan Pretorius (EP)

Reserve Junior Bird: German Beauty Homer by Ilzima Viviers (SWD)

**Best in Breeds:**

Norwich Cropper - Gary Francis; Brunners - Q&B Oosthuyzen; Holle Croppers - Q&B Oosthuyzen; Pigmy Pouter- Clive Druce; Reversewing Cropper - Danie Botma; Mookee - Johan Lotz; Nuns - Don Brill; SA Toys - Johan Botha; Gazzi Modena - Marais Family; Schietti Modena - Johan le Roux; Fantial - Johan de Kock; English shortfae - Arthur Muller; Helmet - Keith Vice; SA Butterneck - Willie van Noordwyk; Chinese Owl - Keith Vice; Frillback - Nooitgedacht Boerdery; Birmingham Roller - Princes Pride; German Beauty Homer - Grundheim Boerdery; American Show Racer - Johan Botha; Working Homer - Johan Botha; American Giant Homer - Gazebo Lofts; Parlor Roller - Prince's Pride; Damascene - Don Brill; Dutch Highflier - Prince's Pride; Dutch Capuchine - Prince's Pride; Muff Ice Pigeon - Prince's Pride; Fairy Swallow - Willie van Noordwyk; Arabian Laugher - Gary Francis; Danish Saubian - Gary Francis; Clean leg Ice - Prince's Pride; Show Flight - Wimpy Taljaard; Skoorsteenveër - Prince's Pride; Domestic Flying Flight - Nonnie Mattheus; Stargard Shaker - Johan Lotz; Indian Fantial - Middelweg Boerdery; Lahore - Willie van Noordwyk; Polish Lynx - Nonnie Mattheus; Archangel - Don Brill;

**Junior Birds:**

Damascene - Riaan Pretorius; Working Homer - Riaan Pretorius; Duitse Skoonheidsposduif - Ilizma Viviers.

**Ed: EP - 145 points**

# Resignation of Herman Olivier by Lionel Phillips

Sadly I have to report to other Fancy Pigeon Club members and friends that Mr. Herman Olivier has decided to resign from our club due to ill health.
Mr. Olivier has been a stalwart of the Kwa-Zulu Natal Region for many years. He has readily assisted new members and has always been available to assist with support or advice when needed.
The manner in which Mr. Olivier conducted the affairs of our Club deserves mention. He held our club together with the support of Eva, his wife.
The Kwa-Zulu Natal Fancy Pigeon Region has lost a very loyal member and his experience and knowledge will be missed by us all.
At a resent meeting Mr. Olivie was unanimously nominated a Honorary Life President of the Kwa-Zulu Natal Fancy Pigeon Region.
On behalf of our members I wish to thank Mr. Olivier for the dedicated manner in which he served our region.
Lionel Phillips.
**Ed. Please forward the names of your new committee. Natal 25 points**

# Opleidingsdag te Betlehem deur Annatjie Loubser

Soos besluit op 'n vergadering, sou Oos-Vrystaat die eerste Sierduif Opleidingsdag aanbied. Aangesien die tyd min was voor die betrokke datum en daar geen vorms uitgestuur is nie, het ons in die Nuusbrief geadverteer.

Die reaksie was teleurstellend Mense, julle moet onthou: Die betrokke dae word nie net vir diegende met die rasse onder bespreking aangebied nie, almal kan daarby baat.
Kobus Snyman het vir ons 'n praatjie oor siektes en medisyne aangebied. Het julle geweet dat dit 'n probleem kan veroorsaak deur jaar na jaar met dieselfde medisyne vir 'n siekte te dokter? Hoekom? die siektes kan 'n weerstand opbou teen herhalende middels. Dus kan julle goeie resultate kr deur medisynes af te wisse. Weet julle hoeveel boererate is daar wat regtig werk? Nee, want julle was nie daar nie om te hoor en te leer nie. Gelukkig vir julle gaan Kobus dit een of ander tyd in Die Sierduif publiseer.
Jan Lombard se praatjie oor kleurteling was baie interessant. Dit is nie iets wat net by Modenas gebruik word nie, ander rasse kan ook

daarby baat vind.

Die bespreking van die duiwe is gesamentlik deur Kobus, Corrie en Wynand behartig. Die besprekings was lewendig en het heelwat reaksie uitgelok.

Ons het baie lekker saamgekuier en amper weggespoel toe 'n wolkbreuk 42 mm reën in 'n kort tydjie laat uitsak het. Gelukkig was Berty se potjie reeds reg en kon ons lekker eet terwyl dit donder en blits buite.

Baie dankie aan almal wat die dag saam met ons deurgebring het. Ons waardeer julle moeite en belangstelling.

Soos Kobus gesê het: Selfs ek het vandag iets geleer. Die Turbit is toe al die tyd 'n Duitse meeu Kom mense, gebruik hierdie dae om meer te leer en julle algemene kennis van ander rasse op te skerp sodat julle op 'n skou kan sien hoekom is die kampioenduif regtig 'n kampioen. Hoe wyer ons kennis van al die rasse, hoe makliker is dit om 'n nuweling goeie raad te gee. Dan hoef ons nie te sê: Ek weet nie of jy goed begin het nie, want ek ken nie eintlik die ras nie. Hier is nou 'n geleentheid vir elkeen om daardie vrae wat pla te kom vra en regtig die regte antwoord te kry. Die opleidingsdae gaan verskillende aspekte dek en sonder twyfel sal daar vir elkeen iets leersaam wees. Ondersteun hierdie pogings om ons stokperdjie verder uit te bou.

Annatjie Loubser.

**Red: Oos-Vrystaat 65 punte.**

# *Transvaal Regional News by Stewart Patterson*

The Rand Easter 2000 Millennium Show took place from 20 April to 1 May and was one of the 'atest Easter Shows ever held due to the lateness of Easter this year. The show was also shortened to 12 days from the usual 16 days.

As an innovation this year a Millennium Creature award was made with all the champions in all the animal sections competing. Ten awards were made with handsome trophies presented. The finalists included six horses (Warmblood, Welsh, Arab, etc.), camel, sheep, goat, pig, poultry, budgie, canary, wild bird, fancy pigeon, cow, rabbit, etc. The winner was one of the horses, and second place went to the Red Fantail hen shown by Willie Botha, third was the Camel. The judges were two media personalities and we were delighted at the recognition given to our hobby.

790 Fancy pigeons were entered and all those who entered 19 birds or more were awarded a beautiful Millennium Medal being a reproduction of the gold medals issued early in the 1900s to winners of awards on the Rand Show.

The winners were:

Best bird on show: Red Fantail - Willie Botha
Runner up to best bird: German Beauty Homer - Piet Cilliers
Reserve to runner up: Black long face Stewart Patterson
Best Open: Black Longface - Stewart Patterson
Runner up to Best Open - English Trumpetter - Stewart Patterson
Reserve to runner op Open - Modena - Ben Homan
Best Yearling - Red Fantail - Piet Cilliers
Reserve to runner op Yearling - Blondinette - Cas de Waal

**Breed winners were as follows;**

| | |
|---|---|
| Norwich Cropper | Lou Brits |
| Brunner | A Cummings |
| Pigmy Pouter | Dr J Serfontein |
| English Giant Pouter | Alwyn Schlebusch |
| King | M Owen |
| Gros Mondain | Hepburn Trust |
| Carrier | M J Steyn |
| Dragoon | Johan de Bruyn |
| Mookee | R Kitching |
| Nun | P R de Bruin |
| African Toy | Raymond Gaddin |
| Bokhara Trumpetter | Alwyn Schlebusch |
| English Trumpetter | Stewart Patterson |
| Gazzi Modena | Ben Homan |
| Schietti Modena | Ben Homan |
| Fantail | Willie Botha |
| Jacobin | Mev Joey Brits |
| Eng Longfaced Tumbler | Stewart Patterson |
| Eng Baldhead Tumbler | Stewart Patterson |
| English Muffed Tumbler | Stewart Patterson |
| Saddleback Muf Tumbler | Stewart Patterson |
| Helmet | Stewart Patterson |
| SA Botternek Tumbler | Mev J S Botts |
| Satinette | Cas de Waal |
| Blondinette | Cas de Waal |
| African Owl | Stewart Patterson |
| English Turbit | Stewart Patterson |
| Frillback | Dirk Buys |
Bydraes vir publikasie moet voor die 1ste van die maand vir die daaropvolgende maand aan bovermelde adres versend word. / Send your contributions to the above mentioned address before the 1st of the month for publication the next month.

Lede - Gratis
Nie-Lede - R80 pj
Members - Free
Non Members - R80 pa.

**Ondersteun die Maandblad met Bydraes**
**Support the Magazine with Contributions**

# BANK-OVS EN ANDER SKILDE
# BANK-OFS AND other SHIELDS

## REëLS

1. Die tydperk van die Kompetisies strek van een Kampioenskapskou tot die volgende een.
2. 'n Leersame artikel met 'n studie of proefondervindelike agtergrond wat ongeveer 500 woorde beslaan, sal 75 -100 punte verdien, afhangende van die oorspronklikheid.
3. 'n Brief van 'n lid sal 20 punte ontvang.
4. Streeknuus sal 25 punte verdien.
5. 'n Verslag oor 'n Duiwedag sal 15 punte verdien.
6. Vir die betrokke duiwebyeenkoms sal 'n verdere 50 punte toegeken word.
7. Enige Streek-, Landbou-, Jongduif- Wyk-, Spesialiteitsklubskou, asook Kampioenskapskou sal 30 punte per 100 duiwe vertoon, ontvang.
8. 'n Besondere plan of gebeurtenis (goeie idee) tel tot 50 punte. (Bepaal deur die dagbestuur)
9. Indien die streek se ledetal teenoor die vorige jaar toeneem, sal 10 punte aan die streek toegeken word vir elke addisionele lid.
10. **Vir elke R100 advertensiegeld wat 'n streek vir Die Sierduif insamel, sal daardie streek 60 punte ontvang ten opsigte van die Bertie Wessels trofee**

**NB Vir elke R800 aan advertensies wat 'n streek vir Die Sierduif insamel kan die streek een lid nomineer vir gratis lidmaatskap t.o.v. die volgende jaar.**

## RULES

1. The duration of the competitions will be from one Championship show to the following one.
2. An informative article with a studious or experimental background and of approximately 500 words length, will earn 75 - 100 points, depending on the originality.
3. A letter from a member will receive 20 points.
4. Regional news will be awarded 25 points.
5. A report about a match meeting will earn 15 points.
6. The actual match meeting will also be awarded 50 points.
7. A Region, Young bird, Agricultural, District or Specialist Club show as well as the Championship show will be awarded 30 points per 100 birds, exhibited.
8. A special plan or happening (good idea) will earn up to 50 points. (Specified by the executive)
9. A region which increases its membership will receive 10 points for every additional member.
10. **For every R100 re adverts for The Fancy Pigeon a Region will received 60 points towards the BertieWessels Trophy donated by Northern Free State**

**NB For every R800 advertisements for the Magazine a region collects, the region can nominate a member free of subscription fees for the next year.**

| BANKOVS | | MANIE FOURIE | |
|---|---|---|---|
| Noord-Vrystaat | 0 | Transvaal | 0 |
| Westelike Provinsie | 0 | Boland | 0 |
| Vrystaat | 0 | Oostelike Provinsie | 0 |
| Oos-Vrystaat | 0 | SWD | 0 |
| Noordwes | 0 | Namibia | 0 |
| Noord-Transvaal | 0 | Griekwas | 0 |
| Oos-Transvaal | 0 | Natal | 0 |

**BERTIE WESSELS** | **WILLIE DE BRUYN**

**Noord-Transvaal R50 (Wolgang)**

### Belangrik / Important

1. Bestel vandag nog 'n eksemplaar van die Gedenkuitgawe - Junie 1992 (88 bladsye - A4 - 50 jaar se geskiedenis van die SASV) teen R15 vanaf die Ringmeester, posgeld ingesluit.
2. From Petra vd Berg, our Ring Master: Ties, regional and regional honour scrolls.
3. From Theuns Steyn, National badges an National Honour scrolls.
4. Bestel vanaf Lou Brits die volgende:

| | |
|---|---|
| Boek van Standaarde ............... | R100 |
| 'n lys van Beoordelaars ........... | R 16 |
| Metaal ledebalkies .................. | R 40 |
| Prov. & Nas. Balkies ................. | R 40 |
| Metaal balkies vir Geregistreerde Beoordelaars .......................... | R 30 |

Bostaande pryse sluit posgeld in. Geen los standaarde meer te koop nie agv die wyse waarop die standaardboek gebind is. Engelse uitgawe nog nie beskikbaar nie - hou hierdie spasie dop vir die beskikbaarheid van die uitgawe

## Die gees en liggaam is nog reg

# Oom Attie van Greunen

deur Kobus Snyman

**Op 28 Augustus 1920 is hierdie groot gees van die sierduifstokperdjie gebore. Hy is getoë op 'n plaas waar hy ook die eerste klompie jare, na skool, geboer het.**

Op 26 jaar is hy getroud met sy eerste vrou. Uit hierdie huwelik is 'n dogter gebore. Na die dood van sy eerste vrou is hy met Annie getroud. Hulle het vir 46 jaar saam gelewe en vier kinders is uit hierdie huwelik gebore.

Hierdie huwelik wou nie uitwerk nie en is hulle later geskei.

Op 75 jarige ouderdom het oom Attie vir Gerda ontmoet. Hulle het lank uitgegaan totdat die kinders (en Gerda) hom gevra het of hulle nie liewers moet trou nie. So gesê, so gedoen. Oom Attie vertel met smaak dat hy soms gewonder het of hy die regte ding doen want sou hy nog sy pligte kon nakom?

(Volgens Gerda, heel bevredigend.)

As jong seun was hy reeds met duiwe deurmekaar. Hulle het hulle tyd omgekry deur wedvlugduiwe van telers te vang en op hok te hou.

Gedurende die Tweede Wêreld Oorlog was hy vir die jare 1940 tot 1944 in Italië, Madagaskar en Noord-Afrika. Met die oorloggeskut nog in sy ore, het hy menige dae gewonder of hy ooit weer sy Vaderland sou sien. Maar dit was ook lekker dae want hy het dele van die wêreld gesien wat hy andersins nooit sou gesien het nie.

In 1964 het hy weer ernstig met duiwe begin boer en in 1965 het hy vir die eerste keer geskou. So ontmoet hy vir PA Gous van Groot Brak en verneem van manne soos Lol Stander en wyle Bas Sloof.

In 1964 begin hy saam met ander die Suid-Kaap Sierduifklub met Oudtshoorn as setel. Op daardie stadium het hy met 9 soorte duiwe geteel.

Op 'n dag verneem hy van Pieter Vertue van Kimberley en nie lank daarna nie, vat hy die lang pad Kimberley toe om Modenas te gaan haal.

Mettertyd leer hy manne ken soos Dennis van Rensburg, Sarel Marais en baie ander.

Die eerste groot sierduifskou te Beaufort Wes lewer honderde duiwe op en oom Attie is een van die deelnemers. Hy vertel met smaak hoe hulle 'n klomp duiwe op die dakrak van hul motor vervoer het. Jurie Hanekom was die bestuurder en toe hulle hul kom kry, lê die motor op sy sy. Gelukkig het niemand seer gekry nie en selfs die duiwe het, op een na, niks oorgekom nie.

In 1968 ontmoet hy vir Warren Klopper en Gert Bierman tydens 'n skou te Beaufort Wes.

Ook in 1968 voer hy sy eerste Engelse S/F Tuimelaars vanaf Engeland in. Manne soos wyle oom Jan van der Walt het o.m. van hom duiwe bestel.

In 1977 word al sy duiwe gesteel. Dit was 'n swaar slag. Vir 12 jaar lank wou hy nie na 'n duif kyk nie.

In 1990 het hy weer begin en kon wyle Jan van der Walt hom weer help met S/F Tuimelaars. Hy skaf ook Raadshere, Modenas en ander duiwe aan. Tans het hy nog net S/F Tuimelaars en 'n klompie Rollers terwyl Gerda haar met Indiese Waaiersterte besig hou. Sy het dan ook in die Paarl tydens die Kampioenskapskou die Kampioen Indiese Waaierstert vertoon.

Gerda is vir oom Attie nie net 'n wederhelf nie, maar is sy dokter, verpleegster en masseerder as die spiere te stram word. Haar geaardheid is so danig dat sy nooit kwaad word nie en altyd tyd het vir almal. Oom Attie beskyf haar as mooi en liefdevol, baie slim en iemand wat daarvan hou om ou mense te bedien en te versorg. Sy sal ure en ure spandeer om ander gelukkig te maak.

Dit is net so 'n kort kykie na twee dierbare mense - die man wat op 80 steeds sterk en jonk van gees is en die vrou wat op 52, getoon het dat sy 'n hart van goud het en wie se hande vir niks verkeerd staan nie.

**Ja, daar in sy lapa waar die braaivleis geur die lug gevul het, het ons die vrede en geluk wat in daardie huis heers, aangevoel.** Dit was wonderlik.

Kobus Snyman

**Red. Vrystaat verdien 20 punte**

# Sierduifteling - Inleiding
## Deur Wyand Wessels

Daar moet onthou word dat enige rasegte spesie se karakter in sy kop sigbaar is. Derhalwe moet daar gelet word in teel en oppaar van duiwe dat die karakter nie verlore gaan nie. Die algmene aanvaarde feit is dat enige soort sierduif heel eerste substansie in sy kop en bek verloor, veral die onderbek.

In die meeste gevalle waar 'n sterk en swakker kop/bek duif geteel word met mekaar, het al die kinders swakker bekke en koppe.

### *1. Dominante en Resessiewe oorerwingsfaktore*

Besplete - Breë stert oor 'n smal stert.

Gesplete neusvrat oor 'n toe neusvrat

Foutlose vere oor 'n keelvel of spleet in vere.

Gladde nekvere oor growwe nekvere.

Bek- en vrat-induiking oor 'n gladde bek/vrat aansluiting.

Kameel nek-kop aansluiting oor gladde kop-nek aansluiting.

### *2. Intermidiêre oorerwing.*

In opparing poog ons om op te maak vir tekortkominge van hetsy die wyfie of die mannetjie en verwag dat die nageslag iewers tussenin sal wees.

Byvoorbeeld: Indien die mannetjie ietwat kort is in die bene, dan gebruik ons 'n wyfie wat 'n bietjie hoog staan. Die meeste van die nageslag is normaalweg dan op 'n aanvaarbare hoogte.

### *3. Teel van goeie duiwe.*

1. Indien die twee oorspronklike teelduiwe goeie koppe, sterk bekke en 'n wigvormige vol lyf het, sal dit 'n pluspunt wees. Die bonus sal wees as die wyfie die eienskappe in 'n oormaat het, daarmee sal sy die mannetjie komplimenteer, asook dit sterk oordra op haar nageslag. Die moontlikheid mag bestaan dat so 'n wyfie nie 'n skou duif is nie maar beslis 'n teelduif, derhalwe sal sy onmisbaar wees in enige hok.

2. Baie spesiale aandag moet gegee word aan die onderbek se sterkte en vorm. 'n Swak vorm en sterkte is in enige taal 'n doodskoot.

Wanneer in profiel gekyk word na die bekvorm moet dit 'n konvekse vorm toon met betrekking tot die middellyn van die bek en nie konkaaf tot die beklyn nie.

3. Bek en vrat induiking wat voorkom is lelik en 'n dominante fout om uit te teel. In ouer duiwe kan die neusvrat-ontwikkeling dit verskans. Wees egter baie versigtig daarvoor. Moet veral nie met wyfies teel wat die fout dra nie.

4. Wyfies met kort sterk nekke dra die nek makliker oor aan 'n groot deel van haar nageslag.

Hierdie bostaande punte kan op vele rasse handig te pas kom.

**Noord-Vrystaat verdien - 100 punte**

# En as jy die Wêreld kon wen, wat dan ... ?

**Op 7 Julie, tydens die SA Kampioenskappe het Gert Bierman hierdie briefie aan my oorhandig. Hy het my vertel dat hy dit sommer so in die haas geskrywe het daar in sy hotelkamer. Lees self -**

**"Kobus, baie dankie en veels geluk dat jy weer ons Redakteur (Notaskrywer in die ou bedeling) kan en wil wees. Die feit dat "die**

pen magtiger is as die swaard" sal verseker weer bewaarheid word met jou kalme, rustige en diplomatieke benadering van veral probleemsituasies.

Ek lê die onderstaande gediggie aan jou voor. Dit is geinspireer deur die wedvlugduif se tuiskoms, ons eie benadering tot ons lewe in ons stokperdjie en ons uiteindelike "tuiskoms".

Dit word opgedra aan Premier Gerald Morkel wat ons 2000 skou in Paarl geopen het maar veral aan elke lid van die SASV.

***Die Wedvlugduif*** **(Lees ook maar Sierduif)**

"Hoe mooi is jy my wedvlugduifie!

Fyn is jy geteel van stert tot kuifie.

Diep in jou oë sien ek jou staal.

Dikwels sal jy vir my nog die wenpaal haal.

Jy is gebou om te vlieg - die ruimtes te meet,

Geen afstand te groot, geen pad wat jy vergeet!

Daar hoog uit die blou lug bespied jy die aarde,

Dan peil jy af nes toe, jou kosbaarste waarde.

Tuis wag jou baas, daar digby die hok,

Sy hart bons ontstuimig om jou in te kan klok.

Hy roep jou en fluit, kom gou na jou nes!

Kom eet gou jou kossies en doen weer jou bes.

Vir my is jy soos die Duif van Gods Gees.

Ek bid dat jy altyd my besitting sal wees -

Gestuur deur die Vader uit die hemel daarbo

Om vir nou, en vir altyd, in Hom te kan glo!

Deur moegheid en pyne word jy steeds nog gedra

met vlerke, deur Genade, sonder sug, of te kla.

Soos jy, my ou duifie, by jou nessie aanland,

Plaas ek myself onvoorwaardelik in Gods hand.

Is ek reeds só haastig om Godsduif in te wag

Is ek reeds so angstig om Sy koms te laat slaag?

Is die huis van my lewe gereed dat Hy hier kan kom bly?

Sodat Hy ook Sy tuiste in my hart kan verkry!?"

))))))(((((((

Naskrif:

Deur nabetragting van die afgelope 20 ure, kom Jesus se woorde

"Wat baat dit 'n mens as hy die wêreld wen, maar sy siel skade ly?"

by my op. In opsomming van die sondige, pynlike en waansinnige episodes wat ons gisteraand in die AJV, en vanoggend in die Modena-vergadering moes aanhoor.

"Vir die liefde en versorging van

Sierduiwe" is ons leuse. Wil ons dit bereik deur haat en nyd uit te lewe, net nadat ons Godsnaam in gebed aangeroep en gepleit het vir genade om 'n vredevolle en geseënde kampioenskapskou te kan hou? Ek is baie dankbaar dat ons 'n benadigde lid (Ruben) het om ons op so 'n voortreflike wyse en woordkeuse ons voor ons Hemelse Vader kon laat neerbuig.

Ons Skepper het ons verstand gegee om o.a. Sierduiwe te teel en te beoordeel. Hy het ons ook 'n OPDRAG gegee om ons naaste lief te hê soos onsself.

Hoe is ons ware verhoudings tot mekaar?

Wat is vir ons die belangrikste in die Sierduifsport?

Is ons besig met met diens aan ons naaste en gee ons genoeg aandag aan ons verhouding met die Here en ons mede SASV-lede?

Het ons reeds vooruit gekyk na ons eindbestemming met die vraag: "Waarheen is ons oppad?"

Wees verseker: God gebruik die SASV om ons bymekaar te bring en in vrede, liefde en in onvoorwaardelikheid diens aan mekaar te lewer. Moenie Satan beskuldig vir alles wat ons lewens ontwrig en versuur nie.

Wees nugter en verlustig nie net vir hierdie lewe in die vertoonsale van die aardse lede nie, maar jaag daarna om 'n God-welgevallige offer te bring aan Hom wat vir ons duur betaal het.

Gert 16h00, 7 Julie 2000.

Red: Oos-Transvaal verdien 100 punte met hierdie mooi bydrae.

# Die Oog van 'n Sierduif

**deur Wynand Wessels**

## Inleiding

Die oog is die spieël van enige duif waarin alles sigbaar is van die gesondheid, karakter en voorkoms. 'n Gesonder duif het wakker helder oë en so ook 'n goed geteelde duif.

Dowwe, afgematte oë kan wys op 'n siekte toestand, tekorte in dieët en soms ook na swakker verstandelike vermoëns. Wanneer jy sonder rede begin oog kleur verloor, wees gewaarsku, hierdie is die eerste teken van agteruitgang in jou stoet.

## Oog Kleur

Die oog kleur word opgemaak deur drie kleur groepe naamlik Geel, Rooi en Swart pigmente.

### 1. Rooi

Die rooi kleur is gekoppel aan die bloed pigment en is effektief ooreenkomstig die oorvloed van rooi en wit bloed liggaampies.

### 2. Geel

Geel is die mees belangrikste pigment aangesien dit 'n gegewe is dat die kleur, duiwe 'n beter sig gee, soos in die geval van alle roofdiere en nagvoëls. Dit is waar dat uitstekende sig nie so belangrik is vir skou duiwe nie.

Met betrekking tot teling dra die kleur by om die geskikte oog kleur te teel en dien dus as die gelykmakingsfaktor. Die vermenging van geel met dienooreenkomstige hoeveelhede rooi en geel pigment gee 'n verlangde rooi oog wat kersie rooi vertoon wanneer die rooi bloedliggaampies in oorvloed aanwesig is.

### 3. Donkerbruin

In donkerbruin oë bestaan die geel pigment bykans nie, m.a.w. hierdie kleur oog is minder gepigmenteer as wat die geval is in ligter oë, gegewe hulle is geel, waar die swart pigment bykans vermis is asook die rooi pigment.

Die German Beauty Homer standaard het in die verlede gevra vir 'n haselneut of donkerbruin oog. Gelukkig was daar besluit om weg te beweeg van die kleur aangesien die gevolg van aanhoudende bruin oë teel wetend of onwetend sou bydra tot die agteruitgang van die ras in tipe sowel as kenmerke. Die gevolg van aanhoudende bruin oë teel, veroorsaak bloedarmoede wat op sy beurt degenerasie (agteruitgang) stimuleer.

Die ervare teler weet dat die oog van 'n jong duif met uiterste sorg beoordeel behoort te word aangesien die oog eers op 'n jaar sy volle kleur wys.

### 4. Pêreloog:

Daar is soveel benamings vir hierdie kleur byvoorbeeld, glas-oog, vis-oog en vele meer. In plaas van die geel faktor bestaan dat 'n mutasie waar sekere kleuringsfaktore in die geel pigment afwesig is. Dan vertoon die oog wit wat nie die oorsaak is van 'n gebrek aan pigmentasie nie. Die vermenging van rooi en swart pigmente produseer 'n verskeidenheid van glas oog kleure.

Hierdie inligting is verkry uit 'n verhandeling oor German Beauty Homers van wyle oom Johan du Preez van Senekal in die Vrystaat wat oorspronklik in Duits verskyn het en daarna in Engels vertaal is.

Persoonlik glo ek dat sierduiftelers in Suid-Afr4ika nie genoeg aandag gee aan wat sigbaar is in die oog van 'n duif nie en derhalwe moet daar kort-kort duiwe ingevoer word om die ras sogenaamd weer op standaard te kry.

**Red. Noord-Vrystaat verdien 75 punte met hierdie artikel.**

## Drie riglyne vir suksesvolle beoordeling

1. **Hanteer die duif met liefde, asof dit die kosbaarste en beste besitting is.**
2. **Beoordeel die duif soos hy vertoon of is en nie aan wie hy behoort nie, m.a.w. plaas die duif en nie sy eienaar nie.**
3. **Evalueer die duif volgends die standaard in sy volle totaliteit. Daar is geen foulose duiwe nie. Soek eers dit wat goed is en dan na die swak punte. Waak teen te veel klem op klein afwykings**



**WP se bestuur wat aan die roer van sake met die Kampioenskapskou was. Agter: At Nigrini, Dirk Taljaard, Koos Marais en Donald Bland. Voor staan Pierre le Roux, Nerina Marais, Nak Smit en Collin Wrench. Die foto word weer geplaas omdat ons Koos se naam weggelaat het.**

# Genetics of the Almond Colouration by Dr Axyl Sell

One of the greatest challenges in the pigeon fancy is to breed a beautiful coloured almond. Due to the analysis especially of some American Fanciers and scientists today, we are well aware of the genetic basis of the classical Almond colouration and the related Almond-bred colourations. With this information in mind, it is possible to develop some rules for the most promising matings in order to breed the classical Almond.

First of all, we have to realise that we cannot raise Almonds from a mating where both partners involved, do not carry the Almond Factor.

**Almonds and Deroy**

The Almond Factor is present in the classical Almond and also in the DeRoy. The DeRoy colouration looks like a dark yellow with a few very dark yellow feathers on head and neck. They are very often confused with agates. For our purpose, however, it is necessary to distinguish between both colourations very careful. Genetically, DeRoy are available at the Almond trait. The Almond trait is also available at the Almonds Splash, those are Almonds which lack ground colour. Genetically, they are missing one doses of the trait "recessive red".

Kites and Agates

Kites and Agates are related colourations which do not have the Almond Factor. Nevertheless, they are very important in the breeding programme. Genetically, Kites are dark chequered birds with the trait for Kite-bronze. Kites with a very rich bronze at the breast, flight and in the tail feathers, in addition, are heterozygeous recessive red. Sometimes also the grizzle factor is present. This, however, will show up only in some feathers in the neck or at the head. Agates could be looked upon as Kites which in addition are homozygeous recessive red. Gold Dun are diluted Kites and Yellow Agates are diluted Red Agates. The grizzle factor is sometimes present too, and shows through in some white flecks especially in the wing region. In order not to complicate the presentation in the following, we will not separate intense and dilute Kites and Agates.

Breeding Hints

We should not mate two birds which both carry the Almond trait (Almonds and DeRoy). Already Fulton in the last century did know that some of the progency of two Almonds will be of white plumage, near or poor vitality. That does not mean, however, that it would be impossible in principle to breed some classical Almonds from such a mating. Nevertheless, in the following we will state otherwise, we will assume that the Almonds involved are classical Almonds with a fine ground colour, and that the Kites involved are of very rich bronzes, a sign for "one doses" recessive red.

**1. Almond Cock x Kite Hen.**

3/8 of the progency will be Almond. 1/8 DeRoy, 3/8 Kites and 1/8 Agates in both sexes. If the hen is not heterozygeous recessive-red, we will get one half Almonds and one half Kites instead. The number of Almonds with a good ground colour, however, might be even smaller.

**2. Kits Cock x Almond hen.**

75% of the young cocks are Almonds, 25% DeRoy. 75% of the young hens are Kites, 25% Agates. Again, if the Kite is not very intensive bronze, we will get instead of the DeRoy, some Almond cocks, instead of the Agates, additional Kite hens.

**3. Almond cock x Agate hen**

From such a mating we will get 25% Almonds, DeRoy, Kites and Agates each, in both sexes.

**4. Agate cock x Almond hen**

One half of the young cocks will be Almond, the other part DeRoy. From the hens one half will be Kites, the other Agates.

**5. DeRoy cock x Kite hen**

We will get 25% Agates, DeRoy, Kites and Agates each, in both sexes.

**6. Kite cock x DeRoy hen**

One half of the young cocks are Almonds, the others DeRoy, one half of the young hens are Kites, the other half Agates. Almonds could be raised also from a mating of two Almonds.

**7. Almond x Almond**

25% of the progency will be semi-lethal pure Almonds with white plumage and eye defects (see above) 3/8 will be Almonds in both sexes, 1/8 DeRoy in both sexes. 3/16 are Kite hens and 1/16 Agate hens.

**8 and 9 DeRoy cock x Almond hen and vice versa**

One quarter will be semi-lethal again, one quarter Almond in both sexes, one quarter DeRoy in both sexes, 1/8 Kite hens and 1/8 Agate hens.

**10 and 11 DeRoy cock x Agate hen and vice versa**

We will not get any Almond, only DeRoy and Agates.

**12. DeRoy x DeRoy**

We will get Almonds again. One quarter will be semi-lethal again, one half will be DeRoy in both sexes, one quarter Agate hens.

In the following, we will give some hints on what will happen when mating Kites an Agates

**13 Kites x Kites**

If both parts are heterozygeous recessive red, we will get 25% Agates and 75% Kites in both sex, if one or both partners are not, we will only get Kites.

**14. Agates x Agates**

We will only raise Agates in both sexes.

## Gold Dun

Some remarks about the attractive Gold Dun, if such a bird will result from two Kites of from a Kite mated to a Red Agate, she will always prove to be a hen. We then also can be sure that her father is heterozygeous for dilution and he, also in the following (with an intense hen), will produce some diluted daughters. Mated to a diluted hen (yellow agate or gold dun) he will also produce some diluted cocks. A gold Dun hen mated to a yellow Agate, to her father of another cock heterozygeous for the dilution factor will produce also some gold dun cocks.

Some final more general hints.

If we have some Almonds with a rather poor ground colour, we should mate them with Agates of with Kites showing a rich bronze. The number of Almonds with the standard colouration then will not be smaller compared with a mating of a classical Almond bird. Kites with slight bronze, should be mated with DeRoy or Almonds with a fine colour. From Almonds with a poor ground colour which are missing the trait for recessive red, we will not get any DeRoy in our examples, we will get additional Kites or Almonds.

Almonds with heavy flecks which are regarded too dark, should be mated to Agates or Kites showing some white. The dilute colourations yellow Agate and Gold Dun, should not be used too often in the breeding program, because the combination of the Almond trait and dilution in one bird seems to re duce vitality.

It should be clear that we have to judge the colourations of an Almond against other birds of the same age and sex, because Almonds become darker from year to year and cocks are always heavier flecked than hens.

**Editor: Article submitted by Clive Druce. Eastern Province - 75 points.**

## 'n Spesiale Vriend

**Wynand Wessels het so iemand aan wie hy hierdie berig opdra.**

**Die definisie van 'n spesiale vriend is vir my iemand waarmee ek alles deel van wen tot verloor, gesondheid tot siekte. Hy sal altyd by jou staan in voorspoed en in teëspoed en op die einde van die dag ook sy kennis en insig met my deel - Wynand**

"Dit is wonderlik om te weet dat sierduiwe ook sulke vriendskappe smee. In 1989 ontmoet ek nog 'n nuwe lid in die SASV, volgens hom en vroutjie is die seuns uit die huis en het

hulle nie geweet wat om te maak met al die spaar tyd nie. So begin die sierduif-belangstelling.

Spoedig het ons nader aan mekaar gegroei en saam op 'n streekbestuur gedien en hier het ek vir Ben en Marie de Lange van binne leer ken. Hulle is altyd die mense wat eerste by 'n vergadering, werkersdag of skou is, nie om mooit te lyk nie, maar om te werk. Dit is mense wat nooit verskonings het of dinge vergeet of nalaat nie.

Ons het al oor Suid-Afrika saam gereis agter sierduiwe aan en hier het Benna 'n stel of twee afgetrap met blinde duiwe en warm kerrie en sy naam met 'n plank geslaan soos Barnard Steyn aan hom verduidelik het. Maar gelukkig is daar geen skade of skande oor sy streek- of reisgenote gebring nie.

Ben en Marie se deur staan altyd oop vir alle sierduiftelers; daar is altyd koeksisters en as jy ver bly, 'n hoender ot twee vir padkos. So, as u nog nie daar was nie, gaan kuier gerus en sien vir uself.

Wanneer dit by werk kom, sal jy hulle twee nie maklik nadoen nie. Marie het 'n paar jaar gelede alleen bykans R5000,00 vir Noord-Vrystaat ingesamel, te voet in Wesselsbron. Ek moet byvoeg dat dit darem tydens Ben se rugoperasie was en die dorpie beskik oor vermoënde bejaarde mans.

Tydens die hokbouproses waar Noord-Vrystaat 'n duisend hokke moes bou, was Benna die man wat almal aan die gang gehou het met sy grappe, op en aanmerkings, maar terselfdertyd altyd die voortou geneem met stiptelikheid en netheid.

Ben het al 'n bekende gesig geword tydens Noord-Vrystaat se streekskoue aangesien hy altyd die vertoners verwelkom buite die saal. Die rede dat hy nie vervang of afgelos word nie, is dat wanneer hy 'n nood ontwikkel hy net skuins draai en klaar maak sonder om mense af te skrik, aangesien daar nie iets vreesaanjaend te voorskyn kom nie.

Ek vertrou dat Ben en Marie de Lange nog vir baie jare gespaar sal bly vir die SASV en dat hulle verbindtenis met die Wesselsgesin sal bly soos dit is."

**Noord-Vrystaat verdien 20 punte**

---

## DIT WAS 'n SONSKYNWEEK deur CORRIE VAN REENEN

Nog 'n Kampioenskapskou het gekom en gegaan.

Soos altyd in die verlede het die WP weereens 'n puik skou aangebied. Aan NAK en al sy helpers geluk en baie dankie vir 'n genotvolle sonskynweek wat ons saam met julle kon geniet.
Aan al die vertoners: goed gedaan en baie geluk. Aan die wat nie gewen het nie: volgende jaar probeer ons weer. Aan die beoordelaars: baie dankie vir julle harde werk. Aan al die vertoners: baie dankie vir julle ondersteuning ten spyte van die hoe brandstofprys.
Ongelukkig het 'n paar van ons teenspoed met ons motors gehad, maar dis ongelukkig iets wat ons nie altyd kan verhoe dnie. Oom Jan, sterkte en ons vertrou dat dit volgende jaar beter sal gaan.
Die gehalte van die duiwe was merkbaar beter en die duiwe was ook goed voorberei en afgerig. Dis 'n veer in die hoed van die vertoners. 'n Paar rasse soos bv. die Modenas en Hollandse Kroppers het sommer heelwat verbetering getoon. Ek is seker dat van die nuwe rasse wat onlangs ingevoer is, nog baie gewild en in die toekoms baie op ons skoue gesien gaan word.
Met die skousiesoen wat nou einde se kant toe staan, kan ons terug kyk na 'n baie geslaagde en interessante jaar. Aan elke lid wat sy/haar kant gebring het, hetsy met organisering, beoordeling of vertoning van duiwe, baie dankie. Ek is seker elke streek waar julle teenwoordig was, waardeer dit opreg.
As gevolg van die verhoogde brandstofprys en groot afstande wat gedurende hierdie seisoen afgelê is, wil ek graag 'n beroep op al die streke doen om te besin oor die wenslikheid van 'n skou vir elke streek, al dan nie. Kan ons nie maar hier in die noorde ook probeer om streekskoue te kombineer soos daar reeds in die Kaap gedoen word nie? Ek wil streke vriendelik dog dringend versoek om tog asseblief aandag aan hierdie saak te gee.
Laastens maar nie die minste nie, baie dankie aan Wynand en al die ander lede van UK vir julle leiding en samewerking gedurende die jaar. Kobus, geluk met jou verkiesing as redakteur. Sterkte en mag die jaar wat voorlê vir ons almal seen en voorspoed bring.
Duiwegroete.
**Natal - 20 punte**



## Griekwaland-Wes stel bekend

# Strydros, oom Thys Pieters en tannie Ria

Griekwaland-wes streek is bevoorreg om een van hul ere-vise-presidente aan u voor te stel. Oom Thys Pieters is aan almal, veral die Modena boere, bekend as iemand wat sy Modenas ken. Ons het oom Thys in 1988 leer ken toe hy, sy dogter Anita en skoonseun Boeta met Modenas begin boer het. Hul het gehelp bou aan ons streek se fondasies en hokke.

In 1994 het Anita en oom Thys alleen verder gegaan toe Boeta met wedvlugduiwe begin boer het. Anita het later by manlief ingeval en tans boer oom Thys alleen met Holle Kroppers en Modenas. Die drie kleinkinders help fluks met die duiwe se veresorging, terwyl tannie Ria nou nog maar geduldig toekyk as hy met sy ander kinders besig is. Oom Thys se prystoekennings uitstalling getuig daarvan dat hy al verskeie toekennings verower het. As gevolg van sy bou-ondervinding was oom Thys nog al die jare een van die ingenieurs en ons groot indoena as ons die saal vir 'n skou moes voorberei, en het hy dan met sy grappe as terggees ons moegheid verdryf.

Oom Thys, dankie vir die mooi voorbeeld wat jy en tannie Ria nog al die jare vir ons gestel het. Mag jul 46-jarige huwelik verdubbel.

Hendriena Swanepoel

**Red: Griekwaland-Wes - 20 punte**

# Dit was 'n fees van 'n skou

## deur Hendriena Swanepoel

Geluk met jou verkiesing as Redakteur

Wat 'n fees was die afgelope Kampioenskapskou nie. Die gasvryheid en heerlike etes en drinkes was uitstaande. Dankie Westelike Provinsie - julle verdien die hoogste lof.

Ons het baie ervarings in die Paarl gehad. Ons het hoewel ons in Kimberley woon, besef dat jy nie in die Paarl sommer tussen die skeidingbome mag deurry nie. Woensdagaand wou ons die Paarl se woonbuurte inspekteer en het toe sommer goed verdwaal. Ons het egter heelwat later by die verkeerde kant van die tolhek uitgekom.

Hier het ons motor ons gered en is ons vreemde registrasie nommer ons gehelp en is ons op die regte pad gewys.

Vrydagaand was egter 'n perd van 'n ander kleur. Omdat ons te vroeg by die onthaalsaal was, het sierduifspringbokspan onder aanvoering van L Groenewald en Johnny Ruddman eers Saddles vir 'n drankie besoek. Die arme kelners sien toe lg twee se groen dasse en baadjies aan as die regte rugbyspan se manne. Ons was die Amabokke want coach Chris Moller se enkel was seer, Johnny se arm was in gips en Hendriena se duimnael te getrek.

Ons kry ook 'n erewag, VIP diens en knibbel heerlik aan hul skyfies. Klein Chris lyk ook toe net soos Skinstad want sy tong is altyd te siene soos hy lag.

Al hierdie dinge maak egter 'n kampioenskapskou was dit kan wees. Nou weet ons ook almal waarom ons 'n week tyd nodig het om te herstel.

Sien julle aanstaande jaar almal in Kimberley.

Hendriena.

**Griekwaland-Wes - 20 punte**

## Sjinese Uilklub

**Alle Sjinese Uiltelers word hartlik uigenooi om by ons Spesialiteitsklub aan te sluit. Die koste is soos volg:**

| | |
|---|---|
| Ledegelde | R25 |
| 5 Ringe | R15 |
| Posgeld | R15 |
| Totaal | R55 |


**Die adresse van ons bestuur kan op die binne agterblad van die maandblad opgesoek word.**
**Groete.**
**Hendriena**
**(sekretaresse)**



**Best Bird on the Royal Show - Pietermaritzburg**


**John Bland receiving his bag of pigeon food from Mr. Stan Searer of Advance Grain at the Royal Show for the Best Bird on Show with a Reversewing Cropper. Photo by Lionel Phillips**

## Nuus vanoor die land



**Basie de Lange**

Basie het gedurende September 'n hartomleidingsoperasie ondergaan. Sterkte en voorspoedige herstel. Almal van ons wat al die operasie ondergaan het, weet dat dit geweldige geloof en deursetting verg om weer aan te pas.



**Corrie van Reenen**

Corrie is as die Beoordelaar van die Jaar bekroon tydens die SA Kampioenskapskou



**Pierre le Roux**

Pierre het die onderskeiding behaal dat hy die afgelope drie jaar elke keer 'n duif onder die Top Sewe op die SA Kampioenskappe vertoon het



**Danie Badenhorst**

en sy eggenote hier in gesellige luim. Danie het pas die elektriese werk in die Hall of Fame voltooi. Baie dankie, Danie.

Ons wag nog om te verneem wat die koste was.

Dankie ook dat vir die vier manne wat jy gestuur het om die werk te doen. Dit was vir my net 'n plesier om van hulp te kon wees waar nodig - Kobus Snyman

# SPESIALE AANBIEDING
# AAN ALLE DUIWELIEFHEBBERS



## **Kussings** van Eendevere

R70,00 elk (450 mm x 700 mm - Massa 700 gram)

## **Duvets**: Eendevere en/of dons

**Prys per eenheid**

| **Groottes** | **mm** | **Dons & Vere** | **Dons Alleen** |
|---|---|---|---|
| Driekwart Bed | 1500 x 2000 | R300,00 | R 675,00 |
| Dubbel Bed | 2000 x 2000 | R345,00 | R 830,00 |
| "Queen" Bed | 2000 x 2300 | R390,00 | R 925,00 |
| "King" Bed | 2200 x 2300 | R435,00 | R1050,00 |

1. Aflewering kan geskied deur die Poswese teen R5,00 per item (Dit is 'n gemiddelde prys en sluit verpakking in.)

2. Pryse kan verander a.g.v. faktore alreeds so oorbekend aan ons.

**KONTAK:**
**MEV. JOEY BIERMAN**
**POSBUS 2,**
**STANDERTON 2430**
**TEL 017-712-2342**







## "My ma, Joey Brits,

ons beoordelaarsbeampte se eggenote, het teen Donderdag 6 Julie 2000 aan ontrekkingsimptome (groente) begin ly. Donderdag het sy vir oom At gevra of daar die aand groente saam met die kos gaan wees.

Die Donderdagaand was daar onder meer soet wortels en boontjies vir ete. Na ons tafelgebed, vat my Ma toe al my groente uit my bord.

Oom At Nigrini wat reg agter ons gestaan het, kon sy oë nie glo nie. Uit die goedheid van sy hart besluit hy toe om vir my Ma wortels in sy bord te skep. Toe hy dit vir haar wou gee, dog sy hy wil haar groente vat en sy gryp al haar wortels in haar hand vas sodat niemand dit kon vat nie. Nadat oom At ook sy wortels vir haar gegee het, was sy egter te vrede.

Vrydagaand by die prysuitdelingsfunksie was daar twee borde wortelslaai op elke tafel. My Ma se lus vir groente was nog nie heeltemal gestil nie. Sy vat beide borde en begin sommer uit een te eet. Ja sy het niemand aan ons tafel 'n bietjie wortelslaai gegun nie.

Groete,

Natasha Brits"

**Noord Transvaal 20 punte**


# Duiwe Beskikbaar

**Omdat ek vir 'n geruime tyd nie by die huis gaan wees nie, moet ek die getal duiwe tot die absolute minimum verminder, voordat ek later weer sal begin. Ek stel derhalwe almal wat ek nie gaan benodig nie, kosteloos beskikbaar. Hulle moet egter afgehaal word tussen 30 Oktober en 15 November 2000.**

**Die volgende duiwe is beskikbaar:**

**Memelse Hoogvlieërs**

**Weense Hoogvlieërs**

**Ou Duitse Meeus**

**Berlynse Kortes**

## Wolfgang Dombrowsky
## Tel 012-3333885

# Salmonellose/Paratifus

## deur Dr Pietie le Roux

**Ek wil graag die bal aan die rol hou oor Salmonellose in die ingevoerde Modenas en wil dan die volgende agtergrond verskaf.**

Die Salmonella baterium is vernoem na die Amerikaanse patoloog David Salmon, wat dit in die laat agtienhonderds geïdentifiseer het. Salmonellose kom in die vorm van verskillende spesies en verskillende siektetoestande by bykans alle diere, voëls en reptiele voor. So is dit o.a. by mense die oorsaak van voedselvergiftiging en die gevreesde maagkoors van die ou dae. By perde en skape is selfs spesies wat aborsie veroorsaak. Al die verskillende siektetoestande word gewoonlik met die byvoegsel - tifus, - paratifusof - tifoiëde, vernoem. Al die Salmoneloses het 'n akute sistemiese vorm en 'n kroniese draervorm. Die kroniese draervorm beteken eintlik dat die bakterieë op plekke "wegkruip" waar die antikiotikas dit nie bereik nie en vanwaar dit dan 'n soort van guerilla-oorlog voer. Die Salmonella spesie **typhimurium** wat sy oorsprong in knaagdiere het, is die spesie wat die meeste oorkruis in ander diere voorkom en dan in daardie diere verder versprei. So kan dit byvoorbeeld 'n verspreide uitbreek van Salmonellose in melkbeeste veroorsaak wat by besmette voer begin het.

Suid-Afrikaanse bakterioloë het my by navrae verseker dat ons probleem by duiwe bykans uitsluitlik **typhimurium** is. By duiwe kry jy dan ook die akute vorm en die kroniese draervorm.

Salmonellas versprei hoofsaaklik deur iname deur die mond en uitskeiding deur die mis. Inaseming van droë, besmette stof is al aangeteken en het dan uiteraard 'n longontsteking veroorsaak.

**Duiwe word besmet deur:**

1. Besmette kos en water
2. Besmetting deur wilde voëls, knaagdiere, reptiele, ander pluimvee, ens.
3. Die inbring van kroniese draer duiwe.

Dis by alle spesies primêr 'n siekte van intensifikasie, waar baie diere op klein oppervlaktes aangehou word. Al die Salmonellas hou van nat toestande en kan beslis nie uitdroging of sonlig weerstaan nie. Dit kan in besmette water tot nege maande lank oorlewe, in die warm son net 'n paar uur. Omdat dit nie spoorvormend is nie, is dit gevoelig genoeg vir ontsmettingsmiddels, hitte, sonlig en uitdroging. Verder het Salmonellas deurgaans weerstand teen baie antibiotikas.

Die **typhimurium** spesie is beweeglik. So mikroskopies klein soos wat dit is, het dit sweephaartjies waarmee dit kan beweeg. Dit beteken die volgende:

1. Dit kan 'n skoon mieliepit wat langs 'n misbol lê, besmet.
2. Dit kan vanaf die kloaka in die eierleier opgaan tot bo in die eierstokke.
3. Dit kan 'n eier se dop mesmet en deur die porieë in die eier ingaan.
4. Dit kan vanaf die kloaka in die saadbuis ingaan tot by die teelballe.
5. Dit sal uiteraard floreer en wyd beweeg in klam toestande. Drinkwater!
6. 'n Belangrike kenmerk by duiwe is dat dit ook in die kropmelk voorkom en kuikens so besmet raak van draer ouers.

By duiwe kan die dermontsteking soveel beskadiging veroorsaak dat die bakterieë in die bloedstroom beland en dan ander organe (veral gewrigte) aantas en ook na die brein en rugmurg versprei. Die sistemiese vorm is dan 'n tweede manier waarop die geslagsorgane besmet kan raak.

'n Verdere kenmerk by duiwe is dat, anders as by pluimvee en kalwers, 'n betroubare entstof nog nie ontwikkel is nie.

Daar is klaarblyklik nou goeie nuus van 'n belowende enstof vanuit Europa. Verder is daar ook nou belowende resultate met die genesing van kroniese draers deur Baytril teen viermaal die gewone dosis aan te wend.

**Wat die Amerikaanse Modenas betref, glo ek dat:**

1. Die grootste probleem is dat hulle egte "ground-dwellers" is wat te veel op die vloer van die hok deurbring en meer blootgestel word aan

besmetting.

2. Die duiwe kom in aanraking met vreemde stamme waarvoor hulle meer vatbaar is as die inheemse Modenas.

3. Kwarantynregulasies met o.a. die verpligte antibiotika medikasie is nie goed genoeg om die kroniese draervorm se Salmonellas " in die net te vang " nie.

## In breë trekke die volgende oor beheer en behandeling:

1. Gebruik die regte antibiotika. Slegte nuus is dat die ou staatmaker Furazolidone se gebruik nou wêreldwyd by voedselproduserende diere verbied is en die mat onder die kommersiële mark uitgeruk is. Dit sal dus vorentoe al moeiliker verkrygbaar wees. Goeie nuus is dat van die nuwe antibiotikas soos o.a. Baytril en die doksisiklienes baie goed werk. Spectinomycin is tans kommersieël beskikbaar as een van die bestanddele van "Lincospectin".

2. Behandel met 'n lang genoeg kursus van minstens twee weke.

3. Meer misproef waterbakke en kosbakke.

4. Skei jong duiwe van ou duiwe.

5. Vermy fekale kontaminasie en kontak.

6. Knyp maar oë toe en trek die nekke van draers al is hulle hoe waardevol.

7. Vermy eksterne besmetting deur besoedelde water en kos, knaagdiere, wilde voëls en ander pluimvee veral watervoëls. Die duiwe se badwater is net so belangrik!

8. Maar vir die grondsitter meer gerieflike sitplekke weg van die vloer af.

9. Maak meer gebruik van patoloë soos **Vanrenmed**. In die Wes-Kaap funksioneer die veterinêre streekslaboratorium op Stellenbosch nog uitstekend met **Dr Retha Brand** as pluimveekundige - **TEL 021-8870324**. Privaat patoloë soos **Drs Van Halderen en Lange** in die Wes-Kaap is ook altyd hulpvaardig - **SEL 082-8088773.** Probeer die monsters of duiwe neem **voordat** antibiotika toegedien is.

10. Maak gebruik van 'n doeltreffende ontsmettingsprogram.

11. Medikasie van kiemdoders in die drinkwater, bv Jik. By volstruiskuikens word Virkon suksesvol met sekere weerstandige derminfeksie gebruik teen 'n sterkte van 1:500. Ek glo dit sal by duiwe ook 'n probeer werd wees. Miskien 'n bietjie te skerp. Miskien so 1:1000 ?

12. Gereelde ontsmetting van kos en waterbakke. Sallmonellas is gevoelig vir sure en selfs asyn of suurlemoen kan suksesvol gebruik word.

## Ontsmetting van hokke

Die groot leemte op hierdie gebied teenoor die kommersiële pluimveebedryf is dat laasbenoemde in staat is om die hokke vir 'n lang tydperk totaal te ontruim.

Dis egter goed dat 'n mens kyk na die basiese beginsels wat in dié bedryf `geld. Formalien bly steeds die beste waarde vir geld in dié bedryf. Die enigste nadeel is die irriterende reuk en daarom is die gluteraldehiede soos Virkon en Ucarsan ontwikkel wat uiters effektief is, maar duurder uitwerk. Moenie die ou resep van formaldehiedgas-beroking vergeet nie. Vir elke kubieke meter word 60ml formalien neergesit en 20gm kaliumpermanganaat (condy's crystals) bygevoeg (nie andersom nie, dit kan ontplof) Gee pad en maak toe!

Organiese materiaal neutraliseer ontsmettings-middels. Alle organies materiaal word o.a. so verwyder dat die "pad na die hokke" nie besmet raak nie. Hierna word met water onder hoë druk uitgespuit. Daarna word met water- en seepoplossing vir 'n tweede keer, uitgespuit. **Voordat die ontsmettings-middel gebruik word, word die hokke eers gelos om droog te word.** Eers daarna word die ontsmettingsmiddels gespuit, verkieslik in 'n baie fyn sproei.

Die hokke moet dan eers weer afdroog. Dit maak nie veel saak watter ou staatmaker jy gebruik as ontsmettingsmiddel nie, solank die basiese beginsels van voorbereiding behou word.

Die volgende "vars uit die oond" alternatief is dalk die oplossing vir al die praktiese probleme wat met 'n duiwehok gepaard gaan. 'n Teler van wedvlugduiwe by Struisbaai se hokke is op die seefront in die seesproei geleë. Hy het kroniese probleme met Coccidiose gehad en al sy teleurstellende swak wedvlugte kon deur die veearts met Coccidiose verbind word. Iemand gee hom toe die boereraat om sy hokke gereeld met 'n blaasvlam uit te skroei. Al wat hy nou doen is om

weekliks met 'n Cadac blaasvlam in te gaan en die hok se vloer en mure te skroei. Ek kon by demonstrasie my oë nie glo hoe maklik en efektief dit werk nie! Dis ook verstommend hoe insekte voor die vlam uitvlug of doodgebrand word. (Insekte is dikwels draers van siektetoestande by duiwe). Baie belangrik ook is dat hy met dié metode nou 'n laag skaafsels op die vloer het om die seeproei se vog te absorbeer en dat die eddegoed ook baie effektief skroei. Hy gebruik nou geen Coccidiose- of ontsmettings-middels meer nie. Ek glo dat dit ook die oplossing vir Salmonellose kan wees. Daardie sweefhaartjies sal sommer eerste wegbrand!

Sê nou maar die blaasvlam los ook die manne met die "Pigeon Fanciers Lung" se problem op? Beide die akute en kroniese vorms van hierdie ongelukkige longkwaal word deur die onsigbare mikrofyn partikels (minder as 5 mikron groot) veroorsaak. Sal die skroei-aksie nie hierdie klein partikels in so 'n mate vernietig dat dit vir hierdie ongelukkige duiweliefhebbers meer leefbaar kan word nie? Dalk kan ook Jan Venter weer duiwe aanhou!

Ek het in die verlede dikwels by die wedvlugmanne gevind dat Coccidiose in die paar- en broeihokkies opbou. Natuurlik is die hokkies moeilik om te ontsmet. Ekself gebruik ou koerante as vloerbedekking waarvan die rante vasgekram word om opwip te voorkom.

Groete,

Pietie.

**Red. Hierdie is sekerlik die mees waardevolle artikel wat nog in Die Sierduif oor Salmonella verskyn het. Pietie, baie dankie daarvoor. Dit was oorspronklik beplan om dit oor twee uitgawes te laat verskyn, maar asgevolg van 'n gebrek aan bydraes van ons ander lede, en om hierdie uitgawe vol te maak, verdien Dr Pietie 100 x 2 = 200 punte vir Boland.**

# Die Afrikaanse Troetelduif

## 'n Bydrae vanaf Chris de Beer

**Na 10 jaar met sierduiwe voel ek lus om iets te sê oor die Afrikaanse Troetelduif.**

Ek het my heel eerste duiwe in 'n troeteldierwinkel gekoop en daarna het ons by Rudolf Cilliers en by Henri Botha toys gekry.

Ons kan ook met trots sê dat vanaf 1992 het ons met uitsondering van drie jaar, nog elke jaar die beste Toy op die Nasionale Kampioenskapskou vertoon. Ons het ook in die afgelope tien jaar die Afrikaanse Troetelduif as ras bevorder.

Toe ons met toys bewgin het was daar hoofsaaklik net wit en swart duiwe en hier en daar 'n ander kleur. Vandag kan ons met trots sê dat daar suiwer rooi, geel en nog baie ander kleure toys is.

Die Afrikaanse Troetelduif is seker nie die maklikste duif om mee te teel nie, want die duif het 'n kuif en nog veerpote ook en om dit alle reg te teel en nog reg te hou vir skoue verg elke dag baie moeite en aandag.

### Afrikaanse

# Four Kinds of Fanciers

## by Clive Druce

**1st we have the person who buys birds at any price, just to be able to show.**

**2nd we have the person who buys and keep the birds under terrible conditions, just to be able to show.**

**3rd we have the fanciers that enjoys selling absolute rejects to beginners at dishonest prices, to the detriment of the fancy**

**4th we have the proud and true fanciers who appreciates his birds, cares for them and strives to improve the breed.**

## Troetelduiwe broei baie maklik as die volgende gedoen word.

1. Sny voetvere ± 20 mm vanaf die tone en bene af en paar die duiwe op.
2. Die neste waarin jy wil laat broei moet diep en groot wees.
3. Die mate van die neste is 25 cm wyd, 25 cm hoog en 75 cm diep wat suksesvol broei. Indien jy nie 'n nes maak nie, gebruik enige houer wat min of meer dieselfde mates het.
4. Vul die neste met dennenaalde of enige ander nesmateriaal.
5. Sny die mannetjie se stert 25 cm korter en sny die wyfie se vlerkpenne wat op die stert rus ook ± 25 cm korter sodat die duiwe nog sonder enige moeite kan vlieg. (Doen dit slegs as u sukkel met onvrugbare eiers.)

Om veerpote en kuiwe tergelykertyd reg te teel is nodgal 'n moeilike proses veral as die standaard van die duiwe vereis dat die kuif 'n sekere posisie moet hê met 'n roset weerskante en 'n goeie maan daarby.

Om aan al die vereistes te voldoen moet 'n mens met goeie duiwe teel. Soos ons weet teel 'n mens foute makliker oor as wat die goeie punte in oorerwing vasgelê word.

### Belangrike aspekte

As jy met Afrikaanse Troetelduiwe wil teel, is daar 'n paar dinge wat jy in gedagte moet hou. Kom ons begin by die begin.

As die duiwe wat jy wil oppaar nie van goeie gehalte en kwaliteit is nie, dan stop jy net daar en soek beter duiwe.

As jou duiwe reg is om op te paar, moet jou hok en veral die neste reg wees, nie ampter reg nie.

Die troetelduif is baie goeie ouers, die kleintjies sal sommer nog klein wees dan sal die wyfie alweer begin lê; daarom moet die nes diep wees sodat die jong duifies in die voorste deel van die nes groot gemaak kan word.

Wat ons ook baie male doen in om die wyfie weg te neem. Sodra die klein duifies vol vere is, word die wyfie weggeneem en die mannetjie sal self die kuikens groot maak.

Om veerpootduiwe te ring is soms 'n groot probleem omdat groot ringe gebruik word. As die voetvere te sterk word en jy ring dan, kan jy die bloepenne beskadig en as dit gebeur kan dit nooit 'n normale veer lewer nie.

Om die **probleem te verhoed**, kan die volgende gedoen word.

Gebruik 'n baie sagte plastiek wat in 'n smal strook gesny word. Die strook word dan van die hakskeen se kant af om die voet gedraai sodat die bloedpenne vorentoe wys. Die plastiek word omgedraai tot die hele voet toe is. Die ring word oor die plastiek gedruk waarna die plastiek weer verwyder word. Daar moet seker gemaak word dat die ring bokant die hakskeen is, anders sal daar altyd 'n opening in die voetvere wees.

Die klein duifies word vinnig groot en eersdaags kan daar met hulle geskou word. Sewe na agt weke voor elke skc moet die voetvere getrek worc om die maksimum groei van die vere die dag op die skou te hê.

Ja, ons het al op verskeie skoue gehoor dat ons vere inplant. Ek sou graag wou weet hoe dit gedoen word? Die geheim lê daarin dat ons dit betyds trek sodat dit weer mooi kan uitgroei.

Onthou veerpootduiwe se hokke behoort nie draad of sementvloere te hê nie.

As u enigeiets i.v.m. die Afrikaanse Troetelduif wil weet, kontak ons gerus of kom kuier vir Chris en Antoinette op Hennenman en kom kyk hoe veerpootduiwe se hokke moet lyk.

**Red. Noord-Vrystaat verdien 100 punte.**

**Bydraes aan Die Sierduif word dringend afgewag.**

**Contributions are urgently needed for publication in the Fancy Pigeon.**

# Noord-Transvaal doen verslag oor sy lede-vergadering

**Willie van Zyl is aan die woord.**

**Saterdag 12 Augustus 2000 het vyftien lede om 14:00 by my huis aan huis byeengekom vir die streek se jaarvergadering.**

**Nog nooit was daar so 'n mooi getal lede by 'n vergadering teenwoordig nie. Tel daarby die vier verskonings dan was bykans al die lede in en om Pretoria teenwoordig Dit was 'n pluimpie vir die bestuur van die afgelope jaar en 'n aanduiding van die goeie gesindheid tussen sy lede.**

Die deelname aan die besprekings was lewendig en die besluite is eenparig geneem.

Uit dank vir hul bydraes gemaak tot die streek is drie Ere Vise-President toekennings gemaak, nl aan:

JHP van der Walt (postuum)

DJ Sadie

PWD Dombrowsky

Provinsiale kleure in die telers kategorie is ook aan Ruan de Bruin toegeken.


'n Toekenning Lid van die Jaar word jaarliks, volgens 'n vooropgestelde kreterium, aan 'n lid gedoen wat op bepaalde gebiede die beste presteer het, die streek se beeld uitgedra het, ens. Die kompetisie was besonder sterk hierdie jaar, maar ook hier het die junior, Ruan de Bruyn, sterk deurgekom en die toekenning voor die ooms weggeraap. Baie geluk, Ruan.

Die volgende lede is tot die dagbestuur verkies. Met die uitsondering van die addisionele lid, is die ander vir langer as 'n jaar verkies.

President en Streekverteenwoordiger:


Chris de Bruin, tel 012-8080463

## Chris en Babs Blaauw
### van Worcester



**Sy boek, "Die Sierduif sport vir Beginners" was 'n treffer en bykans R2000 is reeds met die verkope waarvan ingesamel vir die Hall of Fame boufonds. Dankie Chris en Babs.**

**Beginners (en ouer telers) kan die uitgawe van hierdie skitterende boek by die Ringmeester van die SASV bestel - Me Petra van den Berg, Posbus 11589, Universitas, Bloemfontein 9321. Tel 051-5226141. Dit kos R30, posgeld ingesluit**



**Chris de Beer, Streek-President van Noord-Transvaal ontvang sy toekenning as die Helper van Jaar 2000 vanaf Lou Brits, die Beoordelaarsbeampte**

Weens sy besondere aktiewe rol en die wyse waarop hy as Stewart gedurende 2000 se skouseisoen opgetree het, is Chris de Beer van Pretoria aangewys as Stewart van die Jaar.
Die De Bruin-familie het vanjaar besonders presteer want die jong Ruan is aangewys as Junior van die Jaar

Vise-President en beoordelaarsbeampte:

Willie van Zyl, tel 012-3793300

Sekretaris/Tesourier:

Roelf Buitendag, tel 012-3241942

Skoubestuurder:

Johan Coetzee, tel 012-7351587

Addisionele Lid:

Jan Hepburn, tel 012-9917824

Teen 16:30 was die amptelike sake afgehandel en het die wat kon bly vir 'n braai die aand geniet.

Groete en voorspoed vir die teelseisoen.

Willie van Zyl.

**Noord-Transvaal verdien 65 punte**

## SA Troetelduif en Trompetter Spesklub hou duiwedag

**Alle Troetelduif en Trompettermanne, of jy nou lid van die Klub is of nie, op Saterdag 25 November 2000 om 09:00 word daar te Mynhardt van Graanstraat no 53, Hennenman, 'n veervoetdag gehou.**

**Op die afgelope SA's in die Paarl is daar besluit op die Spesklub se vergadering dat daar 'n Veervoetdag gehou moet word. Elke lid van die Klub moet een duif skenk wat die dag verkoop sal word ten bate van die Klub.**

**Ons sal goeie bespreking aanbied en hier sal ook van die Senior Beoordelaars wees vir die dag.**

**Ons beplan 'n Bring-en-braai die middag en ons sien uit daarna om al die veervoetmanne hier te hê. Onthou 25 November te Hennenman.**

**As u enigiets wil weet van die Spesklub, kontak asseblief die volgende:**

**Chris de Beer, sel 082 3774203 of**

**Stewart Patterson, tel 011-7042490**

# News from Eastern Province

**Clive Druce reports:**

We in the Eastern Province welcome the following members:

Hannes le Roux of Mossel Bay, keeping a variety of breeds.

Faried Rajall of Port Elizabeth keeping Rollers.

Vic Transel of Uitenhage keeping SA Show Homers.

Graham Hart of East London keeping rollers and English S/F tumblers.

Abdurazaak Panday of Uitenhage keeping rollers.

To all of you, welcome. We are pleased to have you in the association and look forward to spending many pleasant hours enjoying your company and friendship.

Unfortunately I have to report the passing of Ted Lunt of Port Elizabeth. Ted passed away after a short illness. He had been a very keen fantail man for many years having imported a number of powdered blue from America. His birds have been taken over by Johan de Kock of Uitenhage.

Clive.

**E.P - 25 points**

---

# Die 2000 Nasionale Kampioenskapskou

**Wynand Wessels uit Bothaville skrywe:**

**Eerstens wil ek my dank uitspreek teenoor ons almal se Skepper wat al die vertoners en hul gesinne veiling na die Paarl en terug geneem het, vanoor die lengte en breedte van Suid-Afrika en Namibia.**

Baie dankie aan NAK Smit en sy span mense, wat die trappe 'n opdraendes getrotseer het na Paarl Gimnasium Hoërskoolsaal om 2400 skouhokke op te rig. 'n Mens kon sien by aankoms dat die WP manne reeds fiks was. Ek is oortuig dat Mnr Mallet vir hom 'n vaste vyf vir die bokspan kon kry wat reeds tagtig minute voluit sal kan speel sonder plaasvervangers binne die WP.

Aan die dames van die WP, onder leiding van Antoinette le Roux, wil ek sê" Julle het almal te vrede gehou deur die puik en vriendelike diens uit die kombuis. Daar word net na 'n puik skou verwys wanneer die dames van 'n streek suksesvol was, en daarom kan ons as vertoners onomwonde sê: Die 2000 SA Skou was 'n reuse sukses!

Dan wil ek ook my dank uitspreek teenoor al die beoordelaars en helpers wat na die beste van hul vermoë hulle taak verrig het.

Wat die verblyf in die koshuis betref, kan ek net met lof praat van die fasiliteite, asook die ontbyt wat ons elke oggend gekry het. Daar was niemand waarvan ek van weet wat meer verwag het nie, behalwe dat minder trappe dalk kon help om ons onfikse klomp weer normaal sou laat asem haal.

Ek vertrou dat ons almal gespaar sal bly vir die 2001 SA Skou te Kimberley.


Duiwe groete. **(N-Vrystaat 20 punte)**

---

# Jan Lombard oor sy ringversameling

Die amptelike SASV rinversameling kom mooi aan danksy hulp wat ek van 'n hele klomp lede ontvang het. Ons het tans 122 verskillende normale SASV ringe en 83 verskillende SASV spesklubringe. Ek wil almal wat sover gehelp het langs hierdie weg bedank. Ek sou graag wou name noem, maar ek is bang ek laat iemand uit. As ek egter twee persone mag uitsonder wat my baie gehelp het om veral ouer ringe te bekom, is dit Hansie Botes en oom Warren Klopper. Lourens Muller het 'n groot verskeidenheid wedvlugringe uit Namibia vir my gebring. Vir baie buitelandse versamelaars was dit 'n eerste om ringe vanuit hierdie land te kry.

Danksy oom Warren se hulp het ons nou, met die uitsondering van 1978 en 1980, 'n volledige stel B-ringe vanaf 1961 tot 2000. T.o.v. A -ringe is 1982 my oudste. In die C-grootte het ek slegs 1961, 1971



# Immergroen duiweliefhebbers.

Links sit Pikket en Lena Coetzee van Namibia. Sedert 1974 reis hierdie twee met elke Kampioenskapskou bykans 4 000 kilometer. En dan is daar nog mense wat sê 'n skou in die Paarl is te ver! Regs is Joey en Gert Bierman van Standerton, die enigste Oos-Transvalers wat die Kampioenskapskou meegemaak het. En Gert het nie eens meer duiwe nie! Hierdie Hall of Fame lid van die SASV was in die tagtigerjare dormant, maar is asgevolg van ons Redakteur se voortdurende kontak, vandag weer een van ons mees aktiefste duiwelose lede - 'n voorbeeld vir so baie lede. Gert is tans Ere-President van Oos-Transvaal.

## Jan Lombard - vervolg

en 1975 in die pre-1980 jare. Die oudste D ring dateer uit 1980 - ons kort dus al die jare voor 1980. T.o.v. E en F ringe is die oudste onderskeidelik 1978 en 1977. Help my asseblief dat ons hierdie stukkies geskiedenis bymekaar kan kry en bewaar vir die nageslag.

Ek sal graag wil weet watter ringe die Nasiona Sierduif Unie gebruik het. Indien moontlik sal ek ook van die ringe wil bekom. Die mense wat betrokke was by die NSU moet asseblief kyk of hulle nie êrens nog van die ringe het nie.

Wolgang Dombrowsky het aan my 'n klomp ringe gestuur wat deur die Pretoria Pluimvee en Konynklub gebruik is. Baie dankie! Die ringe wat ek het, dateer uit die jare 1988 tot 1993 en is in A, B en C grootte. Dit vertoon die letters PP met die jaartal en 'n nommer. Dit lyk baie soos post-88 SASV ringe en is waarskynlik ook deur Jansen Ringe vervaardig. Daar is 'n verskeidenheid kleure wat nie ooreenstem met die kleure wat in dieselfde jare deur die SASV gebruik is nie. Wie kan meer vertel van hierdie nie-

SASV klub?

Ek benodig inligting oor 'n aantal rollerringe wat waarskynlik almal Suid-Afrikaans is: BBRC; BPRC; B v N' C OOSTHUIZEN; EDRS; WFP; EP' G CHAPLIN 2; I THURSTON; JSRC N; KOOS; PDRC; RDBR; S; STDRF; URDV; VBRK-OVS; WBR; WIL.S en Willie. Ek hoop die rollerboere kan help met inligting (en ringe).

My internasionale versameling : RSA wedvlug versameling het aangegroei tot meer as 1500 ringe. Persone wat belangstel in ringversameling as stokperdjie kan my gerus kontak. Ek het letterlik honderde tipe ringe om julle mee te help. Lede wat kontak het met wedvlugmanne word versoek om asseblief vir my ringe by hulle te probeer kry.

**Red: Ek wil voorstel dat jy 'n artikel voorberei aan SA & Wêreld Duiwenuus wat ek aan die Redakteur kan besorg vir plasing in daardie tydskrif. Ek dink jy sal goeie reaksie kry. Hulle het op die oomblik 'n oplaag van sowat 2100 per maand. Vrystaat 20 punte**

---

# Die NWK Kameel Expo

**Bothaville: Noord wes Koöperasie se handelstak in Kameel, onder leiding van meneer Pet van der Westhuizen, het hierdie jaar sy tweede Expo aangepak en besluit om sierduiwe 'n deel daarvan te maak. Die hokke, inskrywingsvorms, beoordelaars en uitleg van die saal is behartig deur Julian Fincham en Dries van der Walt.**

Die pryse is behoorlik deur Piet van der Westhuizen versamel. Daar was 5 kg duiwekos vir elke vertoner, 2 kg hondekos vir elke ras-wenner in die junior sowel as die senior afdeling. Vir die interras afdeling vir juniors was daar 4 hoofpryse, naamlik twee koeldrankpakke ter waarde van R80 elk, 'n handgemaakte sewa en 'n rooibok wat geskenk is deur Kobus le Roux. Daar was oom 'n muur-horlosie vir die beste hoender.

Die senior interras pryse was 'n pak van 50 ystersaaglemme, ' 50 kg sak duiwekos, 'n stel handgereedskap, 'n windjekker en twee blesbokke onderskeidelik geskenk deur menere Hentie Badenborst en Henry Abbot.

In die afgelope 23 jaar in die SASV het ek sowat van pryse vir 'n skou nog nie beleef nie. Die bestuur van NWK sal die prestasie moeilik kan herhaal. Dan moet ek dadelik byvoeg dat Piet van der Westhuizen reken dat hierdie slegs die begin was.

Die uitstaller wat die verste gekom het was beslis Dr Johan Loots van Ficksburg. Volgens hom en die ander 22 sal hulle DV volgende jaar weer daar wees.

Terloops die groot kampioen duif van 2001 se prys is reeds bekend, naamlik 'n Gemsbok. Baie dankie Piet, ek glo dat jy nog meer as 600 plus duiwe gaan kry.

Die dag is bygewoon deur onderveer 600 mense vir wie *NWK die Saterdagaand almal* 'n gratis ete gegee het. Om baie konserwatief te wees, is daar minstens 300 paar voete deur die duiwe-afdeling. As dit nie blootstelling is van die sierduif nie, dan weet ek nie wat ooit sal wees nie.

Ek vertrou dat lede van die SASV volgende jaar in groot getalle sal opruk na Kameel. Vriend Julian Fincham gaan 'n blok woonstelle bou voor die volgende Expo en Dries van der Walt neem glo 'n maand vakansie.

Die vars lug van Kameel het ook sy tol geeis onder die hoë profiel sierduifmanne. So het Lotie Geyer 'n hoelahoep kompetisie vir meisies bo 40 gewen en daarmee saam die nodige laventel vir 'n jaar. Noord-Vrystaat kan voorwaar trots wees op sy vise-president. Hy het in 'n oomblik van swakheid gewys dat hy 'n Laventel Haan is. Nog syn dit het einde niet en Noord-Transvaal se president trap in dieselfde wip. Natuurlik ietwat erger. Hy dra nou wit satyn sakdoekies en gebruik snesies. Jammer aan die streek, maar almal het hul sagte plekkies. Hanteer hom versigtig!

Graag wil ek die Finchams en Van der Walts bedank vir al die verblyfreëlings vir die sierduifgesinne wat oornag het asook die etes tot die Sondag.

Aan die dames van die Laerskool Kameel, dankie vir die lekker koffie, toebroodjies en middagete. Dankie aan die gemeenskap van Kameel en al die uitstallers vir julle vriendelikheid en goeie gees.

Mag Kameel en al sy mense bly soos hulle is, want julle is die sout van die aarde.

**Red: Wes-Transvaal verdien 180 punte.**

# Oos-Transvaal nuus deur Dries Heydenrych

Nee wat hier in Oos-Transvaal gebeur so af en toe iets om oor te skryf.

Op 12 Augustus 2000 het ons kamp opgeslaan by Naas du Preez op Middelburg vir ons AJV. Soos ek Naas ken was vroeg-vroeg alles gereed en op die plek.

Soos die môre gevorder het, het die lede hul verskyning gemaak, dertien in totaal, sommige met hul gades. Ander se gades moes omsien na die besighede vir die dag.

Gedurende die besprekings vir die komende jaar se program is heelwat insette gelewer wat net tot voordeel vir die streek sal wees.

Oom Gert Bierman het terugvoering gelewer van die Algemene Jaarvergadering gehou tydens die kampioenskapskou. Die nodige aandag word aan al die besprekingspunte gegee soos saamgevat. Ook is die saak van saamry geleenthede bespreek om koste te bespaar.

Na die vergadering het ons Naas se hokke besoek. Soos Naas is, is alles skoon en netjies en die Modenas van 'n baie goeie gehalte. Nodeloos om te sê daar was 'n paar minder in die hok later die middag.

Moenie vergeet hoe lekker die vleisie en wors gesmaak het wat voorberei was nie.

Deurdat afstande altyd die hidernis is, het die lede so stadig aan die langpad huistoe geneem, te vrede in die hart en sien uit na die weersiens.

Naas, ou maat. baie dankie vir die moeite wat jy met ons gehad het. Ons waardeer jou vriendskap.

Dries.

**Oos-Transvaal verdien 65 punte.**

# Short Face News by Clive Druce

Well it is official, the ESTC club has been granted full status, and is alive and well. The turn out by members at the SA's was very encouraging. There were 95 entries on the show. Next year we can look forward to a stronger entry due to all the new members having bred during the coming breeding season.

I would on behalf of those who have strived so much for the Shortie Club during the year, express our deep appreciation for what you have done for us. A special Shortie Greetings to all of you.

The committee elected at the SA's is as follows.

Chairman: Pieter Neetling

Treasurer: Natie Neetling

Secretary: Arthur Muller

Committee members: J A S van Niekerk, Attie van Greunen, Lourens Muller & Clive Druce

The SF Standard: Later in the year the revised standard for the breed will be published in The Fancy Pigeon. I have four interpretations of the standard in my possession, 2 UK, one USA and one Australian. All four give numerous variations in certain major aspects, some of the descriptions in relation the sketches are physically impossible.

Congratulations to Arthur Muller for winning best English Short SFT at the SA's. "Keer Arthur, volgende jaar sal daar heelwat nuwe lede wees wat skou."

The Shortie Club members can really lift our breed to one of the top breeds in SA. Let's go for it!

Major points I noticed that must be improved are the eradication of a narrow parallel tail, the ideal is a flared tail, to the width of the chest.

Too much back skull, showing wing butts through lack of fullness in body, large birds and long slender birds with a hollow back, pinched frontal, a good stop is vital to set the head off. Remember the highest point the head as approximately mm in front of the eye, not centered above the eye. Do not confuse the head with an Owl head, the SF head cuts away drastically at the back, so as to eliminate back skull, a down faced bird cannot show these required attributes.

Shortie Greetings.

Clive

**Eastern Province - 20 points.**




## Pikket en Lena is die trotse eienaar

*Voor die Kampioenskapskou het NAK Smit vir Kobus Snyman gevra om besondere en unieke wynbottel-etikette op die rekenaar te maak. Dit is gedoen, en met die wyn wat deur NAK bekom is, is 'n wynveiling tydens die Kampioen-skapskou gehou.*

*Die Wyn (bottel) veiling tydens die Kampioenskapskou waar Kobus ook die afslaer was, was 'n besondere een. Daar was in die begin 'n hele paar manne en vroue wat aanbiedinge gemaak het. Later is hulle verminder na drie wat aanhouend mekaar opgejaag het. R1000, later R2 000, nog later R2700. De bod staan op Pikket Coetzee en die ander se moed begewe hulle. Meteens ontdek die afslaer 'n nuwe klient, naamlik Lena Coetzee. "Bie, Lena, en die bottel is joune!" En Lena bie - R2720. Die bod word toegeslaan op een van ons trotse dieweliefhebbers, Lena Coetzee van Windhoek. En wat sê PIkket omdat die bottel nou eintlik aan haar behoort? "Hy staan in ons kroeg in ons huis. En daar gaan hy staan."*

*En wat sê die Redakteur van hierdie twee mense:*

*"Ek ken hulle sedert 1971 toe ek en Bertha nog in die ou Suidwes was. Ons eerste Modenas is by hulle aangekoop.*

*Hulle is mense met 'n besondere en diepgewortelde geloof; hulle gasvryheid ken geen perke nie; hulle is lief vir mekaar en vir hulle kinders. Pikket se kop staan reg vir besigheid en Lena s'n vir geldsake. Daarom gaan dit met hierdie twee immergroen mense baie voorspoedig.*

*Dankie julle twee, julle het met die veiling die mense se aand gemaak en daarom is julle staande toegejuig toe die bod toegslaan is.*



# Engelse K/G Tuimelaarsklub

Arthur Muller het 'n briefie ingestuur wat min of meer dieselfde inligting bevat as die van Clive Druce.

Die bykomende inligting is soos volg:

Ledegelde tot die Klub:

R20 per jaar, betaalbaar vanaf Januarie 2001.

Daar gaan nie spesklubringe wees nie maar dan kan ringe genomineer word teen R5 per ring. Die nominasie moet in wees voor of op die 15de Januarie 2001. Geen nominasies sal na 15 Januarie aanvaar word nie. Dan wil die klub ook almal bedank wat betrokke was met die opstel van die nuwe standaard.

s Spesiale dank aan Natures Pool en Garden Bloemfontein vir die Rosette geskenk vir die Kort Gesigtuimelaars.

# Voorwoord tot Afmetings van die Dragoon - Inligting saamgevat deur Wynand Wessels

Na aanleiding van die Sponsduif opleidingsdag het ek besluit om die beskikbare afmetings wat in die standaard voorkom, plus al die ander afmetings wat in die verhandeling oor Dragoons geskryf is, almal saam te vat in twee sketse.

Hiermee bedoel of verwag ek nie dat ons in die toekoms gaan opmeet soos in 'n gebou nie, maar die paar afmetings wat wel in die standaard vervat is, kan misleidend wees. Daar is byvoorbeeld 'n afmeting vir die totale lengte van 15 duim of 381 mm, wat nie meetbaar is in een beweging nie.

Om te verstaan waar elke afmeting is, is dit belangrik dat u die twee sketse saam met hierdie skrywe lees.

Afmetings wat wel in die standaard vervat is:

A Gesig lengte

B Agterkop

N Vlerkpunt tot stert

X Totale lengte

Wanneer jy die boek lees gee die skrywers meer duidelikheid rondom die volgende afmetings.

C Punt van bek tot by neusvrat

D Middel van oog tot bokant die kop (Top skull)

E Middel van oog tot onderkant die kop

F Wydte van neusvrat agter

G Breedte van kop agter vrat

H Diepte van bek by punt

I Diepte van bek by mondhoek

J Deursnee van vrat

K Lengte van nek

L Lyf lengte

M Stert lengte

N Stert tot vlerpunt lengte

O Knie tot voet

P Bo-been lengte

Sodra jy al hierdie afmetings het, kry jy heelwat makliker die volle verhaal en beeld. Volgens die skrywers wat hulle studies en aantekeninge vanaf 1876 tot 1907 verreken om die gemiddeldes te bepaal.

Om die totale lengte van die duif te kry word die volgende mates bymekaar getel A, B, K, L en M. So, die enkel syfer van 15"/381mm het werklik geen betekenis as jy nie weet hoe om daarby uit te kom nie.

Die Dragoon is 'n komplekse ras wat in alle opsigte oor onder vereistes geteel kan word. Ek glo dit is seker die hoofrede waarom daar nog altyd net 'n klein groepie telers was. Ons moet onthou dat indien Cas de Waal, die boek oor Dragoons nie beskikbaar gestel het nie, die meeste van ons dalk vir altyd in die donker sou wandel.

Alle afmetings is verreken vir volwasse duiwe van twee jaar of meer. Daar moet onthou word dat onder andere die vrat 'n mate van groei toon tot op vyf jaar, maar verseker nie die res van die duif nie.

Geniet die lees en gebruik van hierdie inligting.


Wynand

**Red: Ek wil graag al ons telers uitnooi om soortgelyke artikels aan Die Sierduif vir publikasie in te stuur. Kom ons maak ons Tydskrif een waaruit lede kan leer en inligting uitruil.**

**As slegs 2 lede uit elke streek of klub geargeer, dan het ons al 'n hele klomp materiaal om te gebruik.**

# Dragoon- Afmetings / Dimensions


| | | | |
|---|---|---|---|
| A: | 42mm | 1 5/8" | Tip of beak to centre of pupil<br>Punt van bek tot middel van oog |
| B: | 22mm | 7/8" | Centre of pupil to back of skull in a straight line<br>Middel van oog tot agter die kop in 'n reguit lyn |
| C: | 10mm | 3/8" | Tip of beak to wattle - punt van bek tot vrat |
| D: | 11.5mm | 7/16 | Centre of eye to top of skull - Middel van oog tot bokant van kop |
| E: | 19mm | 3/4" | Centre of eye to base of skull - middel van oog tot onderkant van kop |





| | | | |
|---|---|---|---|
| F: | 16mm | 5/8" | Width of head behind wattle - wydte van kop agter die vrat |
| G: | 28.5mm | 1 1/16" | Width of skull at the back - Wydte van kop agter |
| H: | 9mm | 11/32" | Depth of beak at tip - Diepte van bek by punt |
| I | 21mm | 13/16" | Depth of beak as muzzle - Diepte van bek by mondhoek |
| J | 42.5mm | 11/16" | Circumference of wattle - Omtrek van vrat |
| J | 16.5mm | 5/8" | Diameter of wattle - Deursnee van vrat |
| K | 60.8mm | 2 3/8" | Length of neck - Lengte van nek |

## Dragoon-Afmetings vervolg

| | | | |
|---|---|---|---|
| L: | 130mm | 5 1/8" | Lenght of back - Lengte van rug. |
| M: | 133mm | 5¼" | Lenght of flight tip - Lengte van stert |
| N: | 16mm | 5/8" | Tail to flight tip - Stert tot vlerkpunt |
| O | 24mm | 15/16" | Hock to sole - Knie tot voet. |
| P: | 69mm | 2 5/8" | Thigh length - Bo-been lengte |



# Syrian Waaiersterte



**Nelspruit - John Calitz het die volgende navraag:**

Ingesluit is 'n foto wat in 1960 geneem is van wit waaiersterte. My oorlede pa het die duiwe huistoe gebring en het gesê dit is Syrian Waaiersterte wat hy by 'n perde-teler gekry het.

Wat ek graag wil weet is wat is 'n Syrian Waaierstert. Is hulle beskikbaar in Suid-Afrika en indien wel sal ek dit waardeer indien u meer inligting oor die duiwe kan publiseer of my laat weet waar ek meer inligting kan kry.

Die afgelope twee jaar se skoue is Oos- en Noord-Transvaal asook Landbouskoue wat ek besoek het, het ek nog nooit 'n Syrian waaierstert raak geloop nie. Ook alle navrae wat ek daaroor gerig het, was negatief.

Graag wil ek ook weet of daar meer soort waaiersterte as die gewone en Indiese is.

John Calitz

**Red. Jammer dat jy 'n bietjie lank moes wag om antwoorde op jou vrae te kry. Ek kan maar net antwoord wat Levi in sy The Pigeon oor die Syrian Fantail skrywe. Hy skrywe: "Syrian (flying or tumbling) Fantails are obviously fantails, though without the highly elevated tail of our modern-day ones. They are strong and rugged." Levi gaan voort deur te noem dat daar verskeie Syrian duiwe is, naamlik die Syrian Bagdad, Syrian Dewlap, Syrian Lebanon, Damascene, Syrian Turbeteen en Syrial Owl. "All these breeds have been known to Occidental breeders either by seeing the birds themselves or reading about them in books." Levi vermeld ook ander Syrian duiwe wat nie deur ander skrywers vermeld word nie. Daar is ongelukkig geen foto in sy boek oor die Syrain Fantail nie.**

**Of hulle in Suid-Afrika aangehou word, kan ek nie antwoord nie. Probeer gerus kontak maak met David Malan of Otto Holm. Moontlik weet hulle meer.**


## Topgehalte Modenas te koop - slegs VSA bloedlyne


Ek is van voorneme om my Modenas te verkoop - ek gaan slegs enkele ou duiwe en die jonges terughou.

1. Geel Self Schietti - 2 paar
2. Rooi Self Schietti - 2 paar
3. Rooi Self Schietti - 2 paar
4. Swart Schietti - 2 mannetjies
5. Swart Schietti - 2 paar
6. Plein Brons Schietti - 2 paar
7. Plein Brons Schietti - 2 paar
8. Plein Brons Gazzi - 2 paar
9. Bronze Tri/Blou Gazzi - 2 paar
10. + verskeidenheid kleure los Modenas - mannetjies en wyfies

Duiwe word beskikbaar gestel in die 10 groepe om dit meer bekostigbaar te maak vir voornemende kopers. Indien 'n persoon of persone egter groepe wil saamvoeg is hulle welkom. Groepe sal egter nie opgebreek word nie. Betaling: Vooruit gedateerde tjeks is aanvaarbaar maar kontant kan u bespaar. Pryse op aanvraag beskikbaar by **Kobus Snyman, tel 082-875-0124**. **Duiwe sal nie versend word nie, kopers moet self afhaal.**

# Wyle Koos van Zyl

## Ons Bring Hulde



**Jacobus Gert van Zyl, gebore 16 Mei 1922 en sterwe op 6 Augustus 2000. Dit sal op die grafsteen staan, maar wat nie daal sal staan nie is wie Koos werklik was.**

Koos is op Wolmaranstad gebore en het daar groot geword. Dit is hier waar Koos en Jan Buys se Dawid en Jonathan-vriendskap begin het en wat lewenslank geduur het. Hulle het saam skool gegaan, kwaaijongstreke aangevang en selfs saam vir die meisies gekuier.

Jan het my die staaltjie vertel hoe hy en Koos een Saterdagaand per fiets vir twee meisies gaan kuier het. Terwyl hulle sit en gesels, kom een van die kleiner kinders die huis ingehardloop en sê vir die ma dat een van haar vet hoenders buite dood lê. Die ma sê toe dat hulle moet gou die hoender gaan slag sodat sy dit vir ete kon gaarmaak. Nodeloos om te sê, het hulle nooit weer daar geëet nie. En ook nooit weer daar gaan kuier nie.

Koos het na skool eers as kelner op die Spoorweë gewerk en later op aandrang van Jan in die myn op Brakpan begin werk. Dit was gedurende hierdie tyd dat hy en Jan met 20 pond wat hulle opgetel het, hulle eerste Raadshere by Willie Roos op Pietersburg gaan koop het.

Die myn was egter nie vir Koos bedoel nie, en het hy as klerk by die koöperasie op Schweizer Reneke begin werk, waar hy in 1972 as takbestuurder afgetree het. Hierna het hy hom voltyds op sy boerdery toegespits, maar het ook nog op verskillende rade, die gemeenskap, gedien.

Gedurende 1957 het hy sy eerste SA's bygewoon en was daarna by elke kampioenskapskou betrokke, eers as vertoner en na baie jare ook as beoordelaar. As beoordelaar was hy in besit van 34 sertifikate wat hy na streng toetse bekom het. Sy beoordeling was altyd eerlik en opreg en het oor die duif en nie die baas gegaan.

Ongelukkig het hy nie altyd die eer gekry wat hom toegekom het nie. Sy bydrae as lid van die SASV, vertoner en beoordelaar het die SASV net tot eer gestrek. Vir Noord-wes was hy 'n toring van krag en 'n man om na op te sien.

Met die afsterwe van Koos van Zyl het die SASV een van sy grootste seuns verloor en die vereniging soveel armer agtergelaat. 'n Groot man het verby gegaan.

Ek wil hiermee 'n voorstel indien dat 'n Hall of Fame toekenning Postuum aan hom gedoen word. Dit is nie nodig om sy hele loopbaan op skrif te stel nie, net die naam Koos van Zyl behoort genoeg motivering te wees.

Lenie, vir jou en jou gesin bid ons sterkte toe vir die tyd wat voorlê. Dankie vir die voorreg wat ons gegun was om ons erewag by die kerk en die graf op te stel as laaste eerbewys.

Ek groet jou my vriend en sê dankie vir die voorreg om jou te kon ken. Jou liefde vir die duif was vir ons almal 'n inspirasie

Koos Roetz.

**Red. Oom Koos van Zyl het ek ontmoet gedurende die Kampioenskapskou van 1977. Sedert daardie eers' ontmoeting het ek hom leer ken as 'n man wat nooit in argumente betrokke geraak het nie. Hy was 'n baie kalm mens wat met helder verstand sake kon beredeneer. Sy duiwe was altyd goed versorg en van hoë kwaliteit. Koos, jy is reg. Ons het 'n groot man verloor, Noord-Wes verdien 25 punte.**

# Spesialiteitsklubs / Specialist Clubs

**S.A. Botternek Tuimelaarsklub (30-06-2000)**

**President**: Willie van Zyl, Kwintstraat 400, Pretoria Tuine 0082. Tel 012-379-3300.

**Sekretaris**: Jenny Botts, 35 Blouberg Road, Finbury, Randfontein . Tel 082-854-4675

**S.A. Sponsduifklub (30-6-2000)**

**President**: Johan de Bruyn,Posbus 15119, Riverfield 1564. Tel 011-8115545

**Sekretaris**: Hansie Botes, Posbus 181, Bothaville 9660. Tel. 056-5151135 of 083 630 7950

**.A. Sjinese Uilklub (30-06-2000)**

**resident**: Willie van Zyl, Kwintstraat 400, Pretoria Tuine 0082;Tel 012-379-3300

**Sekretaresse**: Mev Hendriena Swanepoel, Conradstr 18, Kimberley 8301. Tel 053-833-5024

**S.A. Mookeeklub (30-6-2000)**

**President:** Danie Badenhorst, Posbus 290, Kestell 9860. Tel. 058652-11722

**Sekretaris**: Ruben Kitching, Cambellweg 28, Valhalla 0185 Tel: 012-6544816

**Tumbler Club of S A (30-06-2000)**

**President**: GG Wrensch, 57 Fairfield Road Parow 7500. Tel 021-927-630

**Secretary:** Stewart Patterson, P.O. Box 69184, Bryanston 2021. Phone 011-704-2490

**S.A. Birmingham Rollervertonersklub (30-6-2000)**

**President**: Christo van den Berg, Ryno Kriellaan 85, Universitas 9322. Tel. 0515228701

**Sekretaris**: Mnr C Botts, Posbus 2205, Kocksvlei 1764. Tel 082 854 4675

**nklub (30-6-2000)**

**President**: Chris van den Berg, Posbus 11589, Universitas 9321. Tel. 0 051-5228701

**Sekretaris**: Me. Petra van den Berg, Posbus 11589, Universitas 9321. Tel. 051-5228701.

**S.A. Bodemtuimelaarsklub (30-06-2000)**

**President**: Hansie Botes, Posbus 181, Bothaville. Tel 056-515 1135 of 083 630 7950

**Sekretaris** : Cora Munniik, Posbus 1775, Virginia 9430. Tel. 057-2126221

**S.A. Fantail Club (30-6-2000)**

**President:** Otto Holm, Posbus 1871, Sasolburg 9570. Tel 016-9767001

**Secretary**: Peet Botha, Posbus 6519, Secunda 2302. Tel 017-6311423

**S.A. Homerklub (30-06-2000)**

**President**: Johan de Bruyn, Posbus 15119, Riverfield 1564. Tel 011-8115545

**Sekretaris**: Lotie Geyer, Orchidstraat 17, Riebeeckstad. Tel.: 057-3883206.

**S.A. Kartelrugklub (30-06-2000)**

**President**: Julian Fincham, P.K. Kameel 8603. Tel. 053982-2022

**Sekretaris**:JN van der Walt, Posbus 125, Migdol. 2775 Tel. 053982- vra 2022

**Die Norwich Kropperklub (30-06-2000)**

**President**: Dr Koot Serfontein, Posbus 2681 Honeydew. Tel. 011-6750108

**Sekretaris:** Me Elsabe van der Walt, Stantonstraat 1, Fichardtpark, Bfn. 9301. Tel . 051-5223074

**Amerikaanse Show Racer Klub (30-6-2000)**

**President:** Basie de Lange, Posbus 960, Posbus 66257, Riebeeckstad 9469. Tel 057-3882990

**Sekretaris:** At Nigrini, Posbus 960, Durbanville, 7550. Tel 021-975-4523

**Jacobynklub (30-06-2000)**

**President:** Okker Botha, Posbus 117, Bothaville9660. Tel 056-5151274

**Sekretaris:** Julian Fincham, P.K. Kameel 8603. Tel 053982, vra 2022

**The SA Blower Club (30-06-2000)**

**President**: Dr Koot Serfontein, Posbus 2681, Honeydew 2040. Tel 011-675-0108

**Sekretaris**: Chris van der Walt, Stantonstraat 1, Fichardtpark, Bloemfontein 9301. Tel: 051-5223074

**SA Nasionale Modena Klub (30-06-2000)**

**President:** Dr Koot Serfontein, Posbus 2681, Honeydwe 2040. Tel 011-6750108

**Sekretaris:** Christo Britz, Colignyweg 8, Parkwes, Bloemfontein 9301. Tel 083 6266003

**English Shortfaced Club (30-06-2000)**

**Chairman:** Peter Neetling, Buitekantstraat 275, Oudtshoorn, 6620. Tel ?

**Secretary:** Arthur Muller, Jonesstraat 96, Oudtshoorn 6620. Tel: 044-272 5396

**Skaarsrasklub (30-06-2000)**

**President**: DC Geldenhuys, Posbus 267, Hamlet 6840. Tel 023-3133421

**Sekretaris**: Elsabe van der Walt, Stantonstraat 1, Fichardpark 9301. Tel 051-5223074.

## GEKLASSIFISEERDE ADVERTENSIES / CLASSIFIED AD SECTION

# Telersregister / Breeders' Register

**Britz. CC.**, Coligny Road 8, Parkwes, Bloemfontein 9300. Tel 083 626 6003. Teler van Modenas in Blou, Brons Driekleur, Russet en Silver Dun Gazzi, asook Blou, Brons Driekleur, Russet en Silver Dun , Rooi Self, Wit en Swart in Schietti. Teel ook Hollandse Hoogvlieërs in rooi en geel. (VS-2000)(V030)

**Botha, At,** 39 Prospero Straat, Bedelia, Welkom 9459. Tel 057-352-7407 of 082 9294037. Teler van hoë gehalte Kings. (2000-N Vs) (W003)

**Botha, Peet**, Posbus 6519, Secunda 2302. Tel 017-6311-423 Teel met Waaiersterte, Lahores, Polish Lynx's en Strassers. (2000-Oos-Tvl) (A064)

**Dombrowsky, PWD.**, Posbus 11293, Queenswood, Pretoria 0121. Tel 012-3333885. Teler van Memelse Hoogvlieërs, Ou Duitse Meeuws, Berlynse Kortgesig Tuimelaars en Weense Hoogvlieërs. (2000-NTvl) (B003)

**Jacobs, P.D.**, Posbus 33, Phillipolis 9970. Tel. 051-7721722Teel met German Beauty Homers en S.A. Skouposduiwe (2000-VS) (V036)

**Jordaan, Simon,** Posbus 2070, Witrivier 1240 Tel: 013-751-2403. Teel met Archangels, Arabiese Lagduiwe en Birmingham Rollers. (2000-O-Tvl)(C005)

**Koekemoer, Plip.,** Bornmanstraat 31, Kroonstad 9500. Tel 056-2152924. Teel met Birmingham Rollers in verskillende kleure. (2000-N-VS)(W014)

**Le Roux, Pierre,** Diazstraat 31, Panorama 7500. Tel 021-939-2572. Teler van Kings, Strassers, Sjinese Uile, Afrikaanse Uile, en Eng. L/G Skoonbeen Tuimelaars. Uit top ingevoerde duiwe. Skou-uitslae vertel alles.(2000-WP)(H003)

**Lombard, Jan**, Posbus 12058, Brandhof, Bloemfontein 9324. Tel 083-274 1014. Teler van Modenas in Indigo, Reduced en Lavender, asook Komorner Tuimelaars. e-pos: janmodena@bhm.dorea.co.za Verwelkom korrespondensie oor kleurgenetika. (VS - 2000)(V001)

**Maree, Charles,** Posbus 147, Thaba Nchu 9780. Tel. 051-8752717. Teler van Voorburg Skild Kroppers, Engelse Kortgesigte en Sjinese Uile in rooi en geel. (2000 - Vrystaat)(V007)

**Orchard, L.,** 57 Marmanet, Posbus 1549, Kempton Park 1620. Tel 011-9769157. Teler van Blondinette en Satinette. (2000 - Tvl) (A039)

**Patterson, S.A.,** P.O. Box 69184, Bryanston 2021. Tel 011-704-2490. Breeder of Longfaced Cleanlegged and muffed Tumblers, English Turbits, African Owls, English Trumpetters and Helmets (2000-Tvl)(A012)

**Pelser, D.J.R.**, Posbus 52, Riebeeck Wes 7306, Tel 022-4612241. Ek teel met Carriers en German Beauty Homers. Skakel gerus voor 14:00. (2000 - Boland)(I028)

**Plakkerskamp Boerdery** (Chris en Elsabe van der Walt), Stantonstraat 1, Fichardtpark, Bloemfontein 9301. Tel 051-5223074. Teler van top Blaasduiwe en Skaarsrasse. Ons teel ook Bodemtuimelaars en Kartelrugge. Besoekers en navrae altyd welkom. (2000-VS)(V031)

**Serfontein, Dr JH.**, Posbus 2681, Honeydew 2040. Tel 011-675-0108. Teel met Modenas, Norwich Kroppers, Pigm Pouters en Brunners. (2000 - Tvl)(A028)

**Smit, NAK**, Patrysstraat 36, Stellenbosch, 7600. Tel 021-8872003. Teler van Carneaux, Giants, Gros Mondains en American Show Homers. (2000-W.P.)(H004)

**Stevens, Rodney**, P.O. Box 34159, Faunasig, Bloemfontein 9325. Tel 051-4210338. (082 376 3126) Breeder of Black Brunners, Berlyn Short faced tumblers, All colours in Racing Pigeons, Magnums, Modenas (USA blood Lines) Gazzi & Schietti Black, Dun, Red, Yellow, Red/Chq Lavender and other colours. (FS - 2000)(V006)

**Taljaard, W.J.** Dirkstraat 1, Uitenhage. Tel 041-9925740. Teel met Birmingham Rollers, Engelse K/G Tuimelaars. Domestic Show Flights en Waaiersterte (2000-O.P.)(K022)


**Van Beek, Gerard**, Posbus 300, Reitz 9810. Tel 058-863-3360. Modenas in Rooi en Geel Self. (Slegs suiwer VSA bloedlyne) (2000-Oos-Vrystaat)(X024)

**Van Niekerk, JL,** Posbus 1116, Dunnottar 1590 Tel 011-734 3137 Teel met Mookees, Modenas (Blou & Brons Driekleur Gazzi), Nonne, Kartelrue (Blou), African Toys en Indian Fantails (Saddle Back). (2000-O-Tvl)(C027)

**Van Schalkwyk, GB.**, Posbus 963, Gobabis. Tel 062-56398 Teel Engelse Kortgesig Tuimelaars, Birmingham Rollers, Sjine Uile, Norwich Kroppers, Kapusyners, Pigmy Pouters, Modenas, Strassers, Nonne en Arabiese Lagduiwe. Soek Voorburgse Skild Kroppers, Engelse Langgesig Kaalbeen Tuimelaars en Kings (2000 - Nam)(S013)

**Weatherall, Dianne**, P.O. Box 34159, Faunasig, Bloemfontein 9325. Tel 051-4210338. (082 376 3126) Breeder of Gros Mondains in Black, Yellow, Red, Dun (Self), Blue, Silver, Mealy, Cream Barred, Blue Cheq., Splash, Blue/Mealy, Grizzle and other colours. (FS - 2000)(V034)

# Die Sierduif
# The Fancy Pigeon




**November/December 2000**

**Official Organ of the South African Fancy Pigeon Association**
**Amptelike Mondstuk van die Suid-Afrikaanse Sierduifvereniging**

*For the Love and Care of Fancy Pigeons* *Vir die Liefde en Versorging van Sierduiwe*

## Skoudatums

**10 Maart**

Sierduifopleidingsdag te Klerksdorp vanaf 09:00 - Skougronde

**28 April:**

Oos-Vrystaat

**5 Mei**

Noord-Vrystaat

**12 Mei:**

Boland

Vrystaat

Oos-Transvaal

**19 Mei**

Noord-Transvaal

Oostelike Provinsie

**26 Mei**

Transvaal

Westelike Provinsie

**2 Junie:**

Wes-Transvaal

SWD

**9 Junie:**

Natal

**Julie**

SA Kampioenskapskou - Kimberley

# *DIE S A SIERDUIFVERENIGING*
# *THE S A FANCY PIGEON ASSOCIATION*

### Ere-Presidente / Honorary Presidents

Mnr WLT Klopper, Posbus 143, Schweizer-Reneke Tel 05396-31547
Ds RG Lee, Posbus 6, Swartruggens 2835. Tel 04262 vra 8
Mr CA Druce, 48 Lange Street, Uitenhage 6230. Tel 041- 9922684
Mr SA Patterson, P.O. Box 69184, Bryanston 2021. Tel 011-7042490

## UITVOERENDE KOMITEE EXECUTIVE COMMITTEE

**President:**
Mnr WJ (Wynand) Wessels, Posbus 346, Bothaville 9660.
Tel: 056-5152769

**Vice/Vise-President:**
Mnr CJ (Corrie) van Reenen, Posbus 89, Harrismith 9880. Tel 058-6231041

**Sekretaris/Secretary:**
Mnr TL (Theuns) Steyn, Posbus 188, Worcester 6850. Tel 023-3424974

**Treasurer/Tesourier:**
Mnr PM (Pierre) le Roux, Diazstraat 31, Kaapzicht 7500. Tel 021-939-2572

**Ringmeester/Ring Master:**
Me Petra van den Berg, Posbus 11 589, Universitas 9321
Tel 051-5226141

**Redakteur/Editor:**
JJ (Kobus) Snyman, Posbus 10555, Drusana 9311 Tel 051-4331845

**Beoordelaarsbeampte/Judges' Officer:**
Mnr L (Lou) Brits, Carolweg 104, Silverfields 1739. Tel: 011-9553389

## Streekverteenwoordigers Regional Representatives

**Transvaal:** Dr JH Serfontein. Posbus 2681, Honeydew 2040. Tel: 011-675-0108
**Free State:** Mnr CG van den Berg, Posbus 11 589, Universitas 9321. Tel 051-5228701
**Western Province:** Mnr NAK Smit, Patrysstraat 36, Stellenbosch 7600. Tel 021-887 2003
**Noord-Vrystaat:** Mnr Chris de Beer, Posbus 368,Hennenman 9445. Tel057-5732242
**E-Transvaal:** Mnr JF Labuschagne, Posbus 14001, Nelspruit 1200. Tel. 013-7411921
**Griekwaland-Wes:** Mnr. CJS Möller, Rhodeslaan 6A, Kimberley 8301. Tel 0531-861-2146
**Eastern Province :** Me. Netta Prince, P.O. Box 455, Port Elizabeth 6000. Tel
**Oos-Vrystaat:** Mnr AJ Loubser, Efratsingel 11, Bethlehem 9700. Tel 058-3033780
**S.W. Districts:** Mnr PPJ Neetling, Randstraat 91, Oudtshoorn. Tel: 0443-227870
**Noordwes:** Mnr Dries van der Walt Posbus 125, Migdol. Tel 053-965-0627 (na-ure)
**N-Transvaal:** Mnr CR de Bruin, Privaatsak X 1, Lynn East 0039. Tel. 012-808 0463
**Boland:** Mnr D. Pelser, Huis Maree, Riebeeck-Wes 7306. Tel. 022-461 2241
**Natal:**
**Namibië** Mnr GM Coetzee, Posbus 3099, Windhoek. Tel 061-235410

Die Sierduif
The Fancy Pigeon

Nov/Dec 2000

# Redaksioneel / Editorial

Dit was 'n tydjie gelede Nuwejaar. Nou sit u met die November/Desember-uitgawe in u hande. Hoe vlieg tyd nie om nie. So word 'n mens ouer by die dag ... dws jou tyd kom nader, elke minuut, elke dag, elke maand en elke jaar.

Ons word van kindsbeen af geleer om vredeliewend, verdraagsaam en medewerkend teenoor ons medemens te wees. Ons moet mekaar verdra terwille van so baie dinge wat in die lewe saak maak. Dat ons 'n stokperdjie beoefen en mekaar dus net om daardie gemeenskaplike doel ken, is reeds baie genade van Bo. In ons verhoudinge met en tot mekaar moet ons altyd hierdie voorreg in gedagte hou. Terwyl Kersfees op hande is en almal graag vrede in die hart wil hê, sal dit so goed wees as elkeen vir andere ook 'n plekkie aan onder die son bied. Of onder sy koelteboom, soos oom Reyn so lief is om te sê.

Verlede maand het ons tyding ontvang van **Nico du Preez** se skielike heengaan. Sy "weggaan" laat 'n ontsettende leemte wat vir baie jare gemis sal word. Nico was 'n toonbeeld van rustigheid en kalmte; iemand wat altyd vriendelik was teenoor almal en vir almal raad gehad het.

**Sigrid Mouldenhauer**, Heinrich se eggenote, is ernstig siek. Ek het verneem dat die kanker weer van voor af versprei het. Ons kan maar net op ons knieë gaan en haar alle sterkte en beterskap toebid.

Ook dink ons hierdie maand weer eens aan **Hennie Coetzee**, en nie Ceetzee, soos wat verlede keer geskrywe is nie. Ou Hennie, beterskap en sterkte.

Ook aan **Basie de Lange** wat mooi op die herstel pad is, algehele herstel word jou toe gebid. Aan al die ander lede en hul gesinne wat siekte ondervind, sterkte en hou die oë gerig op ons Hemelse Vader vir krag en genade.

**Ons is op Internet**. Die U.K. het hierdie rein gedagte goedgekeur op die laaste U.K.-vergadering in die Paarl.

Die adres is **http://www.mjvn.co.za/safpa** Omdat ons so wyd as moontlik wil adverteer en daar sekerlik baie oorsese duiwemanne oor ons wil lees, is die wedtuiste oorwegend in engels geskryf. Daar is nog nie veel om te lees nie want ons blad is nog onder konstruksie en is van die U.K. lede besig met inligting wat moet opkom. Ons hoop om voor 2001 so volledig as moontlik op Internet te wees. Intussen kan die lede wat reeds Internet het, hul bydraes vir die maandblad E-mail na **kobussnyman@mjvn.co.za**

Aan elkeen van u alle voorspoed in die teelhokke. En mag die komende Kersfees vir elkeen van u net die grootste geluk en vreugde bring. Mag 2001 elkeen van ons in staat stel om vrede uit te straal en self vrede te ervaar binne ons stokperdjie. Bowe-al, mag ons Hemelse Vader ons voorspoedig maak in ons handel en wandel, elkeen van ons.

Groetnis en sterkte, Kobus.

Verkrygbaar vanaf
Obtainable from
Mnr JJ Snyman
Posbus / P.O. Box 10555,
Drusana
Bloemfontein 9311
Tel & Fax 051-4331845
Woning / Home
DF Malherbe Laan 11
Estoire
Bloemfontein

Die Sierduif word geset deur die Redakteur en gedruk en gebind deur Andrew & Co (051) 4304126

Bydraes vir publikasie moet voor die 1ste van die maand vir die daaropvolgende maand aan bovermelde adres versend word. / Send your contributions to the above mentioned address before the 1st of the month for publication the next month.

Lede - Gratis
Nie-Lede - R80 pj
Members - Free
Non Members - R80 pa.

**Ondersteun die Maandblad met Bydraes**
**Support the Magazine with Contributions**



# BANK-OVS EN ANDER SKILDE
# BANK-OFS AND other SHIELDS

## REëLS

1. Die tydperk van die Kompetisies strek van een Kampioenskapskou tot die volgende een.
2. 'n Leersame artikel met 'n studie of proefondervindelike agtergrond wat ongeveer 500 woorde beslaan, sal 75-100 punte verdien, afhangende van die oorspronklikheid.
3. 'n Brief van 'n lid sal 20 punte ontvang.
4. Streeknuus sal 25 punte verdien.
5. 'n Verslag oor 'n Duiwedag sal 15 punte verdien.
6. Vir die betrokke duiwebyeenkoms sal 'n verdere 50 punte toegeken word.
7. Enige Streek-, Landbou-, Jongduif- Wyk-, Spesialiteitsklubskou, asook Kampioenskapskou sal 30 punte per 100 duiwe vertoon, ontvang.
8. 'n Besondere plan of gebeurtenis (goeie idee) tel tot 50 punte. (Bepaal deur die dagbestuur)
9. Indien die streek se ledetal teenoor die vorige jaar toeneem, sal 10 punte aan die streek toegeken word vir elke addisionele lid.

**10. Vir elke R100 advertensiegeld wat 'n streek vir Die Sierduif insamel, sal daardie streek 60 punte ontvang ten opsigte van die Bertie Wessels trofee**

**NB Vir elke R800 aan advertensies wat 'n streek vir Die Sierduif insamel kan die streek een lid nomineer vir gratis lidmaatskap t.o.v. die volgende jaar.**

## RULES

1. The duration of the competitions will be from one Championship show to the following one.
2. An informative article with a studious or experimental background and of approximately 500 words length, will earn 75 - 100 points, depending on the originality.
3. A letter from a member will receive 20 points.
4. Regional news will be awarded 25 points.
5. A report about a match meeting will earn 15 points.
6. The actual match meeting will also be awarded 50 points.
7. A Region, Young bird, Agricultural, District or Speci[al] Club show as well as the Championship show will be awarded 30 points per 100 birds, exhibited.
8. A special plan or happening (good idea) will earn up to 50 points. (Specified by the executive)
9. A region which increases its membership will receive 10 points for every additional member.

**10. For every R100 re adverts for The Fancy Pigeon a Region will received 60 points towards the BertieWessels Trophy donated by Northern Free State**

**NB For every R800 advertisements for the Magazine a region collects, the region can nominate a member free of subscription fees for the next year.**

| BANKOVS | | MANIE FOURIE | |
|---|---|---|---|
| Noord-Vrystaat | 0 | Transvaal | 0 |
| Westelike Provinsie | 0 | Boland | 0 |
| Vrystaat | 0 | Oostelike Provinsie | 0 |
| Oos-Vrystaat | 0 | SWD | 0 |
| Noordwes | 0 | Namibia | 0 |
| Noord-Transvaal | 0 | Griekwas | 0 |
| Oos-Transvaal | 0 | Natal | 0 |

**BERTIE WESSELS** **WILLIE DE BRUYN**

**Noord-Transvaal R50 (Wolgang)**
**Punte nog nie bereken nie**

**Belangrik / Important**

1. Bestel vandag nog 'n eksemplaar van die Gedenkuitgawe - Junie 1992 (88 bladsye - A4 - 50 jaar se geskiedenis van die SASV) teen R15 vanaf die Ringmeester, posgeld ingesluit.
2. From Petra vd Berg, our Ring Master: Ties, regional and regional honour scrolls.
3. From Theuns Steyn, National badges and National Honour scrolls.
4. Bestel vanaf Lou Brits die volgende:

| | |
|---|---|
| Boek van Standaarde ............... | R100 |
| 'n lys van Beoordelaars ........... | R 16 |
| Metaal ledebalkies .................. | R 40 |
| Prov. & Nas. Balkies ................ | R 40 |
| Metaal balkies vir Geregistreerde Beoordelaars ........................... | R 30 |

Bostaande pryse sluit posgeld in. Geen los standaarde meer te koop nie agv die wyse waarop die standaardboek gebind is. Engelse uitgawe nog nie beskikbaar nie - hou hierdie spasie dop vir die beskikbaarheid van die uitgawe

# KLEURKLAS BESKRYWINGS

## deur Jan Lombard

Die beskrywing van kleurklasse in die standaarde en veral in die skouskedule kan verkillend geinterpreteer word en gevolglik probleme skep. 'n Aspek wat ons nie uit die oog moet verloor nie, is dat kleur nie ewe belangrik is by alle rasse nie. Die skouskedule deel sommige rasse bloot in 'n paar onderafdelings (kleurklasse) in om beoordeling te vergemaklik - sodat daar nie te veel inskrywings per klas is nie.

Daar is egter rasse waarvoor die standaard spesifiek punte toeken aan kleur en wat duidelik skryfde standaarde vir die kleure het. Die Modena ras is 'n goeie voorbeeld. In sulke gevalle is dit nodig dat ons seker moet maak dat die skouskedule nie geleenthede skep waar duiwe met swak kleur in sekere klasse vertoon word en dan die ras wen, bloot omdat daar nie 'n standaard of standaarde vir daardie klas is nie. Die Enige Ander Kleur (nie-geklassifiseer) in die skouskedule van Modenas is weereens 'n goeie voorbeeld. Terloops, die kleurklas verskyn as Enige Ander Standaardkleur in die Modena standaard. Die argument dat die beoordelaar kleur moet ignoreer in die EAK of EASK klas, of dat hy 'n indrukspunt moet toeken, is onregverdig teenoor daardie kleurklasse wat wel standaarde en waar kleurfoute kan voorkom. Dit kan ook die neiging laat ontstaan dat kwaliteit kleur oorboord gegooi word in die erkende kleurklasse en dat vertoners slegs vir tipe selekteer.

Onthou, ek praat hier net van rasse waar kleur heelwat punte tel. So 'n vertoner kan met reg redeneer dat die beoordelaar sy duif se kleurfoute oor die hoof moet sien, bloot omdat die beoordelaar nie 'n mening kan uitspreek oor die kleur van 'n kompeterende nie-geklassifiseerde kleur duif nie.

My definisie vir die verskillende terme wat ons tans gebruik, en my voorstelle, is as volg:

Standaard Kleur: Enige kleur of kleure wat in die erkende standaard van die spesifieke ras verskyn en 'n geskrewe kleurbeskrywing het, asook sy/hulle eie kleurklas in die skouskedule het (Mismerk en EAK klasse in die skedule uitgesluit). Dit sluit erkende selfkleure (een soliede kleur) en erkende patroonkleure (twee of meer kleure of twee of meer skakerings van 'n kleur) in.

Enige ander Standaard kleur: Dit is 'n reeds bestaande beskryfde kleur in die spesifieke ras, maar nie noodwendig in die erkende (SA) standaard nie. Sulke kleure word gewoonlik saam gegroepeer in die skouskedule a.g.v. gebrek aan populariteit of skaarsheid - elkeen regverdig nie 'n eie klas nie. 'n Spesifieke kleur kan in een ras 'n standaard kleur wees, terwyl dit 'n EASK of NGK (NCC - sien verder aan) in ander rasse is. Ons kan nie hier na alle rasse verwys nie. Baie kleure het dieselfde naam in verskillende rasse, maar lyk nie eenders nie en verskil geneties. 'n Dun Modena is 'n verdunde swart, maar 'n Dun Mookee is 'n intense bruin. In sekere kleurbeskrywings van Dun is wit vlerkpenne en ander merke aanvaarbaar - in ander nie. 'n Goeie voorbeeld van 'n EASK in Modenas is 'n Andalusian Gazzi. Daar is nie so 'n kleur in die skouskedule nie, maar almal weet hoe lyk 'n goeie Andalusian (daar is 'n beskrywing vir Andalusian Schietti) en almal weet hoe moet 'n Gazzi gemerk wees. Enige beoordelaar kan dus 'n oordeel fel oor die kleurgehalte van 'n Andalusian Gazzi. Dit is my mening dat 'n EASK wel sy ras kan wen, aangesien die beoordelaar die kleur effektief kan bepunt, omdat die kleur beskryf is in die standaard.

'n EASK is nie 'n swak standaardkleur nie. Dit is ook nie mismerk of bont nie, behalwe as die spesifieke rasstandaard so 'n kleur erken bv. Splash in Modenas, wat 'n standaardkleur in Schietti is en 'n EASK in Gazzi. Die teler moet die kleur kan beskryf - ook hoe dit geteel word en oorerf.

Nie-geklassifiseerde kleur: Dit is 'n kleur wat glad nie 'n geskrewe standaard het nie. Mismerkte duiwe kan hier ingeskryf word, asook nuwe kleure (kombinasies van kleur- en patroongene wat nog nie voorheen beskryf is nie). In die Modena is daar letterlik honderde kleure moontlik. As ons die onus op die beoordelaar plaas om te besluit of dit 'n NCC of 'n swak kleur is, kan dit probleme skep. Ek teel byvoorbeeld "reduced" Andalusians. Die effek van hierdie geen op verskillende standaard kleure is nog nie beskryf nie. Ek kan nie verwag dat 'n beoordelaar moet weet hoe behoort 'n goeie voorbeeld te lyk nie. Ek kan nie eers verwag dat alle beoordelaars

# Pigeon K&K Mixtures


# Advance Grain (Pty) Ltd

**(Previously trading as Kahn & Kahn)**

**8 Jacob Street, Chamdor Krugersdorp**
**Telephone 011-762-5261**
**P.O. Box 414, Krugersdorp 1740.**
**Fax 011-762-4111**

**K & K Breeding Mixture (Reg. No V8601) ...... R82.00 per 50 kg**
**K & K Racing Mixture (Reg. No V8603) ......... R82.00 per 50 kg**
**K & K High Protein Mixture (Reg. No. V8598) ........ R82.00 per 50 kg**
**K & K Tumbler Mixture (Reg. No. V8599) ...... R71.00 per 50 kg**

**We are also stockists of all types of grain for self-mixing**
**(All prices are ex our stores and excl. VAT)**



**N.B.**

**We stock all types of grain e.g. Beans, Popcorn, Peanuts, Rice, Wheat, Barley, Bird Seeds, etc., etc.**

**Also Pigeon Medicines**

**Cape Twon Branch**
**Brackenfell**
**Tel: 021-982-0252**
**Fax: 021-981-6118**

Stewart Patterson - Transvaal

sal weet wat die kleur is nie. So 'n kleur is 'n nie-geklassifiseerde kleur tot tyd en wyl dit 'n kleurbeskrywing kry. Ons beoordelaars het nie almal dieselfde kennis en ervaring in genetika nie. Ek moet sê, die gebrek aan kleurkennis by sommige beoordelaars is vir my as kleurliefhebber skrikwekkend, maar almal is nie so gepla met kleur soos wat ek is nie, en ek verwag ook nie dat hulle moet wees nie. Kom ons skep 'n NGK (NCC) klas vir al die swak kleure, mismerkte en nie-standaard kleure, maar die wenner van hierdie klas kom nie in aanmerking vir raswenners nie, omdat jy nie die kleur kan bepunt nie. Indrukspunte is gevaarlik.

Die idee is dat telers aangemoedig word om standaarde vir hulle NCC kleure te skryf in samewerking met 'n paar genetika kenners, en dit deur hulle spesklubs te laat goedkeur. Sodoende bevorder so 'n teler sy NCC na 'n EASK. Sodra dit gewild genoeg word, kan dit 'n standaard kleur word met 'n eie kleurklas in die skedule. Dit kan nogal inpas by die herdruk van die skouskedule elke drie jaar. 'n Teler kry dan periodes van drie jaar om sy kleur na 'n hoër vlak te bevorder. Dit sal nie die telers van skaars en nuwe kleure ontmoedig nie. Dit sal wel keer dat ouens probeer om met tipe alleen die ras te wen, in rasse waar kleur baie punte tel.

Dalk kan ons 'n genetika komitee stig, of selfs 'n spesklub vir kleurteling. Ek is d.m.v. die Internet goed bevriend met Frank Mosca en Paul Gibson. Hierdie twee is tans die toonaangewende duiwegenetici in die wereld. Ons kan hulle opinies maklik inwin.

Hierdie is maar net my opinie en voorstelle, wat nie noodwendig reg is nie. Ek is seker dat daar ander duiweboere is wat ook soms wonder hoekom "Any Other Colour" soms as "Any Odd Colour" of "Any Old Colour" op ons skoue vertoon en beoordeel word.

Groete.

**Red: Vrystaat verdien 100 punte.**

# Newcastle Desease -

## Important changes to the Law.

**Introduction.**

The animal disease situation in South Africa is constantly changing. Laws and regulations have therefore to be updated regularly. To keep up with current developments, the Animal Diseases Act (35 of 1984) was recently amended through the passing, on 7 April 2000, of Regulation 362 of 2000. This article will highlight some of the most important of those amendments and what must be done to implement them.

**African Swine Fever.**

Not applicable to pigeons.

## Newcastle Disease.

Newcastle disease causes high mortality in poultry and ostrich flocks that are infected with the virus. Outbreaks of this disease affect the health status of an entire province and can effectively stop the export of any birds from that province for several months. To prevent such outbreaks, the new regulations demand that all fowl, domesticated ostriches and racing pigeons in South Africa be immunized regularly, by a responsible person using and approved vaccine. Should any infected birds be discovered, they have to be isolated and destroyed in order to protect other birds in the vacinity.

**Rabies.**

Not applicable to pigeons.

**Ed. Newcastle disease in fancy pigeons is a threat and all breeders are asked to vaccinate their pigeons during January of every year**

**Kersgroete vanaf lede van die Uitvoerende Komitee**

**Mag elke lid en sy gesin 'n geseënde Kersfees en voorspoedige Nuwe Jaar ervaar**

# Beoordelaarsbespreking op 5 Julie 2000 te Paarl deur Willie van Zyl

**Ek gee in kort die hooftrekke van die eerste amptelike besprekingsessie binne die SASV waarheen alle beoordelaars uitgenooi was.**

**Die doel van die bespreking is dat daar van mekaar geleer kan word en beoordeling daardeur bevorder word.**

## Pierre le Roux het gepraat oor die Senior Beoordelaar.

1. Hierdie persone moet op hoogte wees van alle rasse se standaarde. Hulle moet ook in pas wees met die ontwikkeling van rasse. Hierin het die spesialiteitsklubs 'n groot verantwoordelikheid.

Dit is die klubs se plig om wanneer 'n verandering aan die standaard aangebring is, dit algemeen bekend te maak en nie net by klublede te hou nie.

2. Om op hoogte te kom van ander rasse is dit goed om van tyd tot tyd daarvan aan te hou tesame met jou hoof ras.

2. Wees konsekwent in jou beoordeling.

4. Gee elke duif 'n regverdige kans.

5. Gee vooraf vir die Senior Beoordelaar 'n lys van al die rasse teenwoordig op die skoue.

6. Na die beoordeling kan 'n kort kommentaar gelewer word oor die duiwe.

7. Die vertoner self moet op die hoogte wees van sy/haar rasse. Hy/sy moet opleidingsdae, duiwedae. spesialiteitsklub byeenkomste bywoon.

## Dr Koot Serfontein se onderwerp was Kleur en Kleur patrone.

1. Die kleurbeskrywing van die verskillende rasse verskil. Daarom is dit vir die beoordelaar en vertoner belangrik om 'n deeglike kennis van die kleurbeskrywings van die betrokke ras te hê. Duiwe ingeskryf in verkeerde kleurklasse kan net daardeur benadeel word.

2. Skaars kleure: Wanneer so 'n duif geskou word en jy as vertoner of as beoordelaar is nie seker waar die duif hoort nie, moet jy nie skaam wees om te vra nie. Stel vas waar die duif hoort.

3. Enige ander Kleur: Hierdie kleurklas is daar vir duiwe met 'n spesiale kleure (item 2) en nie vir kleur afwykings nie. Hiermee saam die mismerk klasse. Vertoners moet seker maak waar die duiwe tuishoort.

4. 'n Versoek word gerig dat daar in die algemeen na die kleurbeskrywings gekyk word.

## Wynand Wessels het die Hoofbeoordeling of Interras beoordeling hanteer.

1. Beoordelaars moet verseker dat hulle vertroud is met die ras wat beoordeel word. Dit gebeur dat 'n duif met 'n opsigtelike fout of foute as wenner aangewys word vir 'n ras en dan moet daardie duif met ander rasse kompeteer.

Die duif naaste aan die standaard se vereistes, maar wat ook die beste voorberei en afgerond is, sal die wenduif wees. Die vertoner het dus 'n groot rol te speel.

2. Streekbesture moet voldoende fasiliteite, hokke/loopruimpte, ens. vir die beoordelaar verskaf. Nie net by interras beoordeling nie, maar te alle tye.

3. Vertoners moet nie met die beoordelaar inmeng terwyl hy besig is nie en duiwe moet nie rondgeskuif word nie. Weerhou u van op en aanmerkings.

4. Vertoners het 'n plig om hulle kennis van die duif op te skerp. Selfs die hantering van duiwe is belangrik.

## Nuwe Rasse

Aan die einde van die sessie is 'n aantal nuwe rasse bekendgestel en aan die hand van hul standaarde bespreek.

Dit het die persone teenwoordig die geleentheid gegee om eerstehands met die rasse kennis te maak.

'n Belangrike aspek wat hier genoem is, is dat 'n standaard so na moontlik aan die land van herkoms van die ras gehou moet word.

Volgende jaar (DV) strek die SA's ook oor vier dae en sal die besprekingsessie weer gehou word. Ek wil 'n beroep op alle lede doen om indien moontlik die sessie by te woon, al is u nie 'n beoordelaar nie.

Willie van Zyl

Sekretaris: SBK

**Red. Dankie Willie vir die inligting wat tog almal van ons raak. Sien ook 'n volledige weergawe van Wynand se bespreking. Noord-Transvaal verdien 20 punte.**

# Interras Beoordeling

deur Wynand Wessels

## Kersgroete en voorspoedige Nuwejaar

Voordat ek by die eintlike doel van hierdie skrywe kom, wil ek eerstens namens myself, Martie en Bertie aan elke lid van die Sierduifvereniging 'n baie geseënde Kersfees toewens. Mag u die dag as 'n wonderlike ervaring geniet. Wat 2001 betref, aan elkeen die beste voorspoed wat daar kan wees. Mag ons elke dag ons duiwe geniet en ons Skepper daagliks dank vir die wonderlike stokperdjie en die voorreg om dit te kan geniet.

So vertrou ek ook dat daar in die SASV harmonie en hartlike samewerking sal wees - laat ons mekaar se samesyn tydens duiweskoue en -dae geniet en mekaar ondersteun waar dit ook al nodig mag wees.



**Wynand Wessels van Bothaville in die Vrystaat en President van die SASV**

## Interrasbeoordeling

**Die algemene spreektaal is die "finale beoordeling" of "top sewe". Beide benamings het bykans al in 'n stigma ontwikkel. Die hoofrede is dat dit eintlik 'n verkeerde woordkeuse is wat niksseggend en verkeerdelik gebruik word.**

Ek wil dit graag sien vir wat dit eintlik is, naamlik **Interras beoordeling.**

Interras beoordeling kan nie in isolasie gesien, bespreek of aangespreek word nie. Derhalwe moet ons eers na ander faktore kyk wat bydra tot die uitslag of keuse wat deur die Interras beoordelaar gemaak word.

Die afgelope 2000 skouseisoen het weer eens 'n paar punte met betrekking tot beoordeling na vore gebring, naamlik:

1. Ras beoordelaars wat deur streke aangewys word, wat beslis nie meer in voeling is met die huidige vereiste, in soverre dit die ras aangaan nie.
2. Beoordelaars wat nie kyk na hul seksiewenners se opsigtelike foute, met die oog op 'n plek in die interras toekennings nie.
3. Swak voorbereide duiwe waar daar reeds deur streke in rasverband geskou was. Hierdie tendens kom veral voor by die skaars rasse waar 'n vertoner meestal teen homself skou, maar dit kom ook in die meer algemene rasse voor.

Om net 'n bietjie uit te brei op die drie aspekte, die volgende:

### 1.1. Beoordelaars uit voeling.

Hier het ons 'n driehoekige probleem. As ek nou Spesklubs

se name noem, moet dit nie gesien word as afbrekende kritiek nie, maar as feite wat moet aandag kry.

1.2. Onder andere het die Modenaklub, Tumblerklub en Swaarrasklub, wat soms gesien word as die mondstuk van die "Major Breeds", soos Dr Serfontein hulle noem, op die beoordelaarsboek 'n lys name, maar wanneer jy met telers praat, ag hulle net vier of vyf name goed genoeg, of dan bygevoeg om die hedendaagse weergawe van die ras te beoordeel.

## So waar lê die fout?

Volgens my tweeledig:

1.2.1 'n Persoon verwerf 'n sertifikaat en dan dink hy/sy dit is voldoende. Nou gaan sit hy agteroor en bly nie in pas met veranderinge nie - veral waar hy nie met die ras teel nie.

1.2.2. Klubs bied nie landswyd opknappingskursusse aan nie. Indien wel, nooi hulle nie die beoordelaars wat reeds geboekstaaf is nie.

## 2.1. Seksie Beoordelaars.

Die sogenaamde "onfikse beoordelaar" of agtergeblewene wat nie bygehou het met die vordering van die ras nie. Sy naam verskyn met reg in die handleiding aan streke. Derhalwe nooi streke hom.

2.1.1. Hier sal streke moet wakker word en met klubs skakel voordat hulle onfikse beoordelaars vra, wat soms net hartseer veroorsaak.

2.1.2. Dan is daar ook die fikse beoordelaars wat nie kyk na detail vir die interras kompetisie wat later deur die dag gaan volg nie. Dit is fataal vir die duif.

Waarom wen 'n duif sy ras of seksie met opsigtelike foute soos vere aan die pote, wit vere in gekleurde vere en andersom?

Dit het tyd geword dat daar gekyk word na die 10% wat die vertoner insit in sy duif. Die duif alleen kan nie wen omdat hy volgens die beoordelaar konstruktueel reg is, wat die rasstandaard vra nie. Want ... dan mag 'n goeie duif met 'n seer voet of traanoog, ook die ras of seksie wen.

2.1.3. Die vertoner wat hom skuldig maak daaraan om onvoorbereide duiwe te skou ... moet sy straf vat soos 'n man. Hy kan nie 'n ras of seksie-wenner verwag nie, al is die duif hoe konstruktueel korrek, maar het byvoorbeeld mis besmeerde voetvere.

## Die finaal.

## Hantering:

Hantering van alle duiwe was nog altyd belangrik. Dit sal egter in die nuwe stelsel fataal wees as dit nie behoorlik gedoen word nie. Die hoofdoel van hantering is om te bepaal of die duif in skoukondisie is, veral vir die interras toekennings, wat die prestige toekenning van enige skou is.

Deur hantering word die volgende bepaal:

1. Of die duif behoorlik versorg is, naamlik die volheid van vlees, asook konstruksie.
2. Die veergehalte moet soepel, blink en son[illegible] gate, parasiete [illegible] skoon wees. Dit geld ook vir veerpoot duiwe se voetvere.
3. Lang, onafgewerkte of misvormde bekke, toonnaels, skurwe, aangepakte tone en voetsole.
4. Nat oë, opgeswelde oogringe, vuil en misvormde neusvratte.
5. Onafgeronde kappies, kuiwe, rosette, vere in neusvrat of tussen dele daarvan, vere op die pote en tone.
6. Oorgekunstelde (over trim) kappies, kuiwe of borslappe, soos by Nonne, Modenas en Kroppers wat met 'n skêr gesny is soda[illegible] mens die happe in die vere duidelik kan sien.

## Beoordeling

Wanneer u by die fisiese beoordeling kom, sal u beslis nie meer die sestig of sewentig rasse of 34 seksies oor hê waarmee u begin het nie. Glo my! U sal sonder moeite reeds 'n korter lys bepaal het.

Neem nou die oorblywende duiwe een vir een. Beoordeel

hulle teenoor hul standaard op tipe soos die standaard vereis die duif moet wees. Ek praat hier dikwels van die buitelyn tekening.

1. Die duif moet homself kan aanbied soos sy standaard vereis. Indien nie, sal jy nie sy buitelyn tekening kan waarneem nie. Daar is talle voorbeelde van verkeerde houding. 'n Mens kan baie gou sien of die rasbeoordelaar, die duif op een aspek laat wen het, of as 'n geheelbeeld.

## Soek die geheelbeeld!

2. Gee krediet aan kleur, want dit rond die duif af. Waak teen duiwe wat in die sogenaamde **enige ander kleur** klas geskou is en voor u staan.(Ek praat nie van enige ander **standaard** kleur wat nie in die skouskedule voorkom nie). Die rede is die duif is daar sonder dat sy kleur punte kon kry of verloor het ... dus verloor hy nou. Daarmee wil ek nie sê 'n gespikkelde (spalsh) duif mag nie die skou wen nie. Die meeste gespikkelde duiwe het 'n kleurbeskrywing en daarom is dit 'n erkende standaard kleur. Ons praat van bont of onvoorbereide (untrimmed) duiwe, wat nou in die **enige kleur klas** geskou word. Selfs swak **standaard kleure** loop 'n mens daar raak soos dowwe swart duiwe of brons driekleur duiwe met dik swart omlynings ipv potloodstrepies op die rant van die vere.

3. Gee krediet aan ras-eienskappe wat moeilik is om te vervolmaak soos kappies, kuiwe, rosette, voetvere, kleur en merke.

## Tyd vir die finale beoordeling

Ons sal in die toekoms sewentig of tagtig of sestig rasse in die finale beoordeling voor die hoofbeoordelaar laat staan. Eintlik 2 maal die getal - die ou duif en die jong duif. **Die dae dat die hoofbeoordelaar versoek word om ook rasse te beoordeel is dus verby** want hy sal reeds, soos wat dit al deur Hoofbeoordelaars vanjaar gedoen is, van die oggend deur die saal moet dwaal en elke raswenner, soos wat hulle vorentoe gaan, reeds op die vroeë stadium moet begin opweeg volgens bogenoemde riglyne. Wanneer die tyd vir finale beoordeling aanbreek, het hy dus reeds sy werk gedoen en kan hy slegs die laaste "fine tuning" doen om sy keuses en plasings te doen.

Streke moet op hierdie feit let want anders laat ons die hoofbeoordelaar die slagoffer word van tyd. Geen mens kan eers die middag om 13:00 met die hoofbeoordeling begin en dit nog met 120+ duiwe voor hom nie.

Die rasstelsel wat ons voortaan gaan navolg, bring dus bepaalde verpligtinge vir streke na vore en dit is om die hoofbeoordelaar voldoende tyd te gun om sy werk deeglik en volledig te kan uitvoer.

Tweedens moet streekbesture sorgdra dat daar voldoende ruimte is om hierdie duiwe te kan beoordeel.

## Slot:

Indien al die bogenoemde riglyne gevolg word, kan daar nie veel verkeerd gaan nie. U sal dus te vrede kan voel en ook te vrede vertoners hê.

**Red. Noord-Vrystaat verdien 100 punte.**

---

# *Die Oog van die duif*

deur Chris Blaauw

## Inleiding

Dr Robey Joyce stel so 'n opskrif "Die Wonder van die Oog". Hiervolgens plaas ek dan ook die klem op "Wonder" want die oog van die duif is eenvoudig 'n wonderwerk op sigself en self met die nuutste tegnologie kon wetenskaplikes nog nie bepaal wat presies in die samestelling van die wedvlugduif se oog hom laat presteer nie; hulle wonder dus ook nog en die proses van "wonder" sal nog lank voortduur.

Onder duiweboere verbaas dit my steeds dat baie steeds standaarde stel en lang artikels skrywe oor die eienskappe en werking van die oog sonder enige basiese anatomiese kennis. Oor die jare heen het ek ook wedvlugduiwe se oë met 'n vergrootglas (10 x sterkte) ondersoek. Ek was dan ook redelik suksesvol in die sport, maar ek is en bly 'n leek. Daarom het ek dit goedgedink om tog 'n artikel in ons blad te laat plaas oor die oog van die duif, maar voordat ons enigiets sê oor die sierduif se oog, haal ek eers aan uit Dr Robey Joyce se boek "**Ontspan met Wedvlugduiwe**" -




"Ek wil die werking van die oog kortliks beskryf en dit met 'n vereenvoudigde skets illustreer.

### *1. Bou van die oogbal*

Die oogbal bestaan uit verskillende lae:

#### *a) Horingvlies of kornea.*


Slegs dié gedeelte wat oor die iris lê, heet die kornea, maar anatomies is die kornea en sklera een en dieselfde laag. In die mens se oog kan ons dus sê dat die wit gedeelte van die oog die sklera en die kleurgedeelte die kornea heet. Die horingvlies is meer bolvormig as die res van die oogbal, dit bevat geen bloedvate nie en is deursigtig. Dit laat ligstrale die oog binnedring en help verder om hierdie ligstrale op die netvlies te fokus..

#### *b) Die choroïed of vaatjies*

is ook een deurlopende laag wat drie verskillende name bloot weens die anatomiese posisie dra. So ontstaan die choroïed aan die agterkant van die oogbal, is eers die siliaarliggaam of straalvormige liggaam en word dan die iris of reënboogvlies, 'n voortsetting van dieselfde choroïedlaag. (Die iris word later breedvoeriger bespreek, sodat die beskrywing van die verkenningsirkel beter begrypbaar sal wees.) Vanaf die siliaarliggaam ontspring die siliaarspier, asook die draagbandspiere wat aan die lens vasgeheg is. Die siliaarspier is 'n sirkelvormige spierband aan die binnekant op die grens tussen die oogrok (sklera) en die horingvlies van die oog. Die siliaarspier is verantwoordelik vir die afskeiding van vog asook vir die akkommodasie van die oog. Die choroïed, 'n donkerkleurige vlies wat ondeurskynend is vanweë die pigmentkorrels wat dit bevat, is die middelste vlies in die wand van die oogbal. Dit bevat verder 'n netwerk bloedvate en heet gevolglik die vaatvlies. Die bloedvate voed die oogbal maar hoofsaaklik die netvlies of retina.

#### *c) Die netvlies en die geelvlek.*

Die netvlies is die derde en binneste laag van die wand van die oogbal. In die menslike oog bestaan die netvlies uit 10 lae selle. Die volgende laag bevat gewysigde dekselle, nl keëltjies en stafies (reseptore) wat eintlik verantwoordelik is vir die opneem van ligprikkels en die




Die oog van die wedvlugduif.

omskepping daarvan in senuwee-impulse. Die Keëltjies is langwerpig en die stafies kort en dik. Daar word beweer dat die keëltjies gevoelig is vir ligprikkels gedurende die dag en die stafies vir ligprikkels gedurende die nag.

Op die netvlies is daar 'n sekere punt reg teenoor die as van die lens wat slegs uit die negende en tiende laag selle bestaan. Hierdie punt heet die geelvlek. As die lig op hierdie stafies en keëltjies val, word daar 'n stof chemies opgesplits en die vrygestelde produkte prikkel die ...uwee-eindpunt van die oog. Hierdie geprikkelde senuwees stuur gevolglik 'n boodskap na die brein wat "sien" genoem word. Intussen gaan die produkte wat deur die chemiese splitsingsproses gevorm word, voort om te kombineer en die oorspronklike stowwe te vorm wat die oë voortdurend gevoelig vir lig maak. Die stof in die stafies wat gevoelig vir dowwe (skemer) lig is, het 'n pers kleur en bevat vit.A wat op sy beurt van sekere voedselsoorte afkomstig is. As skemerlig op hierdie pers stof van die stafies val, word dit gedurende die proses van chemiese afbraak verbleek en vit.A word onmiddellik vrygestel. Vir die vorming van meer pers stof om die oë gevoelig vir skemerlig te hou, moet vit.A aanhoudend voorsien word. As die liggaam 'n tekort aan vit. A het, word hierdie stof te stadig gevorm en sal die oë hulle nie geredelik by skemerlig kan aanpas nie. As die vit. A voorraad baie laag of totaal afwesig is, kan dit gebeur dat die funksie van die stafies belemmer word sodat die oë heeltemal blind in skemerlig is. Vir.A word vervaardig uit 'n geel stof wat karoteen heet en kom bv in geelwortels voor.

Die is moontlik om in bg. uiteensetting 'n verklaring te vind vir die vermoë wat sommige wedvlugduiwe het om in die nag te vlieg. Moontlik moet meer vit.A aan wedvlugduiwe gevoer word as hulle aan die langer wegvlugte begin deelneem en daar 'n moontlikheid bestaan dat hulle in vlug deur donker oorval kan word!

### *d: Die lens.*

Die lens is 'n deursigtige, elastiese liggaampie wat net agter die reënboogvlies lê. Dit is rondom sy rand d.m.v. die draagbandspiere aan die siliaarliggaam van die vaatvlies geheg. Die lens is ook vir akkommodasie verantwoordelik. Dit fokus die ligstrale op die geelvlek.

Akkommodasie is die verandering van die vorm van die lens om 'n duidelike beeld op die retina te fokus. Tydens akkommodasie vir verafgeleë voorwerpe word die lens platter om die ligstrale meer te buig, sodat 'n duidelike beeld op die geelvlek gevorm kan word. Dit geskied as volg:

1. Die siliaarspiertjies in die siliaarliggaam verslap.

2. Die voorste gedeelte van die vaatvlies, asook die siliaarliggaam, beweeg

agtertoe.

3. Die draagbandspiere trek saam, sodat die lens uitgerek en plat word.

4. Die fokusafstand word langer en 'n duidelike beeld val op die geelvlek.

5. Die kyker vergroot of word wyer en meer lig word toegelaat.

Tydens akkommodasie vir nabygeleë voorwerpe word die lens ronder of meer bolvormig om die ligstrale meer te buig, sodat 'n duidelike beeld op die geelvlek gevorm kan word. Dit geskied soos volg:

1. Die siliaarspiertjies trek saam.

2. Die voorste gedeelte van die vaatvlies en siliaarliggaam beweeg vorentoe.

3. Die draagbandspiere verslap, sodat die lens ook verslap en ronder word.

4. Die fokusafstand word korter, sodat 'n duidelike beeld op die geelvlek val.

5. Die kyker vernou of word kleiner en minder lig word toegelaat.

### *2. Die iris.*

Die reënboogvlies (iris) is 'n gekleurde, ringvormige gordyntjie. Dit is sponsagtig en bevat baie holtes, maar relatief min bloedvate. Dit ontstaan aan die voorkant van die straalvomige liggaam uit die vaatvlies en bevat talryke lengte- en kringspiere. Die iris is die gekleurde deel van die oog. Sy hooffunksie is om die kyker (pupil) groter of kleiner te maak deur sametrekking van die verskillende spiere. Verder beheer dit die hoeveelheid lig wat die oog deur die pupil binnedring." (Sluit aanhaling)

## B Die goeie Duiwe-oog.

1. Alhoewel daar baie argumente rondom die kleur van die duif se oog bestaan het, steeds bestaan en in die toekoms sal bestaan, is die kleur nie van alle belang ontbloot nie.

Die iris is die kleur van die oog en dus die setel van 'n netwerk van menigvuldige bloedvate. Hoe dit ook al sy, die bespiegelinge rondom die kleur van die oog maak die duiwesport baie interessant maar duiwekeuring baie ingewikkeld by toepassing in die praktyk.

2. Die oog van die duif is die venstertjie waardeur ons gesondheid waarneem en samehangend hiermee, vitaliteit. Kyk maar hoe flou is 'n siek duif se oog m.a.w. dit toon geen lewenslus nie; ook 'n ou duif in sy laaste lewenssiklus se oë is dof en of meestal toe of die ooglede word voortdurend geknip. Aan die anderkant is 'n gesonde, lewenslustige duif se oë helder.

3. Die oogballe moet ve[illegible] uitmekaar geleë wees, m.a.w. die duif moet as't ware 'n breë kop hê, d.w.s. breedte tussen die oë. Hieruit spruit die teorie voort dat as jy na 'n duif se oë kyk, al langs die bekspleet af, dan behoort geen pigment of iris van die oog sigbaar te wees nie. M.a.w. die hoek wat





**Pieter en Natalie Neetling (Gasebo Lofts) van Oudtshoorn is die trotse eienaars van die kampioen Amerikaanse Reuse Homer.**

gevorm word deur die ontmoeting van boonste en die onderste ooglede moet deur die pupil sny en nie deur die iris of kleurstof van die oog nie. Die pupil moet dus so ver as moontlik in die skedel sit.

4. As ons dan die sakie rondom kleur van die iris mooi ontleed, kom ons tot die slotsom dat enige opeenhoping van pigment aanvaarbaar is solank die iris helder en lewendig is, d.w.s. nie 'n swart oog nie. Dit kan pêrelagtig, geel of neutagtig-bruin wees. 'n Swart oog (bull's eye) is maklik waarneembaar, maar as ons dan die oog wil of moet ondersoek, dan is dit van allergrootste belang dat daar van 'n vergrootglas wat minstens 10 keer vergroot, gebruik gemaak word.

5. By die wedvlugduif speel pigmentasie van die oog 'n groot rol in dié sin dat dit die duif beinvloed betreffende rigting, vlugte gedurende die dag en later saans, swak weer, ens. Hier word streng gelet op kleur by teling; so byvoorbeeld sal jy selde 'n duif met 'n pêreloog met 'n ander met dieselfde kleur oog paar, maar wel met 'n maat met geel of neutbruin oog. (Hier speel die vergrootglas 'n groot rol.) Nou ontstaan die vraag watter rol speel pigment by sierduiwe.

Die antwoord is basies en onomwonde. **"NIKS"**

By teling plaas ek ook duiwe met bepaalde kleur oë bymekaar met die oog op oorerwing. (Dit is egter ook maar 'n teorie, maar tog kry ek goeie resultate daarmee) 'n Duif met 'n swart oog (bull's eye), soms net een) word eenvoudig uitgeskakel.

## C. Die Kleur van die oog by die sierduif met die klem op die Strasser

1. "Die oog is rooi, hoe ryker hoe beter." Dit is volgens ons sierduif standaard. As ons hierdie standaard ontleed aan die hand van die kleur van die oog, soos hierbo uiteengesit, vind ons dat dit nie sin maak nie. Eerstens kry 'n mens nie 'n rooi gekleurde iris by 'n mak duif nie, maar wel by ander voëls soos by die Pieter Pol of pekeloog soos bekend in die volksmond in die suide van Namibia. Lg. is baie omskrywend vir die oog van die bekende vrugtevreter omdat sterk soutwater wel pekelvorm as dit 'n dag of wat staan en dit vertoon 'n rooi skynsel. Nou gaan die standaard voort deur te sê "hoe ryker hoe beter". Nou word dit meer van 'n realiteit, maar seerseker nie die "rooi" nie maar wel die pigment van die iris. Hoekom volstaan ons dan nie by 'n gepigmenteerde oog, hetsy neut-bruin, geel of pêrelagtig nie?

2. Die standaard strook ook nie met dit wat ons in die praktyk vind by die onderskeie standaardkleure van die strasser nie. So sal jy bv. selde of ooit 'n geel strasser kry met 'n geel oog. By die ligblou strasser wissel die kleurvan geel tot neutbruin. Die standaard diskwalifiseer dus onmiddellik alle geel strassers en in sommige gevalle ook blou strassers.

3. Ek het jare gelede ook met strassers geboer, maar inagnemende die ontwikkeling van die wetenskap betreffende teel, voeding en behandeling, ens. kon ek nie summier voortgaan met die ras sonder om erens kers op te steek oor die moderne strasser nie. Die bakermat van die ras is

Duitsland en so sal dit nog vir jare bly. Daar word nie baie klem gelê op die oog nie, behalwe in 'n mate by teling en hulle verkies ook 'n ryk gepigmenteerde oog waarvan die kleur van die iris kastaiingbruin, geel of pêrelagtig moet wees ('n Bull's eye is nêrens aanvaarbaar nie.)

4. Niemand kan 'n duif se oog doeltreffend beoordeel sonder 'n behoorlike vergrootglas nie. By beoordeling van wedvlugduiwe is dit absoluut noodsaaklik. Waarom dan die las lê op beoordelaars van sierduiwe as dit geen doel dien nie. Met die blote oog kan 'n beoordelaar van sierduiwe met gemak onderskei tussen 'n gesonde of flou oog, 'n neutbruin, geel of pêreloog vir wat dit werd mag wees.

**Red: Boland verdien 100 punte**


# Sierduifstandaarde met die klem op die Strasser deur Chris Blaauw

Daar was en is slegs een Wet wat volmaak saamgestel en nooit gewysig is nie. Ek het gedurende my loopbaan baie bygedra tot die opstel van wette, regulasies, verordeninge en voorskrifte, maar geen mensgemaakte wet, ens. is ooit volmaak nie. Dit skep gronde vir verskillende interpretasies, skuiwergate en selfs omseiling met die oog op verneukery. in die lig hiervan kan ons gerus kyk na standaard vir die Strasser voorgeskryf:

"Om die masker te voltooi loop die borslap om na die agterkop om sodoende 'n omgekeerde V op die kop te vorm..." Dit skep 'n babelse verwarring en gepaardgaande ongelukkigheid by beoordeling want die beskrywing is nie korrek nie omdat geen strasser 'n V agter die kop vorm nie. Wat wel 'n feit is is dat die kleur 'n kraag agter die kop vorm en die wit daarvandaan in 'n V-vorm tussen die vlerkknoppe op die skouer skep. Dus 'n V met 'n ronding agter die kop, wat nie tot die uiterste toe gedryf moet word



# SPESIALE AANBIEDING
# AAN ALLE DUIWELIEFHEBBERS



## Kussings van Eendevere

R70,00 elk (450 mm x 700 mm - Massa 700 gram)

## Duvets: Eendevere en/of dons


**Prys per eenheid**

| **Groottes** | **mm** | **Dons & Vere** | **Dons Alleen** |
|---|---|---|---|
| Driekwart Bed | 1500 x 2000 | R300,00 | R 675,00 |
| Dubbel Bed | 2000 x 2000 | R345,00 | R 830,00 |
| "Queen" Bed | 2000 x 2300 | R390,00 | R 925,00 |
| "King" Bed | 2200 x 2300 | R435,00 | R1050,00 |

1. Aflewering kan geskied deur die Poswese teen R5,00 per item (Dit is 'n gemiddelde prys en sluit verpakking in.)

2. Pryse kan verander a.g.v. faktore alreeds so oorbekend aan ons.

**KONTAK:**
**MEV. JOEY BIERMAN**
**POSBUS 2,**
**STANDERTON 2430**
**TEL 017-712-2342**





nie.(Red: Die fotos waarna verwys word is nie geskik vir plasing nie)

2. Balklose blou moet 'n ligte seemeeu wees. Hiermee is seker niks verkeed nie, maar dan moet dit konsekwent toegepas word as ons die omskrywing "ligte seemeeblou"interpreteer.

'n Blou mannetjie van my wat voorheen as skou kampioen aangewys is deur drie senior beoordelaars, is by 'n ander skou as te ligblou bestempel.

Wat gaan nou vir wat?

Ons kry wel ligter en donkerder gekleurdes by die blou, blou geruit, rooi en geel strassers. Dit is 'n kwessie van voorkeur by keuse.

3. "Die rug .... reguit en horisontaal gedra." Hiermee is ook niks verkeerd nie, maar ons moet versigtig wees met die toepassing van die reël in die praktyk. Voordat die strasser werklik vir grootte geteel is, is dit 'n feit dat die rug 'n reguit lyn gevorm het met die vlerke horisontaal op die stert gedra. Met die teling van die duif met meer massa word gevind dat, veral by die mannetjie, die rug tog 'n effense holte vorm vanaf die agterste deel van die kruis na die stert. Die beteken egter nie die duif se vlerke moet onderkant die stert hang nie en die duif 'n sittende posisie moet inneem soos 'n oorvet speenvarkie nie. Laasgenoemde houding vind ons nogal heelwat by die ligblou ingevoerde Strassers. Dié probleem ontstaan by swaar rasse veral waar 'n swak rug voorkom a.g.v. te min kalsium; die lyf sak en die stert wip opwaarts.

4. Ek merk dat daar die afgelope jaar of wat baie klem gelê word op die breedte van die stert by die Strasser. Vroeër jare toe die ras nog kleiner van postuur was, was die stert van die duif redelik smal, byna soos die van die wedvlugduif. Daar is egter met verloop van tyd geteel vir grootte, maar nou word verwag dat die stert steeds smal moet wees. Dit maak nie sin nie inaggenome die feit dat die duif sy stert gebruik om te balanseer, hetsy as hy vlieg, paar, ens. Die leeu, jagluiperd en jaghond gebruik ook hulle sterte om te balanseer, maar dit verskil in lengte en dikte. Die rede hiervoor is logies - dieselfde geld vir die duif want moeder natuur maak nie foute nie. Hoe groter die liggaam hoe meer massa daar is om te balanseer, sekerlik nie met die bene alleen nie, maar in baie gevalle ook met die stert.

Om af te sluit met die breedte van die stert moet ek die feit stel dat 'n duif normaalweg oor 12 primêre stertvere beskik. Die breedte van hierdie vere verskil van duif tot duif. Met 'n bietjie navorsing was my bevinding dat die breedte van die stertvere wissel volgens die grootte van die duif en ook volgens geslag en ras betreffende massa en breedte van bors en omvang vanaf die kiel tot tussen die vlerke op di rug. Selfs die dekvere van die stert is by die groter duif meer dig as by die kleiner tipe. Dit alles gaan natuurlik om balans. Moeder natuur pas altyd aan.

**Red: Boland verdien 100 punte**

# Enkele Gedagtes en wenke tot nadenke deur Chris Blaauw

1. So terloops noem iemand vir my dat 'n bekende duiweboer ongeveer 120 duiwe huisves in dieselfde ruime waarin ek 'n maksimum van 35 duiwe hou. Dan word by gevoeg dat die betrokkene bekwame hokbestuur toepas. Dit maak tog nie sin nie want hoe kan 'n mens doeltreffende hokbestuur toepas waar 'n massa duiwe in 'n beperkte ruimte ingehok word, soveel so dat as jy in die hok wil beweeg moet jy duiwe met jou voet wegstoot om te kan beweeg.

Die vraag is: Kry al die duiwe voldoende kos en water, hoe handhaaf jy hokhigiëne, wanneer stel jy vas dat die duiwe 'n siekte onderlede het en hoe ontwikkel die jong duif onder sulke omstandighede.

Oorbevolking is teen die wette van die natuur; in alle opsigte en onder alle omstandighede - daarom kom daar skielik vrektes voor by in wildtuine van bepaalde wildsoorte waarva die aanwas te groot is vir di habitat van die gebied. Die mens, wat meestal die oorsaak is van so-iets, is dan stom geslaan en soek dikwels die fout elders i.p.v. om op die wette van die natuur ag te slaan.

Besin, bepaal self of u skuldig is, en, indien wel, stel regstellende aksie is.

2. Om klein duifies se groei en ontwikkeling te stimuleer, dien 'n

brouersgistablet met yster of vitamine om die beurt toe twee tot drie keer per week vanaf die ouderdom van agt dae.

3 Indien u oor 'n goeie duif beskik en wat blyk onvrugbaar te wees, gee aan so 'n duif vir ± 10 dae 'n koringkiemkapsule (Wheat Germ Oil). Koringkiemolie is ryk aan vitamien E en dit stimuleer vitaliteit, selfs by die mens.

4. In geval van eenoogverkoue, gebruik Isee. 'n Druppel salf in die oog vir drie dae bewerkstellig herstel verseker. Die salf is by Veeartse beskikbaar.

5. Onthou tog dat duiwe wat kleintjies voer, yster, skulpgruis met minerale en groen voer (spinasie) uiters nodig het saam met 'n gebalanseerde dieet. Daardie klein liggaampie word geweldig afgebreek in die voerproses en ons moet hulle help om dit weer op te bou en ook om goeie, gesonde kleintjies voort te bring.

6. Om af te sluit: Vertoners en beoordelaars is in geval van ons stokperdjie ewe belangrik. Daarom - vertoners - aanvaar in 'n goeie gees die beoordeling. As jy wel onslae raak van die "brom" van binne, gaan gesels liewer met die beoordelaar privaat en nie in teenwoordigheid van omstaanders nie.

Beoordelaars - moet julle tog nie as die meerderes van vertoners beskou nie

Ek kan, maar sal nie voorbeelde aanhaal nie. Waarom krap waar dit nie jeuk nie. Ek verstout my egter om een geval te noem waar die beoordelaar my, in teenwoordigheid van omstaanders, aangesê het om die reëls betreffende vertoonduiwe na te kom. Ek was onskuldig, want op my ouderdom en jare ondervinding weet ek seersekerlik dat die verskil tussen reg en verkeerd is om die voorskrifte tot die letter van die wet na te kom. Opmerkings en aanmerkings wat negatief van aard is, is afbrekend en indrukke is blywend; ook by omstaanders.

Laat ons nie voorskriftelik optree nie maar alles in 'n goeie gees en met respek teenoor mekaar hanteer.

**Hou altyd Spreuke 17: 9,10 in gedagte -**

"Wie 'n verkeerde optrede teenoor homself verontagsaam, soek goeie verhoudinge; wie 'n saak bly ophaal, bring verwydering tussen vriende. 'n Enkele dreigement maak meer indruk op 'n verstandige mens as honderd houe op 'n dwaas.:

Groete,

Chris.

**Red. Boland verdien 20 punte**

---

## Bou 'n **Kampioen stoet** deur NAK Smit

**Ek het onlangs gelees hoe om die kampioen mannetjie en wyfie se genepoel te verfyn (Ontleen uit 'n artikel van Dennis D Ewards van die Amerikaanse Kingklub.)**

Die **kampioen/Beste Mannetjie** word met die beste wyfie opgepaar.

**F1** = Drie dogters word behou en opgepaar met die Kampioen mannetjie. Seuns word nie gebruik nie maar gehou iingeval iets



**Champion Dutch Highflyer on the Championship Show 2000 - bred and owned by Jomatwil (Wim van Rensburg) of Bethal**

met die kampioen mannetjie gebeur.

**F2** = Die nageslag (mannetjies alleenlik) word opgepaar met die drie dogters van F1.

**F3** = Die nageslag van die F2 generasie word met mekaar opgepaar as daar nie dieselfde foute voorkom nie.

**Notas:**

a. Die oorspronklike mannetjie kan met die beste dogter in elke geslag in 'n afsonderlike program opgepaar word.

b Seuns word nie gebruik nie maar slegs behou vir geval 'n probleem met die oorspronklike mannetjie gebeur.

c. let op enige gebreke en gebruik slegs die beste in die program

d. Streng seleksie moet voortdurend toegepas word om die vinnigste en beste resultate te verkry.

Die **Kampioen/beste wyfie** word so aangewend.

Om te begin word die beste wyfie met die beste mannetjie opgepaar.

**F1** = Twee of drie van die beste seuns word met die kampioen wyfie opgepaar.

**F2** = Twee of drie van die beste seuns van F1 word met die kampioen wyfie opgepaar met 'n 14 dae rusperiode na twee rondte eiers.

**F3** = In die F3 generasie word die beste seun met die kampioen wyfie opgepaar.

Die beste van die oorblywende nageslag, beide mannetjies en wyfies, word geselekteer en met mekaar opgepaar - die wyfies van F2 met die mannetjies van F3.

**F4** = Die F4 generasie word met mekaar en met F3 opgepaar.

Die F4 parings moet slegs na behoorlike seleksie plaasvind.

**Notas:**

a, Streng seleksie moet in elke geslag geld.


b, Wyfies van die F1 generasie word nie gebruik nie.

**Red: Ek sal graag 'n afskrif van hierdie skrywe wil bekom vir plasing. Dankie. WP - 20 punte**

# Nuwe Ras in Suid-Afria deur Chris de Bruin (Foto)

Die Huppe de Soultz (Crested Soultz) is gedurende 1999 deur Jan Hepburn van Pretoria ingevoer. Die duiwe is oorspronklik afkomstig noord van die lae Rijn en veral vanaf Soultz onder die woud in die Provinsie Elsace in die Ooste van Frankryk. Dit is 'n ras wat deur die Franse adelstand geteel is vir hul valke jag.

Dit is 'n gemiddelde grote duif, gewig 550 tot 600 gram, waarvan die lengte ongeveer 38 cm is. Dit is 'n robuust, kragtige duif met 'n effens regop houding. Ten spyte van sy naam is hy versier met 'n prominende skulp en nie 'n kam/kuif nie. Alhoewel die duif robuust en kragtig is, is dit 'n redelike mak ras en kan met gemak saam


**Huppe de Soultz (Crested Soultz). Chris de Bruin verwys in die meegaande artikel na hierdie kampioen wyfie in sy hok.**

met ander duiwerasse aangehou word.

Die duiwe is gedurende 2000 vir die eerste keer deur Jan en myself in Suid-Afrika op agt skoue vertoon met goeie resultate.

Op Transvaal se streekskou (jong mannetjie) en Noord-Wes streekskou (Jong wyfie) het ek seksie-wenners in Seksie 31 gehad met die ras. Die jong wyfie op die foto was op vyf skoue, ingesluit die Kampioenskapskou waar sy ook aangewys is as die raswenner. Gedurende die pas afgelope Kampioenskapskou te Paarl was ek ook die eerste persoon wat as beoordelaar (deur Chris van der Walt en Danie Geldenhuys) in die spesifieke ras getoets is. Op die foto kan gesien word dat dit 'n baie aantreklike ras is en as daar op navrae en belangstelling geoordeel moet word, gaan die ras nie vir baie lank as 'n skaars duif geklassifiseer word nie.




Chris.

**Red. Noord Transvaal verdien 20 punte**

Briewe van lede:



## TREK... van die Sierduif deur Wikus van Niekerk

As ek praat van trekvoels van die Sierduif dink ek nie noodwendig aan die wedvlugduif as sierduif nie. Nog minder dink ek aan talle lede wat gereeld vanweë werksomstandighede van dorp tot dorp of stad verhuis of aan lede wat van korte duur lid van die SASV is.

Sedert ek by die Sierduif aangesluit het, het ek baie gewonder hoekom lede van die stokperdjie, nie altyd by sy geografiese streek inskakel nie. Hier verwys ek spesifiek na lede wat om spesifieke redes by ander streke affilieer as by die geografiese streek waar by hy/sy woonagtig is. Daar kan grondige redes wees hoekom 'n lid by 'n streek aansluit waarin hy nie woonagtig is nie, soos byvoorbeeld afstand na sy

naaste skousentrum, vorige verbintenis met 'n spesifieke streek waarvoor hy/sy bepaalde lojaliteite of sentiment het. Baie lede wat streke verlaat as gevolg van verhuising, sal altyd met heimwee terug verlang na vriende wat hy in sy vorige streek gehad het.

Een van die kern redes waarom lede nie by sy geografiese streek affilieer nie, is gewoonlik interne konflik met lede van die streek. Sodra hy nie meer kan slaap op die bed wat hy vir homself opgemaak het nie, verhuis hy na 'n nuwe streek, waarskynlik om sy konflik in die nuwe streek voort te sit.

Ek het ook by 'n ander rede uitgekom hoekom lede van streek verwissel wat vir my baie sin maak. Dit is heel logies dat as lid by 'n ander streek affilieer buite die geografiese gebied waar hy woonagtig is, het hy geen verpligting ten opsigte van enige skoureëlings, komitee verpligting of enige ander taak by die streek waar hy behoort te wees. Die verskoning by die nuwe streek waar die lid affilieer (buite sy eie streek), is waarskyhlik die ver afstand wat die lid dan van die skousentrum is.

Ek beskou hierdie lede as die passasiers van die sierduif wat aangewese is en staatmaak op sy mede lede wat maar te gewillig is om sy las ook te dra. Ongelukkig het die sierduif hierdie lede se ledegeld en skou-inskrywings ook nodig om te oorleef.

Waar daar werklik konflik bestaan tussen persoonlikhede, moet die vrot appel aangespreek word. Dit is ironies dat in die meeste gevalle dit 'n individu is wat verantwoordelik is vir al die konflik in enige streek. Daar is verskeie metodes om hierdie konflik aan te spreek, veral as dit lede van die bestuur self is wat in konflik is. Drastiese stappe deur 'n dissiplinere komitee van die SASV kan 'n opsie wees, maar die aanstelling van fasiliteeerder wat nie in die streek konflik betrokke is nie, kan moontlik die situasie beredder. As ons ontslae raak van die enkele vrot appels, sal die groei potensiaal van die SASV waarskynlik weer verbeter.'n Geval van: "ek sal nou weer aansluit want vrot appel X is nie meer deel van die SASV of 'n spesifieke streek nie".

Ek dink dat elke lid wat nie binne sy geografiese streek geaffilieer is nie, op meriete redes moet aansoek doen vir affiliasie buite sy geografiese streek. Albei streke behoort kennis te dra van die redes en albei streke (waar die lid behoort te affilieer sowel as waar hy wil affilieer) moet ooreenkom dat die lid mag verskuif. Ek voel so sterk oor die saak dat ek wil voorstel dat die Uitvoerende Komitee die finale goedkeuring tydens die algemene jaarvergadering moet voorlê vir goedkeuring.

Die duidelike afbakening van geografiese grense, raak al hoe meer 'n noodsaaklikheid. Dit sal duidelik rigting gee aan lede en streeksbesture waar elke lid behoort te affilieer.

Ek dink ook daar is in baie gevalle "clicks" wat vorm in streeksverband of binne spesialiteitsklubs. Hierdie nouer vriendskappe is nie noodwendig ongesond nie, maar sodra die "click" nie suiwer doelwitte het nie, raak dit 'n groot probleem. In die algemeen: Die SASV is nie die forum of uitlaatklep waar 'n mens ontslae raak van al jou aggressie wat jy nie in jou huis, werksituasie of ander sosiale omgewing kan van ontslae raak nie. **Dit is juis in die SASV waar jy kalmte, vrede en ontspanning moet ervaar en nie haat en konflik moet skep nie**. As elke lid van die SASV hierdie benadering het, sal dit 'n groot plesier wees om deel te wees van hierdie organisasie.

Sierduifgroete.

**Oos-Transvaal - 20 punte**

---

## DIE SIERDUIFSPORT IN DIE BUITELAND DEUR JAN LOMBAARD

My ringversameling veroorsaak dat ek baie kontak maak met sierduifliefhebbers van regoor die wereld. Baie van my korrespondente wil meer weet oor die sierduifsport in Suid-Afrika. Ek het 'n standaard artikel hieroor geskryf, wat ek dan aan 'n e-pos haak (;attach'). Soms kry ek interessante terugvoer. Ek wil graag die volgende twee e-posse met ons lede deel. Die eerste kom vanaf Marie-Louise Ryden vanaf Swede. Die tweede kom vanaf Yuri Shaposhnikov yut Nisciw, Rusland.

### *'n ELEKTRONIESE DUIWE-NUUSBRIEF OP DIE INTERNET*

Ek het onlangs 'n e-pos ontvang vanaf Ted Lees uit die Verenigde Koningkryk. Hy het begin met 'n duiwe-nuusbrief op die Internet. Duiweliefhebbers kan artikels skryf, vrae vra, duiwe



**Noord-Transvaal was goed op die SA Kampioenskapskou verteenwoordig. Hier is Ruben Kitching, die Britsfamilie, Willie van Zyl en die De Bruin familie die ene glimlagte.**

soek en adverteer. Belangstellendes kan gerus die webtuiste besoek by **www.pigeon-search.co.uk**. Julle kan ook vir Ted kontak by sy e-pos adres: **edwin.lees@which.net.** Ek het vir Ted 'n kort artikel oor die sierduifsport in Suid-Afrika gestuur

Groete, Jan.

**Vrystaat verdien 20 punte**

## Mpumalange Jeugskou deur Wim van Rensburg.

Hier by my gaan dit nog klopdisselboom en ek vertrou in die Vrystaat ook.

Ek wil graag verslag doen oor die Mpumalanga Jeugskou wat die 2de naweek in September te Standerton plaasgevind het. Ek wil eers noem dat die skou niks met die SASV te doen het nie aangesien dit 'n skou is wat deur die Regering aangebied en gesubsidieer word.

Dit is 'n skou waar kinders mag skou met omtrent enige ding wat skoubaar is.

Eerstens wil ek net verduidelik hoe werk die skou. Die duiwe word net in 4 klasse gedeel, naamlik Ou Man, Ou Wyf, Jong Man en Jong Wyf. Daar word slegs 'n eerste, tweede en 'n derde plek toegeken in al die klasse. Die jong mannetjie en die ou mannetjie staan dan teen mekaar om te bepaal wie is

**Bydraes vir die Sierduif kan met E-pos aangestuur word aan kobussnyman@mjvn.co.za**



## Namibiërs op die Kampioenskapskou

**Hulle het bykans 2000 kilometer gereis uit die verre Namibia. Van links na regs: Groot en Klein Blackie Swarts, Lena Coetzee, Tinus Cocklin, Pikket en Guluime van Schallkwyk. Die kort dwergie op die voorgrond is Andre Botha van Gobabis. (Hy is darem nie regtig so kort nie want hy moes op sy knieë staan vir die foto - net omdat hy die biltong vergeet het)**

die beste mannetjie en so ook die twee wyfies. Die twee wenners word dan teen mekaar geplaas om te sien wie is die wenner. Ek wil dit noem dat die duif geen punte kry nie. Die rede vir beoordeling van die duif, en alle ander vertonings, is om te sien hoe die vertoner die duif voorberei vir die skou. Tydens die beoordeling moet elke persoon sy eie duiwe vorentoe bring sodat daar gesien kan word hoe hy sy duiwe hanteer. Elke kind moet ten minste 4 duiwe skou om sodoende te kan bepaal hoe hy sy duiwe skougereed maak en by die huis behandel.

Nadat dit gedoen is word die kennis van die kinders getoets oor hulle duiwe. Ek gaan net 'n paar vrae noem wat gevra word.

1. Wanneer is verveertyd.

2. Hoe lank broei 'n duif.

3. Wanneer ring jy die klein duifie

So kan ek aangaan want daar is baie vrae wat gevra word. Daar word punte toegeken, saam met die hantering en voorbereiding en die kind met die meeste punte word aan die einde van die dag die Skouma[illegible] van die Dag. Daar word in twee afdelings meegeding: Eerste is dit die Juniors wat tussen 7 en 12 jaar is en dan die Seniors wat tussen 13 en 18 jaar is.

Daar was vanjaar 3 juniors en 3 seniors op die skou in vergelyking met 2 juniors en 3 seniors van verlede jaar. Dit is alreeds 'n verbetering. Ek kan dit noem dat van die kinders se ouers saam gekom het met die belofte om by die SASV aan te

sluit. Gedurende my beoordeling het die persoon wat die kouvoëls gedoen het, my genader en gesê dat hy van my beoordeling hou en ons met respek in die toekoms sal benader want ons gee 'n baie meer breedvoerige beskrywing oor wat ons doen teenoor dit wat hulle doen. Ek wil dit ook noem dat van die skoubestuurslede daar kom sit het en hulle was besonder beindruk en te vrede met die manier waarop die duiwe beoordeel is. Hulle wou dadelik weet of ek nie volgende jaar vir hulle die hoenders ook wil kom doen nie. Ek moes weier want my kennis van hoenders is te min.

Ek persoonlik glo dat ek op hierdie wyse ons duiwe aan die publiek en kinders kon verkoop. Daar was vanjaar 40 duiwe en ek is te vrede dat die gehalte baie beter was as verlede jaar.

Wie weet miskien is hierdie jong vertoners binnekort lede van die SASV en toekomstige kampioene.

Op hierdie noot sluit ek af en belowe dat ek binnekort weer sal skrywe.

**Redakteur: Jeugskoue word landswyd deur die Regering georganiseer. So is daar al deur Pieter Cilliers van Johannesburg en die Vrystaat verslag gedoen oor hul Jeugskoue. Ek is daarvan oortuig dat streekbesture sorg behoort te dra dat hulle by hierdie skoue betrokke kan raak deur die nodige reklame materiaal tydens hierdie skoue te voorsien. Ons moet egter onthou dat die organisering van hierdie skoue, niks met die SASV te doen het nie. Tog, ek dink nie die SASV moet net stil sit en kennis van hierdie skoue neem nie. Die UK lid wat met reklame betrokke is, kan gerus kyk hoe die SASV die regering van hulp kan wees, veral wat die skou van duiwe betref. Toe die jeugskou in die Vrystaat gehou is, het die Vrystaatbestuur verskeie lees materiaal soos Bulletins, vorige boekies, ens. uitgestal wat deur die juniors opgeraap is. Vrystaat het baie van hulle nou as lede. Tvl - 20 punte**

# Laat jou dade sê wie en wat jy is! - At Nigrini

**In Jakobus 2, vers 14 staan daar geskryf "wat help dit dat iemand beweer hy glo, maar sy dade bevestig dit nie?"**

**Dus: Jy kan nie Sondag vir Sondag in die kerk sit en nie bereid wees om vir die Here te werk nie.**

Wel, duiwe, of enige stokperdjie is dieselfde. Jy kan nie duiwe teel en skou en nie verwag om jou deel te doen nie. Jou deel begin by jou duiwe, soos om skoon water en kos te gee en 'n goeie versorgingsprogram. Alles wat gaan om die versorging en vertroeteling van jou stokperdjie. Tog is bogenoemde maar 'n klein deeltjie van die stokperdjie. Jou dade moet bevestig dat jy ernstig is oor jou duiwe. Jou pligte teenoor jou duiwe moet dus wyer geneem word as wat jou hok se vier mure strek.

Jy moet bereid wees om in te skakel by die ander duiweboere in jou streek. Duiwedae by te woon, vergaderings by te woon en dan ook, baie belangrik, om te help met alles wat om 'n duiweskou draai. Jy het 'n plig teenoor jou eie duiwe om te help dat dit waarin hulle gaan deelneem, goed georganiseer word en dat alles reg en op hulle plek sal wees.

Jou dade stop nie net by jou eie streek nie, maar gaan verder na bure se skoue en dan natuurlik die Mamma van alle skoue, naamlik die Kampioenskapskou.

Nou, ja, praat van die SA's wat die WP aangebied het. Dankie aan die WP se ses dames wat alles raak en reg gevat het. Dankie WP se manne wat middernag nog hokkaarte gehang het. Ons is geluk gewens deur baie vertoners met 'n dankie of 'n telefoonoproep. Dit het die hele skou se harde werk tog lig en maklik gemaak. Dankie ook aan ons streek se jong seuns en dogters wat net so hard gewerk het.

In die WP, en die skou-uitslae bewys dit, is beslis die beste duiwevertoners, maar hier is beslis ander manne en vroue hier by ons soos Morne Rix, wat met sy werkers en vragmotor die hokke aan gery het. Koos Marais en sy familie wat eers na 12 uur huis toe is nadat die hokkaarte gehang is. Bertie du Toit wat Oudtshoorn toe gery het om nog hokke te gaan haal. Uno le Roux en sy familie

wat Worcester toe is vir hokke en natuurlik die snoek gebraai het. Maar daar is twee ouer mense, oom James en tannie Orchard, waarvoor ek my hoed afhaal. Hulle het ons almal geleer wat werk is.

Aan almal in die WP streek, 'n groot dankie. **Tog wil ek vir Antoinette le Roux uitsonder, want sy is uitsonderlik!**

WP! Klop julle self op die skouer. 3 in 'n ry en 'n top SA's.

At Nigrini.

**Red. Ja, 2000 se skou in die Paarl was iets besonders, net so besonders soos julle natuurskoon. WP - 20 punte.**



**Antoinette le Roux**

# Secrets by Donald Bland

In the book of Apocrypha the word secret were taken out of Ecclesiasticus, Chapter 27: 17-27.

17. Whoever reveals a secret, loses confidence and shall not find a true friend again.

18. Appreciate your friend and retain his confidence.

19. It you reveal his secrets, you will not find him again.

20. For a man that loses a friend, it is as bad as if his enemy has escaped.

21. Just as when one allows a bird to slip from one's hand, so is it when you for sake your friend.

22. You cannot catch him again, nor can you follow him. He is too far away; as escaped like a rose from snare.

23. Wounds can be bound up. Abusive words can be forgiven.

24. But he that betrays a secret has no hope.

25. He who winks his eye has evil in mind and will not be dissuaded from it.

26. In front of you he can talk sweetly and admire your words, but afterwards he speaks differently, and twists your words.

27. There is nothing that I hate more than this, and the Lord is also his enemy.

From your friend

Donald Bland.

**Ed. Western Province - 20 points**

# Glimlag

## deur Simon Jordaan

Gelukkig is die wat oor hulself kan glimlag, want hulle sal altyd in 'n goeie luim wees.

Gelukkig is die wat 'n molshoop van 'n berg kan onderskei want hulle sal baie dorings kan vermy.

Gelukkig is die wat regverdig, eerlik en konsekwent is want hulle sal die wyses word.

Gelukkig is die wat swyg en luister, want hulle is die mense wat leer.

Gelukkig is die wat 'n glimlag waardeer en 'n nors gesig vergeet, want hulle sal sonnig deur die lewe gaan.

Gelukkig is die dat die doen en late van ander welwillend vertolk want hulle sal mensliewend wees, al lyk hulle naief.

Gelukkig is die wat dink voordat hulle doen en glimlag voordat hulle dink, want hulle sal baie dwaashede vermy.

Gelukkig is hulle wat na teenslae geduldig verder gaan, want hulle is onderweg na 'n geluksalige lewe.

Gelukkig is die wat die Here in ander herken, want hulle wandel in die lig en het die ware wysheid gevind.

**Red: Oos-Transvaal verdien 20 punte**



**Stewart Patterson, previously President of the SAFPA and now one of our Honorary Presidents.**

**He was recently appointed one of the Directors of Toyota SA.**

**Congratulations to Stewart! We all are proud of you.**

**Stewart was President of our Association from 1992 till 1998.**

**He breeds Longfaced and Shortfaced Tumblers, Owls, Helmets and English Trumpetters.**

## Swaarrasklubnuus

# *Kobus Swanepoel lig in oor gebeure in die klub.*

Tydens ons algemene jaarvergadering gehou te Paarl is die volgende besluite geneem.

Die bestuur is net so verkies, naamlik:

President: Mnr PM le Roux, Kaapstad

Vise-President: Mnr K Reyneke van Klerksdorp.

Sekretaris: Mnr K Swanepoel, Klerksdorp.

Ledegelde vir 2000/2001 bly onveranderd, naamlik R50 per lid. Dit sluit in 5 spes ringe en posgeld.

Lede het gevra vir pette en wapens van die Swaarrasklub. Daar is 'n aantal pette met geborduurde wapens beskikbaar by die sekretaris teen R40 stuk en los geborduurde wapens teen R20 stuk.

Die 3 top toekennings van die Swaarrasklub het aan die volgende gegaan:

Kings - PM le Roux.

Gros Mondains - SWA Boerdery

Runts - Rialco Boerdery.

Baie geluk aan die manne.

Daar is nog 'n aantal Swaarras ringe vir 2000 beskikbaar teen R2,00 stuk, plus posgeld. Bestel vanaf die sekretaris.

Die President van die klub, mnr Pierre le Roux het ook 'n beroep op alle telers van Kings, Gros Mondains en Runts gedoen om by die klub aan te sluit.

Beoordelaars vir 2001 Kampioenskapskou sal later bekend gemaak word.

Ons sê ook weer eens baie dankie aan die WP vir 'n lekker en wonderlike skou.

**Die Swaarrasklub betuig hiermee hul meegevoel aan die Du Preez gesin en familie met die skielike dood van Nico.**

Kobus Swanepoel.

**Red: Noordwes verdien 20 punte**

# Noord-Transvaal en die Pretoria Internasionale skou

Noord-Transvaal het hierdie jaar vir die derde agtereenvolgende jaar aan die Pretoria Internasionale Skou deel geneem. Hierdie tentoonstelling is besig om van krag tot krag te groei en word elke

jaar net beter, soos gesien kan word uit die volgende statistiek:

| | | | |
|---|---|---|---|
| 1998 | 125 duiwe | Rasse 25 | Vertoners 12 |
| 1999 | 166 duiwe | Rasse26 | ? |
| 2000 | 221 duiwe | rasse 33 | Vertoners 18 |

Hierdie jaar was die duiwe die eerste week en die hoenders die tweede week vertoon. Op Saterdag 19 Augustus 2000 het ons duiweliefhebbers saam met die hoenderboere hokke gaan opslaan en die saal in gereedheid gebring. Die duiwe is Woensdagaand gehok en Donderdag oggend is die beoordeling deur Lou Brits gedoen. Daar was 221 duiwe in 33 rasse ingeskryf deur 18 vertoners.

Baie dankie aan Roelf Buitendag vir al die reëlings asook aan almal wat gehelp het met die voorbereiding en toesig gedurende die skou/ tentoonstelling. Die reaksie van die publiek was weer eens oorweldigend en moes baie vrae beantwoord word.

Die Raadshere en kartelrue het groot belangstelling en kommentaar uitgelok. Duiwe was ook te koop aangebied aan die publiek en daardeur het daar ook 'n nuwe lid uit Louis Trichardt by die SASV aangesluit.

Prysgeld van R100,00, R50,00 en R25,00 was onderskeidelik vir die Kampioen en twee Reserwe kampioene geborg, wat verder as 'n trekpleister gedien het vir meer inskrywings. Beoordeling was op ras-grondslag gedoen en die Pretoria Skou gee toekennings vir die Ras Kampioen en Reserwe Kampioen met 'n verdere sertifikaat vir die derde plek.

Die kampioen is vertoon deur R Buitendag met 'n Kartelrug, die Eerste Reserwe was 'n Schietti Modena van oom David Sadie en die Tweede Reserwe was 'n American Show Racer van B van Zyl.

Chris de Bruin

**Red. Soos besluit deur die Uitvoerende Komitee, word uitslae van alle skoue in 'n spesiale uitgawe vervat wat na die SA's van 2001 sal verskyn. Daarom word slegs die kampioene hier vermeld. Noord-Transvaal verdien 91 punte**

## Nuus uit Streke

# Oos-Vrystaat Jongduifskou te Bethlehem

Annatjie Loubser doen verslag uit die Oos-Vrystaat

Saterdag 2 September het aangebreek - stowwerig en vaal maar genadiglik windstil.

Die skou-inskrywings het stadig ingekom maar ons het tog 460 duiwe in 62 rasse van 24 vertoners ontvang.

Ons hoofbeoordelaar wat Wynand Wessels. Die res van die staatmakerspan was Lou

**Pikket Coetzee van Windhoek het die kampioen Blondinette op die Kampioenskapskou van 2000 vertoon.**



Brits, Corrie van Reenen, Johan de Bruyn, Spiro Galatis en Johan Loots. Baie dankie dat julle meer gedoen het as wat ons verwag het.

Die beoordeling was vroeg klaar en almal het lekker om die braaivleisvure gekuier. Ons ete was 'n bring-en-braai wat geleentheid vir saam kuier geskep het. Dit het ook die las van die dames in die kombuis ligter gemaak.

Namens Oos-Vrystaat wil ek aan almal 'n geseënde Kersfees toewens. Ons hoop dat die nuwe jaar vir almal voorspoed sal bring en dat julle 'n suksesvolle skouseisoen sal beleef.

Die kampioen duif het behoort aan Dups Boerdery met 'n Waaierstert en die Reserwe Kampioen is vertoon deur Hankebot Boerdery met 'n Carrier.

**Red: Oos-Vrystaat verdien 163 punte**

## SWD Streekskou

# A Muller se *Engelse Kortgesig* Tuimelaar wen

## Gerda doen verslag -

**Die SWD Streekskou is aangebied op 30 Junie in die Britsaal te Oudtshoorn op 'n lieflike winters-oggend in die Klein Karroo.**

Ongeveer 750 duiwe was ingeskryf, almal van hoogstaande gehalte. Wat 'n plesier om elkeen van hulle te kon aanskou.

Af hoofbeoordelaar het opgetree Pierre le Roux van Kaapstad. Die ander beoordelaars was Wynand Wessels, Ben de Lange, Ken Garrod, Barnard Steyn, Pieter Neetling, JC Barnard en Athur Muller.

Die skou is afgeluit met 'n braai en funksie.

Baie dankie aan al die persone wat die vleis verskaf en die braaiwerk gedoen het.

Ons wil ook vir Midas Oudtshoorn bedank vir die borg van die hokkaarte.

Baie dankie ook aan al die vroue wat so hard gewerk het in die kombuis en almal wat gehelp het om die skou 'n reuse sukses te maak.

Ons wil egter ons teleurstelling uitspreek dat Robin en Netta Prince nie teenwoordig kon wees nie. Ons het julle gemis. Dankie vir julle gasvryheid en vriendelikheid tydens die OP skou. Sulke vriendelikheid en hulpvaardigheid ervaar 'n mens min.

Die hoof uitslae was soos volg:

**Kampioen Duif:**

Arthur Muller met sy Eng Kortgesig.

**Reserwe Kampioen:**

Strasser van C Blaauw

**Beste Oop duif**

Norwich Kropper van Jas van Niekerk

**Reserwe Oop Duif**

American Show Racer van At Nigrini

**Beste Jaaroud**

Engelse Kortgesig Tuimelaar van Arthur Muller

**Reserwe Jaaroud**

Strasser van C Blaauw

**Beste T/O Geslag Jaaroud**

Kartelrug van J Vivier.

Groete, Gerda van Greunen

# Late News from Natal

## Lionel Phillips, Wartburg, Natal writes:

## Pigeon Day at Ralf Andersons place

During May we had a very enjoyable gathering at the home of Mr. Ralf Anderson. About 28 members including their families participated at a mini show followed by a braai. A very big thank you to the Andersons for hosting us for a lovely day together.

During June we met for another family day at the animal farm in Durban. The weather was great and we had a good time. The small kids particularly enjoyed the animals and the train rides.

## Natal

## Royal Agricultural Show

The annual Royal show was a great success for the club in terms of exposure and publicity. We hope that the contacts made with potential new members bares fruit.

We had about 300 birds on display and congratulations to

John Bland for the best Bird on Show. John won a bag of pigeon foods from Advance Grain.

## The Kwa-Zulu Natal Regional Show.

Our annual show was once again a very enjoyable day. We wish to thank the judges and exhibitors for their support at the show. Especially those how had long distances to travel.

## Main awards:

Champion:

English Trumpetter of Bertie Loubser

Reserve Champion:

L Ewan - Schietti Modena

Old Bird:

American Show Racer of Wesmar

Reserve Old Bird:

Dragoon of Wesmar

Champion Yearling:

Short Face of C van Reenen

Reserve Yearling

Chinese Owl of Oepsie Pa Lofts

Best O/S to Yearling:

Gros Mondain of Diane Weatherall

**Ed.: To earn some points for you region you must try to send news sooner after shows and match meetings.**

## Hall of Fame

Daar is verlede maand berig dat Danie Badenhorst die ligte in die Hall of Fame geinstalleer het. Hierdie keer kan ons berig dat die beraamde koste van die werk en materiaal op R7 500,00 beraam word deur Danie.

**Weer eens, Danie, ons hartlike dank.**

# *Huldeblyk aan Nico du Preez*

*Wynand Wessels van Bothaville.*

Met skok het ons op Woensdag 27 September 2000 verneem van die afsterwe van 'n vriend en welbekende lid van die SASV - Nico du Preez.

Nico was vir baie jare 'n lid van die SASV, alhoewel hy vir jare nie geskou het weens werksverpligtinge, het hy altyd sy ledegelde hernu en as beoordelaar op skoue opgetree. Die afgelope ses jaar het hy intensief in American Show Racers belang gestel en heelwat duiwe ingevoer en self ook in Amerika duiwe gaan haal.

Hy was by uitstek 'n kleurteling-deskundige waarvan daar baie min in die SASV is. Dan het hy ook 'n baie wye kennis van genetika, voere en medikasie gehad. Hy het altyd gesê hy lees nie enige inligting nie, hy bestudeer alles.

Nico was 'n man wat altyd sy vrou en drie seuns eerste gestel het en dan sy vriende waarna hy dag en nag sou luister en met goeie raad bedien het.

Ek sal hom altyd onthou as 'n mens wat nooit sy eie eer eerste geplaas het nie ten koste van andere nie. Wanneer jy nie meer herwaarts of derwaarts geweet het, met ertjies, mielies, medisyne of entstof vir duiwe nie, kon jy altyd met hom praat. **Hy het 'n plan gemaak.**

Die Show Racer Klub en die SASV groet langs hierdie weg, ons vriend Nico du Preez, en wens sy gesin krag en genade toe in die jare wat kom.

**Red. 'n Groot vriend en duiweman het gekom en gegaan. Ons het gereeld laat nagte mekaar geskakel om sommer net te gesels. Ek sal dit mis en hom lank onthou. Noord-Vrystaat verdien 20 punte.**

# Uit die Kantoor van die Beoordelaarsbeampte

## Spesklubs: VOORSTELLE-

Aangesien seksies nou nie meer bestaan nie en daar dan nou geen manier is waarvolgens Rasse ingedeel word nie, het ek gewonder of al die Spesklubs nie wil stilsit en voorraad opneem nie.

Ek vra dat al die spesklubs die lys van rasse sal neem en kyk watter rasse in hul bestaande spesklub opgeneem kan word.

So byvoorbeeld kan die Amerikaanse Giant Runt ook deel wees van die Swaarrasklub; 'n klompie van die ander sg. tuimelaars ook by die Tuimelaarsklub; al die sponsduiwe kan bymekaar wees soos die Barbs (Engelse sowel as Duitse Barbs) saam met die Dragoons en Carriers. Die Indiese Waaiersterte kan saam met die ander waaiersterte wees. Selfs die Norwich Kroppers kan deel wees van die Blaasduifklub. Die Strikduifklub kan ook die ander rasse soos die Duitse Skilduiltjie, ens. byvoeg, ens.

Ons sou graag wou sien dat al die rasse by 'n spesklub ingedeel is.

Daar is tog sekerlik meer voordele as nadele. Meer lede, meer fondse, selfs meer lede wat op besture kan dien, ens.

As al die spesklubs hul huiswerk doen, en al die voorstelle betyds aan my deurgegee kan word, kan die voorstelle reeds by die eerste SBK vergadering in Kimberley voorgelê en bespreek word.

Ons doen 'n beroep op alle telers om waar moontlik tog by die betrokke spesklubs aan te sluit. Ons weet dit is nie altyd moontlik nie aangesien van ons telers met tien en selfs meer rasse teel en dit kos geld om by al die spesklubs aan te sluit.

Tog, ek dink ons kan meer betrokkendheid van al die telers kry as hierdie saak deurgevoer word.

Lou.

Beoordelaarsbeampte

---

## *Telers van Engelse en Duitse Barbs - Aandag!*

Aangesien hierdie rasse as sponsduiwe bekend staan, het die Sponsduifklub dit goed gedink om die telers te nooi om by die SA Sposduifklub aan te sluit.Ledegelde by die Sponsduifklub is soos volg:

R35,00 per lid + 5 spesiale ringe.

R15,00 posgeld

Lede/telers wat belangstel moet hul ringbestelling voor 25 Februarie 2001 by die sekretaris van die Sponsduifklub bestel om tydens die 2001 SA Kampioenskapskou te kan ontvang.

Die Sponsduifklub het tans 12 lede en het meer as R2000 in die bank. Ons hou ook jaarliks 'n veiling van klubringduiwe tydens die SA's. Elke teler ontvang jaarliks twee gratis ringe en die duiwe word as klubringduiwe geregistreer. Dit is dus die klub se eiendom. Die duiwe word gekeur voordat hulle opgeveil word. Indien die

### Kennisgewing vanaf die Sponsduifklub

## Opleidingsdag 13 Januarie 2001 te Ficksburg

'n Sponsduifopleidingsdag word op 13 Januarie 2001 te Ficksburg by Johann Loots gehou en sal met 'n bring-en-braai afgesluit word.

Lede wat meer van die rasse wil leer of die dag wil bywoon moet met Johann Loots of Hansie Botes skakel voor 8 Januarie 2001

Ale lede van die SASV is welkom en nie slegs Sponsduifteleres nie.

Rasse wat bespreek sal word is die Carriers, Dragoons, Engelse en Duitse Barbs.

duif nie aan die standaard voldoen nie sal die duif aan die teler teruggegee word. Indien 'n teler 2 ringe ontvang het maar geen duiwe geteel het nie, moet die ringe tydens die veiling terug gegee word. Sou die ringe nie terug besorg word nie, behou die klub die reg voor om op enige twee van die lid se duiwe beslag te lê vir opveiling. Die fondse wat op hierdie manier ontvang word, sal later deur die klub aangewend word om duiwe in te voer ten einde die rasstandaarde te verbeter. Vir meer inligting kan die sekretaris gekontak word.
Kom sluit aan by die klub en bevorder u ras hierdeur en kom deel in ons spesiale ring pryse.

**Hansie Botes**
**Sekretaris**

**Red. Noord-Vrystaat verdien 20 punte**

# Deurmekaar kleure - Wat 'n affêre! deur Dries Heydenrych

Andermaal, vir die 29ste keer het Vaalskou te Vereeniging my en Neels le Roux weer saam laat deelneem. Ook is 'n nuwe gesig by die Vaalskou opgemerk, naamlik Wicus van Niekerk.

Dit wil voorkom asof die duiwe daar minder raak hoewel daar 342 duiwe geskou is.

Die Waaiersterte was by verre die beste verteenwoordig naamlik met 73 inskrywings gevolg deur die Modenas met 54. Dit kom my ook voor of die Modenas se dae getel is.

Hoewel laat in die seisoen, was die duiwe in 'n goeie toestand.

Dankie aan Neel vir die goeie versorging en die skoon saal. Dit bly maar altyd lekker om daar te skou. As omstandighede nie verander nie, sien ons weer.

Wat die broeiseisoen met die Modenas betref, maar swak Buurman. Baie kuikens, maar die kleur...? Dit wat nog nie deur enige Modena deskundige beskryf is nie. Dit is alle behalwe dit wat 'n mens in die reënboog sal verwag. Dit is werklik 'n gemors wat kleur betref. Twee-derdes is al reeds asblik toe. Besigheid is mos besigheid. Almal kan mos nie wenners wees nie.

Ek wou graag iets sê, maar ek is bang die melk in my koffie word suur.

Hier by ons is alles deurmekaar. Ons telefoonnommers sowel as die poskodes het verander. Gebruik maar geduld. Miskien kom alles volgende jaar reg. My telefoonno is 016-341 2610 en die poskode 1439.

'n Geseënde Kerstyd aan almal.

Dries Heydenrych

**Red. Oos-Transvaal verdien 20 punte**

# Kimberley skou deur Mev H Swanepoel.

**9 Vertoners met 17 rasse en 172 duiwe is sommer in 'n kort tydjie vir ons Landbouskou bymekaar gemaak. Daar was ook 'n mooi aantal hoenders op die skou.**

**Aan almal wat betrokke was by die skou, baie dankie. Ook aan elkeen van julle wat gehelp het om die skou 'n sukses te maak, dankie.**

**Die hoofpryse het aan die volgende gegaan:**

**Kampioen op Skou**

**Schietti Modena van JP Jacobs.**

**Reserwe Kampioen**

**Gazzi Modena van MJ Pieters.**

**Beste Ope:**

**Schietti Modena van JP Jacobs**

**Reserwe Ope:**

**Kartelrug van C Moller**

**Beste Jaaroud:**

**Gazzi Modena van MJ Pieters.**

**Reserwe Jaaroud:**

**Satinette van JP Jacobs**

**Beste T/O geslag:**

**Sjinese Uil van Swannies Boerdery.**

**'n Geseënde Kersfees en voorspoedige Nuwe Jaar word al ons lede toegewens.**

**Red: 76 punte aan Griekwaland-wes (Noord-Kaap)**

## **SBK** *inligting*

### *Willie de Bruyn Trofee:*

# Nuwe punte toekenning

Saam met die rasbeoordeling wat nou in werking tree verander die punte toekenning vir hierdie trofee.

Die formaat wat op hierdie stadium aanvaar is, is as volg:

1. Een punt vir elke duif
2. Vyf punte vir elke raswenner
3. Vyf punte vir elke vertoner
4. Tien punte vir elke beoordelaar
5. Twintig punte vir die hoofbeoordelaar

**Die tuis streek verdien geen punte nie.**

Die hoofdoel van die kompetisie is steeds om lede te motiveer om aan ander streke se skoue deel te neem.

Die skoustatistiek word aangepas en sal aan die streekverteenwoordigers gestuur word. Statistiek van alle skoue onder die vaandel van die SASV moet ingedien word. Streek beoordelaarsbeamptes en sekretarisse word versoek om die vorms so volledig moontlik te voltooi en te verseker dat dit ingedien word.

Tydens die afgelope SA's is toekennings aan die beoordelaar en helper wat by die meeste skoue opgetree het, gemaak. Ten einde hierdie persone elke jaar aan te wys, moet alle name van beoorelaars aangetoon word in die statistiek.

Die voltooiing gaan meer van u tyd in beslag neen maar wees asseblief geduldig en stuur dit in sodat ons geheelbeeld van die geskiedenis nie verlore sal gaan nie.

**Indien u 'n aanpassing in die stelsel wil voorstel, is u welkom om dit skriftelik aan my of Lou Brits te rig.**

Die Willie de Bruyn trofee is in werklikheid die Curry Beker van die SASV en wanneer 'n mens so met dit te doen kry, besef jy dat die streke nie werklik as eenhede probeer presteer nie. Daar kan meer gemaak word van interstreek kompetissies. 'n Hoogtepunt kan byvoorbeeld wees, watter streek het die meeste raswenners op die SA's.

**Die volgende persone dien op die dagbestuur van die SBK-**

**Voorsitter**: Lou Brits, Carolweg 104, Silverflieds 1739. Tel 011-955-3389

**Vise Voorsitter**: Vakant

**Sekretaris**: Willie van Zyl, Kwintstraat 400, Pretoria Tuine 0082. Tel 012-379-3300

**Addisionele lid**: Daan Badenhorst, Posbus 290, Kestell 9860. Tel 058652-11722

Alle korrespondensie moet asseblief aan die Voorsitter of Sekretaris gerig word.

Groete,

Willie van Zyl

**Noord-Transvaal verdien 20 punte.**

# Los gedagtes oor duiweskoue **deur Willie van Zyl**

Terwyl ons by die Pretoria Internasionale Skou besig was, en ek daar in die sale en tussen die diere rondstap, het ek tot die besef gekom dat skoue binne die SASV heeltemal vir die verkeerde doel gebruik word.

Waarvoor gaan 'n persoon met sy produk of dier na 'n skou? Maak nie saak hoe groot of hoe klein die skou in omvang is nie.

Die doel is dit wat hy het bekend te stel en te versprei. Dalk nie dadelik nie, maar wel later.

Wat maak ons? Ek gaan nie hierop uitbrei nie. Elkeen weet hoe hy/sy tydens en na 'n skou optree. Waarby ek wil uitkom is dat ons in die geheim ons duiwe skou en vertoon. Niemand mag weet wie se duif dit is nie, veral nie die beoordelaar nie, want so glo ons, hy sal die eienaar in plaas van die duif beoordeel. Die beoordelaar wat in elk geval so optree, hoort nie daar nie.


By enkele rasse mag die vertoner self sy duif na die beoordelaarshok neem en dit werk goed. Daar is wel praktiese probleme dat dit nie altyd gedoen kan word nie.


**Vervolg bladsy 33**

# Nuus oor die Hall of Fame

***Op versoek van die Uitvoerende Komitee word detail besonderhede van die Hall of Fame weer geplaas.***
***Alle sketse is voorbereid deur Kobus Snyman wat tydens die SA's te Paarl as die eerste Kurator van die Hall of Fame aangestel is***

Grondplan van Hall of Fame






## Hall of Fame muur van al die streke


## 'illie van Zyl se skrywe oor enkele Los Gedagtes (Vervolg)

My punt is wanneer word dit praktyk dat die vertoner se naam op die hokkaart kom of nog beter dat die vertoner sy eie advertensiekaart by sy duiwe aan die skouhokke kan aanbring en sou die duif 'n ras wen, gaan daardie kaart saam na die interrasbeoordeling.


Baie beslis sal die gehalte van die inskrywings verhoog want geen persoon sal sy naam aan 'n swak inskrywing gekoppel wil hê nie.

Kom ons gesels saam of is hierdie visioen ver in die toekoms. Vir die Jaar 2020 en verder.

**Red: 'n Baie goeie voorstel wat beslis verdere optrede regverdig. Ek weet dat ons tot hier om en by 1980 wel die name van elke vertonerop die hokkaart aangebring het. Na beoordeling is die kaarte oopgevou en kon elkeen sien wie se duif in die hokkie staan. Jou voorstel gaan verder en dit is dat die name oop en bloot daar moet wees vir elkeen om te lees sodra die duiwe ingehok word. Noord-Transvaal verdien 20 punte**




**Hierdie is 'n vergroting van die vorige tekening en verteenwoordig bv. die Vrystaat. Dit is wanneer al drie borde, die kopkante en die kas teen die muur voltooi is.**
**Uit die aard van die saak sal die nageslag ook sy helde oplewer en behoort hulle ook 'n deel tot die kostes by te dra. Ons kan al die spasie tog nie nou opneem nie. Juis daarom moet name en stukkies geskiedenis baie selektief in die Hall of Fame opgeneem word.**




**As u kyk na die lys van bydraes sal u opmerk dat talle klubs nog nie hul bydrae tot die fonds gemaak het nie. Hierdie lys word weer vanaf volgende keer geplaas.**


---

## Laat berig uit Noordwes:

Die Sierduifopleidingsdag sal volgende jaar plaasvind te Klerksdorp Skougronde op Saterdag 10 Maart 2001 vanaf 09:00

**Rasse vir bespreking**: Modenas, Raadshere, Duitse Skoonheidsposduiwe, Runts, Kartelrue en Indiese Waaiersterte

**Kontak persone**: Koos Roetz tel 018-468-2119 en Fanie Schoeman 018-462-4893. Meer detail sal in die Jan/Febr uitgawe veskyn.




**Die Hall of Fame muur waar die name en fotos kom van lede wat die toekenning ontvang het. Hierdie eenheid is 4.5 meter lank en strek vanaf die vloer tot teen die plafon.**

# Spesialiteitsklubs / Specialist Clubs

**S.A. Botternek Tuimelaarsklub (30-06-2000)**

**President**: Willie van Zyl, Kwintstraat 400, Pretoria Tuine 0082. Tel 012-379-3300.

**Sekretaris**: Jenny Botts, 35 Blouberg Road, Finbury, Randfontein . Tel 082-854-4675

**S.A. Sponsduifklub (30-6-2000)**

**President**: Johan de Bruyn,Posbus 15119, Riverfield 1564. Tel 011-8115545

**Sekretaris**: Hansie Botes, Posbus 181, Bothaville 9660. Tel. 056-5151135 of 083 630 7950

**S.A. Sjinese Uilklub (30-06-2000)**

**President**: Willie van Zyl, Kwintstraat 400, Pretoria Tuine 0082;Tel 012-379-3300

**Sekretaresse**: Mev Hendriena Swanepoel, Conradstr 18, Kimberley 8301. Tel 053-833-5024

**S.A. Mookeeklub (30-6-2000)**

**President:** Danie Badenhorst, Posbus 290, Kestell 9860. Tel. 058652-11722

**Sekretaris**: Ruben Kitching, Cambellweg 28, Valhalla 0185 Tel: 012-6544816

**Tumbler Club of S A (30-06-2000)**

**President**: GG Wrensch, 57 Fairfield Road Parow 7500. Tel 021-927-630

**Secretary:** Stewart Patterson, P.O. Box 69184, Bryanston 2021. Phone 011-704-2490

**S.A. Birmingham Rollervertonersklub (30-6-2000)**

**President**: Christo van den Berg, Ryno Kriellaan 85, Universitas 9322. Tel. 0515228701

**Sekretaris**: Mnr C Botts, Posbus 2205, Kocksvlei 1764. Tel 082 854 4675

**...nklub (30-6-2000)**

**President**: Chris van den Berg, Posbus 11589, Universitas 9321. Tel. 0 051-5228701

**Sekretaris**: Me. Petra van den Berg, Posbus 11589, Universitas 9321. Tel. 051-5228701.

**S.A. Bodemtuimelaarsklub (30-06-2000)**

**President**: Hansie Botes, Posbus 181, Bothaville. Tel 056-515 1135 of 083 630 7950

**Sekretaris** : Cora Munniik, Posbus 1775, Virginia 9430. Tel. 057-2126221

**S.A. Fantail Club (30-6-2000)**

**President:** Otto Holm, Posbus 1871, Sasolburg 9570. Tel 016-9767001

**Secretary**: Peet Botha, Posbus 6519, Secunda 2302. Tel 017-6311423

**S.A. Homerklub (30-06-2000)**

**President**: Johan de Bruyn, Posbus 15119, Riverfield 1564. Tel 011-8115545

**Sekretaris**: Lotie Geyer, Orchidstraat 17, Riebeeckstad. Tel.: 057-3883206.

**S.A. Kartelrugklub (30-06-2000)**

**President**: Julian Fincham, P.K. Kameel 8603. Tel. 053982-2022

**Sekretaris**:JN van der Walt, Posbus 125, Migdol. 2775 Tel. 053982- vra 2022

**Die Norwich Kropperklub (30-06-2000)**

**President**: Dr Koot Serfontein, Posbus 2681 Honeydew. Tel. 011-6750108

**Sekretaris:** Me Elsabe van der Walt, Stantonstraat 1, Fichardtpark, Bfn. 9301. Tel . 051-5223074

**Amerikaanse Show Racer Klub (30-6-2000)**

**President:** Basie de Lange, Posbus 960, Posbus 66257, Riebeeckstad 9469. Tel 057-3882990

**Sekretaris:** At Nigrini, Posbus 960, Durbanville, 7550. Tel 021-975-4523

**Jacobynklub (30-06-2000)**

**President:** Okker Botha, Posbus 117, Bothaville9660. Tel 056-5151274

**Sekretaris:** Julian Fincham, P.K. Kameel 8603. Tel 053982, vra 2022

**The SA Blower Club (30-06-2000)**

**President**: Dr Koot Serfontein, Posbus 2681, Honeydew 2040. Tel 011-675-0108

**Sekretaris**: Chris van der Walt, Stantonstraat 1, Fichardtpark, Bloemfontein 9301. Tel: 051-5223074

**SA Nasionale Modena Klub (30-06-2000)**

**President:** Dr Koot Serfontein, Posbus 2681, Honeydwe 2040. Tel 011-6750108

**Sekretaris:** Christo Britz, Colignyweg 8, Parkwes, Bloemfontein 9301. Tel 083 6266003

**English Shortfaced Club (30-06-2000)**

**Chairman:** Peter Neetling, Buitekantstraat 275, Oudtshoorn, 6620. Tel ?

**Secretary:** Arthur Muller, Jonesstraat 96, Oudtshoorn 6620. Tel: 044-272 5396

**Skaarsrasklub (30-06-2000)**

**President**: DC Geldenhuys, Posbus 267, Hamlet 6840. Tel 023-3133421

**Sekretaris**: Elsabe van der Walt, Stantonstraat 1, Fichardpark 9301. Tel 051-5223074.

GEKLASSIFISEERDE ADVERTENSIES / CLASSIFIED AD SECTION

## Telersregister / Breeders' Register

**Britz. CC.**, Coligny Road 8, Parkwes, Bloemfontein 9300. Tel 083 626 6003. Teler van Modenas in Blou, Brons Driekleur, Russet en Silver Dun Gazzi, asook Blou, Brons Driekleur, Russet en Silver Dun , Rooi Self, Wit en Swart in Schietti. Teel ook Hollandse Hoogvlieërs in rooi en geel. (VS-2000)(V030)

**Botha, At,** 39 Prospero Straat, Bedelia, Welkom 9459. Tel 057-352-7407 of 082 9294037. Teler van hoë gehalte Kings. (2000-N Vs) (W003)

**Botha, Peet**, Posbus 6519, Secunda 2302. Tel 017-6311-423 Teel met Waaiersterte, Lahores, Polish Lynx's en Strassers. (2000-Oos-Tvl) (A064)

**Dombrowsky, PWD.,** Posbus 11293, Queenswood, Pretoria 0121. Tel 012-3333885. Teler van Memelse Hoogvlieërs, Ou Duitse Meeuws, Berlynse Kortgesig Tuimelaars en Weense Hoogvlieërs. (2000-NTvl) (B003)

**Jacobs, P.D.**, Posbus 33, Phillipolis 9970. Tel. 051-7721722Teel met German Beauty Homers en S.A. Skouposduiwe (2000-VS) (V036)

**Jordaan, Simon,** Posbus 2070, Witrivier 1240 Tel: 013-751-2403. Teel met Archangels, Arabiese Lagduiwe en Birmingham Rollers. (2000-O-Tvl)(C005)

**Koekemoer, Plip.**, Bornmanstraat 31, Kroonstad 9500. Tel 056-2152924. Teel met Birmingham Rollers in verskillende kleure. (2000-N-VS)(W014)

**Le Roux, Pierre,** Diazstraat 31, Panorama 7500. Tel 021-939-2572. Teler van Kings, Strassers, Sjinese Uile, Afrikaanse Uile, en Eng. L/G Skoonbeen Tuimelaars. Uit top ingevoerde duiwe. Skou-uitslae vertel alles.(2000-WP)(H003)

**Lombard, Jan**, Posbus 12058, Brandhof, Bloemfontein 9324. Tel 083-274 1014. Teler van Modenas in Indigo, Reduced en Lavender, asook Komorner Tuimelaars. e-pos: janmodena@bhm.dorea.co.za Verwelkom korrespondensie oor kleurgenetika. (VS - 2000)(V001)

**Maree, Charles,** Posbus 147, Thaba Nchu 9780. Tel. 051-8752717. Teler van Voorburg Skild Kroppers, Engelse Kortgesigte en Sjinese Uile in rooi en geel. (2000 - Vrystaat)(V007)

**Orchard, L.**, 57 Marmanet, Posbus 1549, Kempton Park 1620. Tel 011-9769157. Teler van Blondinette en Satinette. (2000 - Tvl) (A039)

**Patterson, S.A.**, P.O. Box 69184, Bryanston 2021. Tel 011-704-2490. Breeder of Longfaced Cleanlegged and muffed Tumblers, English Turbits, African Owls, English Trumpetters and Helmets (2000-Tvl)(A012)

**Pelser, D.J.R.**, Posbus 52, Riebeeck Wes 7306, Tel 022-4612241. Ek teel met Carriers en German Beauty Homers. Skakel gerus voor 14:00. (2000 - Boland)(I028)

**Plakkerskamp Boerdery** (Chris en Elsabe van der Walt), Stantonstraat 1, Fichardtpark, Bloemfontein 9301. Tel 051-5223074. Teler van top Blaasduiwe en Skaarsrasse. Ons teel ook Bodemtuimelaars en Kartelrugge. Besoekers en navrae altyd welkom. (2000-VS)(V031)

**Serfontein, Dr JH.**, Posbus 2681, Honeydew 2040. Tel 011-675-0108. Teel met Modenas, Norwich Kroppers, Pigmy Pouters en Brunners. (2000 - Tvl)(A028)

**Smit, NAK**, Patrysstraat 36, Stellenbosch, 7600. Tel 021-8872003. Teler van Carneaux, Giants, Gros Mondains en American Show Homers. (2000-W.P.)(H004)

**Stevens, Rodney**, P.O. Box 34159, Faunasig, Bloemfontein 9325. Tel 051-4210338. (082 376 3126) Breeder of Black Brunners, Berlyn Short faced tumblers, All colours in Racing Pigeons, Magnums, Modenas (USA blood Lines) Gazzi & Schietti Black, Dun, Red, Yellow, Red/Chq Lavender and other colours. (FS - 2000)(V006)

**Taljaard, W.J.** Dirkstraat 1, Uitenhage. Tel 041-9925740. Teel met Birmingham Rollers, Engelse K/G Tuimelaars. Domestic Show Flights en Waaiersterte (2000-O.P.)(K022)

**Van Beek, Gerard**, Posbus 300, Reitz 9810. Tel 058-863-3360. Modenas in Rooi en Geel Self. (Slegs suiwer VSA bloedlyne) (2000-Oos-Vrystaat)(X024)

**Van Niekerk, JL,** Posbus 1116, Dunnottar 1590 Tel 011-734 3137 Teel met Mookees, Modenas (Blou & Brons Driekleur Gazzi), Nonne, Kartelrue (Blou), African Toys en Indian Fantails (Saddle Back). (2000-O-Tvl)(C027)

**Van Schalkwyk, GB.**, Posbus 963, Gobabis. Tel 062-563985. Teel Engelse Kortgesig Tuimelaars, Birmingham Rollers, Sjinese Uile, Norwich Kroppers, Kapusyners, Pigmy Pouters, Modenas, Strassers, Nonne en Arabiese Lagduiwe. Soek Voorburgse Skild Kroppers, Engelse Langgesig Kaalbeen Tuimelaars en Kings (2000 - Nam)(S013)

**Weatherall, Dianne**, P.O. Box 34159, Faunasig, Bloemfontein 9325. Tel 051-4210338. (082 376 3126) Breeder of Gros Mondains in Black, Yellow, Red, Dun (Self), Blue, Silver, Mealy, Cream Barred, Blue Cheq., Splash, Blue/Mealy, Grizzle and other colours. (FS - 2000)(V034)